b138 539 58

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

University Free State
34300000426159
Universiteit Vrystaat

# SKULDBESEF BY DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERKLIDMAAT IN DIE GEVANGENIS. 'N TEOLOGIESE PERSPEKTIEF.

PIETER WILLEM VAN DEVENTER

VOORGELÊ OM TE VOLDOEN AAN DIE VEREISTES
VIR DIE GRAAD DOCTOR THEOLOGIAE
IN DIE FAKULTEIT TEOLOGIE
AAN DIE UNIVERSITEIT VAN DIE ORANJE-VRYSTAAT

30 NOVEMBER 2000

PROMOTOR: PROF DR J S KELLERMAN

Universiteit van die
Oranje-Vrystaat
BLOEMFONTEIN

3 1 MAY 2001

UOVS SASOL BIBLIOTEEK

## VOORWOORD

By die voltooiing van hierdie navorsing wil ek graag die volgende persone en die Departement van Korrektiewe Dienste van harte bedank.

Prof dr J S Kellerman, my promotor. U leiding, aansporing en alle ure beskikbaarheid het gestalte en stukrag vir die aanpak en voltooiing van hierdie proefskrif gegee. Ek sal u daarvoor altyd dankbaar bly.

Dr O C O Erasmus en Ds J M Swanepoel, oud gevangenisleraars wat deur hulle toewyding en bedieningswyse meegehelp het dat hierdie navorsingsonderwerp in my gestalte gekry het.

Aan drr J J Gerber en D F Theron, dat hulle altyd bereid was om vanuit hulle meerdere kennis hulp aan my te verleen.

Aan my kinders: Heinrich en Ronell, Michèle en Abrie, Werner en Carien, dankie vir al julle aanmoediging deur die jare. My dank aan Ronell vir die hulp met die tegniese versorging.

Die biblioteekpersoneel van die Universiteit van die Oranje Vrystaat, die Universiteit van Pretoria en die Universiteit van Suid-Afrika vir die hulpvaardige diens wat hulle gedurende die tyd van navorsing gelewer het.

Aan die Departement van Korrektiewe Dienste wat toestemming vir hierdie navorsing verleen het asook die voer van onderhoude binne die gevangenisse vir my moontlik gemaak het. 'n Woord van hartlike dank aan die direkteur van Godsdienssorg, meneer C P B Monacks vir sy vriendelike hantering van die kontrole funksie van die proefskrif namens die Departement van Korrektiewe Dienste.

Aan al die lidmate wat bereid was om hulle beskikbaar te stel vir onderhoude tydens die empiriese studie in die verskillende gevangenisse.

Aan my vrou, Eunice wat nooit opgehou het om my aan te spoor nie. Dankie vir jou professionele insette. Sonder jou in my lewe sou hierdie proefskrif nooit gerealiseer het nie.

Bowe-al, dank en eer aan God wat in sy Seun Jesus Christus die opdrag tot die versorging van sy kudde in die gevangenis gegee het.

**Aan Eunice**

Vir alles wat jy met groot liefde bereid was om te gee sodat ek hierdie mylpaal te kon bereik.

**Psalm 51:3-5**

Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid.
Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde.
Want ek ken my oortredinge en my sonde is altyddeur voor my.

**Johannes 8:36**

As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

Ek verklaar dat die proefskrif wat hierby vir die graad Doctor Theologiae aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie. Ek doen voorts afstand van outeursreg op die proefskrif ten gunste van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

PW van Deventer — 30 · 11 · 2000

P W van Deventer — Datum

## INHOUDSOPGAWE

**HOOFSTUK 1**

**OORSIG EN ORIËNTASIE VAN DIE STUDIE** . . . 1

1.1 Inleiding . . . 1
1.2 Probleemstelling . . . 3
1.3 Die noodsaaklikheid en doel van die navorsing . . . 3
1.3.1 Navorsingsdoelstelling . . . 4
1.4 Epistemologiese vertrekpunt . . . 4
1.5 Metodologie . . . 6
1.5.1 Literatuurstudie . . . 6
1.5.2 Kwalitatiewe navorsing . . . 7
1.5.2.1 Data-insameling: Die etnografiese perspektief . . . 7
1.5.2.2 Data - analise: 'Grounded Theory' . . . 8
1.5.3 Resultate . . . 9
1.5.4 Uiteensetting van verdere hoofstukke . . . 9

**HOOFSTUK 2**

**SKULD IN PERSPEKTIEF IN DIE OU TESTAMENT, DIE BELEWENIS EN HANTERING DAARVAN** . . . 10

2.1 Skuld in perspektief . . . 10
2.1.1 Inleiding . . . 10
2.1.2 Terminologiese oorsig . . . 10
2.1.3 Stadia in die begrip 'skuld' . . . 13
2.1.3.1 Inleiding . . . 13
2.1.3.2 Objektiewe skuld . . . 13
2.1.3.3 Skuld in 'n verhoudingskonteks . . . 15
2.1.3.4 Kollektiewe skuld . . . 16
2.1.3.5 Individueel persoonlike skuld . . . 18
2.1.3.6 'n Beweging van persoonlike na onpersoonlike skuld . . . 20
2.1.4 Belewenis van skuld . . . 22
2.2 Die hantering van skuld in die Ou Testament . . . 24
2.2.1 Inleiding . . . 24
2.2.2 Terminologiese oorsig . . . 25

2.2.3 Die offer ... 26
2.2.3.1 Die offer as versoening ... 26
2.2.3.2 Die sondoffer ... 26
2.2.3.3 Die skuldoffer ... 27
2.2.4 Intrede deur voorbidding ... 29
2.2.4.1 Die patriargale voorbede ... 30
2.2.4.2 Die intrede by Moses ... 30
2.2.4.3 Die opkoms van amptelike intrede ... 30
2.2.4.4 Intrede in die poëtiese boeke ... 30
2.2.4.5 Intrede in die wysheidsliteratuur ... 31
2.2.4.6 Die profetiese intrede ... 31
2.2.4.7 Priesterlike intrede ... 31
2.2.5 Die Kneg van die Here - Jesaja 53 ... 32
2.2.6 Legalistiese hantering ... 33
2.2.7 Die profetiese siening met betrekking tot die offer ... 34
2.3 Voorwaardes vir vergifnis ... 37
2.3.1 Verootmoediging en berou ... 37
2.3.2 Skuldbelydenis ... 38
2.3.2.1 Die gereelde of vaste kultiese skuldbelydenis ... 39
2.3.2.2 Die periodieke kultiese skuldbelydenis ... 39
2.3.2.3 Die sakraal-geregtelike skuldbelydenis ... 40
2.3.2.4 Die besondere skuldbelydenis van die volk ... 40
2.3.2.5 Die besondere skuldbelydenis van die individu ... 41
2.3.3 Bekering ... 43
2.3.4 Motiewe vir vergifnis ... 47
2.3.4.1 God se voorsieningheid ... 47
2.3.4.2 God se goedheid ... 47
2.3.4.3 God se barmhartigheid ... 48
2.3.4.4 God is genadig ... 48
2.3.4.5 God se liefde ... 48
2.3.4.6 Die eer van Sy naam ... 49
2.3.4.7 Die broosheid en kortstondigheid van die mens ... 49
2.3.5 Realisering van vergifnis ... 50
2.3.6 Vergifnis hef straf nie noodwendig op nie ... 52

2.4 Samevatting . . . . . 53

**HOOFSTUK 3**

**NUWE TESTAMENT: SKULD IN PERSPEKTIEF EN DIE HANTERING DAARVAN** 58

3.1 Inleiding . . . . . 58
3.2 'n Terminologiese oorsig . . . . . 58
3.3 Die Joods-Rabbynse opvatting . . . . . 61
3.4 Skuld soos deur die Evangelies belig . . . . . 61
3.5 Skuld in die Pauliniese briewe . . . . . 64
3.5.1 Sonde as skuld . . . . . 65
3.5.2 Sonde beoordeling in die juridiese gefundeer . . . . . 66
3.5.3 Die wet oortuig van skuld . . . . . 67
3.5.4 Christus hef die sondeskuld op . . . . . 68
3.6 Skuld soos deur die res van die Nuwe Testament toegelig . . . . . 68
3.7 Belewenis van skuld in die Nuwe Testament . . . . . 70
3.8 Sondeskuld - 'n dogmatiese verkenning . . . . . 71
3.8.1 Sonde as die bron van skuld . . . . . 71
3.9 Die hantering van skuld in die Nuwe Testament. . . . . . 74
3.9.1 Inleiding . . . . . 74
3.9.2 Die offerbegrip in die Nuwe Testament . . . . . 76
3.9.2.1 Houding van die Nuwe Testamentiese skrywers teenoor die Ou Testamentiese offersisteem . . . . . 76
3.9.2.2 Die offergedagte in Jesus se lydensuitsprake . . . . . 77
3.9.2.3 Die offergedagte by Paulus . . . . . 88
3.9.2.4 Die Hebreër brief . . . . . 92
3.9.3 Die Christen se lewe as 'n lewe van offer . . . . . 95
3.9.4. Regverdigmaking . . . . . 96
3.9.4.1 Die ou testamentiese agtergrond . . . . . 97
3.9.4.2 Regverdigmaking by Paulus . . . . . 99
3.9.4.3 Regverdigmaking het 'n eskatologiese karakter . . . . . 100
3.9.4.4 Jesus Christus, die grond vir regverdigmaking . . . . . 101
3.9.4.5 Regverdigmaking deur geloof sonder die werke van die wet . . . . . 103
3.9.4.6 Regverdigmaking en die opstanding van Christus . . . . . 105
3.9.4.7 Regverdigmaking en latere sondes . . . . . 105

3.9.4.8 Regverdigmaking en die oordeel volgens werke ..... 106
3.10 Die ophef van skuld deur vergifnis ..... 107
3.10.1 Terminologiese oorsig ..... 108
3.11 Die realisering van vergifnis ..... 110
3.11.1 Die outoriteit tot vergifnis deur Jesus as Seun van die mens ..... 111
3.11.2 Die wyse van realisering deur Jesus. ..... 113
3.11.3 Vergifnis in die kruis ..... 115
3.11.4 Vergifnis by Paulus ..... 117
3.11.5 Vergifnis deur die apostels ..... 118
3.12 Voorwaardes vir die realisering van vergifnis ..... 120
3.12.1 Verootmoediging en berou ..... 120
3.12.2 Skuldbelydenis ..... 123
3.12.3 Bekering ..... 127
3.12.4 Vergifnis aan my naaste ..... 132
3.13 Sondevergifnis en die Sakramente ..... 133
3.13.1 Die betekenis van die Sakramente ..... 133
3.13.1.1 Die heilige Doop ..... 136
3.13.1.2 Die heilige Nagmaal ..... 141
3.14 Samevatting ..... 143

**HOOFSTUK 4**

**SKULD VANUIT 'N GEESTESWETENSKAPLIKE PERSPEKTIEF** ..... 147
4.1 Skuld in 'n sielkundige perspektief ..... 147
4.1.1 Inleiding ..... 147
4.1.1.1 Die belangrikheid van skuld ..... 148
4.1.1.2 Wat is skuld? ..... 148
4.1.2 Indeling van skuld ..... 150
4.1.2.1 Werklike skuld ..... 150
4.1.2.2 Eksistensiële skuld ..... 151
4.1.2.3 Neurotiese of patologiese skuld ..... 152
4.1.3 Die aanwesigheid van skuld ..... 153
4.1.3.1 Depressie ..... 153
4.1.3.2 Skuldmeganismes ..... 154
4.1.3.3 Obsessief-kompulsiewe aktiwiteite ..... 154

4.1.3.4 Verdringing - repressie ... 155
4.1.3.5 Rasionalisasie ... 156
4.1.3.6 Projeksie ... 156
4.1.4 Antisosiale persoonlikheidsversteuring (Psigopatie of Sosiopatie) ... 157
4.1.4.1 Inleiding ... 157
4.1.4.2 Diagnostiese kriteria ... 158
4.1.4.3 Die kliniese beeld ... 159
4.1.4.4 Etiologie ... 163
4.1.5 Wysigingswet op strafregtelike aangeleenthede: 1993 ... 167
4.1.6 Die ontwikkeling van die gewete ... 168
4.1.6.1 Inleiding ... 168
4.1.6.2 Fases van ontwikkeling ... 168
4.1.7 Samevatting ... 172
4.2 Skuld in 'n juridiese perspektief ... 174
4.2.1 Inleiding ... 174
4.2.2 Die misdaadbegrip in die Suid-Afrikaanse reg ... 174
4.2.3 Die legaliteitsbeginsel ... 175
4.2.4 Handeling ... 176
4.2.5 Verbodsinhoud ... 177
4.2.6 Wederregtelikheid ... 177
4.2.7 Skuld ... 177
4.2.7.1 Toerekeningsvatbaarheid ... 179
4.2.7.2 Die skuldsoort opset -'dolus' ... 179
4.2.8 Samevatting ... 182

**HOOFSTUK 5**

**DIE BIEG AS WYSE VAN SKULDHANTERING** ... 184
5.1 Inleiding ... 184
5.2 Die bieg as Sakrament van boetedoening en versoening ... 184
5.3 Die breuk met en kritiek op die Roomse biegstelsel ... 190
5.3.1 Die Lutherse beskouing ... 191
5.3.2 Die Gereformeerd Protestantse beskouing ... 192
5.3.3 Na-reformatoriese motivering vir die bieg - 20ste eeu ... 196
5.3.3.1 Die sielsorg as bieg volgens Eduard Thurneysen ... 197

5.3.3.2 Die evaluering van Eduard Thurneysen . . . 202
5.3.4 Samevatting . . . 205
5.3.5 Aanbeveling . . . 207

## HOOFSTUK 6

DIE METODOLOGIESE BENADERING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING . . . 210
6.1 Inleiding . . . 210
6.2 Empiriese navorsing in die Praktiese Teologie . . . 211
6.3 Die kwalitatiewe metode . . . 214
6.3.1 Die filosofiese debat . . . 214
6.3.2 Die aard van kwalitatiewe navorsing . . . 216
6.3.3 Data-insameling: Etnografie . . . 217
6.3.3.1 Die taalidentifikasiebeginsel . . . 218
6.3.3.2 Die verbatimbeginsel . . . 219
6.3.4 Data -analise: "Grounded Theory" . . . 220

## HOOFSTUK 7

DIE DATA-INSAMELINGSPROSES, ANALISE EN NAVORSINGSBEVINDINGS . 225
7.1 Die data-insamelingsproses . . . 225
7.1.1 Inleiding . . . 225
7.1.2 Seleksie van respondente . . . 225
7.1.3 Die ondersoekgroep . . . 226
7.1.4 Die ondersoekmetode . . . 228
7.2 Data-analise . . . 232
7.3 Die navorsingsbevindings . . . 233
7.3.1 Kennis . . . 233
7.3.1.1 Sondebegrip . . . 233
7.3.1.2 Skuldbegrip . . . 234
7.3.1.3 'n Negatiewe godsbelewing . . . 235
7.3.1.4 Die offer . . . 235
7.3.1.5 Die Doop . . . 235
7.3.1.6 Die Nagmaal . . . 236
7.3.1.7 Samevatting: Kennis . . . 237
7.3.2 Berou . . . 238

7.3.2.1 Spyt . . . 238
7.3.2.2 Wroeging . . . 238
7.3.2.3 Aanvaarding van verantwoordelikheid . . . 238
7.3.2.4 Restitusie . . . 239
7.3.2.5 Samevatting: Berou . . . 240
7.3.3 Skuldbelydenis . . . 240
7.3.3.1 Erkenning van sonde . . . 240
7.3.3.2 Die bieg . . . 241
7.3.3.3 Behoefte aan pastorale sorg . . . 241
7.3.3.4 Samevatting: Skuldbelydenis . . . 242
7.3.4 Vergifnis . . . 243
7.3.4.1 Skuldtoerekening . . . 243
7.3.4.2 Regverdigmaking . . . 244
7.3.4.3 Voorwaardelike vergifnis . . . 244
7.3.4.4 Vergifnis deur verdienste . . . 245
7.3.4.5 Gedragsverandering . . . 245
7.3.4.6 Die opheffing van straf . . . 245
7.3.4.7 Die realisering van vergifnis . . . 246
7.3.4.8 Samevatting: Vergifnis . . . 246
7.3.5 Sielkundige faktore . . . 247
7.3.5.1 Ontkenning . . . 247
7.3.5.2 Projeksie . . . 248
7.3.5.3 Skuldgevoelens . . . 248
7.3.5.4 Rasionalisering . . . 249
7.3.5.5 Samevatting: Sielkundige faktore . . . 249
7.4 Toe-eiening van kategorieë . . . 250
7.4.1 Selekteerde kodering - toe-eiening . . . 250
7.4.1.1 Kennis . . . 252
7.4.1.2 Berou . . . 252
7.4.1.3 Skuldbelydenis . . . 253
7.4.1.4 Vergifnis . . . 254

**HOOFSTUK 8**

**DIE BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGS EN AANBEVELINGS** . 255

8.1 Kennis . . . . . 255
8.1.1 Aanbevelings: Kennis . . . . . 258
8.2 Berou . . . . . 259
8.2.1 Aanbevelings: Berou . . . . . 262
8.3 Skuldbelydenis . . . . . 263
8.3.1 Aanbevelings: Skuldbelydenis . . . . . 264
8.4 Vergifnis . . . . . 265
8.4.1 Aanbevelings: Vergifnis . . . . . 266
8.5 Gevolgtrekking van navorsing . . . . . 267
8.6 Aanbevelings vir verdere navorsing . . . . . 268
8.7 Slot . . . . . 268

**Bronnelys** . . . . . 269
**Opsomming** . . . . . 283
**Summary** . . . . . 285
**Keywords** . . . . . 286
**Bylae A** . . . . . 287

**LYS VAN FIGURE EN TABELLE**

Figuur 4.1 : Misdaadbegrip . . . . . 175
Tabel 7.1 : Identifiserende besonderhede van respondente . . . . . 227
Tabel 7.2 : Kennis . . . . . 236
Tabel 7.3 : Berou . . . . . 239
Tabel 7.4 : Skuldbelydenis . . . . . 242
Tabel 7.5 : Vergifnis . . . . . 246
Tabel 7.6 : Sielkundige Faktore . . . . . 249
Tabel 7.7 : Toe-eiening van elemente . . . . . 251

# HOOFSTUK 1

# OORSIG EN ORIËNTASIE VAN DIE STUDIE

## 1.1 INLEIDING

Die aanwesigheid van skuld in die mens se lewe asook die noodsaaklikheid dat dit hanteer moet word, kan nie ontken word nie. Skuld is 'n saak wat 'n ingrypende invloed op die mens se lewe het. Hiervan word vele voorbeelde in die vakliteratuur van verskeie vakdissiplines gevind. So word vanuit die Sielkunde gesê: 'Guilt matters because guilt effects us every waking hour... Guilt plagues our very existence' (Bazyn, 1978:227). Met verwysing na skuld sê Stein (1968:13): 'Guilt is the peg on which the meaning of man hangs. It is also the peg on which man too often hangs himself.'

Skuld is ook 'n saak vir die Teologie omdat dit die mens in sy verhouding met God ten diepste raak waar skuld die neerslag van sy sonde teenoor God is. As skuldbelaaide is die mens in sigself bestem om vir ewig verlore te gaan. Self kan die mens nie sy skuld vereffen nie. Alleen God se genadige ingrype deur die koms en sterwe van sy Seun aan die kruis bring verlossing vir hulle wat in Hom glo (Joh 3:16).

Die toe-eiening van hierdie verlossing en die ontdaning van skuld vind plaas in die bekering waarvan die eindpunt die realisering van skuldvergifnis is. Bekering is 'n eenmalige sowel as 'n voortgesette daad.

Die kerk van Jesus Christus word egter nie net geroep om hierdie boodskap instrumenteel binne die grense van die gevestigde gemeente te laat realiseer nie, maar ook daar waar lidmate in afsondering hulle weg van die gevestigde gemeente in unieke omstandighede bevind. So word die kerk geroep om pastoraal bemoeienis met lidmate in die gevangenis te maak (Matt 25:36).

Pastorale bemoeienis met hierdie lidmate is van belang omdat hulle 'n krisis binne 'n krisis mag beleef wat 'n invloed op hulle belewing van skuld en skuldbesef kan hê. Hier kan veral gedink word aan wat hierdie lidmate innerlik ervaar. Erasmus (1989:1) verwys na Sephton en vat dit as volg saam:

> Na 'n aanvanklike stadium waar tydens skok, aggressie, spanning en vrees as belewenis van die gevangene mekaar aflos, tree 'n fase in waartydens die gevangene se eie identiteit verkrummel. Apatie word die gevangene se beskermingsmeganisme. Dit bepaal ook die gevangene se gemoedsbelewenis. Sy lewensfunksie word in 'n laer vlak gedwing, sy belangstellingsveld word geweldig verklein en hy bekamp homself met onverskilligheid.

Pastorale bemoeienis met hierdie lidmate is belangrik met die oog op die herstel van die geskonde verhouding met God as gevolg van 'n eenmalige misdaad of 'n lewe wat van herhaalde misdaad getuig. In sommige gevalle, selfs waar 'n persoon hom as lidmaat van die kerk aandien, mag dit voorkom dat 'n persoon nog nooit in 'n verhouding met God gestaan het nie. As vertrekpunt is die bepaling van die skuldbesef in die lewe van die persoon van kardinale belang. Hierdie is geen maklike taak vir die pastor as gevolg van die verskillende reaksies deur lidmate wat verband hou met hulle aanvaarding of verwerping van skuld. Sephton (1979:209) verwys hierna: 'Die aanvaarding of verwerping van skuld is bepalend vir sy reaksie op die pastor, evangelie, kerk en samelewing, maar veral ook teenoor God wat toelaat of selfs "beskik" het dat hy in die situasie beland het.'

Die Departement Korrektiewe Dienste gee aan Kerke die voorreg om hulle lidmate in die gevangenis volgens hulle bepaalde voorskrifte te versorg. So word gevangenes toegelaat om hulle godsdiens te beoefen volgens die bepaalde godsdiensvoorskrifte van kerke of gelowe waarvan hulle lidmate of aanhangers is op voorwaarde dat:

- Daar nie 'n veiligheidsrisiko geskep word nie;
- dit administratief uitvoerbaar is;
- fasiliteite beskikbaar is en
- dit nie inbreuk maak op die goeie orde en dissipline van die gevangenis nie (Gevangenisdiens Order 5: Behandelingsprogramme, hoofstuk 2: Godsdienssorg, 1.2).

Wanneer na lidmate in hierdie studie verwys word, word bedoel alle persone wat hulle by hul opname in die gevangenis laat registreer het as behorende tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Aangesien die beskerming van lidmate se identiteit te alle tye gehandhaaf moet word, sal hulle lidmaatskap nie geverifieer word nie. Op grond van

hierdie registrasie sal in alle onderhoude met lidmate uitgegaan word van 'n voorveronderstelde teologiese kennis soos dit geleer en bely word deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Waar in die studie na lidmate verwys word, word slegs verwys na persone wat reeds as gevonniste oortreders hul gevangenisstraf uitdien en nie diegene in die gevangenis wat nog verhoorafwagtend is nie.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Na agtien jaar se pastoraat en deelnemende waarneming as voltydse kapelaan op die diensstaat van die Departement van Korrektiewe dienste is gevind dat lidmate van die kerk dikwels uit 'n ontwrigte lewensmilieu kom. Hierdie ontwrigting is nie net op sosio-ekonomiese terrein nie, maar kan ook 'n gebrekkige godsdiensopvoeding insluit. Gepaardgaande hiermee kan skeefgetrekte lewensnorme gevind word, wat uitmond in kriminaliteit en gepaardgaande gevangenissetting of herhaalde gevangenissettings.

Omdat die lidmaat hom in die gevangenis bevind, is sy misdaad en daarom sy sonde nie weg te redeneer nie. Met sy misdaad is sy mislukking en sy gepaardgaande skuld aan die groot klok gehang. Tog kan dit voorkom dat na jare se gevangenissetting 'n diepgaande skuldbesef by hierdie lidmaat mag ontbreek. Dit kan ook voorkom dat hy sy skuld minimaliseer, ontken, reflekteer, of dat dit op 'n neurotiese wyse tot openbaring kom.

## 1.3 DIE NOODSAAKLIKHEID EN DOEL VAN DIE NAVORSING

Nadat 'n lidmaat sy vonnis uitgedien het, word hy weer in die gemeenskap vrygelaat om sy lewe voort te sit. In die lig van persone se lewe wat oor 'n korter of langer tyd skeef geloop het, asook die voorkoms van 'n herhaalde terugval in misdaad is dit noodsaaklik om die volgende vrae te vra: Is hierdie persoon gedurende sy gevangesetting sodanig deur die kerk bereik dat hy sy lewe vir die eerste keer of by vernuwing nuut kan begin? Is daar in die bemoeienis met hom vasgestel wat sy begrip van skuld is of daar by hom 'n skuldbesef teenoor God aanwesig is en hoedanig hy sy skuld teenoor God beleef?

Hoewel 'n persoon juridies gesproke sy skuld deur sy vonnisuitdiening aan die breë

gemeenskap betaal het, mag vele dinge daarop dui dat hy nog nie volledig van sy sondeskuld ontdaan is nie. So word gevind dat ten spyte daarvan dat 'n lidmaat mag meld dat hy bekeer is, daar nog onsekerheid, angstigheid, rusteloosheid, opstand, verset, 'n uitsiglose of onrealistiese toekomsverwagting en 'n gebrekkige diepte in sy godsdiens mag voorkom.

In die lig van bogenoemde asook sommige persone se herhaling van misdaad, is dit noodsaaklik dat gevra sal word na die aard van hierdie persoon se skuldbesef en sy teologiese verstaan van skuld. Dit is en bly so dat 'n persoon wat in die gevangenis is se pad na herstel geleë is in sy verstaan van skuld, die toe-eiening van sy skuld en die uiteindelike ontdaning van skuld in die ontvang van vergifnis. Antwoorde op hierdie vrae word noodsaaklik geag vir moontlike aanbevelings aan die kerk met die oog op 'n meer effektiewe bediening aan sy lidmate in die gevangenis.

### 1.3.1 NAVORSINGSDOELSTELLING

In die lig van bogenoemde ag die navorser dit nodig om teologies vas te stel wat die aard van die lidmaat se skuldbesef is. Dit sluit ook sy teologiese verstaan en toe-eiening van skuld in. In die lig van die bevindings sal, indien nodig, bepaalde aanbevelings gemaak word met die oog op 'n meer effektiewe skuldpastoraat deur die kerk aan sy lidmate in die gevangenis.

## 1.4 EPISTEMOLOGIESE VERTREKPUNT

Die navorser beskou die diakonia van Christus met die Skrif as norm as die fondament waarop alle kerklike bedieninge rus. Hierdie bedieninge moet egter in 'n bepaalde bedieningsituasie, wat 'n praktykgerigtheid vereis, gestalte kry. Aangesien dit in hierdie navorsing om die skuldbesef van lidmate in 'n uniek anderse lewenssituasie gaan, naamlik hulle wat in die gevangenis met sy afgeslote leefwêreld verkeer met alles wat dit meebring, is hier die epistemologiese benadering vir dié navorsing van wesentlike belang. Dit is wel waar dat die situasie nie die alles oorheersende klem moet ontvang nie. Tog is dit ewe waar dat hierdie navorsing op geen wyse sonder inagneming van die situasie gedoen kan word nie.

In die lig van die navorsingsonderwerp is dit die navorser se keuse om hierdie navorsing prakties-teologies vanuit 'n diakoniologiese perspektief, waar die handelinge en Woord van God as normatief gerespekteer word, te benader. Ook ten opsigte van hiérdie prakties-teologiese navorsing word met Janse van Rensburg (2000:76-78) wat na diakoniologie verwys, saamgestem as hy sy diakoniologiese vertrekpunt beredeneer: 'The Word of God is the point of departure for this epistemology. Any basis theory on matters of the practical work of the church would have to take note of what the Bible says.' Die navorser sal in hierdie navorsing met "n hande vat' van die prakties-teologiese en diakoniologiese benaderings werk sonder dat praktykteorieë bloot deduktief vanuit die Skrif afgelei word.

Burger (1991:59) wys daarop dat daar binne die Praktiese Teologie in Suid Afrika ten minste drie breë groeperinge of benaderingswyses te onderskei is. Wanneer van die Praktiese Teologie se standpunt ten opsigte van die normvraag uitgegaan word, word die volgende drie benaderings onderskei: 'n Konfessionele benadering wat wil vas hou aan die Skrif as die enigste kenbron vir die Praktiese Teologie, 'n korrelatiewe benadering wat die insigte van die Skrif in verband wil bring en verryk asook wil aanvul met empiriese insigte uit die sekulêre wetenskappe. In die derde plek is daar 'n kontekstuele benadering wat nog baie sterker as eersgenoemde wil aansluit by die situasie. Hoewel die navorser in hierdie navorsing van 'n korrelatiewe benadering uitgaan, skaar die navorser hom nader aan die konfessionele benadering.

Vir die doel van hierdie navorsing word aangesluit by Louw (1998:18) se omskrywing van Praktiese Teologie:

> Praktiese teologie is die gesistematiseerde bestudering van die kommunikatiewe ontmoetingsgestaltes van die heil met die oog op 'n funksionele ekklesiologie (die Christelike geloofsgemeenskap) en die transformering van sosiokulturele kontekste (die etiek van regte maniere van doen).

Gedagtig aan die lidmate in die gevangenis van wie 'n menigte se lewens aan flarde is, word sonder om weg te beweeg van Louw (1998:18) se omskrywing van Praktiese Teologie aangesluit by wat Janse van Rensburg (2000:95) van die transformerende aspek van die Praktiese Teologie met verwysing na Romeine 12:2 sê: '...practical theology

should indeed make 'n difference by focussing on helping people who want to change their lives and the circumstances that may cause their lives to fall apart.'

Binne bogenoemde vertrekpunte kan die navorser dan ook met vrymoedigheid met empiriese navorsing besig wees. Die navorser wil hom hier identifiseer met Lemmer (1991,11) wat daarop wys dat die empiriese navorsing in die Teologie, nie die Skrif en die praktyk van die gemeente teen mekaar wil af speel nie. Die empiriese navorsing wil eerder beide deur middel van 'n hermeneutiese verstaanspiraal inkorporeer in 'n horisonsversmelting van woord en werklikheid. Dit het ten doel om God se Woord in die 'hic et nunc' van die mens in sy menswees te verstaan, te ervaar en te gehoorsaam.

Die empiriese benadering, soos dit die navorser se metodologie raak, sal in hoofstuk 6, wat handel oor die 'metodologiese benadering van die empiriese navorsing', uit gespel word.

## 1.5 METODOLOGIE

### 1.5.1 LITERATUURSTUDIE

Met die oog op die studieonderwerp sal by wyse van 'n literatuurstudie die begrip skuld teologies in die Ou en Nuwe Testament nagegaan word, wat 'n terminologiese oorsig, die hantering van skuld, die ophef van skuld asook 'n dogmatiese verkenning van sondeskuld sal insluit:. By die gebruik van die Bybel sal van die Naslaan Bybel (1965) gebruik gemaak word. Hierdie uitgawe word verkies omdat die vertaling van die skuldbegrip hierin na aan die oorspronklike Hebreeuse en Griekse teks geleë is.

Naas die teologiese perspektief van skuld sal kortliks op skuld in 'n sielkundige en juridiese perspektief gelet word. Dit word noodsaaklik geag in die lig van die psigiese en juridiese aspekte wat 'n rol mag speel in die skulddinamiek soos dit in die lewe van die lidmaat in die gevangenis mag voorkom. In die uiteindelike bepaling van die skuldbesef van die lidmaat word dit dus noodsaaklik geag dat erkenning gegee word aan die inter-dissiplinêriteit sowel as die intra-dissiplinêriteit tussen die verskillende dissiplines. Met verwysing na Ruegg omskryf Van der Ven (1994:34) intra-dissiplinêriteit as volg: 'In the general epistemological sense, it refers to the borrowing of concepts, methods and

techniques of one science by another and the integration of these elements into the other science'. Die literatuurstudie sal afgesluit word, deur te let op die begrip 'evangeliese bieg' as 'n moontlike hanteringswyse van skuld.

Hoewel die uiteindelike bepaling van die skuldbesef van die lidmaat volgens 'n empiriese metodologie gedoen sal word, word 'n voorafgaande literatuurstudie as onmisbaar vir hierdie prakties-teologiese studie beskou as juis dit wat die perspektief op die skuldfenomeen verruim. Met verwysing na die relevansie van die gebruik van literêre, historiese en sistematiese prosedures vir die Praktiese Teologie sê Van der Ven (1994:35): 'But, the focus is on broadening the perspective, enlarging the scope, enriching the methodological apparatus, expanding the instrumentation into the direction of empirical methodology'.

### 1.5.2 KWALITATIEWE NAVORSING

Die navorser sal in hierdie studie die kwalitatiewe werkswyse gebruik om die skuldbesef van die lidmaat in die gevangenis te verken. Hier word aangesluit by Strauss en Corbin (1990:19) wat daarop wys dat sekere ervarings van mense beter deur kwalitatiewe navorsing verken kan word:

> Some areas of study naturally lend themselves more to qualitative types of research, for instance research that attempts to uncover the nature of persons' experiences with a phenomenon, like illness, religious conversation, or addiction. Qualitative methods can be used to uncover and understand what lies behind any phenomenon about which little is known.

#### 1.5.2.1 DATA-INSAMELING: DIE ETNOGRAFIESE PERSPEKTIEF

Soos reeds vermeld sal in hierdie studie van die kwalitatiewe werkswyse gebruik gemaak word wat hom daartoe leen om op die mens wat in besondere omstandighede verkeer se behoeftes te fokus. Inligting sal verkry word deur middel van etnografiese onderhoude.

Etnografie word gesien as die werk waar 'n kultuur beskrywe word. Marvin Harris in Spradley (1979:5) stel voor dat kultuur gedefinieer kan word as: 'the culture concept comes down to behaviour patterns associated with particular groups of people, that is to

"customs", or to people's way of life'

Vir die doel van hierdie studie word die begrip 'kultuur' as toepaslik beskou, omdat alle persone wetsoortreders is wat hulle in dieselfde geslote leefwêreld van 'n gevangenis bevind waar interaksie oor 'n korter of langer tydperk plaasvind. Ook is al hierdie persone deel van dieselfde belydenisgrondslag, naamlik die van die Nederduitse Gereformeerde Kerk.

Gedagtig aan die begrip 'kultuur' is die verwysing na die aard van die veldwerk in die etnografie soos deur Spradley (1979:3) verwoord van betekenis vir hierdie studieonderwerp: 'Field work, then involves the disciplined study of what the world is like to people who have learned to see, hear, speak, think, and act in ways that are different'. Spradley (1979:11) meld verder dat die Etnografie 'n uitstekende strategie bied in die daarstelling van die 'grounded theory'.

### 1.5.2.2 DATA - ANALISE: 'GROUNDED THEORY'

'Grounded theory' is volgens Strauss en Corbin (1990:23) 'n teorie wat induktief afgelei word uit die studie van die verskynsel wat dit verteenwoordig. Dit word ontdek, ontwikkel en geverifieer deur die sistematiese versameling en analise van data wat betrekking het op die verskynsel.

Uit bogenoemde volg dat data versameling, data-analise en teorie in 'n wederkerige verhouding met mekaar staan. Daar word nie met 'n teorie begin wat dan bewys word nie. Eerder sal met 'n terrein van studie begin word en toegelaat word dat dit wat relevant is aan daardie terrein na vore tree (Strauss & Corbin, 1990:23).

Die teoretiese formulering wat uit bogenoemde volg, verklaar nie net die werklikheid nie, maar voorsien ook 'n raamwerk vir aksie. In hierdie navorsing sal 'n relevante literatuurstudie gedoen word wat deur onderhoude met lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk aangevul sal word om die nodige teorie daar te stel waardeur die skuldbesef van hierdie persone verken kan word.

### 1.5.3 RESULTATE

Die navorsingsresultate sal gebruik word om aanbevelings te doen aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk met die oog op 'n meer effektiewe bediening aan sy lidmate in die gevangenis.

### 1.5.4 UITEENSETTING VAN VERDERE HOOFSTUKKE

In Hoofstuk 2 word skuld in die Ou Testament in perspektief gestel asook die belewenis en hantering daarvan bespreek.

In Hoofstuk 3 word skuld en in die Nuwe Testament in perspektief gestel asook die belewenis en hantering daarvan bespreek.

Hoofstuk 4 bespreek skuld vanuit 'n sielkundige en juridiese perspektief respektiewelik. Hoofstuk 5 hanteer die bieg as wyse van skuldhantering. Hoofstuk 6 bespreek die metodologiese benadering van die empiriese navorsing. In hoofstuk 7 word die data-insamelingsproses, -analise en navorsingsbevindings bespreek. In hoofstuk 8 word die navorsingsresultate en aanbevelings bespreek.

# HOOFSTUK 2

# SKULD IN PERSPEKTIEF IN DIE OU TESTAMENT, DIE BELEWENIS EN HANTERING DAARVAN

## 2.1 SKULD IN PERSPEKTIEF

### 2.1.1 INLEIDING

Wanneer die term 'skuld' in die Ou Testament nagegaan word, word gevind dat daar in die Hebreeus selde 'n onderskeid gemaak word tussen die begrippe 'sonde' en 'skuld'. So kom dit voor dat waar die term 'sonde' voorkom, dit volgens sy verband ook met 'skuld' vertaal sou kon word. Volgens Brillenburg Wurth (1963:27) word dit gedoen omdat die outeur nie soseer aan die handeling as sodanig dink nie, maar aan die gevolge van sodanige handeling, aan 'n toestand wat deur sodanige handeling tot stand gekom het en die innerlike houding waaruit die sonde voortgekom het. Hierdie weinig voorkomende onderskeid word deur Brillenburg Wurth (1963:27) verklaar wanneer hy sê: 'Dat hangt o.m. hiermee samen dat de causale samenhang tussen een met de norm strijdig gedrag en die met een norm strijdige toestand voor die Israeliet boven alle twijfel verheven was.'

Omdat in hierdie onderafdeling met 'n perspektiefstelling van skuld in die Ou Testament gehandel word, word 'n beknopte definisie van skuld volgens Moyer (1982:580) aangehaal: 'Guilt is both the legal and moral condition that results from breaking God's law.'

### 2.1.2 TERMINOLOGIESE OORSIG

Wanneer die terminologie rondom die term 'skuld' in die Hebreeus nagegaan word, word die noue verwantskap tussen die terme 'sonde' en 'skuld' telkens onderstreep. Hiervan getuig De Vries (1962:362): '.... all the leading words for "sin" also express guilt.' Om bogenoemde te staaf word kortliks na enkele voorbeelde verwys en is daar nie gepoog om 'n analise in detail te doen nie.

- **hata**

Die woord dui daarop dat die doel gemis word; dat misluk word. In die woord word die gedagte van beweging gevind, maar dan beweging in die verkeerde rigting (Spr 8:36). In die meeste gevalle dui die werkwoord op geestelike en morele mislukkings teenoor God of die medemens (Gen 20:9, Klaagl 5:7). De Vries (1962:361) wys daarop dat die begrip 'hata' in 'n wyere konteks as die begrip sonde gebruik word. Dit mag ook uitgebrei word om die skuld en straf wat met sonde gepaard gaan, in te sluit (Gen 43:9): 'Ek sal vir hom borg wees; van my hand kan u hom eis. As ek hom nie na u bring en voor u stel nie, sal ek lewenslank teenoor u skuldig staan.'

- **pesha**

De Vries (1962:361) wys daarop dat van alle terme wat sonde as 'n uittarting van God aandui, is 'pesha' om te rebelleer of te oortree, die belangrikste. In die begrip 'pesha', anders as by 'hata', wat slegs op 'n fout of mislukking dui, het die begrip 'pesha' op 'n doelbewuste ongehoorsaamheid, opstand en rebellie teenoor God betrekking. Beide die werkwoord en die naamwoord word gebruik vir opstand teenoor nasies of oortredings teenoor mense (1 Kon 12:19, Amos 1:3 vv). Oor die algemeen dui dit egter op oortredings teen God en die uittarting van sy heerskappy. Die werkwoord en naamwoord mag egter ook die skuld aandui wat met sodanige sonde gepaard gaan (Job 33:9): 'Rein is ek, sonder oortreding; suiwer is ek en daar is geen skuld by my nie.'

- **awon**

Die begrip kom in Koehler en Baumgartner (1958:689) in drieërlei betekenisse voor:

- As 'n bewuste bedoelde oortreding (2 Sam 22:24, Ps 18:24, Hos 9:7, Matt 2:6).
- As skuld wat deur 'n oortreding veroorsaak is (Num 14:19, Gen 15:16, 1 Sam 25:24).
- As straf vir skuld (Gen 4:13, 2 Sam 16:12, Ps 31:11).

Moyer (1982:580) wys daarop dat hierdie begrip die sondaar se innerlike gevoelens beskryf, asook dat in hierdie begrip die kombinering van die gedagte van ongeregtigheid

en die gepaardgaande skuld en straf op die ongeregtigheid opgesluit lê (Gen 4:13, Ex 28:38).

Koch (1986:1162) wys daarop dat die begrip 'awon' veral sy dieptepunt as skuldbegrip gedurende die ballingskap en na-ballingskapsperiode vind: 'Das 231 mal im AT belegte nomen awon wird ab der exil/nachexil Zeit im prophetischen und kultischen Schrifttum zum zentralen Begriff für menschliche Schuld und Verhängnis.'

- **asham of aschema**

Volgens Brillenburg Wurth (1963:27) het 'asham' sy oorsprong vanuit die juridiese klimaat: 'Deze term stamt oorspronkelijk uit de juridische klimaat. "Schuldig" staat dan tegenover "rechtvaardig", schending van het recht tegenover eerbiediging van het recht.'

Moyer (1982:580) wys daarop dat 'sm' een van die mees voorkomende Hebreeuse wortels is wat met skuld verbind word. As werkwoord het dit die betekenis van om 'n oortreding te begaan (2 Kron 19:10): '.... oor wette en gebooie en insettinge en verordeninge, moet julle hulle waarsku, sodat hulle hul nie skuldig maak teen die Here....'. In sy verskillende variante kom dit in die volgende betekenisse voor:

- Om skuldig te wees (Lev 5:3 vv). Hier word 'n oortreding onwetend deur iemand begaan. Indien hy egter daarvan weet, sal hy skuldig wees.
- Om skuldig gehou te word vir iets. 'Belaster nie 'n slaaf by sy heer nie, sodat hy jou nie vloek en jy daarvoor moet boet nie' (Spr 30:10).
- Om skuld te dra (Hos 14:1): 'Samaria sal boet, omdat hy weerspannig was teen sy God....'

Naas bogenoemde betekenisse kom die begrip 'asham' in kultiese verband ook voor in die betekenis van 'skuldoffer'. Een van die mees treffende voorbeelde hiervan word gevind in Kellerman (1974:435) se verwysing na 'n gedeelte in die Ebed Jahwe lied (Jes 52-53:12).

> Not only does this song compare the servant with a lamb that is led to the slaughter (Is 53:7) but it also says that he makes his soul an asham "offering

for sin." The vicarious suffering of the righteous is the guilt offering for the many. Like a guilt offering, the death of the servant results in atonement the salvation of sinners from death.

- **naqa**

Die stam 'naqa' word in Arabies en Aramees gevind met die betekenis van: 'om rein te wees, suiwer en vlekkeloos.' In Akadies kom dit in sy basiese betekenis voor as 'drankoffer', 'uitgiet' -'naqu'. Volgens Fischer en Waltke (1980:597) kom hierdie term veertig keer voor in Hebreeus, waar dit in die meerderheid van gevalle in 'n etiese, morele of forensiese verbintenis voorkom. Met die uitsondering van 'n eenmalige gebruik in die 'Qal' kom 'naqa' uitsluitlik voor in die 'Niphal' of 'Piel'. In Koehler en Baumgartner (1958:632) word 'naqa' in sy variante vorme en betekenisse weergegee as:

- Vry wees - vry van eedsverpligtinge (Gen 24:8, Jos 17:20).
- Vry van straf (Ex 21:19, Jos 2: 17,20).
- Sonder skuld wees teenoor iemand, sonder verantwoordelikheid (Num 32:22, Rigt 15:3).
- Skuldloos, onskuldig, blaamloos (Job 4:7, Ps 10:8, Pred 1:11).

### 2.1.3 STADIA IN DIE BEGRIP 'SKULD'

#### 2.1.3.1 INLEIDING

'n Duidelike historiese afbakening in die ontwikkeling van die skuldbegrip is nie moontlik nie. Tog is dit duidelik dat daar in die Ou Testament 'n progressiewe ontwikkeling in die skuldbegrip was. In die weergee van verskillende stadia kan oorvleueling voorkom, asook dat vorige sienings rondom skuld weer sigbaar geword het omdat die verskillende stadia nie in waterdigte kompartemente van mekaar geïsoleer kan word nie.

#### 2.1.3.2 OBJEKTIEWE SKULD

Dat 'n objektiewe siening van skuld 'n sterk inslag in Israel se godsdiens gehad het, word gevind in die gebrek aan 'n begripsonderskeiding tussen sonde en skuld. Die rede vir 'n

sodanige begripsonderskeiding word deur Eichrodt (1967:413) verklaar: This may be due to the fact that the language still reflects the influence of the earliest stage of religious thought, when as a result of the material conception of sin, guilt meant the sentence which was immediately passed on the offender, while the subjective sense of guilt played no part.

Israel se siening van dit wat volg op 'n oortreding, is in 'n direkte verband van daad en gevolg gesien. 'n Bose daad het met verderflikheid na die oortreder teruggekeer, terwyl 'n goeie daad hom ten goede gekom het (2 Sam 16:8, 1 Kon 2:5, 31 vv, Spr 26:27). Von Rad (1965:384-385) druk hierdie siening in beeld uit wanneer hy sê: 'Like a stone thrown into the water every act initiates a movement for good or evil: a process gets under way which, especially in the case of a crime comes to rest when retribution has overtaken the perpetrator.' Westermann (1981:124) verwys hierna as dade met die sfeer van die noodlot - 'Schicksal wirkende Tatsphäre.'

Eichrodt (1967:381-382) wys op die oorheersende linguistieke gebruik van die begrip 'chattath' in die voor-profetiese periode. Die gebruik van hierdie begrip wek die indruk dat die klem alleenlik op die objektiewe geval het en nie soseer op die sondige wil van die betrokke persoon nie. Al wat sou saak maak, is die goedmaak deur 'n ewe objektiewe daad van skadeloosstelling. So kon dit gebeur dat 'n hele land kon ly terwyl die inwoners geen aandeel in 'n daad gehad het nie (Jos 7:11). Ook in die geval van 'n enkeling wat onwetend oortree het, is as gevolg van die klem op die objektiewe, geen onderskeid gemaak nie (Gen 20:3 - 26:10).

In die hantering van die objektiewe gedagte van daad en gevolg het daar in Israel soos by ander volke 'n verandering gekom ten opsigte van die straf op die daad. Hiertoe het volgens Eichrodt (1967:413-414) die rasionalistiese gedagte en dan ook duidelik as gevolg van die wetlike lewe van beskaafde gemeenskappe, 'n rol gespeel. Straftoemeting is op die grondslag van die vergeldingsreg toegepas. Waar tevore in die geval van bloed wat gestort is, slegs vanuit die bloedwraak gehandel is, is die noodsaak gesien om skade wat gedoen is, weer goed te maak, maar dan volgens die beginsel van gelyke toemeting.

Sodoende het die belange van die staat en die beskerming van die gemeenskap tot vele breuke in die beginsel van outomatiese betrokkenheid in skuld gelei wat karakteristiek van

'n dinamistiese wêreldbeskouing was. Dit het meegebring dat 'n onderskeid getref is in die geval van aanranding en owerspel, indirekte en direkte aanspreeklikheid, asook ten opsigte van 'n oortreding wat begaan is waar enige morele aspekte buite rekening gelaat is.

'n Waardering van oortredings in moralistiese en juridiese terme het 'n nuwe element in berekening gebring. Ou taboe wette wat as onskendbaar beskou is, is geïnkorporeer in 'n nuwe wetsisteem. Dit is gevestig deur die verbond wat meegebring het, dat alles verstaan is, as die wil van die goddelike wetgewer waardeur die verpligtingskarakter daarvan 'n merkbare persoonlike kwaliteit bekom het.

Dat uiteindelik weg beweeg is van 'n suiwer objektiewe skuldbeskouing en hantering van skuld in 'n verhoudingskonteks, wil die navorser koppel aan wat Eichrodt (1967:383) sê met betrekking tot die vervaging en uiteindelike opheffing van die ou sienings: 'The old outlooks were now slowly but inevitably annulled. Behind custom and usage, cultic and moral law, became visible the personal sovereign will, with which all sinful action came into conflict.'

### 2.1.3.3 SKULD IN 'N VERHOUDINGSKONTEKS

Skuld in 'n verhoudingskonteks naamlik as skuld teenoor God vind sy beslag in die daarstel van die verbond by Sinai. Die verbond kom tot stand deur God se inisiatief wat uit sy vrye welbehae Israel tot sy volk verkies (Ex 20). Jacob (1958:211) wys op die verbond as gawe van Jahwe aan sy volk, asook dat God deur die verbond in 'n gemeenskapsverhouding met sy volk te staan kom. La Cocque (1978:372) wys op die beoordeling van sonde binne die konteks van 'n interpersoonlike verhouding tussen God en mens, waarin die verbond die norm aangee.

> Sin is now assessed within a context of interrelationship between God and man, that is, of the covenant. It is thus no longer just an ethical fault. Neither is it a juridical offence only. Being in covenant with God entails an existence in holiness; sin therefore is deviation ("avon"), a straying from the norms of holiness, understood as the very dynamism of life.

Die ingrype van Jahwe is nie net deur Israel verwoord in die neerskryf van Jahwe se dade nie, maar ook word geantwoord deur 'n persoonlike aanspreek van Jahwe waarin die dialogiese karakter van hierdie verhouding tot uiting gekom het. Von Rad (1965:355) meld die volgende in hierdie verband: 'She offered praise to him and asked him questions, and complained to him about all her sufferings, for Jahwe had not chosen his people as a mere dumb object of his will in history, but for converse with him.'

Die ou Testament spel dit duidelik uit dat God self Israel in aansyn geroep het en dat dit 'n persoonlike verhouding veronderstel. Hierdie feit word ondubbelsinnig deur die profete toegelig (Amos 2:10, Hos 11:1, Jer 9:20). Eichrodt (1967:417) wys daarop dat die persoonlike God-mens verhouding wat deur die profete benadruk is asook die gepaardgaande veroordeling van die volk se sonde, gemik was op 'n ontwaking van 'n skuldgevoel teenoor die heilige God.

As gevolg van die betekenis van die uitverkiesing, die verbond, asook 'n duidelike kennis van die wil van God, word Israel daarvan weerhou om skuld te sien as iets wat deur onwetende oortredings deur die gode van buite af op hulle gelê is. Volgens Eichrodt (1967:414) is elke oortreding gesien as 'n oortreding teen God wat die oorweging van skuld as skuld teen demoniese magte uitgesluit het.

Dat skuld 'n verhoudingskarakter vir Israel het, tree na vore in die hantering van die begrip 'geregtigheid' (sidakah) wat nie net in 'n vertikale dimensie tot uiting gekom het nie, maar ook in 'n horisontale dimensie teenoor die naaste. In die gewone sin van die woord hou die begrip verband met die daarstel van 'n absolute etiese norm.

Von Rad (1965:371-374) wys daarop dat oud-Israel egter nie 'n handelswyse of daad beoordeel het volgens 'n ideale norm nie, maar volgens 'n spesifieke verhouding waarin 'n vennoot homself waar bewys het, wat veel meer ingehou het as 'n blote korrektheid of wetlikheid soos ons dit verstaan.

### 2.1.3.4 KOLLEKTIEWE SKULD

Hempel (1938:23-24) wys daarop dat daar in die ouer tyd oorwegend kollektief gedink is asook sake kollektief ervaar is. Voor die gerig van God asook voor die koning, het die

gesamentlike lewensverbande verantwoordelikheid vir elke lid gedra. So moes saam met die oortreder sy hele familie asook hulle besittings verbrand word (Jos 7). Vir die verstaan van skuld in 'n kollektiewe sin, is dit belangrik om hier kortliks te let op wat Israel onder die begrip 'gemeenskap' verstaan het.

Vir die oud-Israelitiese bewussyn was die gemeenskap en die enkeling nie teenoorstaande begrippe nie. Die gemeenskap is nie gesien as slegs die somtotaal van sy individuele lede nie. Andersyds is die enkeling nie 'n grootheid opsig self, wat die mag van die gemeenskap in so 'n mate in geperk het, dat die belange van die gemeenskap teen die private wense van die enkeling opgeweeg moes word nie. Veel eerder is die gemeenskap in sy verskeidenheid van familie, stam en volk, die natuurlike lewensfeer van elke lid. Buite die grense van die gemeenskap is die enkeling regloos, magteloos en sonder beskutting.

Aan alles wat met die gemeenskap gebeur het, het die enkeling deel; seën, vloek, krag en mag (Hempel, 1938:33-34). Die eenheid tussen die individu en die gemeenskap was bykans 'n fisiese eenheid. Hierdie eenheidsbeskouing het beteken dat dade van die enkeling duidelike gevolge vir die gemeenskap met betrekking tot skuld teenoor God, asook die kultiese lewe ingehou het. Die verweefdheid van die individu en die gemeenskap kom duidelik tot uiting in wat von Rad (1965:264) daaroor opmerk wanneer hy wys op sonde as 'n sosiale kategorie:

> Through ties of blood and common lot the individual was regarded as being so deeply embedded in the community that an offence on his part was just not a private matter affecting only himself and his own relationship to God. On the contrary where ever there had been a grave offence against the divine law, what loomed largest was the incrimination which the community experienced in consequence at the hands of God, for because of the sin nothing less than the whole possibility of its cultic activity had become imperilled.

Niemand het die kruiswerking van individu en gemeenskap vrygespring nie. Waar die hoof van 'n groep oortree het, is sy skuld oorgedra op elke individuele lid. Voorbeelde hiervan word gevind in die verhale van Korag, Datan en Abiram (Num 16:27-33), die gevolge van Saul se bloedskuld (2 Sam 21:6) asook die uitroeiing van Agab se geslag (2 Kon 9:8 vv). Volgens Justice (1987:490) het die oortreding van selfs die gewone burger

van die land gevolge vir die groter geheel gehad: 'Even the common citizen's sin could bring quilt upon the whole land (Deut 24.4).

De Vries (1962:365) wys daarop dat die korporatiewe siening 'n belangrike rol gespeel het in die offisiële Jahwisme, maar tog word dit ietwat beperk in die verbondsformulerings. In die bepaalde gedeeltes gaan dit om die ongeregtighede van die vaders wat aan die kinders besoek word maar dan slegs aan die derde en vierde geslag (Ex 20:5, Deut 5:9, Ex 34:7, Num 14:18).

In Deutronomium 24:16 word 'n humanitêre reël teen bloedvergieting waar die vaders nie vir die kinders en die kinders nie vir die vaders se sonde gedood mag word nie, gevind. Die nakoming van hierdie reël word gevind by koning Amasia van Juda (2 Kon 14:6). Die gedagte aan 'n kollektiewe betrokkenheid kom ook tot uiting by die profete waar dit nie slegs 'n paar bose individue is wat met skuld belaai is nie, maar die hele nasie (Jes 1:4).

Dat beswaar gemaak word teen die gevolge van kollektiewe skuld, word by die bannelinge wat onder die sondes van die vaders ly, gevind (Klaagl 5:7). Hempel (1938:32) wys daarop dat 'n vaste kollektiewe siening sedert die jaar 800 v. C. algaande verander het. In die tyd van Esegiël is dit finaal oorwin.

### 2.1.3.5 INDIVIDUEEL PERSOONLIKE SKULD

In die ontwikkeling rondom die gedagte aan persoonlike skuld het die wet 'n belangrike rol gespeel deur die plaas van 'n persoonlike verantwoordelikheid op die mens as individu. Eichrodt (1967:414) beklemtoon hierdie gedagte oor die rol van die wet:

> Furthermore the fact that the law is applied to the individual and imposes upon him a personal responsibility which cannot be shifted to the family or clan trains him to grasp the idea of personal guilt, which is fundamentally different from any kind of impersonal involvement, and from falling victim to the realm of sinister power.

God se persoonlike handelinge met leiersfigure in die vroeë Israel het die persoonlike element van skuld al sterker na vore laat tree. Dit het die mens in 'n egte morele

benadering geoefen om bewustelik skuld te aanvaar. Bekend is die woorde van Dawid teenoor Natham: 'Ek het gesondig teen die Here (2 Samuel 12-13)', asook Dawid se persoonlike toe-eiening van skuld rondom die volkstelling: 'Kyk ek het gesondig en ek het verkeerd gehandel, maar wat het hierdie skape gedoen? (2 Samuel 24:17).

Met die aanbreek van die profetiese tyd word reeds 'n merkbare ontwikkeling waargeneem rondom die begrip 'sonde' en die gevolg daarvan naamlik skuld. Die begrippe 'sonde' en 'skuld' het al duideliker in 'n etiese persoonlike gehalte na vore begin tree. Daar kan nie van skuld weggeskram word deur korrekte godsdienstige handelinge nie. Waarom dit gaan, is dat die mens se oortreding waarop sy skuld gegrond is, as opstand van die innerlike wil teenoor God gesien is. Die innerlike betrokkenheid van die individu in die tyd van die profete kom na vore in wat Justice (1987:490) daarvoor sê: 'The emphasis is less on ritual correctness and more on motive, inner spirit and personal attitude'. Die bydrae van die profete in die verdieping rondom die betekenis van skuld tree sterk na vore in die selfondersoek wat vereis word vir die besoeke aan die heiligdom (Ps 15, 24:3-6).

Hoewel korporatiewe skuld nooit ontken is nie, soos in die geval van nasionale rampe, is die persoonlike skuld van die individu sterk beklemtoon (Jer 31:29-30, Eseg 18:4). Dat die individu nie uit die oog verloor is nie, is duidelik in wat De Vries (1962:365) sê: 'As the Hebrew mind held to the solidarity of the race, it also believed in the essential unity of life and being of the individual man.'

By die profete kom duidelik tot uiting dat skuld nie 'n objektiewe aangeleentheid is nie, maar ten diepste die innerlik-persoonlike verhouding tussen God en mens raak, wat 'n totale oorgawe van die mens in volle gehoorsaamheid op eis. Dat die totale gee van die mens self nie deur materiële offers vervang kan word nie, word deur Eichrodt (1967:387) beklemtoon: 'For him no material performance, be it ever so great could be a substitute for the living movement of the heart, expressing in love, faith knowledge of God and gratitude, a personal assent to his claim.'

Dat die persoonlike verhouding soos deur God se verbond bedoel losgelaat is, word onderstreep deur die aankondiging van 'n nuwe verbond waar die wet in die hart geskrywe sal wees (Jer 31:31-33).

## 2.1.3.6 'N BEWEGING VAN PERSOONLIKE NA ONPERSOONLIKE SKULD

Hoewel die profetiese boodskap 'n dieper verstaan en 'n persoonlike toe-eiening van skuld ten doel gehad het, was daar gevaartekens van 'n verswakking in die belewenis en toe-eiening van persoonlike skuld. Daar ontstaan 'n beweging na onpersoonlike skuld met 'n toespitsing op 'n letterlike wetsvervulling waar die aandag al hoe meer op die individuele oortreding en die verwydering daarvan gevestig is, in plaas van die inherente bedorwenheid van die wil.

Vir volledigheidshalwe word kortliks aandag gegee aan enkele redes vir 'n beweging na letterlike wetsvervulling wat 'n verandering in die beskouing, hantering en belewing van skuld tot gevolg gehad het.

Die na-ballingskap periode was gekenmerk deur 'n geweldige beklemtoning van wetsonderhouding. Sedert die dae van die stammeryk is Israel se korporatiewe lewe gereël deur die verbondswet waar gehoorsaamheid as verpligtend beskou is. Die monargie het dit nie verander nie, omdat die Israelitiese wet nooit ten volle staatswet was nie, maar sakrale wet in teorie oor die staat. Selfs toe Josia die Deutronomistiese wet as nasionale instelling bekend gestel het, het hy nie 'n staatswet afgekondig nie, maar die staat daartoe verbind om die verbondswet te gehoorsaam. Die profete het op hulle beurt juis die staat afgewys omdat hulle eerder as om die onetiese gedrag deur die heidendom te huisves of te verdra, dit as 'n breuk met die verbondsbepalings beskou het.

Die ballingskap het natuurlikerwys 'n verhoogde belangstelling in hierdie hoedanigheid van die godsdiens meegebring. Die profete se verklaring van die krisis as straf vir sonde teenoor Jahwe se wet, het 'n gevoel vir strenger wetsvervulling by die godsdienstige Jood laat ontstaan.

Nasie en kultuur het verdwyn met min, om hulle as Jode te kenmerk, wat die groeiende spanning ten opsigte van die Sabbat, besnydenis en die reinigingswette se onderhouding in die ballingskap en onmiddellik daarna verklaar het.

Die nuwe Israel het desperaat gesoek na iets wat hulle kon saambind en aan hulle 'n eiesoortige karakter kon gee. Hulle vind dit dan ook in die wetboek wat Esra van

Babilonië af gebring het. 'n Herdefiniëring van Israel vind plaas waaruit onvermydelik 'n godsdiens ontstaan het waarin die wet sentraal gestel is (Bright, 1972:432-433). Deur 'n verabsolutering van die wet het 'n tendens ontstaan om die wet los te maak van sy konteks van die verbondsnorm waartoe dit oorspronklik behoort het en om dit te sien as iets wat ekstern bestaan en onveranderbaar is. 'n Optimistiese en rasionele siening van sonde met die moontlikheid om goed te doen en onberispelik voor God te staan, het tot stand gekom.

Die natuurlike staat van die mens se sondigheid is aanvaar, maar buite die ruimte van 'n bewuste verantwoordelikheid gelaat. Dit is slegs beskou as 'n gebrek in sy toerusting wat dit van sy betekenis vir die herkenning van skuld ontneem het. Die wet en die nakoming daarvan het die alles bepalende geword sodat selfs die vonnis oor skuld deur wetsvervulling oorkom kon word. Eichrodt (1967:420) som dit soos volg op:

> This meant that the subjection of life in all its aspects to the wrath of God became incomprehensible. All the emphasis fell on the doing of the Law, which was sufficient of itself to overcome the doom of guilt without any need in addition for a unique divine act of redemption transcending all analogy.

Hoewel God se genade nooit vergeet is nie, het die praktyk van wetsvervulling die gevaar ingehou dat die Judaïsme op 'n legalisme afgestuur het waardeur die mens se status voor God uitsluitlik deur sy werke bepaal kon word. Die doen van goeie werke het die betekenis begin kry dat dit 'n wyse is om krediete by God op te stapel. Bright (1972:444) verwys na hierdie gedagterigting: 'The notion even emerged that good deeds accrued to one's credit with God and constituted a treasury of merit.'

Die latere Judaïsme het steeds besef dat sonde nie maar net uitloop op 'n objektiewe straf nie, maar dat sonde sy dieptepunt vind in die mens se skuld as individu, wat self verantwoordelikheid daarvoor voor God dra. Uitdrukking hiervan kom voor in die boetegebede wat opgeteken is in die Apokriewe boeke (Tobias 3:1-6, 11-15, Judit 9:1-14, 3 Makkabeërs 2:2-20, 6:2-15).

Meer nog was dit so dat die begrip 'bekering' so 'n groot rol in die godsdienstige lewe van die Judaïsme gespeel het dat daar 'n lewende besef van skuld teenoor God was. Dit het

meegebring dat daar nie ruimte vir 'n poging tot kompensasie by wyse van objektiewe prestasies of materiële waarborge was nie (Eichrodt, 1967:421).

'n Juristiese wyse van denke het egter die oorhand gekry oor die godsdienstige konsep van 'n persoonlike verhouding. Nie die inwendige staat van vervreemding nie, maar die uitwendige tekort skiet aan God se gebooie, het skeiding tussen God en mens gebring. God is verder verantwoordelik gehou vir die mens se sondigheid deurdat 'n leer van 'n ingeskape bose impuls verkondig is. Om die rede het God simpatie met die mens aan wie Hy dan ook die wet as geneesmiddel vir hierdie swakheid gee, waardeur sonde oorwin kon word (Eichrodt, 1967:422).

Skuld sou slegs neerkom as 'n nalaat van die verdediging wat voorsien is teen versoekings. Skuld is gekoppel aan die spesifieke oortreding in die wet. 'n Sodanige poging om skuld en skuldgevoelens te hanteer, het uiteindelik slegs 'n gevoel van onsekerheid geskep. Die vraag het ontstaan of daar met die oog op wetsvervulling ooit genoeg gedoen is. Die uiteinde van alles was dat sodaniges hulle steeds meer en meer as slawe van 'n gevoel van skuld, ontdek het.

Met die oog op 'n Nuwe Testamentiese perspektief op skuld word Eichrodt (1967:423) aangehaal wat met verwysing na Galasiërs 3:13 wys op Christus wat volkome vryheid van skuld bewerk het deur die vloek van die wet op Hom te neem:

> Thus those who seek protection from God's wrath under wholly inadequate coverings find themselves all the more the slaves of the sense of guilt; and the Law becomes a taskmaster from whose tyranny men can be freed only by the One who disclosed the full depth of their guilt, but also took the curse of the Law upon himself.

### 2.1.4 BELEWENIS VAN SKULD

'n Innerlike geestelike belewenis van skuld word nie regdeur die Ou Testament gevind nie. Sodanige belewenisse word hoofsaaklik gevind in skrifgedeeltes wat dateer uit die latere periodes van Israel se godsdienstige ontwikkeling. 'n Innerlike geestelike belewenis van skuld wat berou en skaamte insluit, volg eers op die kennis dat sonde 'n persoonlike oortreding teen 'n heilige en regverdig God is. Baie van hierdie skrifgedeeltes

kom voor as gebede waarin die bewuswording van sondigheid, in 'n skuldbelydenis tot uiting kom (De Vries, 1962:366). As toeligting word na enkele skrifgedeeltes verwys:

- Psalm 32 het as agtergrond Dawid se owerspel met Bátseba. Duidelik word hier aangedui hoedat onbelyde skuld gewetenskwelling en rusteloosheid meebring wat uiteindelik die psalmdigter ook liggaamlik aangetas het. 'Toe ek geswyg het, het my gebeente uitgeteer in my gebrul die hele dag; want U hand was dag en nag swaar op my; my murg het verander soos deur somergloed' (Ps 32: 3, 4).

- In Psalm 51 wat eweneens heenwys na Dawid se owerspel met Bátseba, word 'n diep innerlike belewenis van skuld geteken: 'Want ek ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my' (Ps 51:5).

- Uit die nadruk wat die skrywer (Dawid) van Psalm 38 op die sonde lê, as oorsaak van sy lyding, mag ons tot die gevolgtrekking kom dat hier 'n skuldbesef by hom aanwesig is, al is dit so dat hy nie regstreeks om vergewing vra nie (Ridderbos, 1975: 335-336): 'Daar is geen heel plek in my vlees vanweë u grimmigheid nie, daar is niks gesond in my gebeente vanweë my sonde nie. Want my ongeregtighede gaan oor my hoof: soos 'n swaar pak het hulle vir my te swaar geword' (Ps 38:4,5).

- Tydens die aandoffer (Esra 9:6-15) hoor ons Esra bid; 'n gebed waarin tot uiting kom dat hy hom mede-verantwoordelik voel vir die sonde van sy volk: 'My God, ek voel te beskaamd en verleë om my aangesig tot U, my God op te hef, want ons ongeregtighede het oor ons hoof gegroei, en ons skuld is hemelhoog' (Esra 9:6).

- Vanweë die volk se aanhoudende sonde wat deur die volk self erken word, (Jes. 59) word God se heiligheid aangetas. Die gevolg is dat geen verlossing sal aanbreek voordat daar nie bekering is nie. Die belewenis van 'n oorweldigende skuld bring die skrywer daartoe om uit te roep: 'Want ons oortredinge is baie voor U, en ons sondes getuig teen ons; want ons oortredinge staan voor ons, en ons ongeregtighede - ons ken hulle' (Jes 59:12).

- Groot is die innerlike nood wat die profeet beskryf (Jes. 14:1-15) as gevolg van 'n groot droogte in 'n tyd van vyandelike bedreiging, waarop 'n boetelied van die volk volg by monde van die profeet: 'Hoewel ons ongeregtighede teen ons getuig o Here, doen dit om u Naam ontwil; want ons afkerighede is baie, ons het teen u gesondig' (Jes 14:7).

- In die boek Daniël (9:1-22) soek die siener na 'n antwoord op die vraag waarom Israel se nood nog voortduur ten spyte van die strafgerig wat reeds afgeloop moes gewees het volgens die profesie van Jeremia. Die gedagte aan Israel se skuld en boete tree hier sterk na vore en kom tot uiting in 'n belydenis: 'Here, aan ons kom toe beskaming van die aangesig, aan ons konings, aan ons owerstes en aan ons vaders, omdat ons teen u gesondig het' (Dan 9:8).

## 2.2 DIE HANTERING VAN SKULD IN DIE OU TESTAMENT

### 2.2.1 INLEIDING

In die hantering van skuld gaan dit om die volk of individu wat verlang dat die breuk wat deur sonde tussen hulle en God veroorsaak is, deur God se vergifnis herstel mag word. In die sin kan onder andere gesê word dat vergifnis die wegdoen is van 'n skuldelas wat verligting vir die sondaar meebring. In kort kan gesê word dat die ontvang van vergifnis die genadige eindpunt in die sondaar se skuldbelaaide lewe is. Om vergifnis egter vollediger te definieer word aangesluit by O'Kennedy en Olivier (1996:497) wat Kselman aanhaal:

> Forgiveness is the wiping out of an offence from memory; it can be affected only by the one affronted. Once eradicated, the offence no longer conditions the relationship between the offender and the one affronted, and harmony is restored between the two. Divine forgiveness is the divine act by which the removal of sin and its consequences is affected.

In hierdie onderafdeling word kortliks gelet op die terminologie waarmee die begrip 'vergifnis' weergegee word, waarna nagegaan sal word hoe skuld hanteer is om tot skuldvergifnis te kom. Vanweë die omvang van die stof word detail nie weergegee nie.

Dit wat wel deurgegee word, word as genoegsaam geag om duidelike lyne te trek met betrekking tot die hantering van skuld in die Ou Testament.

### 2.2.2 TERMINOLOGIESE OORSIG

Volgens Morris en Morris (1972:435) word die idee van vergifnis in die Ou Testament in beginsel deur drie woorde weergegee, wat afgelei is van die volgende drie werkwoordstamme:

- **kpr**

Volgens Morris en Morris (1972:435) dra die gebruik van hierdie werkwoordstam gewoonlik die gedagte van versoening oor en kom dit dikwels in verband met die offers voor waar die gebruik vir 'vergewing' veronderstel dat versoening gedoen is. Die versoeningsgedagte klink ook duidelik deur wanneer Thomson(1962:1120) daarop wys dat die werkwoord op drie maniere maniere verklaar kan word: 'Om te bedek' afgelei van die Arabiese 'kafara'; 'om uit te wis' van die Akkadiese 'kapurra', en om vry te koop bywyse van 'n 'plaasvervanger', afgelei van die Hebreeuse naamwoord **'kópér'.**

- **ns**

Hierdie werkwoord beteken in beginsel 'om op te lig', 'om te dra' en toon 'n duidelike beeld van sonde aan, wat van die sondaar gelig word en weggedra word (Morris & Morris, 1972:435).

- **sih**

Hierdie stam is van 'n onbekende afkoms. Dit word herhaaldelik met die offers verbind en stem in gebruik baie naby ooreen met wat hedendaags bekend is as 'vergewe' (Morris & Morris, 1972:435).

### 2.2.3 DIE OFFER

Die offer was nie slegs tot Israel beperk nie, maar was 'n wêreldwye gebruik. Dit is

dwarsdeur die geskiedenis waar mense ook al goddelike wesens aanbid het, gevind (Ringren, 1962:7). So het dit ook in die Ou Testament gegeld waar die offer deel van die kultus was. By Israel was offers in die Ou Testament die hoof kennis van hul godsdiens soos dit duidelik in die kultus na vore tree. Dit was die sterk besef van die gemeenskap van God en mens, van God as die heilige God van die Verbond en van die volk en die enkeling, as hul telkemale deur die sonde beheers, gevaar geloop het om hierdie gemeenskap te verbreek. Dit het aan die kultus die voortdurende neiging tot behoud en herstel van hierdie gemeenskap van die heilige God en sondige mens, individueel sowel as nasionaal, gegee (Vriezen, 1966:279). Die offer as uitdrukking van Israel se kultus kan onderskei word as geskenke en bydraes, alimentasie, gemeenskap en versoening of boete. Die belangrikste bronne hiertoe word gevind in die kultiese dekaloog (Ex 34), die verbondsboek (Ex 20: 22-23, 33), die Deuteronomium boek (Hoofstukke 12-26), die slot gedeelte van die boek (Eseg 40-48) en die priestergeskrif (spesifiek Ex 24 - Num 10). Vir die doel van hierdie studie word die hantering van skuld, soos dit met betrekking tot die offer voorkom, vanuit die gedagte van versoening belig.

#### 2.2.3.1 DIE OFFER AS VERSOENING

By die offer as versoening, in hoofsaak die sond- en skuldoffer, was die betekenis van bloed en gepaardgaande bloedvloeiing van wesentlike belang (Lev 17:11). Bloed is gesien as die draer van lewe. God alleen beskik oor lewe en Hy verorden dat dit bewaar en afgesonder word vir die altaar. Deur die lewe wat in die bloed is, word versoening bewerk deurdat 'n lewe vir 'n lewe gegee word. Die lewe van die offerdier word gegee vir die lewe van hom wat offer. Deur die offerhandeling vind 'n plaasvervanging plaas wat versoening meebring. Die versoenings-gedagte vind uiteindelik sy dieptepunt in die persoonlike offer van Christus wat sy lewe vir sondaars aflê aan die kruis (Matt 26 - 28, 1 Joh 1:7).

#### 2.2.3.2 DIE SONDOFFER

Die versoeningshandeling kom in hoofsaak voor by die sond- en skuldoffer (Lev 4,5,6 en 16). Carpenter (1982:269) wys daarop dat die onderskeid tussen hierdie twee offers nie baie duidelik is nie. Dit kom in baie gevalle as dieselfde voor, deurdat tekse moeilik identifiseerbaar is, wat spesifiek oor die een of die ander handel. Die tegniese woord

'hattat' wat met die sondoffer (Lev 4-5, 13) verbind word, beteken 'sonde'. Dit kom daarop neer dat dit 'n offer is waardeur 'n mens vir sy sonde boet. Dat hier meer as 'n beklemtoning van die sonde as daad ter sprake is, naamlik die skuld as gevolg van die daad, word deur Gaster (1962:151) verwoord: 'The primary meaning of the word is "to miss", "fall short of", and the reference was not so much to the actual commitment of the offence as to the consequent state of the offender's self'.

Die sondoffer is voorgeskryf vir bepaalde sondes: Sondes in swakheid begaan of onopsetlike oortredinge van die gebooie van God (Lev 4:2, 13, 22, 27: 5 : 2vv; Num 15:22vv). Verder ook vir sondes wat nie meer onopsetlik nie, maar uit ligsinnigheid bedryf word, byvoorbeeld vir 'n onbesonne eed (Lev 5:4), of die weiering om te getuig in 'n regsaak (Lev 5:1). Sondoffers is verder voorgeskryf in bepaalde gevalle: By die priesterwyding (Ex 29 : 10vv), in gevalle van seremoniële reiniging soos in die geval van 'n moeder na 'n bevalling (Lev 12:6vv saam met 'n brandoffer), vir 'n melaatse (Lev 14:10vv) asook vir die reiniging van 'n Nasireër (Num 6:9vv) (Van As, 1961:83). Sondoffers moes deur elke Israeliet sonder uitsondering gebring word, maar kon ook deur die `gemeente as geheel aangebied word. Wat geoffer moes word, is bepaal deur die individu se inkomste en status in die gemeenskap. Voorgeskrewe offers het gewissel van twee duiwe of tortelduiwe (Lev 5:7) in die geval van arm mense tot 'n bul (Lev 4:3, 14) in die geval van die hoë priesters of die volk as geheel (Van Gemeren, 1987:790).

Van betekenis by die sondoffer is dat hier nie net 'n oorgawe van die offer aan die priesters plaasvind nie, maar dat die individu in geval van persoonlike sondes, persoonlik betrokke is by wyse van 'n handoplegging op die offerdier se kop (Lev 4). Hoewel die bepaalde tydstip nie duidelik uit gespel word nie, is 'n skulderkentenis en 'n skuldbelydenis nie los te maak van die aanbieding van die sondoffer (Lev 5: 5-6) waarop die vergifnis van sonde (Lev 5:13) gevolg het (Van As, 1961:85).

### 2.2.3.3 DIE SKULDOFFER

Van As (1961:84) wys daarop dat die skuldoffer (asham) voorkom as 'n vergryp of skuld wat dui op die vergryp aan die regte van ander. Die skuldoffer wat gebring moes word, moes versoening bewerk vir 'n oortreding teenoor God in die geval van die terughouding van heilige gawes, of in die geval van onbewuste sondes (Lev 5:14-19), asook waar

oortree is teenoor die naaste (Lev 6:1-7). By die skuldoffer (Lev 5 :14 - 6:7, 7:1-7) is 'n duidelike betaling van skade of boete teenoor God en die naaste ter sprake. Die wydte hiervan word deur Delitzsch (1950:333) beskryf as: 'The trespass-offering was a restitution or compensation made to God in the person of the priest, a payment or penance which made amends for the wrong done, a satisfaction in a disciplinary sense.'

Belangrik is om daarop te let dat oortredings wat met 'n opgehewe hand en met voorbedagte rade gepleeg is, nie voor versoening gedoen kon word binne die raamwerk van die kultus nie. Sodanige oortredings is deur die strafreg hanteer (Brongers, 1954:135). Hierby aansluitend is daar van priesterlike kant streng gewaak teen 'n misbruik van die offer deur 'n beperking te plaas op versoenbare oortredings. Reeds in die vroeë periode is dit duidelik gemaak dat moedswillige oortredings van God se wil nie deur die offer versoenbaar was nie. Die rede daarvoor is daarin geleë dat die voorwaarde vir versoening ontbreek (1 Sam 3:14). Dit het 'n bewustheid gebring dat dit nie vir die mens was om grenslyne vir die effektiwiteit van die offer as versoening daar te stel nie omdat dit altyd deur God gereserveer is vir sy eie vrye besluit. Selfs waar die gedagte van die offer van 'n lewe in die bloed as die beslissende versoeningsoffer (Lev 17:11) aangetoon word, bly die klem op die genadige gewilligheid van God om die offergawe as soenoffer te aanvaar (Eichrodt, 1967:446, 447).

Om die bring van offers te verstaan in die hantering van skuld met die oog op heling van skendings van die verbond en die vergifnis van die sondaar, moet gelet word op wat die offerwetgewing tot inhoud gehad het. Die hoof gedagtes kan saamgevat word as:

- Die versoening is deur God ingestel en dit is Sy werk;
- Die werk word as sakrament deur die priesters voltrek;
- Die priester versoen die sonde, dit wil sê, doen versoening oor die sondaar. Hier moet dit simbolies verstaan word omdat die bloed (Lev 17:11) as sodanig die bewerker van die versoening is, as 'n deur God gegewe middel. Die priester tree slegs as funksionaris van God op. Die gedagte oor selfverlossing word hiermee uitgesluit.

- Die offeraar is slegs aktief in soverre as wat hy die offer aanbied en sy hande op die dier se kop lê (semincha) om sy bedoeling om te offer aan te dui. So ook doen die offeraar die voorbereidende offerhandeling deur die dier te slag. In die eintlike soenhandeling is die offeraar passief terwyl die priester as middelaar van God en mens die soenakte vir die offeraar voltrek. Deur die priester word die offer 'n dubbele handeling waarby God en mens mekaar langs simboliese-seremoniële weg ontmoet (Lev 1-5, 16:17) (Vreizen, 1966:285).

### 2.2.4 INTREDE DEUR VOORBIDDING

Intrede as voorbidding by God was 'n wyse in die hantering van die skuld van die volk asook van die enkeling. Intrede verskil van die suiwer kultiese offergedagtes in die sin dat die ritualisties-juridiese opvatting van versoening op die agtergrond getree het om plek te maak vir 'n meer sedelike voorstellingsvorm. Hierin het die meer persoonlike element in die persone van bepaalde middelaarsfigure op die voorgrond getree. Vriezen (1966:291) vat dit saam as: 'God leidt zijn volk door middelaarsfiguren, die door de bijzondere positie die God hun gaf, voor het volk kunnen intreden bij hem, en die door hun gebeden (de voorbede) verzoening kunnen bewerken.'

Voorbidders was diegene op wie 'n hoë waarde geplaas is as diegene wat in 'n persoonlike oorgawe in 'n lewende gemeenskap met God gestaan het. Hulle was diegene wat voorbidding as 'n taak aanvaar het met die bereidheid om self op die agtergrond te staan, God se wil te soek en selfs te ly. So is dit Moses wat as lydende intree ter wille van die sondes van die volk Israel (Deut 9:18-29). Hierdie oorgawe met die bereidheid tot selfoffer waar na God se wil gesoek is, het 'n duidelike rol vervul in die verwydering van skuld. Met verwysing na Abraham, Moses en Samuel belig Eichrodt (1967:450) dit as: 'They are showing us intercession as a complete turning of man to God, becoming one with the will of God to the point of self-sacrifice, and therefore as something to which God ascribes atoning value sufficient for the removal of guilt'.

Voorbeelde van voorbidding wat gevolg het op sonde en die gevolglike skuld daarop word gevind in gebede om vergifnis of behoud en kan kortliks verdeel word in:

### 2.2.4.1 DIE PATRIARGALE VOORBEDE:

Noag se brandoffer na die sondvloed het gedeeltelik de aard van intrede omdat dit gevolg word deur God se antwoord tot behoud van die aarde (Gen.8:17).

- Abraham se gebed vir Abimeleg nadat hy Sara geneem het om met haar te trou (Gen 20:17).

### 2.2.4.2 DIE INTREDE BY MOSES

- Moses pleit by God na die volk se sonde na die maak van die goue kalf (Ex 32:11-14).

- Gebed vir Mirjam om genesing van haar melaatsheid wat sy as straf ontvang het na haar opstand teen Moses (Num 12:13).

### 2.2.4.3 DIE OPKOMS VAN AMPTELIKE INTREDE

- Samuel se oproep tot Israel om die vreemde gode te verwyder, hulle skuldbelydenis en sy gebed vir die volk daarna (1 Sam 7:3, 6, 9).

- Dawid se gebed om die volk van die pestilensie te verlos na sy volkstelling (2 Sam 24:17-25).

- Hiskia se gebed vir die volk wat onvoorbereid van die Paaslam geëet het (2 Kron 30:18).

- Nehemia se gebed en belydenis van sy en die volk se sonde (Neh 1:5-11).

### 2.2.4.4 INTREDE IN DIE POËTIESE BOEKE

- Die Here se opdrag aan Job dat hy vir sy vriende moet bid (Job 42:8).

- Dawid se gebed om herstel na 'n nederlaag as gevolg van God se toorn (Ps

60:3,4).

De Boer (1943:102,103) wys daarop dat die Psalms ons voor besondere probleme plaas deurdat direkte voorbedes moeilik te onderskei is. So rig die vromes hulle tot God in klag, belydenis, lofuiting en vrae. Tussen dit deur word spreuke in die vorm van seën en vloek aangetref. Die rede hiervoor kan volgens Bevan (1974:1985) daaraan gewyt word dat die Psalms in die algemeen 'n liriese uitdrukking is van 'n intense subjektiewe toestand waarin dit voorkom dat 'n altruïstiese denke nog nie in Israel ontwikkel het nie.

### 2.2.4.5 INTREDE IN DIE WYSHEIDSLITERATUUR

- Wat in die Psalms gesê is, geld ook ten opsigte van die Wysheidsliteratuur met betrekking tot voorbedes.

### 2.2.4.6 DIE PROFETIESE INTREDE

- Jeremia bely dat die volk sonde gedoen het en pleit dat die Here hulle nie sal verlaat nie (Jer 14:7-9). Hy verkondig God se onvermydelike oordeel aan maar gaan desondanks voort om die volk se gebed om vergewing voor God te bring (Jer 14:19-22). Visher (1979:28) verwoord dit as: 'Der Wirkliche Prophet kann nicht anderes als Gottes nicht aufzuhaltendes Urteil verkünden. Jeremia bringt nochmals ein Gebet des volkes von Vergebung vor Gott.'

- Daniël pleit by God om die afwending van Sy grimmigheid oor Jerusalem en bely hulle en hul vaders se ongeregtigheid en pleit om vergifnis (Dan 9:16-19).

- Amos pleit by die Here om vergifnis by die aanskoue van die afgevrete gewasse in die gesig van die sprinkane (Amos 7:1,2).

### 2.2.4.7 PRIESTERLIKE INTREDE

Die priesters se rol tot voorbidding word duidelik geïllustreer waar hulle opgeroep word om onder trane vir die volk by die Here in te tree (Joël 2:17). Hoewel die priesterlike

intrede nie maklik bepaalbaar is nie, het die priester vanuit sy amp 'n rol as voorbidder gehad wat veral in die na-ballingskap periode na vore tree. Vischer (1979:32) vat dit kernagtig saam as: 'Erst in nachexilisches Zeit, nachdem die prophetische Beweging sich verloren hatte, is auch von Priestern als Fürsprechern die Rede.'

Hoewel voorbidders gesien kan word as mense wat oor besondere krag beskik wat heil kan bewerk, wat kan red en kan straf, wat seën kan bewerk en wat 'n vloek ter syde kon stel, het dit vir hulle om God se eer gegaan. Vischer (1979:42) wys op die voorbidders se gesindheid van ondergeskiktheid waardeur God se krag onder mense na vore tree. 'Die Fürsprecher ziehen die Aufmerksamkeit nicht auf sich und ihre auzerordentlichen Fähigkeiten, sie geben vielmehr Gott durch ihre Fürbitte die Gelegenheit, seine Macht unter den Menschen unter Beweis zu stellen.'

**2.2.5 DIE KNEG VAN DIE HERE - JESAJA 53**

Beide die begrippe offer en versoeningsintrede deur voorbidding word verbind in die lydende kneg van God. Hier word weg beweeg van 'n suiwer kultiese versoeningsgedagte na die profetiese gedagtegang soos dit met betrekking tot die skuldoffer aan die orde gestel word (Jes 53:10): 'Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel; Hy het Hom krank gemaak; as sy siel 'n skuldoffer aangebied het, sal Hy 'n nakroos sien; Hy sal die dae verleng, en die welbehae van die Here sal deur sy hand voorspoedig wees.'

In hierdie skrifgedeelte word nie 'n offer aangebied nie, maar sal die dienaar homself as skuldoffer 'asham' gee. Die lewe wat by die offer aangebied word, kom nie net van die offeraar nie, maar bestaan in die offeraar self. Soenende voorbede en soenende offer word in hom verenig. Met verwysing na Nils Johansson verwoord Vischer (1979:46) hierdie samesmelting as: 'Sühnende Furbitte und sühnendes Opfer vereinigen sich in ihm. Er is der Prophet der Fürbitte leistet; er is der Priester der das Sühnopfer darbringt; und weil er sich selbst hinbringt, is er auch das Opfer, der dar gebracht wird.'

Hier speel die bloed op sigself nie meer 'n rol nie, maar die eties-juridiese daad waar versoening plaasvind deur die dra van die straf en selfs die gee van die eie lewe. Dit gaan om 'n persoonlik-mediatoriese daad met 'n soenende werking omdat die sonde deur die dra van straf van 'n onskuldige af geboet word. Die straf word plaasvervangend

ondergaan en bring so die versoening teweeg (Vriezen, 1966:295).

By die kneg van die Here gaan dit om 'n selfoffer uit vrye wil ten behoewe van sondaars; om 'n lewenslange niks word, 'n wan verstaan word tot die dood toe, om deur God as 'n kwaaddoener gebrandmerk te word en om 'n totale 'incognito' met geen spoor van self soeke of selfverheffing. Dit alles vra 'n volkome identifikasie met die goddelike wil waardeur hierdie intrede kragtig is om vir baie versoening te doen (Eichrodt, 1967:452).

Met betrekking tot die hantering van skuld het ons hier te make met 'n gans andersheid wat sy eindpunt in die offer van Jesus Christus aan die kruis vind. Paslik is dan so die opmerking van Schultz (1898:96) met betrekking tot hierdie andersheid in die krag van die Here: 'His death, freely endured for the people is a means of reconciliation of a new kind, an offering for sin unlike the victims slain of old.'

### 2.2.6 LEGALISTIESE HANTERING

'n Wettiese verstaan van skuld en straf deur Israel het daartoe gelei dat die vergifnis van God geëksternaliseer en vernou is. Hoe hierdie bepaalde wyse van hantering beskou is en gerealiseer het word in hierdie onderafdeling aan die hand van Eichrodt (1967:453-455) belig.

Straf is gesien as 'n kompensasie wat gepas het by die oortreding en kon gekanselleer word deur goeie werke. In dié sin is vergifnis verstaan as slegs 'n vermindering of totale vryskelding van straf. God se aksie om te straf of te vergewe is op die wyse verbind tot sy reg tot vergoeding wat deur die mens bereken kon word. Dit op sy beurt het daartoe gelei dat vergifnis nie meer gesien is die daad waar 'n vertoornde God terugdraai na Sy aanbidder nie, maar eerder dat die mens vrygekom het van 'n strafregtelike vonnis.

Terwyl daar in Israel 'n hoë waarde geplaas is op die verbondsbepalings met hul dreigings en beloftes as die outoritêre beskrywing van God se bevele, het dit ongetwyfeld 'n aanknopingspunt voorsien vir 'n soortgelyke evaluering van vergifnis soos dit elders bekom is. Dit was juis die geval gedurende tydperke toe golwe van vreemde invloede die volk oorspoel het. Hier kon of die Kanaänitiese invloed na die verowering van die land of die sinkretistiese beheer deur vreemdelinge gedurende die dinastie van Omri en die

Assiriese oorheersing 'n invloed gehad het op Israel se vertolking van die verbond. So het Israel vergifnis materialisties vertolk as 'n vryskelding van verdiende straf of 'n besigheidstransaksie tussen vennote van gelyke status. Op grond hiervan is onbeskaamd daarop gereken dat Jahwe op grond van sy verbonds-getrouheid straf moes verminder as een van sy verpligtinge as Verbondsgod. Hierdie hantering het teweeg gebring dat Israel se gevoel vir die erns van vergifnis afgestomp het, soveel so dat die betekenis van die verbond as genadedaad van God versluier geraak het.

God as die soewereine God se handelswyse met betrekking tot vergifnis was nie wetties te bereken nie. So laat God Abraham terugkeer na Egipte sonder om hom te straf vir sy oortreding. Hoewel deur beproewing en vernedering heen bevestig Hy Jakob in sy geboortereg wat hy deur bedrog bekom het. Hy weier Moses vergifnis vir die volk en tog bewys Hy Hom as redder van die volk.

Dat Israel die analogie van strafregtelike sake nie kon bereken nie word duidelik deur Eichrodt (1967:455) verwoord:

> However much men may like to try to elucidate the wisdom and righteousness of divine retribution by analogy from the principle of correspondence obtaining in legal matters, they succeed not at all in making a rigid and formal law out of God's action. The complex reality constantly outstrips their short-winded and artificial calculations, and confronts them with the autonomy of the divine, Thou, who moves through startling transformations from punishment to forgiveness.

### 2.2.7 DIE PROFETIESE SIENING MET BETREKKING TOT DIE OFFER

Die profetiese siening verteenwoordig 'n hartgrondige gedagte verandering wat die hantering van skuld ten diepste raak. Dit tree na vore as 'n duidelike weg beweeg van die gevaar van 'n formalistiese godsdiens na 'n dieper geestelike verstaan en belewenis van God se handelinge met Israel wat 'n verdieping in die dien van God op die oog gehad het.

Die profete se rol met betrekking tot 'n verandering in Israel se verhouding tot God, wat die hantering van skuld insluit, het nie die invoer van nuwighede of die afskaf van die bestaande beoog nie, maar wel dat Israel sy godsdiens op die regte wyse hanteer. Die

gedagte inhoud hiervan word deur Reeve (1974:2647) verwoord as: 'The prophets were reformers, not innovators. Their emphasis was on the ethical, rather than the ritual. They based their teachings on the fundamentals of the covenant, not the incidentals. They accepted sacrifices as part of the religious life, but would give them their right place.'

In hoofsaak word in hierdie onderafdeling ingegaan op die profetiese siening met betrekking tot die kultus en by name die offer. In kort word ook gewys op die versoenings-idee wat na vore tree as 'n juridies-pedagogiese idee waar die betaling van skuld deur die dra van 'n oordeel betaal word. Die profetiese gedagte waar bekering as eis tot vernuwing gestel word, word in die onderafdeling 'bekering' hanteer.

Wanneer oppervlakkig na die profetiese uitsprake rondom die offers gekyk word, kom dit voor asof die offer afgewys word. Die felle kritiek, maar ook rede daartoe kan saamgevat word in die opmerking van Howard (1967:4).

> The true prophet from his knowledge of God, and especially from his awareness of the characteristics of God, His righteousness and holiness, had often to make scathing denunciations of those who were more concerned with externals, the correct observance of cultic ceremonies, than in leading the lives which their God expected from them.

Die profete het nie 'n sakrale wyse van versoening afgewys nie, maar wel dat die offer as 'n sakrament met 'n 'opus operatum' werking gesien kon word wat daarop neergekom het dat versoening kon plaasvind deur slegs 'n daad te voltrek.

Voorstanders van hierdie oortuiging het die offer gesien as 'n geskenk wat waarde in sigself het vir die ontvanger terwyl dit eintlik 'n wyse was waardeur God aan die volk Sy guns verleen het (Schultz, 1898:94, 95). Wanneer aan die offer 'n 'ex operatum' werking toegeskryf is, het Israel in 'n formalistiese godsdiens sonder 'n hart verval. In sodanige offers het die Here geen behae in gehad nie en is dit deur Hom as nutteloos en as 'n vertrapping van Sy voorhowe beskou (Jes 1:12, 13).

Nog 'n uitgangspunt was dat vergifnis afhanklik was van die juiste uitvoering van voorskrifte. Eichrodt (1967:461) wys daarop dat beide die profete en sommige

Psalmdigters in teenstelling met 'n reglementering van offer prosedures daarop wys dat wat werklik saak maak die reg van God se majesteit is om te vergewe. Dit is Hy wat die versekering in die hart van die individu kan gee dat sy sondes vergewe is (Ps 40:7, 51:18).

In dit alles is die waarskuwing duidelik dat offers as niks meer beskou moet word as tekens wat heenwys na die beslissende faktor van God se aktiwiteit van versoening. Die weg na vergifnis is nie toegesluit waar die offer ontbreek nie. God is vrymagtig om uit vrye genade vergifnis te skenk: 'Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie' (Jes 43:25).

Die profetiese siening verteenwoordig nie 'n afwys van die offer nie, maar wel 'n afwys waar 'n innerlike toekeer tot die Here ontbreek. In hierdie sin verteenwoordig die profetiese siening 'n religieus-sedelike lyn waar gewys is op bekering en gehoorsaamheid as noodsaaklik om versoening te ontvang.

Van belang is dat geen breuk gevind word in die voor en na-eksiliese ten opsigte van die offer nie, maar wel kontinuïteit. Die profete was oortuig dat die offer as God se wil steeds deel moes wees in die periode na die ballingskap. So word in Esegiël 'n blik gewerp op die verwagting van 'n nuwe tempel met sy offer aktiwiteite binne 'n herstelde samelewing (Eseg 40-48). Hierdie aanvaarding van die offer as deel van Israel se verhouding tot God na die ballingskap word duidelik deur De Vaux (1966:307) verwoord: 'Die nachexilischen Profeten predigten dieses ideal im widerhergestelten Israel. Zur gleichen Zeit wird das Ritual genau festgelegt, und alle nehmes es als eine von Gott kommende Einrichtung an.'

Vriezen (1966:293, 294) wys daarop dat ook by die profete die versoeningsidee na vore tree as 'n juridiese- en pedagogiese idee waar die betaling van skuld deur die dra van 'n oordeel betaal word. Deur die oordeel wat Israel getref het, word Israel geleer om sy lyding as 'n deur God opgelegde boete te aanvaar. Deur straf heen word Israel na God teruggebring en leer hulle om Hom aan te roep. Hieragter is die idee van 'n geestelik opvoedende, vernuwende maar veral die sonde boetende krag van die straf te vind (Jes 40:2). 'Spreek na die hart van Jerusalem en roep haar toe dat haar stryd verby is, dat haar skuld betaal is, dat sy uit die hand van die Here dubbel ontvang het vir al haar sondes.'

## 2.3 VOORWAARDES VIR VERGIFNIS

Die begrip 'vergifnis' beteken in wese dat God op 'n persoonlike wyse met die mens handel sodat daar die herstel van 'n geskonde verhouding plaasvind. Hiertoe is nodig dat die mens in die diepste van sy wese daarby betrokke sal wees (Eichrodt 1967:465). Uit wat reeds tot hiertoe behandel is, is dit duidelik dat 'n suiwer rituele nadering tot God waar aan die offer 'n 'ex opere operatum' werking toegeskryf word af te wys is. Ewe eens is 'n streng legalistiese beskouing af te wys.

Wat van die mens se kant moes gebeur om vergifnis te ontvang was dat op God se spreke of handeling hy so in die hart gegryp sal word dat hy innerlik sal reageer met 'n verlange na die heling van die geskonde verhouding waarvan hy die skuld dra. Hierdie verlange, indien dit eg was moes uitmond in 'n toekeer tot God met die regte ingesteldheid wat in woord en daad realiseer.

Dat die sondaarmens in nood verkeer en alleen deur verontmoediging gevolg deur skuldbelydenis vergifnis kan ontvang, word deur Eichrodt (1967:309) met verwysing na Psalm 32 onderstreep: 'For the deepest distress of all consists in the wall of separation erected between man and God by unconfessed and unforgiven guilt; and the sole purpose of God's visitation is to bring about humble and unqualified acknowledgement of sin as the precondition of his forgiveness.'

Saamgevat is die weg tot vergifnis geleë in 'n innerlike bewuswording van sonde wat skuld meebring. Hierdie bewuswording moet lei tot 'n toekeer na God wat insluit, 'n berouvolle hart en 'n belydenis van sonde met die begeerte om te vernuwe. Hierdie 'proses' kan oorkoepelend saamgevat word in die begrip 'bekering' wat veral in die profetiese prediking na vore tree. Om die 'proses' wat in skuldvergifnis kulmineer en sy omvang te verstaan, word vervolgens afsonderlik stilgestaan by die volgende begrippe: Verootmoediging en berou, skuldbelydenis en bekering.

### 2.3.1 VEROOTMOEDIGING EN BEROU

Wat die Here as eerste vereiste stel, is 'n ongeveinsde verootmoediging waarin 'n droefheid opsluit is oor sondes wat met of sonder uiterlike tekens van berou gepaard kan

gaan (Deut 4:29, Jer 3:21).

Verootmoediging as uiterlike teken van berou het veral na vore getree as boeteplegtighede op nasionale dae van berou (Neh 9). Berou soos dit gemanifesteer het in die uiterlike het voorgekom as 'n bepaalde ritueel wat onder andere ingehou het die skeur van klere, vas, die aantrek van sak en die sit in as. Bepaalde liturgieë vir berou is ook aan te toon (Jes 63:7-64:12, Dan 9:4-19, Hos 6:14) (Quanbeck 1962:34).

Juis in die uiterlike betoning van berou het die profete 'n stem van waarskuwing laat hoor omdat dit die gevaar ingehou het van 'n meganiese formaliteit waarin die mens se innerlike betrokkenheid kon ontbreek (Joël 2:12).

Die ontvang van vergifnis was afhanklik van 'n waaragtige innerlike besef van skuld. Of dit tot uiting kom in die uiterlike betoning van berou of die uitspreek van 'n skuldbelydenis waarin die gebed om vergifnis vervat mag wees, moes dit steeds die karakter dra van 'n innerlike verootmoediging waar die mens as ondergeskikte voor God verkeer.

Morro (1974:1134) wys op die noodsaak van die ondergeskikstelling van die mens in sy sondige toestand en die gevolglike vergifnis waar die mens wel so tot God nader: 'In every case the one asking forgiveness is in a position of subserviency, and in petitioning for that to which he has no just right (Gen 50:17, Ex 10:17, 1 Sam 15:25, 25:28) - It results in the complete removal of all estrangement and alienation between God and man. It restores completely the relationship which existed prior to the sin.'

### 2.3.2 SKULDBELYDENIS

Wanneer die volk of enkeling tot verootmoediging en berou kom as gevolg van sonde met sy gevolglike skuldelas, kan die oopbreek voor God in skuldbelydenis nie uitbly nie. Skuldbelydenisse kom voor in die kultus sowel as buite die kultus. Dit kom voor as kollektiewe sowel as individuele skuldbelydenisse. Vir die doel van hierdie onderafdeling word uitgegaan van die vyfvoudige onderskeiding van skuldbelydenisse volgens Van As (1961:161):

- Die gereelde of vaste kultiese skuldbelydenis.
- Die periodieke kultiese skuldbelydenis.
- Die sakraal geregtelike skuldbelydenis.
- Die besondere skuldbelydenis van die volk.
- Die besondere skuldbelydenis van die enkeling.

### 2.3.2.1 DIE GEREELDE OF VASTE KULTIESE SKULDBELYDENIS

In die bespreking van die sonde en skuldoffers is daarop gewys dat daar 'n beperking geplaas is op die aard van oortredings waarvoor versoening gedoen kan word. Sondes gedoen met 'n opgehewe hand was uitgesluit en het onder die gewone strafreg geval, terwyl sondes wat in swakheid of onopsetlik begaan is, voor versoening gedoen kon word deur die sonde en skuldoffer.

Van As (1961:161) wys daarop dat Lev 5:5 dit bevestig dat die skuldbelydenis deel gevorm het van die offeraanbieding. Die skuldbelydenis skyn egter 'n ondergeskikte rol te speel terwyl die bloed as die eintlike bewerker van versoening was. Brongers (1954:136) verwys na die ondergeskikte rol van die skuldbelydenis na aanleiding van Levitikus 17:10-16:

> De schuldbelijdenis krijgt hier bijna een profane karakter: zij schijnt alleen te dienen om die offerhandeling in gang te zetten. Als er maar bloed gevloeidt heeft, is het goed. Die persoonlijke zielsgesteldheid van de penitent en de mate van zijn contritio zijn hier zo goed als geheel op de agtergrond geraakt. Het offer schijnt te werken ex opere operato. Het kippeer lijkt belangriker dan het hitwadda, het belijden.

Dié skuldbelydenis as kultiese skuldbelydenis dra hier in hoofsaak 'n individuele karakter.

### 2.3.2.2 DIE PERIODIEKE KULTIESE SKULDBELYDENIS

Hierdie skuldbelydenis was skuldbelydenisse wat op vaste tye gereeld in die volkslewe plaasgevind het. By die geleentheid is die volk as geheel opgeroep om van tyd tot tyd na die Tempel op te kom waar die priester versoening vir hulle sondes gedoen het (Van As,

1961:161). Die mees bekende voorbeeld word gevind tydens die Groot Versoendag wat eenmaal 'n jaar plaasgevind het (Lev. 16). Die versoeningshandelinge op die dag was tweeledig van aard, deurdat dit die reiniging van die Tempel en altaar, asook die gemeente op die oog gehad het.

Die versoeningshandeling waarby die belydenis vermeld word het plaasgevind deur die handoplegging van die priester op die kop van die bok wat vir Asasél deur die lot aangewys is (Lev 16:10). Tydens die handoplegging deur Aäron op die kop van die bok bely hy bo-oor die kop van die bok al die opstandigheid, die oortredinge en al die sondes van die Israeliete (Lev 16:21). Die belydenis wat hier plaasgevind het, was ten behoewe van die volk en dra hier uiteraard 'n kollektiewe karakter.

### 2.3.2.3 DIE SAKRAAL-GEREGTELIKE SKULDBELYDENIS

Veral in die sogenaamde klaag- en boetepsalms kom daar negatiewe skuldbelydenisse voor wat die karakter van onskuldbelydenisse dra. As voorbeelde hiervan dien Psalms 7, 18, 26, 44, 59, 66, 101, 119, 131, 139. Brongers (1954:141) wys daarop dat wat die vorm daarvan betref dit sterk herinner aan die negatiewe belydenis van die dode in Egipte. Gouws (1967:14, 15) is van oordeel dat die term 'onskuldpsalm' misleidend kan wees, as sou die mens hom in onskuld teenoor God wil handhaaf. Die benaming dui slegs aan dat die mens voor God alleen skuldig staan teenoor die mens. Wat plaasvind by die uitspreek van hierdie belydenis is 'n stryd tussen mens en mens, waar die kultusdienaar in die tempel geroep word om regspraak te beoefen. Uitsluitsel moet gegee word; wie is skuldig en wie is onskuldig. Alles wys heen na 'n sakraal-geregtelike skuldbelydenis.

'n Verdere belangrike aspek van hierdie belydenisse is dat as deel van die agenda, die reinigingseed sy plek het. As voorbeelde hiervan dien die verhaal van Job (Job 31) asook die gebeure rondom Agan (Jos 7:20). Wat laasgenoemde betref vertoon dit meer die karakter van 'n skuldbelydenis in 'n regsgeding (Jos 7:19)(Van As, 1961:162).

### 2.3.2.4 DIE BESONDERE SKULDBELYDENIS VAN DIE VOLK

Van tyd tot tyd het die volk Israel afgedwaal van God se weë en die gevolge daarvan

intens in tye van nasionale rampe ervaar. Lipinski word deur Tromp (1977:295) aangehaal wanneer hy na dié skuldbesef en behoefte van skuldbelydenis in sodanige tye verwys: 'Vooral vanaf de zesde eeuw is het schuldbesef van het volk door de schok van de nationale rampen ontwaakt. Sinsdien voelde men een sterkere behoefte, de zonden van het volk voor God te belijden.'

Sodanige skuldbelydenisse was kollektief van aard en die kenmerkende daarvan was dat dit in die eerste persoon meervoud uitgespreek is met as formule: 'ons het gesondig', waarna omskrywe is waarin gesondig is (Brongers 1954:135). Hierdie belydenis toon aan dat dit nie om die mens self wentel nie, maar om God teen wie gesondig is. Tromp (1977:297) verwys hierna deur te verwys na Bornkamp se slotsom na aanleiding van 'n eksegese van Ps.106. 'Das Bekentnis erwächst also nicht einer Beschäftigung des Menschen mit sich selbst. sondern aus der Begegnung mit Gott.'

As voorbeelde van sodanige skuldbelydenisse dien: Rigt 10:10,15, 1 Sam 7:6, 1 Sam 12:10, 1 Kon 8:47, Dan 9:5-14, Esra 9:6,7, Neh 1:6,7 en Neh 9:1-37. Wat die aanbied van hierdie belydenis betref word gevind dat dit dikwels deel vorm van die voorbede van 'n volksleier wat hom die sondige toestand van sy volk aantrek. Hier kan verwys word na Moses (Ex 32:30), Daniël (Dan 9:4), Esra (Esra 9:6) en Nehemia (Neh 1:5)(Van As, 1961:162).

### 2.3.2.5 DIE BESONDERE SKULDBELYDENIS VAN DIE INDIVIDU

Naas die kollektiewe skuldbelydenisse, kom ook individuele skuldbelydenisse voor wat veral belig word in die klassieke Boetepsalms wat deur die Christelike kerk aangedui word as 'Psalmi poenitentialis' naamlik: Ps. 6, 32, 38, 51, 102, 130 en 143. Gouws (1967:9) wys daarop dat die mees karakteristieke eienskap, naamlik die smartlike bewussyn by die mens dat hy teen Jahwe gesondig het, juis in dié skuldbelydenis uitkom of daarin opgesluit lê. Aan die hand van Gouws (1967:9-11) word kortliks op enkele van die Boetepsalms gelet.

- **Psalm 32**

Na 'n inleiding tot skuldbelydenis in verse 3-5a volg vers 5b en c met 'n duidelike

skuldbelydenis: 'Ek het gesê: Ek wil aan die Here my oortredinge bely; en U het die ongeregtigheid van my sonde vergewe, Sela.' Hier word 'n bereidwilligheid by die bidder gevind om volle verantwoordelikheid vir sy sonde te aanvaar wat sprekend is van 'n skuldbewussyn, boetedoening en genade ervaring.

- **Psalm 51**

Met 'n drukkende las van sonde verskyn die digter voor God met 'n gebroke en verslae hart. Hier is dit treffend dat die beangste en verslae hart as die beste middel vooropgestel word om Gods vergewende genade deelagtig te word. In verse 5-7 word 'n duidelike skuldbelydenis en skulderkentenis gevind: 'Want ek ken my oortredinge - Teen U alleen het ek gesondig - Kyk in ongeregtigheid is ek gebore.' Van niks is die bidder hom sterker bewus as die feit dat hy teen God alleen gesondig het nie. Ook voel die digter hom van niks meer afhanklik as van die genade van God nie.

- **Psalm 102 en Psalm 143**

In die nagaan van die Boetepsalms word gevind dat 'n duidelike skuldbelydenis nie in elkeen gevind word nie. So tree in psalm 102 geen skuldbelydenis op die voorgrond nie, tog lê die gedagte van skuld opgesluit in die openbaring van die toorn van die Here wat die digter in sy nood sien. In Psalm 143 word gevind dat skuldgevoel, skuldbelydenis en vergifnis op die agtergrond is, tog gee die bidder in vers 2 te kenne dat hy skuldig is.

Naas die Boetepsalms kom skuldbelydenisse ook in van die ander Psalms voor. Voorbeelde hiervan word gevind in:

- Ps 25:7. Die bidder is hom bewus daarvan dat hy sonde het, en roep tot Jahwe om genade.

- Ps 41:5. 'n Bede om begenadiging, gevolg deur 'n skuldbelydenis (Gouws 1967:9-12).

Buite die Psalms kom individuele skuldbelydenisse voor in die historiese boeke waar die opvallende formule 'Ek het gesondig' voorkom. As voorbeelde dien Jos 7:20, 1 Sam

15:24, 30, 2 Sam 12:13, 2 Sam 24:10 en 1 Kron 21:8. Opvallend is dat elke skuldbelydenis nie spontaan plaasvind nie, maar dat in sommige gevalle die persoon daartoe gebring moet word:

- Jos 7:19 - Na die neerlaag teen Ai is dit Josua wat Agan moet aanspoor tot skuldbelydenis.
- 2 Sam. 12:13 - Na Dawid se owerspel en moord kom hy eers tot 'n skuldbelydenis nadat Nathan hom daaroor gekonfronteer het (Brongers, 1954:143).

### 2.3.3 BEKERING

Telkens wanneer Israel van God afgedwaal het, het 'n gebroke verhouding ontstaan waar Israel in skuld voor God verkeer het. Om vergifnis van hierdie skuld te kon ontvang moes 'n opregte terugkeer na God plaasvind. In reaksie op die gevaar van 'n meganiese formaliteit van 'n boetedoeningsaksie (2 Sam 12:16, 1 Kon 21:27) is verskeie nuwe uitdrukkings ontwikkel om 'n egte terugkeer na God te beskrywe. In hierdie uitdrukkings is enersyds 'n bewuste morele aksie en andersyds die noodsaak vir 'n innerlike verandering beklemtoon. As voorbeelde dien:

- Om die goeie te soek, om die kwade te haat en die goeie lief te hê (Amos 5.14).
- Om op te hou om kwaad te doen en om te leer om goed te doen (Jes 1:17; Ps 34:15, Ps 37:27).
- Om gereed te wees om te gehoorsaam (Jes 1:19).
- Om jou hart tot Jahwe te neig (Jos 7, 3: 26, 13).
- Om tot 'n nuwe gesindheid te kom (Eseg 18, 31).

Dit was egter in die begrip bekering 'shub', 'om te draai' waarin die regte gesindheid van die mens se kant saamgevat is (Eichrodt, 1967:465, 466). Die begrip 'shub', 'om te draai', het sy wortels in Israel se tog deur die woestyn waarin Israel se verhouding met Jahwe voortdurend ter sprake was. Healey (1992:671) verwoord die belangrikheid van hierdie begrip in hierdie konteks as:

> It is a particular instructive word because it reflects the notion of journeying and pilgrimage, which exemplifies in a very fundamental sense the attitude

and relationship between Jahwe and Israel (Deut. 26:5-11). The relationship is envisioned as an ongoing journey requiring constant attention and vigilance, and a sense of purpose. To deviate from the way is at the same time, to lose sight of the objective.

Hoewel die begrip 'shub' voor die profetiese tyd voorkom, kom dit slegs in geïsoleerde gevalle voor (vgl. Jos 24:23; 1 Kon 18:37). Dit is egter in die profetiese prediking dat die begrip 'shub' 'n verhoogde beklemtoning vind as 'n wegdraai, 'n terugdraai en as 'n innerlike bekering en vernuwing. Hierdie beklemtoning is goed te begryp as gelet word op die profetiese missie om die volk voor die keuse te stel om tot 'n besluit te kom. Die volk moes daartoe gebring word om terug te draai na God as die enigste bron van hoop. Die volk is daarop gewys dat die oordeel alleen vermy kon word deur 'n egte bekering, 'n heelhartige terugkeer na die basiese beginsels van geregtigheid en godvrugtigheid (Howard, 1967:17).

Solank daar by die volk 'n verharding van hart was, was daar geen heil en versoening nie (vergelyk Amos 4:6-13). Die weg na versoening en vergifnis kon alleen plaasvind deur 'n terugdraai, 'n bekering (vergelyk Jer 3:14, 18:8, Eseg 18:21, 32, Hos 3:5, Joël 2:12,13).

Die noodsaak van bekering as voorwaarde tot vergifnis word duidelik onderstreep wanneer Jacob (1958;289) dit verwoord as: 'Conversion is the indispensable condition of forgiveness; without it, all means of forgiveness which God has made available run the risk of being inoperative.'

Hoewel die begrip bekering deel is van die breë spektrum van die profetiese prediking, is dit slegs Hosea en Jeremia by wie die begrip 'shub' 'n tema word in hul prediking. By Hosea is die metafoor van 'n ontroue vrou (Hos 2-3) die sleutel tot die verstaan van sy oproep om terug te keer na die Here terwyl Jeremia die noodsaak van 'n nuwe veranderde hart beklemtoon het (Healey, 1992: 672).

Die oproep tot bekering was nie beperk tot 'n kollektiewe oproep nie. Die mens se verhouding tot God was ten diepste 'n persoonlike verhouding waar sonde gewortel is in 'n verkeerde verhouding met God. Bekering hou in 'n re-oriëntering van die totale mens en 'n terugkeer na God (Quanbeck, 1962:34). Dit is veral by Jeremia waar die individu

in die oproep tot bekering beklemtoon word (Jer 25:5). 'Bekeer julle tog elkeen van sy verkeerde weg en van die boosheid van julle handelinge...' (vergelyk ook Jer 18:11, 26:3 en 36:7).

Van belang in die Israelitiese verstaan van bekering is die tweeledige aard van bekering waar God en mens betrokke is. Dit is die mens wat in opstand wegdraai van God, terwyl sy terug draai, hoewel deur sy eie onderwerping ten diepste die werk van God's genade is (Marsh, 1962:678). Die volgende dien as voorbeelde:

- 'Bekeer ons tot U, Here dan sal ons, ons bekeer; vernuwe ons dae soos in die voortyd' (Klaagl 5:21).
- En Ek sal hulle 'n hart gee om my te ken, dat ek die Here is; en hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees, want hulle sal na My terugkeer met hul hele hart' (Jer 24:7, vergelyk ook Jer 31:18).

Bekering tot God het meer ingehou as 'n verandering van gedagte of om 'n bepaalde ondervinding deur te maak. 'n Ware draai na God het ingehou 'n innerlike selfverootmoediging, 'n ware verandering van hart en 'n opregte soeke na die Here (Jes 6:9, Jer 24:7) met 'n gepaardgaande helderheid van kennis van Sy wese en weë (Packer, 1965:251).

Bekering moes gestalte vind in 'n konkrete verandering van lewenswyse wat 'n terugkeer na Israel se oorspronklike verbondsverpligtinge ingehou het. In wese het dit neergekom op die versaking van afgode (Hos 2:9) en sekere kultiese en kulturele vorms wat onversoenbaar is met Jahwe asook die versaking van politieke alliansies wat tekens was van ontrouheid en 'n uitdaging vir Jahwe se soewereiniteit (Jacob, 1958:289).

Tydens die ballingskap ontbreek die nasie/staat raamwerk. Binne hierdie heidense omgewing is dit die priesterlike wetslering asook die profeet Esegiël wat poog om die gemeenskap te rekonstrueer op die basis van die wet. Dit het noodwendig meegebring dat die bekering van die individu in noue verband gebring is met die onderhouding van die wet. Esegiël huiwer nie om die bannelinge te dissiplineer met die afsonderlike gebooie om daardeur aan hulle die bakens vir die regte gedrag aan toon nie (Eseg 18; 33:10). Op dieselfde wyse het die Deuternomistiese skool en die Priesterlike kode op

bekering gefokus in terme van konkrete bevele, voorskrifte en regte (Deut 4:3, 9, 30:2).

Ten spyte van bogenoemde hantering is die realiteit van bekering nie versplinter in 'n reeks vroom aksies nie. Die nuwe hart, die nuwe gees en die besnydenis van die hart is gesien as die sentrale realisering van bekering (Eseg 18:31). Dit het daarop gewys dat dit nie die menslike aksie is wat vergifnis teweeg bring nie, maar bo alles die vrye genade van God.

Die klem wat op wetsonderhouding gelê is, het egter bepaalde gevare ingehou. Die eerste daarvan was toe alle vroomheid deurgaans deur die wet georganiseer is. As gevolg hiervan kon die mens moeilik direk na God draai omdat alle aandag gerig was op 'n onpersoonlike, intermediêre tribunaal. In sodanige omstandighede is 'n breuk van getrouheid teenoor God eerder beleef as 'n afwyking van die wet van Jahwe (2 Kron 12:1). Bekering is op dieselfde wyse gesien as dit wat bereik kon word deur 'n terugdraai na die wet (Neh 9:29).

In die na-ballingskap profesieë word geen twyfel gelaat dat 'n innerlike draai van die ganse mens, weg van sonde af asook 'n opregte toekeer tot die persoonlike God, 'n onontbeerlike vereiste vir die vergifnis van sonde is nie. Die stryd teen beide eksternalisme en 'n bekrompe partikularisme is aangeknoop (vgl. Sag 1:3-6, Jes 59:20, Mal 2:6; 3:7, Joël 2:12).

Ongetwyfeld is daar ook verstaan is dat ware bekering alleen moontlik gemaak word deur God se genade (vgl. Job 33:14, 17, 36:10). Hierdie wete word ook in die literatuur oor aanbidding in bepaalde Boetepsalms gevind (Ps. 32,38,51,130,143). Ook in die latere periode was daar nie 'n totale afwesigheid hiervan nie, maar in verhouding tot die verharding van 'n legalistiese ideaal kan nie gesê word dat dit volgens sy oorspronklike potensiaal gerealiseer het nie (vergelyk Dan 9:4-19, 4:24).

Die gedagte aan meriete deur die mens verwerf kry al groter beklemtoning. Bekering dien uiteindelik slegs as 'n skild teen God se straf in die komende wêreld en was vanweë die versoende krag daarvan in staat om selfs 'n juridiese beslissing van God te kanselleer. Binne hierdie konteks was die vervlakking wat die gevolg van 'n aanbidding van die wet was ook te sien in 'n verswakking van die mens se verstaan van die totale karakter van

bekering (Eichrodt, 1967:470-474).

## 2.3.4 MOTIEWE VIR VERGIFNIS

By die vroom Israeliet was 'n bepaalde verwagting dat God nie 'n God is wat hulle onbuigbaar en strak na hulle sondes sal vergeld nie, maar sal vergewe omdat Hy 'n vergewende God is. Die toevlug van die vroom Israeliet na God as 'n vergewende God het sy wortels gehad in God se toekeer na die mens wat dogmaties gekenteken word as God se 'eienskappe'. Vriezen (1966:338) wys daarop dat die eienskappe geen vas omlynde eienskappe is nie, ook is dit nie noukeurig van mekaar te onderskei nie. Hy wys daarop dat hierdie eienskappe simboliese aanduidinge is wat uit die persoonlike lewensfeer voortgekom het en ten dele mekaar oorvleuel.

Bo en behalwe motiewe wat tuisgebring kan word onder God se 'eienskappe' is daar ook ander motiewe wat ewe eens hul wortels in Israel se ervaring met God gehad het. Hoewel dit oorvleuel en nie vas omlyn is nie, word enkele 'eienskappe' asook ander motiewe hier afsonderlik hanteer met die oog op 'n breër verstaan van die motiewe vir vergifnis. So kan op die volgende gewys word:

### 2.3.4.1 GOD SE VOORSIENINGHEID

God self voorsien die wyses waardeur die breuk tussen Hom en die sondaar versoen kan word. Die mens se afhanklikheid van God se voorsiening word duidelik deur Jacob (1958:297) verwoord: 'Whatever may be the means used by man for reconciliation with God, they are put at man's disposal by God'. Voorbeelde hiervan is te vind by die offer (Lev 17:11) en die voorsiening van middelaars wat deur hul voorbidding vir Israel moes intree. As hoogtepunt hiervan is die Kneg van die Here waar offer en voorbede verenig is (Jes 53).

### 2.3.4.2 GOD SE GOEDHEID

Heyns (1978:70) wys daarop dat regdeur die Bybel die goedheid van God in 'n lofsang besing word (Ps 25:7, 8, 34:9, 65:12 en 1 Kron 16:34). Op grond van God se goedheid is die weg tot gemeenskap tussen God en mens geopen. Hierdie openheid gee dan ook aan die mens die vrymoedigheid om by God te pleit om skuldvergifnis met die verwagting

dat Hy sal vergewe (Ps 25:7).

### 2.3.4.3 GOD SE BARMHARTIGHEID

Heyns (1978:70) wys daarop dat God se barmhartigheid (rachum) in die algemeen gaan om die liefde vir en bystand aan die mens in nood (Ex 34:6, Deut 4:31, 2 Kron 30:9) en dat God se ganse bemoeienis gesien kan word as 'n barmhartige diens aan die in sonde gevalle mens. Dat Israel op God se barmhartigheid gesteun het wanneer hulle God om vergifnis genader het, kan aanvaar word wanneer Vriezen (1966:338) met verwysing na Jes 49:15 wys op die dieper betekenis van die woord: 'Barmhartigheid (rachum) is eigenlijk het woord, dat aanduidt, de verbondenheid van moeder en kind.'

### 2.3.4.4 GOD IS GENADIG

In die woord genade (chanun) lê opgesluit die gebeurtenis dat God sy guns aan die mens verleen. Ezer (1969:590-591) wys daarop dat dit in genadebetoning gaan om 'n vrye wilsbesluit van die sterkere teenoor die swakkere wanneer hy die begrip genade verwoord as: 'Die Überwindung der Situationsbedingten oder grundsätzlichen Machtsdistanz zwischen Starken und Schwachen durch die Initiative der Stärkenen. Dieser handelt aus freiem Entschluss, aber gerade bewegt von Angewiesensein und der Bitte des Schwächeren.'

Binne die verbondsverhouding het Israel God leer ken as die God wat nie met hulle bemoeienis maak omdat Hy hulle nodig het nie, maar omdat dit Sy aard is om genadig te wees. Vergifnis is daarom nie iets wat deur 'n stiptelike uitvoering van rituele bekom kan word nie, maar is 'n gawe van 'n soewereine God van liefde (Quanbeck, 1962:316). Regdeur die Ou Testament word vergewing asook die verwagting van vergewing van sondes uit genade gevind (Ex 34:6, Neh 9:17, Ps 103:8 en Dan 9:9).

### 2.3.4.5 GOD SE LIEFDE

God se goedheid is ook Sy liefde wat Hyself uiteraard is (Deut 4:37, 7:8, 2 Kron 2:11, Jer 31:3). Die daad van Sy liefde is die gestalte waarin die mens Sy liefde leer ken. In Sy liefde gee Hy Homself aan die mens en daaruit blyk dat Hy mense uitverkies deur hulle

saam te snoer in 'n verbond. Hy vergewe telkens hulle oortredinge en Hy het lief omdat Hy liefhet (Heyns, 1978:71).

Israel het God leer ken as die God wat op grond van Sy verbondsverhouding hulle oortredinge vergewe. Hy is ook die God wat straf, maar dan nie om te vernietig of te verwerp nie. Wanneer Hy straf dan is dit met die oog op hulle terugkeer na die verbondsverhouding. Hierdie handelswyse van God het by Israel 'n besondere vrymoedigheid geskep om God om vergifnis te nader. Eichrodt (1967: 475) verwoord dit as: 'It is on the basis of this knowledge of the fundamental orientation of God's attitude that the Israelite dares to entreat his God for forgiveness; and throughout every epoch of Israel's history confidence in this motive of divine action remains constant.'

God se houding teenoor diegene binne die verbondsverhouding, asook die pleit van Israel op grond dat hulle God se volk is wat die verbondsverhouding veronderstel, tree duidelik in die Skrif na vore (Jes 64:9, Ps 25:10, 80, 103:18, 106:45).

#### 2.3.4.6 DIE EER VAN SY NAAM

By die Israeliet was daar die oortuiging dat God se eer en Naam geskend sal word, asook sal verdwyn as Israel se vyande oor hulle sou seëvier (Ps 74:10, 18, 83:3, 19).

#### 2.3.4.7 DIE BROOSHEID EN KORTSTONDIGHEID VAN DIE MENS

Eichrodt (1967: 477, 478) wys daarop dat Israel se besondere ondervinding van God hul daartoe gebring het om die vergewing van sondes te verklaar op grond van God se goedheid. Terselfdertyd is dit in 'n aantal skrifgedeeltes gekombineer met 'n universele menslike idee dat God geneig is om oor te sien en te verskoon. Hierdie gedagte het sy wortels in die broosheid en kortstondigheid van die kreatuurlike lewe waar die ellende van die menslike bestaan as genoegsame rede gesien is om God se deernis op te wek. Sodoende sou Hy beweeg kon word om die straf te laat vaar (2 Sam 14:14; Ps 103:14-16, 143:2). Die mens het ten spyte van sy goeie voornemens baie foute as gevolg van sy aardse beperkings (Job 4:17-21). Om die mens te straf sou wreed en onversoenbaar wees met God se wyse van dink (Job 7:1 ; 17-21; 14:1-6).

## 2.3.5 REALISERING VAN VERGIFNIS

Die ophef van skuld by wyse van vergifnis het vir die Israeliet vasgestaan. Hoewel 'n direkte toesegging van vergifnis nie altyd gevind word nie, is dit wel so dat die realisering daarvan op verskeie wyses tot uitdrukking gekom het. Vanweë die veelheid daarvan word hier slegs enkele voorbeelde aangetoon wat direkte hantering sowel as beelde insluit wat dui op vergifnis was reeds ontvang is of die versekering dat dit sal geskied.

- **TOESEGGING VAN VERGIFNIS**

By die behandeling van die offerkultus is daarop gewys dat die offeraanbieding vooraf gegaan moes word deur 'n skuldbelydenis (Lev 5:5) waarna die offerhandeling deur die priester voltrek moes word. Op die vereiste voorskrif volg die belofte van God dat vergewing sal realiseer: 'So moet die priester dan vir hom versoening doen weens die sonde wat hy gedoen het en dit sal hom vergewe word'(Lev.5:10b).

- **DIREKTE TOESEGGING**

Wanneer Jesaja God se heiligheid tydens sy roeping aanskou (Jes 6:1-3) bid hy in skuldbelydenis (6:5) waarop God se genadeverkondiging volg: 'Kyk dit het jou lippe aangeraak, en jou skuld is weg en jou sondes versoen'(Jes.6:7).

- **SIMBOLIES VERAANSKOULIK**

Nadat Aäron tydens die Groot Versoendag sy hande op die bok se kop gelê het en belydenis van al Israel se ongeregtighede gedoen het, is die bok na die woestyn gestuur. Deur hierdie daad is die wegdra van Israel se sondes gesimboliseer (Lev 16:21, 22). Van As (1961:94) se opmerking met betrekking tot hierdie gedeelte is heel gepas: 'Die genadeverkondiging is veraanskoulik in die wegsending van die bok.'

- **AS GENADEBETUIGING**

As gevolg van Israel se afvalligheid deur die Baals en Astantes te dien het Israel swaar gely onder die Amoniete. Israel kom deur lyding heen tot sy sinne en bely skuld (Rigt

10:10,15). God se genadeverkondiging hierop realiseer nie onmiddellik in 'n konkrete woord nie, maar realiseer uiteindelik daarin dat Hy Jefta, die Gileadiet, as rigter verwek het wat hulle van die Amoniete verlos het (Brongers, 1954: 140).

- **AS TEKEN UIT DIE NATUUR**

Die rol wat 'n teken uit die natuur gehad het in die bevestiging van vergifnis is duidelik een van die uitdrukkingswyses van God se genadebetoning. Dat God op die wyse antwoord word deur Tromp (1977:293) benadruk: 'Het ligt voor de hand dat er op de schuldbelijdenis en de voorbede een afsluiting volgde, een of ander teken van Gods vergiffenis.'

In 1 Samuel 7 reageer Israel op 'n oproep tot bekering by monde van Samuel deur die afgode uit hulle midde te verwyder. In 'n opeenvolgende boeteplegtigheid (1 Sam 7:6) waartydens Israel verneem het dat die Filistyne teen hulle optrek, roep Samuel die Here aan in gebed. Die antwoord wat Israel ontvang, was dat die Here met 'n groot geluid die dag oor die Filistyne laat donder het waarop hulle gevlug het. In hierdie 'antwoord' openbaar die Here sy genade teenoor hulle wat in boete en skuldbelydenis tot Hom genader het.

- **AS KONKRETE REALISERING**

Brongers (1954:139) wys daarop dat genadeverkondiging vir Israel altyd in iets moes konkretiseer, naamlik die goeie van die aarde. Dat dit verder in die lewe met hom goed sal gaan was vir Israel die duidelikste bewys dat vergewing volkome is. Na die vernuwing van die verbond (Deut. 29) en die voorwaarde tot bekering (Deut 30:1-8) volg 'n genadetoesegging(Deut 30:9): 'En die Here jou God sal die goeie aan jou oorvloedig gee in al die werk van jou hand, in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou land; want die Here sal weer oor jou ten goede bly wees soos Hy bly was oor jou vaders'.

Wanneer gelet word op die voorkoms van beelde met betrekking tot skuldvergifnis dien die volgende as voorbeelde:

1152 473 02

U.O.V.S. BIBLIOTEEK

- Uitdelg - uitwis van 'n skuldrekord: 'Ek, Ek is dit wat jou oortredinge uitdelg om My ontwil, en aan jou sondes dink Ek nie meer nie'(Jes.43:25).
- Bedekking of wegneem van skuld: 'Welgeluksalig is hy wie se oortredinge vergewe, wie se sonde bedek is'(Ps.32:1).
- 'n Losprys van slawerny: 'Ek delg jou oortredinge uit soos 'n newel en jou sondes soos 'n wolk; keer terug na My, want Ek het jou verlos'(Jes.44:22).
- Genesing van 'n dodelike siekte: 'Ek sal hulle afkerigheid genees, hulle vrywillig liefhê, want my toorn is van hulle afgewend'(Hos. 14:5).
- As vryspraak: 'Kom nou en laat ons die saak uitmaak, sê die Here: al was julle sondes soos skarlaken, dit sal wit word soos sneeu; al was dit rooi soos purper, dit sal word soos wol' (Jes 1:18).

### 2.3.6 VERGIFNIS HEF STRAF NIE NOODWENDIG OP NIE

Hoewel die verlening van vergifnis vir Israel 'n werklikheid was, is dit nie so dat God die straf op die sonde in alle gevalle noodwendig ophef nie. Hiervan sê Brongers (1954:140): 'Hoe reël en effektief de schuldvergewing ook moge zijn, dat betekent niet dat God de zonde ongestaft laat.' Hiertoe dien as voorbeelde:

- Num 14: Na die verkenners se terugkeer uit Kanaän is die volk vreesbevange na aanleiding van die beriggewing oor reuse. Hierop wou die volk terugkeer na Egipte waarop die Here se toorn teen hulle ontvlam het. Moses tree by die geleentheid vir die volk in by God en bid dat Hy hulle sal vergewe (vers 20) maar kondig aan dat almal wat uit Egipte opgetrek het nie die beloofde land sal sien nie (vers 21-23).

- 2 Sam 12: Nadat Dawid deur Nathan oor sy owerspel en moord gekonfronteer is, kom hy tot 'n skuldbelydenis. Hierop volg 'n aankondiging van skuldvergifnis (vers 13), maar onmiddellik volg ook die aankondiging dat die kind wat uit hierdie verhouding gebore is sal sterwe (vers 14).

Hoewel God soms die straf ten spyte van vergifnis nie opgehef het nie kon Hy midde in die straf genade verleen. Deur genadeverlening is die straf in 'n totaal ander perspektief geplaas. As voorbeeld dien die moederbelofte (Gen 3.15),

asook die kleding as beskerming wat God vir die mens maak toe hulle die tuin moes verlaat (Gen 3.21). Jacob (1958:288) vat hierdie gedagte as volg saam: 'God is also free to grant mercy. Mercy is not the cancellation of punishment; but it takes away from it its aspect of irrevocable condemnation. In every sentence pronounced upon the first human beings, mercy modifies the punishment.'

Vir die mens wat in skuld voor God verkeer het, kon skuldbelydenis en vergifnis in die eerste plek nie ten doel gehad het dat straf opgehef of verminder sou word nie, maar dat die breuk tussen hom en God geheel sou word sodat 'n hertoelating tot gemeenskap met God kon plaasvind.

Van belang vir die Israeliet was dat God se vergifnis op sigself van waarde en betekenis was. So is dan ook met groeiende helderheid gepraat van vergifnis wat nie slegs die ophef van straf meegebring het nie, maar selfs hand in hand daarmee kon geskied. As voorbeelde dien enersyds Jakob se voorspoed en andersyds Dawid se straf ten spyte van vergifnis. (2 Sam 12, 13, 14). In Jesaja se prediking het hierdie insig verdiep tot die oortuiging dat God die gemeenskap met Homself slegs kan heropen deur die sondaar te verplig om deur die afgrond van oordeel te leef (Eichrodt, 1967:455).

## 2.4 SAMEVATTING

In die nagaan van die terminologie rondom die woord 'skuld', word gevind dat daar selde 'n onderskeid gemaak word tussen die begrippe 'sonde' en 'skuld'. Van die verskillende betekenisse wat gevind word, word gevind dat die begrip 'skuld' die volgende tot inhoud kan hê: Om te misluk, om 'n doel te mis, om doelbewus ongehoorsaam te wees, 'n morele mislukking teenoor God en mens. Van al die wortels wat met skuld verbind word, word gevind dat 'sm', met sy oorsprong vanuit die juridiese klimaat een van die mees voorkomende is met die volgende betekenis: 'skuldig' staan teenoor 'regverdig', skending van die reg teenoor eerbiediging van die reg.

In die Ou Testament kan stadia in die ontwikkeling van die skuldbegrip onderskei word. 'n Skeiding in kompartemente is egter nie moontlik nie. Die dieptelyn wat deur die Ou Testament rondom die begrip skuld loop, word gevind in 'n personalistiese sondewaardering. Hierdie persoonlike element van skuld vind sy wortels in God se verbond met Sy

volk by Sinaï waar die verbondsverhouding heenwys na 'n bestaan in heiligheid met 'n dialogiese karakter. Die diep geestelike betekenis van die wet is met reëlmaat deur Israel verontagsaam. In plaas van 'n groei in die persoonlike verhouding met God deur 'n geestelike verstaan van die wet, is die wet moralisties hanteer as 'n eksterne norm waardeur sonde en sy gevolg skuld oorkom kan word.

Hoewel die kollektiewe karakter van skuld sterk in die Ou Testament na vore tree, word die dieptepunt rondom skuld af gespits op die individu as deel van die geheel, wat sy persoonlike verantwoordelikheid en aandeel in die skuld van die geheel moes aanvaar. Skuld in die Ou Testament, as dit wat strafwaardig is, tree na vore in die oortreding van die wet binne 'n verbondsverhouding met Jahwe. 'n Sodanige oortreding mag egter nie geobjektiveer word as die oortreding van 'n eksterne norm wat uit gebalanseer kan word deur verdienstelike werke nie. Die profete onderstreep dit duidelik dat Israel se poging tot 'n objektiewe letterlike wetsvervulling, nie die gees van God se bedoeling met Sy volk weerspieël nie.

Wat God wel vra is 'n persoonlike oorgawe en gewillige gehoorsaamheid. Hy vra 'n lewende hart vol liefde, geloof en 'n dankbare toestemming aan Sy eis tot gehoorsaamheid. Die regte verhouding met God hou 'n regte verhouding met die naaste in. Die vertikale verhouding met God kan nooit losstaande wees van die horisontale verhouding tot die naaste nie. Skuld in dié sin kan beskryf word as die neerslag van geskonde verhoudings wat voortkom uit die opstand van die innerlike wil teen God. Skuld is dit wat onder die oordeel van God val en die sondaarmens strafwaardig voor God stel.

Die siening met betrekking tot die hantering van skuld in die Ou Testament toon dat dit oor die lang verloop van die Ou Testament deur verskillende fases heen gegroei het. Hoewel die een fase nie noodwendig 'n vorige vervang het nie, toon dit 'n verdieping namate die heilsopenbaring in die Ou Testament gevorder het.

Die offergebruik wat reeds vroeg in die Ou Testament aangetref word, is steeds aanwesig in die periode na die ballingskap. Deur die profetiese prediking is die offer gestroop van enige moontlike siening dat dit magies aangewend kan word, as 'n handeling met 'n 'ex opere operatum' werking. Vir die profete het die klem nie op die rituele geval nie maar op die etiese, soveel so dat die indruk soms gewek word as sou hulle die offergedagte in

geheel afgewys het.

Dat die ontvang van vergifnis nie net tot die offer beperk was nie, tree na vore in die optrede van voorbidders as middelaarsfigure waarvan Abraham, Moses en Samuel voorbeelde was. Hoewel hulle manne met besondere gawes was, het hulle hul geïdentifiseer met die wil van God, selfs tot die punt van selfoffer. Hulle is deur God geroep tot middelaarsfigure en tree vir die sondes van die volk, waardeur versoening bewerk is, in.

In die ontvouing van die heilsopenbaring tree die kneg van die Here (Jes 53) na vore as die lydende kneg wat homself as skuldoffer gee. In Hom word die begrippe offer en versoeningsintrede deur voorbidding verenig. Hier vind 'n weg beweeg van 'n suiwer kultiese versoeningsgedagte na die profetiese gedagtegang plaas soos dit met betrekking tot die skuldoffer aan die orde gestel word (Jes 53).

In 'n poging om skuld en straf wetties te verreken, word die vergifnis van God geeksternaliseer en vernou. Straf is gesien as 'n kompensasie wat gepas het by die oortreding en kon gekanselleer word deur goeie werke. God se reg om te straf sou dan deur die mens bereken kon word waardeur vergifnis nie meer as 'n genadedaad van God teenoor Sy volk beleef is nie, maar eerder 'n vrykom van 'n strafregtelike vonnis. God as die verbondsgod is as't ware verplig om op grond van sy verbondsgetrouheid om vergewe. Tog kom dit duidelik deur dat God se handelswyse met betrekking tot vergifnis nie wetties te bereken is nie, omdat Hy vergifnis skenk waar straf verwag sou word en ten spyte van die weerhouding van vergifnis Homself as redder van die volk bewys.

Onder invloed van die profetiese prediking word Israel daartoe gebring om te verstaan dat nog 'n objektiewe 'ex opere operatum' offerhandeling, nog 'n streng legalistiese siening en hantering van skuld die vergifnis van God tot gevolg het. Die profete wys daarop dat skuldvergifnis die persoonlike genadige antwoord van God op die roepe van die skuldbelaaide mens is wat hom deur berou en belydenis na Hom keer. Hierdie toekeer na God is oorkoepelend saam te vat in die begrip bekering 'shub' wat insluit: verontmoediging, berou en skuldbelydenis.

In die nagaan van die elemente wat deel uitmaak van die helingsproses word die volgende gevind: Berou moes as dieptepunt hê; 'n waaragtige droefheid oor sondes wat

die sondaarmens in verootmoediging tot God laat nader het. Verootmoediging kon met of sonder uiterlike tekens van berou gepaard gegaan het. Die profete waarsku duidelik teen die gevaar dat berou wat met uiterlike tekens gepaard gegaan het in 'n blote meganiese formaliteit kon ontaard sonder innerlike betrokkenheid (Joel 2:12).

In die nagaan van die skuldbelydenis is gevind dat dit oor 'n breë spektrum van Israel se geskiedenis binne en buite die kultus voorkom. Hoewel die skuldbelydenis tydens die offer 'n ondergeskikte rol blyk te hê teenoor die bloed by die offer, tree die skuldbelydenis as noodsaaklike vereiste na vore. Die profetiese beklemtoning van die persoonlike verhouding met God het gelei het tot 'n innerlike bewuswording en aanvaarding van skuld wat in 'n skuldbelydenis uitgemond het. Waar die offerkultus in die vroeë Israel beperkend was met betrekking tot versoenbare sondes, val die beperkinge geleidelik weg wat die weg tot 'n oopbreek in skuldbelydenis open vir sondes wat voorheen uitgesluit was.

In die oorkoepelende begrip bekering 'shub', soos veral deur die profete gepredik is, is die hele 'proses' wat na vergifnis lei saamgebind. In die hantering van die begrip bekering, tree na vore dat dit nie alleen gaan om 'n kollektiewe oproep tot 'n terugdraai na die Here nie, maar dat dit ten diepste gaan om 'n persoonlike terugdraai van die individu in sy verhouding met God. Bekering is belig as die weg waarlangs die gebroke verhouding herstel word. Bekering het 'n reoriëntering van die totale mens en 'n terugdraai na God ingehou. In die bekeringsprediking was 'n duidelike aanwysing van dit waarmee gebreek moes word ten einde 'n herstel te bewerk, waardeur God se vergifnis ontvang is. Hoewel die werklike diepte in die betekenis van die begrip bekering by tye geblokkeer is, deur dit 'n legalistiese inhoud te gee as 'n terugdraai na die wet, was die innerlike draai van die ganse mens weg van die sonde af, die dieptepunt waarom die begrip bekering gewentel het.

Hoewel bekering 'n bewuste terugdraai van die mens was, is dit deurgaans te verstaan as die werk van God se genade. Wanneer gelet word op die motiewe op grond waarvan Israel vergifnis van God verwag het, word dit in God se genadige toekeer na die mens gevind. Dit word bevestig in die openbaring van God se 'eienskappe' wat tot uitdrukking kom in die verbondsverhouding waaraan Hy Hom vrywillig aan die volk Israel verbind het.

Die realisering van vergifnis, waaruit blyk dat versoening plaasgevind het en die breuk tussen God en mens geheel is, het op velerlei wyses geskied en is in verskeie beelde verwoord. So kon die realisering van vergifnis tot uitdrukking kom as 'n direkte toesegging na boete gedoen is, realisering by wyse van simboliek of uiteindelik deur 'n genadebetuiging van God. Beelde waarin die belewing van vergifnis verwoord is, sluit in: Die uitdelg of uitwis van 'n skuldrekord, die bedekking of wegneem van skuld, die betaling van 'n losprys van slawerny en die genesing van 'n dodelike siekte.

Hoewel God in genade die straf op die sonde kon ophef na vergifnisverlening kon daar nie 'ipso facto' op gereken word nie omdat die verlening van vergifnis insig self die hoof motief by 'n hunkering na vergifnis moes wees. Die vry kom van 'n straf as hoof motief by die verlange na vergifnis het by die heling in die breuk tussen God en mens verbygeloop.

Gesien in die konteks van die studieonderwerp is die Bybelse hantering van skuld van kardinale belang om gefundeerd die skuld van die lidmaat in die gevangenis pastoraal met hom te hanteer.

# HOOFSTUK 3

# NUWE TESTAMENT: SKULD IN PERSPEKTIEF EN DIE HANTERING DAARVAN

## 3.1 INLEIDING

In 'n studie van die Nuwe Testament word die begrip 'skuld' nie as 'n uitgewerkte tema gevind nie, maar tree dit duidelik na vore in samehang met ander temas. Skuld as sondeskuld wat vra om 'n oplossing is onlosmaaklik deel van die Nuwe Testament met Christus as Middelaar wat die mens, belaai met sondeskuld, met God versoen. Die verwydering van skuld is nou verweef met begrippe soos vergiffenis, versoening en regverdigmaking.

## 3.2 'N TERMINOLOGIESE OORSIG

Voordat skuld in sy teksverband bespreek word, word 'n aantal woorde in die verband bespreek.

- **opheilo**

  Letterlik staan hierdie begrip in verband met finansiële skuld. Dit kan weergegee word met 'om te skuld', 'in die skuld wees', 'iemand iets verskuldig wees'. 'Maar toe daardie dienskneg uitgaan en een van sy mede diensknegte vind wat hom honderd pennings skuldig was, het hy hom aan die keel gegryp en gesê: Betaal my wat jy skuld' (Matt 18:28, vergelyk ook Luk 7:41 en Luk 16:7).

- Figuurlik het 'opheilo' die betekenis van om by iemand vir iets in die skuld te wees. 'Wees aan niemand iets skuldig nie, behalwe om mekaar lief te hê; want hy wat 'n ander liefhet, het die wet vervul' (Rom 13:8, vergelyk ook I Kor 7:3).

- Onder verpligting wees. 'So ook julle wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen' (Luk 17:10).

- 'opheilo' kom ook voor in verband met die vergewing van sonde as skuld wat aan God verskuldig is. '...en vergeef ons, ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe' (Matt 6:12).

- **amartia**

Gewoonlik het die woord 'amartia' die betekenis van 'sonde'. In enkele gevalle dra dit die betekenis van 'skuld', veral die skuld van alle mense vir Jesus se dood. (Keylock, 1975: 853)

'amartia' dui op die morele gevolge waar gesondig is as 'skuld' of 'sonde'. '...en die bloed van Jesus Christus sy Seun reinig ons van alle sonde( of van alle skuld)' (Joh 1:7).

- **aitia**

'aitia' dui op die grond of oorsaak van iets in die besonder, van 'n veroordelende vonnis, skuld of beskuldiging. In die Nuwe Testament word die woordgroep wat afgelei word van 'aitia' nie dikwels gebruik nie. Die voorkoms daarvan kom volgens Thiele (1971:1093-1094) in die volgende gebruike voor:

- Op enkele plekke word 'aitia' in suiwer kousale verband gebruik: Op grond hiervan gebeur daar iets. In Lukas 8:47 gee die bloedvloeiende vrou die rede aan waarom sy Jesus aangeraak het. In Handelinge 10:21 vra Petrus na die rede vir die besoek van die manne wat deur Cornelius na hom toe gestuur is. In Hebreërs 5:9 word die substantiv 'aitios' gebruik om op 'n positiewe wyse aan te toon dat Christus die bron van die ewige heil is vir almal wat Hom gehoorsaam is.

- In die tweede groep van plekke kom 'aitia' voor in verband met geregtelike beskuldigings en klagtes wat teen iemand ingebring word. In Mattheus 19:3 word in die Fariseërs se vraag na egskeiding, 'oor allerhande redes', 'n dwingende gevolg veronderstel, terwyl Jesus se antwoord 'n nuwe begin in 'n versteurde huwelik moontlik maak. In Handelinge 22:24, 23:28 en 25:18 word ten opsigte

van die onbewysbare klagtes teen Paulus die substantiv 'aitioma' gebruik.

- 'n Derde groep handel oor die aanleiding tot die veroordeling tot die dood (Mat. 27:37, Mark 15:26). Die opskrif bokant die kruis gee die 'rede' aan vir Jesus se veroordeling tot die dood. Dit het vir die toeskouer aangedui dat op grond van Jesus se aanspraak op koningskap die teregstelling onvermydelik was.

- Die gebruik van hierdie begripsgroepe in die Ou- en Nuwe Testament wys op die verantwoordelikheid van die mens vir sy dade sowel as die daaruit voortkomende gevolge. Dit verduidelik die twee maal voorkomende 'anapologaetos ' van Paulus in die brief aan die Romeine wat die 'geen verontskuldiging' in regsgeldende betekenis plaas.

- **enochos**

Hierdie term is hoofsaaklik 'n regsterm en het betrekking daarop om skuldig en aanspreeklik te wees vir die verkeerde wat gedoen is : '...(hy) sal skuldig wees aan die bloed van die Here' (1 Kor 11:27).

Hierdie term wys ook heen na die feit van skuldig te wees en daarom 'n bepaalde straf te verdien. 'En hulle antwoord en sê: 'Hy is die dood skuldig' (Matt 26:66). ' En hulle het hom almal veroordeel dat Hy die dood skuldig was' (Mark 14:64) (Louw & Nida, 1989:776).

* **ponaeros**

Hierdie begrip het betrekking op skuld as gevolg van 'n bose daad. 'Laat ons toetree met 'n waaragtige hart in volle geloofsversekering, die harte deur besprenkeling gereinig van 'n slegte (skuldige) gewete (Louw & Nida, 1989:776)

- **amemptos**

Hierdie woord dra die betekenis van sonder fout of blaam te wees - 'blaamloos', 'onskuldig', 'skuldloos'. In die Nuwe Testament kom dit voor in die betekenis van

morele suiwerheid: 'En hulle was altwee regverdig voor God en het in al die gebooie en regte van die Here onberispelik (sonder blaam) gewandel' (Luk 1:6) (Louw & Nida, 1989:777).

## 3.3 DIE JOODS-RABBYNSE OPVATTING

Die Nuwe Testamentiese tydperk ontvou binne 'n Joods-rabbynse milieu, waar die beskouing oor 'skuld' verstaan en geïnterpreteer word vanuit die Mosaïse wet. God se vrymagtige genadeverbond teenoor sy volk (Ex 19:5) is gaandeweg as 'n juridiese verdragskontrak geïnterpreteer deur veral die Jode in ballingskap.

Dat die werklike bedoeling van God met Sy wet uit die oog verloor is, word verwoord in Brillenburg Wurth (1963:95): 'Verder werden die geboden maar heel weinig gezien als die woorden van de levende,gebiedende God. Ze waren, en wel tot in het minutieuze toe, als in een burgerlike wetboek of wetboek van strafrecht schriftelijk gefixeerd (365 verboden en 248 geboden).'

Die belangrike was dat die gebooie of te wel voorskrifte na die letter van die wet gehou moes word, sonder inagneming van wie of wat die mens was. Die klem is slegs op wat die mens na die uiterlike gedoen het, gelê soveel so, dat die dader agter die daad weggeval het soos in die geval van die owerspelige vrou (Joh 8).

Eichrodt (1967:422) wys daarop dat dit vir die Jood tydens die Laat-Judaïsme moontlik was om krediete by God op te bou deur 'n gehoorsame nakoming van die wet, terwyl skuld sy karakter van onherstelbare skade verloor het. Skuld was vir die Jood iets wat uit gebalanseer kon word deur verdienstelike werke.

## 3.4 SKULD SOOS DEUR DIE EVANGELIES BELIG

In die Evangelies word aangesluit by die Ou Testament waar alle sonde allereers as 'n oortreding teen God as wetgewer gereken word van wie alle wette kom. Christus se koms word enersyds aangedui as 'n vervulling van die wet (Matt 5:17) en andersyds as die begin van 'n nuwe verhouding tussen God en mens met Christus self as Middelaar (Matt 11:13, Luk 16:16).

Vanweë die alles oorheersende betekenis van die nakoming van die wet in die Jood se lewe, is Christus se koms en die vertolking van die wet van wesentlike belang in die verstaan van skuld in die Nuwe Testament. Christus wys die wet nie af nie, maar onderstreep die outoriteit daarvan (Matt 5:19). Christus gaan egter verder deur te wys op die volle wydte van die wet met sy diep geestelike betekenis wat veel meer as die strakke naleef van reëls is.

Sonde en sy gevolg naamlik skuld vind nie in die eerste plek sy dieptepunt in die verbreking van reëls nie, maar in die verbreking van 'n verhouding. Hierdie waarheid word gevind in die sentrale gebod in die Nuwe Testament naamlik om God en jou naaste lief te hê (Matt 22:37-39).

In die verhouding tussen God en mens sou Christus voortaan die Middelaar wees (Joh 14:6). Dat Christus voortaan die Middelaar tussen God en mens is, word deur Ladd (1974:24) met verwysing na Kleinknecht en Gutbrod verwoord: 'No longer is this relationship to be mediated through the Law but through the person of Jesus himself and the Kingdom of God breaking in through Him'.

Die nuwe verhouding het meegebring dat 'n strakke naleef van reëls waar skuld geobjektiveer word in die verbreking van reëls afgewys is in die realiteit dat God meer as 'n gewer van reëls is deurdat Hy homself in Christus gegee het.

Die koms van Christus was in wese 'n koms wat in direkte verband met die begrip 'skuld' gestaan het. Die dieptepunt van Christus se koms was geleë in die realiteit van skuld as sondeskuld en die verwydering daarvan was die objek van Sy dood en oorspan die boodskap van die Nuwe Testament. Die oorname van die mens se skuld deur Jesus Christus word verwoord wanneer Hermann (1973:1223) Bonhoeffer aanhaal: 'Jesus tritt tatsächlich in die Schuld des Menschen ein, um ihm durch übernahme der Schuld aus der Schuld zu helfen...'

Die toeligting van skuld vind plaas deur aan te sluit by begrippe eie aan die spraakgebruik van die tyd. Skuld word voorgehou deur aan te sluit by geldeskuld. Voorbeelde hiervan word gevind in die gelykenisse van die onbarmhartige skuldeiser (Matt 18:15 vv) en die van die geldskieter (Luk 7:41 vv). In beide gelykenisse gaan dit om geld as skuld wat nie

betaal kan word vanweë die onvermoë van die skuldenaars. Die parallel is dat die mens by God in die skuld is en uit sigself onvermoënd is om dit te vereffen. Die mens is vir sy sondeskuld alleen op God se genade aangewese. Skuld as die oorblyfsel van begane oortredings tree duidelik na vore as juis dit waarvoor vergiffenis gevra word in die Ons Vader (Matt 6:12, Luk 11:4).

In die Evangelies word weg beweeg van 'n strakke Joods-rabbynse beoordeling van skuld alleen op grond van die uiterlik toemeetbare. Wanneer Jesus die aanbreek van die koninkryk van God aankondig, word gevind dat die klem nie soseer op God as koning val nie, maar wel of God as regter wat die juridiese beoordeling van sonde as skuld impliseer(Matt 7:1-2; 12:36-37). In die Evangelies word die innerlike houding van die sondaar in berekening gebring soos dit blyk uit die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:9-14). Met verwysing na die uitspraak van Christus in die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:14) vat Rall (1974:1309) dit saam: 'It is the penitent publican who goes down justified, not the Pharisee with his long credit account.'

Die oortuiging dat sondeskuld uit gebalanseer kan word deur meriete op grond van wetsvervulling en goeie werke (Luk 18:10) word ewe eens afgewys deur dieselfde gelykenis (Luk 18:9-14).

'n Gelyke toemeting van skuld ten opsigte van almal met betrekking tot dieselfde oortreding word in die Evangelies nie gehandhaaf nie. In die evaluering van skuld word 'n graadverskil gemaak wat berus het op die oortreder se kennis en motiewe (Luk 11:29-32, 12:47-48). Ten aansien van skuldgradering en straf gaan dit in die Evangelies om die mindere of meerdere ervaring van God se geopenbaarde genade. In die ophef van 'n gelyke skuld toemeting in elke geval kan aangesluit word by wat Brillenburg Wurth (1963:107) sê: 'Elke openbaring van Gods genade verzwaart voor ons mensen onze verantwoordelikheid en dus ook onze schuld, als wij op zulk een genade openbaring geen achtgeven.'

In die Evangelies word die lyn vanuit die Ou Testament deurgetrek na Christus as Hy wat sou kom om te sterwe vir die sondeskuld van die mens. Hierdie verbinding vanuit die Ou Testament na die Nuwe Testament word beliggaam in die benaminge 'Seun van die Mens' en 'Lam van God'.

Groenewald (1948:52) wys daarop dat die benaming 'Seun van die Mens' by uitstek die selfbenaming van Jesus in die staat van vernedering is. Daarmee het Hy Homself aangedui as die 'tweede Adam', 'n volkome mens, maar wat ook Seun van God is. In die titel 'Seun van die Mens' wat deur Christus oorgeneem is uit Daniël 7, word nie net Messiaanse waardigheid op geëis nie, maar word die rol van die 'Seun van die Mens' ook gekoppel aan die lydende dienskneg (Jes 53) wat deur Sy dood die mens sou verlos (vlg. Jes 53:5; Mark 10:45). Hier kan aangesluit word wanneer Ladd (1974:158) van Jesus sê: 'He was first to suffer and die, and then He would come in glory as Daniel prophesied to inaugurate the Kingdom of God with power and glory'.

In die benaming "Lam van God" word aangesluit by die Ou Testament waar die bedekking van skuld sakramenteel bewerk is deur die bloed van die offerdier wat in die plek van die mens geoffer is (Lev 1:4, Num 5:8, 1 Sam 3:14).

In die Johannes evangelie (Joh 6:51-57; 19:36) word duidelik gedink aan Christus se versoenende handeling wanneer op die Paaslam gesinspeel word. Dat die benaming 'Lam van God' op Christus se sterwe as offer vir die sondeskuld van die mens betrekking het, tree duidelik na vore in die instellingswoorde van die Nagmaal wanneer Jesus wys op sy liggaam wat gebreek sal word en sy bloed wat gestort sal word (Luk 22:19, 20).

Wanneer na die lyding en sterwe van Christus gekyk word in die lig van die Ou Testament, dan vind daarin 'n vervulling plaas ten opsigte van al die skadubeelde wat heenwys op die vereffening van die mens se sondeskuld. M'Caig (1974:1847) gee uitdrukking aan die omvang van dié vervulling wanneer hy sê: 'He filled up the shadowy outlines of the types, and, thus fulfilled, they pass away, and it is no longer necessary for us to observe the Passover or slay the daily lamb: we have the substance in Christ'. Die duidelike boodskap van die Nuwe Testament is dat die verlossing van die mens van sy sondeskuld alleen in Christus as offer geleë is.

## 3.5 SKULD IN DIE PAULINIESE BRIEWE

Wanneer oor skuld besin word soos dit na vore tree in die teologie van Paulus, is dit belangrik om daarop te let dat Christus reeds sy versoeningswerk volbring het. Vanweë die omvang van Paulus se teologie word hier opsommenderwys gelet op wat skuld toelig

soos dit in Paulus se briewe na vore tree onder die volgende hoofde:

### 3.5.1 SONDE AS SKULD

Om skuld toe te lig in die Pauliniese skrywes kan alleen geskied deur eers te let op wat hy onder die begrip sonde verstaan. Die kern van wat Paulus onder sonde en sy gevolge verstaan, word gevind in die Romeine brief waar dit na vore tree as:

- **SONDE AS OPSTAND TEEN GOD**

  Paulus wys op die goddeloosheid en ongeregtigheid van die heiden (Rom 1:18) waar al die goddeloosheid heenwys na al die vorme van opstand teen en veragting van God (Rom 1:21). Ongeregtigheid dui op die vertrapping van die reg soos dit deur God ingestel is (Rom 1:24). Hierdie opstand as ongehoorsaamheid bring mee dat God se toorn van die hemel af geopenbaar word in 'n strafhandeling as 'n deurlopende proses waarin hulle oorgegee word aan 'n perverse lewenstyl (Rom 1:24-31).

  Sonde as opstand teen God kom tot uiting in die selfgesentreerdheid van die mens wat vir homself god wil wees. Fischer (1974:83) bring hierdie gedagte na vore wanneer hy sê: 'It is the refusal to let God function as God in man's life, an effort to usurp God's place, to dethrone Him.'

- **SONDE IS UNIVERSEEL**

  Vir Paulus is beide die Jood en die heiden onder die mag van die sonde (Rom 3:91). Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God (Rom 3:22-23).

- **SONDE IS ONVERSKOONBAAR**

  Beide Jood en heiden het 'n voldoende kennis van God deur God se openbaring in die natuur, die gewete asook die wet (Rom 1:19-20, 2:15).

- **SONDE IS VERSLAWEND**

Hy wat die sonde dien, is onder die mag van die sonde (Rom 3:9). Terwyl die mens die sonde dien, het die geregtigheid geen heerskappy oor so 'n mens nie (Rom 6:20).

- **SONDE IS BEDERWEND**

Die mens se strewe om onafhanklik van God te wees, het na allerlei sondes gelei wat terselfdertyd deel is van God se toorn en oordeel oor die sondige mens (Rom 1:24-31).

- **SONDE IS FATAAL**

Paulus verkondig nie 'n gedeeltelike bedorwenheid van die mens nie. Vir hom is die mens nie slegs gedeeltelik betrokke by die sonde nie, maar in sy geheel, waarvan die einde die dood is (Rom 6:20-23).

### 3.5.2 SONDE BEOORDELING IN DIE JURIDIESE GEFUNDEER

Dat sonde, in al sy variante, skuld tot gevolg het kom ook tot uitdrukking in die Romeine brief waar die beoordeling van sonde uitdrukking vind in die regsfeer waar dit gaan om skuld, al dan nie. Drie Griekse begrippe word hier weergegee met toeligting soos vervat in die woordeboek van Louw en Nida (1989).

- **anapologaetos - Geen verontskuldiging (Rom 1:20)**

Hierdie begrip het daarop betrekking dat iemand nie in staat is om homself te verdedig nie asook nie in staat is om sy dade te regverdig nie (Louw & Nida, 1989:438).

- **upodikos - Doemwaardig /Strafwaardig (Rom 3:19)**

Hierdie begrip dui op die onderworpenheid om voor 'n geregshof jou dade te

verantwoord, om aan oordeel onderworpe te wees (Louw & Nida, 1989:554).

- **krino - Veroordeling (Rom 8:1)**

Die gebruik van hierdie begrip wys heen na 'n beslissing in die juridiese vraag van reg en verkeerd om sodoende die skuld of onskuld van 'n aangeklaagde te bepaal met die oog op 'n gepaste straf of vergelding (Louw & Nida, 1989:555).

### 3.5.3 DIE WET OORTUIG VAN SKULD

In die nagaan van Paulus se siening van die wet, kom dit duidelik na vore dat die mens deur die wet ontdek dat hy 'n sondaar is en daarom skuldig is.

By Paulus tree 'n groot verskil in met betrekking tot die rol van die wet in die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die verandering in die rol van die wet is vir hom daarin geleë dat die wet in Christus vervul is.

Vir die Jood was die wet en die vervulling daarvan die weg na die lewe. Vir die Jood was die wet die weg waardeur die oordeel van God opgehef kon word. Ridderbos (1975:132) wys op die omvang van 'n sodanige siening wanneer hy sê: 'For Judaism the great counterpoise to the threat and power of sin is given in the law to Israel. The law is the unique means to acquire for oneself merit, reward, righteousness before God, and the instrument given by God to subjugate the evil impulse and lead the good to victory.'

Vir Paulus wys die wet verder as sigself wanneer hy wys op Christus as die geregtigheid sonder die wet (Rom 3:21-22, Gal 3:25). Die wet word nie deur hom afgewys nie maar word steeds as heilig, regverdig, goed en geestelik beskou (Rom 7:12&14). Die wet is vir Paulus steeds een van die groot voordele wat God vir Israel geskenk het (Rom 9:4).

Vir hom is alle mense onder die wet verantwoording vir hulle dade skuldig (Rom 3:19). Deur die wet word die mens tot kennis van die sonde gebring (Rom 3:20) wat die mens moet uitdryf na Christus toe. Die volle impak van bogenoemde (Rom 3:20) word uit gespel deur Jonker (1969: 60): 'Die wet doen die teenoorgestelde daarvan om die mens te regverdig. Dit verdoem hom. Juis die Jode wat hulle op die besit van die wet beroem,

moet dus weet dat die wet gegee is om hulle te oortuig van die onmoontlikheid om deur wetswerke geregverdig te word en hulle só uit te dryf na die genade'.

Die wet toon die mens wat God se wil is en konfronteer hom met God se wil. Self die wet kan die mens nie bewaar van die sonde nie (Rom 7:21). Uit sigself kan ook die verloste nie uit eie krag God se wil doen nie. Wat die wet baie duidelik doen, word verwoord deur Kümmel (1974: 182): 'Thus the law only brings it about that man must see that indeed and in truth he is a sinner and hence is guilty.'

### 3.5.4 CHRISTUS HEF DIE SONDESKULD OP

Sonder om in te gaan op die hantering van skuld kan gekonstateer word dat Paulus Christus se koms en sterwe sien as juis dit wat moes plaasvind om die mens se sondeskuld op te hef. In die nagaan van Paulus se skrywes kom na vore dat:

- Versoening as die herstel van 'n geskonde reg plaasgevind het deur die dood van Christus (Rom 5:10).
- Christus se sterwe het die wat onder die wet was, losgekoop met die oog op aanneming tot kinders (Gal 4:5, Kol 1:14).
- Christus se bloed bewerk verlossing en vergifnis van misdade (Ef 1:7).
- Christus is oorgelewer ter wille van ons misdade (Rom 4:25).
- Aan Christus se dood word sakramenteel gedink in terme van 'n offer (1 Kor 5:7).
- Christus is as lewende skuldbrief in die plek van die mens aan die kruis vasgespyker (Kol 2:14).

## 3.6 SKULD SOOS DEUR DIE RES VAN DIE NUWE TESTAMENT TOEGELIG

Wanneer die begrip 'skuld' in die res van die Nuwe Testament nagegaan word, word nie

by elke geskrif stilgestaan nie, maar slegs by dit wat genoegsaam geag word om die nodige perspektief op die begrip 'skuld' te kry.

In die Hebreër brief is die verskeie elemente rondom skuld opvallend. In God se handeling met die mens word Hy met verwysing na die Ou Testament voorgehou as wetgewer en regter wat 'n juridiese beoordeling van skuld, al dan nie, veronderstel (Heb 10:30, 12:23).

'n Verbindingslyn tussen Ou Testament en Nuwe Testament rondom die mens se skuld teenoor God word gevind in die verwysing na die versoeningsritusse. So word die groot versoendag van die Ou Testament gestel teenoor die eenmalige volmaakte offer van Christus aan die kruis (Heb 9:11-14).

Opvallend in die Hebreër brief is dat selfs heiligmaking verbind word aan die verwydering van skuld. Die volle impak hiervan word deur Simpson (1906:698) verwoord: 'Even sanctification itself in Hebrews (12:14 cf 2:9-11; 10:10,14; 13:12) is not indeed the formal consecration of the sinner, but the removal of the weight of guilt (12:1) of which the full-ness of faith (10:22) is the counterpart in spiritual experience.'

In die Jakobus brief kan die begrip 'skuld' verbind word aan die veelvuldige vermeldings van die wet wat in elke geval dui op die morele wet waar die verbreking daarvan, skuld en oordeel meebring (Joh 2:10, 12, 13).

In die algemene briewe van Johannes tree sonde as sondeskuld na vore in 'n teks soos 1 Joh 1:9: 'As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.'

Wanneer die teks van nader beskou word, dan is daar sprake van vergewing en reiniging wat dui op skulduitdelging en heiliging. In die teks word 'n toesegging gevind van die algehele wegneem van die sonde sowel na skuld as na onreinheid. Sonde is 'n onreg teenoor God wat skuld meebring en kan alleen deur Christus se bemiddeling vergewe word. Hierdie gedagte word baie duidelik verwoord in Greijdanus (1964:38) se bespreking van hierdie teks (1 Joh 1:9) : 'Om dat schuldig karakter van die zonde goed te laten uitkomen, nu ook het woord ongeregtigheid. Deze vergewing geschiedt niet om

de belijdennis, maar op haar, na haar, om Christus' zoendood en wetsvolbrenging'.

## 3.7 BELEWENIS VAN SKULD IN DIE NUWE TESTAMENT

Die intense belewenis van skuld soos dit in die Nuwe Testament voorkom, word enersyds deur Jesus self geskilder maar tree ook na vore wanneer Hy met iemand handel. Vir die doel van hierdie studie word na twee voorbeelde verwys. In die gelykenis van die Fariseër en die tollenaar (Luk 18:9-14) word 'n diepe belewenis van skuld gevind in die persoon van die tollenaar. By die tollenaar is 'n diepe bewustheid van sy sondigheid. Hy verlang vergifnis maar hy is so onder die indruk van sy verwerplikheid voor God dat hy ver weg van die heilige dele van die tempel bly en selfs nie waag om sy oë op te hef volgens die normale Joodse gebedshouding nie. Hy is hom so algeheel bewus van sy skuld voor God dat hy op sy bors slaan waardeur hy belydenis doen van sy sondigheid en pleit om genade. Hierdie fisieke daad wys na 'n berou as gevolg van sy skuld voor God. Die feit dat hy op sy bors slaan, is duidelik nie 'n uiterlike vertoon nie maar dui op innerlike smart en berou na aanleiding van die grootheid van sy skuld voor God. Die egtheid van hierdie gebaar word met verwysing na die Griekse teks deur Rienecker (1969:425) verwoord: 'Das hier gebrauchte griechische "typtein" ist ein starker und bestimmter Ausdauck einer schmerz - und reuevollen Zerknirschung' (Luk 23:48). 'En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my sondaar, genadig!' (Luk 18:13).

As tweede voorbeeld dien Petrus se verloëning van Jesus die nag toe Hy gevange geneem is (Matt 26:57-58, 69-75, Mark 14:53-54, 66-72, Luk 22:56-62, Joh 18:15-18, 25-27). Wanneer Petrus oor sy verbintenis met Jesus gekonfronteer word, ontken hy dit driemaal heftig by wyse van vloektaal, 'n eed en selfverwensing. Toe die haan kraai het Petrus Jesus se woorde van vroeër onthou en onmiddellik besef dat hy hom skuldig gemaak het aan 'n verloëning van die Here. Sy intense ontkenning en die besef van wat hy gedoen het, het nou plek gemaak vir 'n intense uiting van berou en skaamte. 'En dadelik het die haan gekraai, en Petrus het die woord van Jesus onthou wat Hy vir hom gesê het: Voordat die haan kraai, sal jy My drie maal verloën. En hy het buitentoe gegaan en bitterlik geween' (Matt 26:75).

Die belewenis van skuld in die Ou Testament en Nuwe Testament wys daarop dat sonde

se uiteindelike gevolge die mens in sy totaliteit raak. Brunner (1952:130) bring hierdie waarheid onder woorde: 'It knows the connection between bodily suffering and the sense of guilt, between lack of inward peace and nervous disorder.'

## 3.8 SONDESKULD - 'N DOGMATIESE VERKENNING

### 3.8.1 SONDE AS DIE BRON VAN SKULD

Met die oog op die studieonderwerp wat die lidmaat in die gevangenis raak, is dit nodig om kortliks te besin oor sonde as die bron van skuld. Skuld soos dit na vore tree in die Bybel kan eers verstaan word wanneer begryp word wat sonde is. Die vraag is al baie gevra: Vanwaar die Sonde - 'unde malum?'. In die besinning oor die oorsprong van die sonde is daar 'n opmerklike verband tussen die soeke na die oorsprong van die sonde en die verontskuldiging of vrypleiting van die mens se eie skuld. Wie daarmee besig is, is nie maar slegs betrokke by 'n teoretiese beredenering nie, maar is intiem persoonlik betrokke in wat genoem kan word die probleem van skuld op die sonde (Berkouwer, 1977:14). Sonde kan nie met die wil en werke van God in verband gebring word nie, en tog bestaan dit.

Skrifgegewens verwys na die oorsprong van die sonde in die engelewêreld (Judas 1:6, 2 Pet 2:4, Joh 8:44, Luk 10:18, 1 Tim 3:6). Hieruit blyk dat die duiwels, wat dui op 'n leier en sy volgelinge wat vroeër engele was en as dienende geeste gefunksioneer het, as gevolg van selfverheffing en hoogmoed, deur God in die duisternis gewerp is.

Skrifgegewens wys daarop dat Satan God en mens van mekaar wil skei en 'n eie koninkryk wil stig waar hy heers deur die leuen, ongeregtigheid en chaos (Deut 32:17, 2 Kron 11:15, Matt 13:23-25, 1 Tim 4:1). In alles wil hy op die mens beslag lê; gees, wil, rede, gevoel en liggaam. 'n Heerskappy wat tot die dood lei. In die Paradysverhaal (Gen 3) vind die oordrag van die sonde plaas vanuit die bose engelewêreld na die mensewêreld. Die mens is goed deur God geskape met vryheid wat inhou die moontlikheid van keuses. Die mens kan in gehoorsaamheid 'ja' sê of in ongehoorsaamheid 'nee' sê op dit waartoe God die mens bestem het.

As skepsel van God bestaan die mens se vryheid nie in onafhanklikheid nie, maar in

afhanklikheid, waar ware vryheid wys op 'n gebondenheid aan God se liefde. Die mens bestaan dus as 'n subjek-in-verhouding wat vra na 'n verantwoordelike bestaan wat op twee wyses van vryheid gegrond is: Die vryheid van God se oorvloedige liefde wat roep op 'n wederliefde van die mens en tweedens die vryheid van die mens wat op God se roepe moet antwoord (Brunner, 1952:118).

God het aan die mens 'n proefgebod gegee. Deur gehoorsaamheid daaraan sou geloof en vertroue as openbaring van liefde teenoor God tot uiting kom. Satan keer God se beproewing in die proefgebod om in 'n versoeking waarvoor die mens swig (Gen 3:4-6) en so voor God misluk. In sy wese kan hierdie sondedaad van die mens onderskei word as: 'n daad van mislukking, opstand, ongehoorsaamheid, liefdeloosheid, selfsug, hoogverraad en ongeloof.

Die mens se mislukking kan hy nie aan God toeskryf nie, ook nie aan 'n blinde noodlot nie, maar aan homself. Die mens se val in sy sonde wat uitloop op sy mislukking word deur Heyns (1978:172) verwoord: 'Bybels gesproke is dit egter so dat die mens nie hoef te misluk nie, maar wil misluk en daarom is sy ondergang nie sy lot nie, maar sy skuld. Ons kan ook sê: die mens sondig nie om te sondig nie, maar hy sondig omdat hy meen om daardeur beter te word - terwyl hy in feite juis slegter word.'

Die mens het sy verankerdheid in God losgelaat en tot 'n val gekom: 'Ons is so gemaak dat ons dit nodig het om die anker in ons lewe in die heilige liefde van God te vind deur ons sekuriteit in Hom te soek en deur gehoorsaam aan Hom te wees' (Berkhof, 1979:189).

Na die val van die mens word 'n onwil by die mens gevind om die skuld vir sy sonde te aanvaar. Hierdie onwil word dan in 'n oorsaaklike denkwyse geopenbaar (Gen 3:10-13). Spore van 'n oorsaaklike denkwyse word ook elders in die Skrif gevind (Eseg 18:3, Luk 13:2-3, Joh 9:2,3). Oorsaaklike denke word in die Skrif afgewys.

Die mens is in die eerste plek geskape met die oog op 'n verhouding met God. Die mens se bestaan sluit egter ook 'n bestaan teenoor sy medemens en die wêreld in. Die totaal van sy verhoudinge kulmineer uiteindelik daarin dat hy ten opsigte van al sy verhoudinge aan God verantwoording verskuldig is. Hierna verwys Ebeling (1979:353): 'Vielmehr steht der Mensch vor Gott in al diesen Bezügen und hat sie vor Gott zu verantworten.'

Wanneer na bepaalde aspekte van die sonde gekyk word, is dit duidelik dat skuld as sondeskuld nie oorvereenvoudig kan word nie. Bepaalde dieptepunte van die sonde word gevind in aspekte soos:

- Sonde het 'n bepaalde aktualiteit. Sonde het dinamiese eienskappe om nie in die hart van die mens verborge te bly nie, maar gestalte te vind in 'n sigbaarwordende daad.

- Sonde het 'n bepaalde intensionaliteit. Aan die wortel van die sigbaarwordende daad lê bepaalde motiewe waarby die totale mens betrokke is.

- Sonde het 'n individualiteit. By die beslissing vir die sonde is 'n baie persoonlike aspek inbegrepe naamlik die verantwoordelikheid daarvan en die skuld as gevolg daarvan.

- Sonde is kollektief van aard. Nie alleen die enkeling nie, maar ook die groep word as handelende subjek van die sonde aangedui.

- Sonde het 'n relasionele karakter. Nie net in die individu of groep kom sonde tot openbaring nie, maar ook in die verhoudinge waarin die mens of groep staan, tree dit na vore.

- Sonde skep strukture. Sonde vorm 'n drukgang wat die mens, individueel en kollektief, weg van God voer, soveel so dat 'n samelewing geskep word waarin die mens moeilik as die beeld van God kan lewe (Heyns, 1978:184-185).

Die sonde bly nie tot Adam beperk nie. Adam se sonde raak ook die ganse menslike geslag na hom en staan in die dogmatiek bekend as erfsonde. Hierdie sonde oordrag vanaf Adam bring mee dat vanweë die korporatiewe inreken van die mens by Adam, die mens na Adam ook deel het aan sy skuld en ook strafwaardig is. Dogmaties staan dit bekend as erfskuld.

Die Nuwe Testament stel dit duidelik dat Christus die enigste uitsondering op universele skuld is (2 Kor 5:21, Heb 4:15, 7:26 , 1 Pet 1:1, 2:22, 1 Joh 3:5). Naas die erfskuld van

die mens erf die mens ook die smet op die sonde naamlik 'n aangebore verdorwenheid van sy ganse menslike natuur. God se geregtigheid en geskonde eer as gevolg van die mens se sonde eis herstel en daarom moet die sonde gestraf word; 'n straf wat die herstel en genesing van die sondaar op die oog het. Die mens moet egter tot die besef kom wat sonde is en die gevolglike skuld daarop.

Die begrip 'sonde' kan alleen reg verstaan word wanneer dit vanuit die Bybel gesien word as 'n oortreding teen God se heilige gebod of die ontbering van gemeenskap met God en die rebellie teen Sy heerskap. Met die mens se rede kan sonde en sy gevolge, skuld nie weggeredeneer word nie. Hy word telkens voor die feit gestel dat hy 'n sondaar is, wat met skuld belaai is, wat roep tot 'n skuldbelydenis. Die waarheid daarvan word deur Berkouwer (1977:18-19) verwoord:

> There is no allusion to an impenetrable darkness or an unfortunate gap in our knowledge. There is only the confession of our guilt. In the act of confession we do not, and we cannot, yearn for an "explanation" of our sins. We recognize our sins as our very own. Our attention is not held captive by theoretical causality or abstract reason. Our interest is not in factors other than our guilt.

## 3.9 DIE HANTERING VAN SKULD IN DIE NUWE TESTAMENT.

### 3.9.1 INLEIDING

Wanneer die hantering van skuld in die Nuwe Testament nagegaan word, word gevind dat alles rondom die koms van Jesus Christus sentreer as Hy wat sou kom om die mens van sy sondeskuld te bevry deur sy sterwe aan die kruis. Hiervan sê Sevenster (1946:355): 'Het is een machtig getuigenis over de komst van Jesus Christus en zijn verzoenend sterven, dat ons uit het Nieuwe Testament tegenklinkt en blijkbaar allereerst gehoord moet worden'.

In elke teologie oor die Nuwe Testament word by hierdie gedagte aangesluit. Guthrie (1981:436) verwoord dit as: 'In all the accounts of the mission of Jesus the cross stands out as the most important feature, and its significance is carried over into the New

Testament. No understanding of the work of Jesus can be reached without coming to terms with his death.'

Die reddende werk van Christus word in die Nuwe Testament belig deur die gebruik van verskillende begrippe wat verskillende aspekte van die betekenis van Christus se dood na vore bring. Van die begrippe wat gevind word, is begrippe soos: Offer, verlossing, middelaar en hoëpriester, versoening en regverdigmaking. Genoemde begrippe het almal hulle wortels vanuit die Ou Testament en hou verband met die heling van die gebroke verhouding tussen God en mens. Dit het ten diepste te make met die ophef van die mens se skuld wat sy sluitsteen in vergifnis vind.

Om uiteindelik by die realisering van skuldvergifnis uit te kom is 'n teologiese besinning van hierdie begrippe soos van toepassing op Christus nodig.

Vanweë die omvang van al hierdie begrippe word vir die doel van hierdie studie in hierdie afdeling in hoofsaak by slegs twee begrippe aangesluit. Soos in die vorige afdeling word ook hier by die offerbegrip aangesluit, maar soos van toepassing op Christus as die finale offer. Vervolgens word by die begrip regverdigmaking met sy forensiese wortels aangesluit.

Vanweë die gevangene se botsing met die gereg en soms herhaalde gevangenissettings kan dit gebeur dat hy as't ware 'geskool' word in die strafregtelike hanteringswyse van skuldtoemeting en die gevolglike straf wat daarop volg. Vanuit die strafregtelike hoek kan vryspraak plaasvind terwyl 'n persoon inderdaad skuldig is, maar op grond van 'n gebrek aan getuienis word hy vrygespreek. In kort kan dit daarop neerkom dat 'n lidmaat in die gevangenis in die beoordeling van sy skuld en straftoemeting kan verdwaal tussen 'n teologiese en 'n suiwer juridiese beoordeling. 'n Teologiese motivering tot laasgenoemde keuse is daarin geleë dat die begrip regverdigmaking baie nou aansluit by die skuldprobleem. Hiervan sê Guthrie (1981:509): 'Although the imagery must not be pressed, justification deals essentially with the problem of guilt, the removal of which is one of the most fundamental aspects of a true understanding of the death of Christ.'

Laasgenoemde word hanteer met besondere verwysing na die gebruik daarvan deur die apostel Paulus.

### 3.9.2 DIE OFFERBEGRIP IN DIE NUWE TESTAMENT

In hierdie gedeelte word eerstens gelet op Jesus se houding teenoor die Ou Testamentiese offersisteem soos dit na vore tree in die Sinoptiese Evangelies. Hierna sal ingegaan word op die offergedagte soos dit na vore tree in enkele lydensuitsprake van Jesus in die Sinoptiese Evangelies en die Johannes Evangelie. Die offerbegrip soos dit in die res van die Nuwe Testament voorkom, word vervolgens nagegaan maar vanweë die omvang van die studie beperk tot die offerbegrip soos dit in die Pauliniese briewe na vore tree.

#### 3.9.2.1 HOUDING VAN DIE NUWE TESTAMENTIESE SKRYWERS TEENOOR DIE OU TESTAMENTIESE OFFERSISTEEM

Die vraag na die houding teenoor die offer in die Nuwe Testament val saam met die vraag na Jesus se houding teenoor die offer. Die vraag na Jesus se houding teenoor die offer is van groot belang omdat dit saamval met die vraag of Hy Sy lyding en dood as offer gesien het. Hoewel daar nêrens enige rekord gevind word dat Jesus self geoffer het nie, is dit ewe-eens so dat nêrens in Jesus se optrede gevind word dat Hy die geldigheid van die offersisteem as sodanig afgewys het nie. Hy het dit selfs vanselfsprekend aanvaar dat die Jode moes offer (Matt 5:24). Meer nog het Hy die offersisteem as deel van die Ou Testament as van goddelike oorsprong beskou. Na die genesing van die melaatse is dit Jesus self wat aan hom opdrag gee om hom aan die priesters te gaan vertoon en die voorgeskrewe offer te bring (Mark 1:44).

Hoewel Jesus nie die geldigheid van die offersisteem betwyfel het nie, het die morele vir Hom bo die rituele gegeld. Bewys hiervan word daarin gevind dat Jesus met Hosea se etiese epigram saamstem: 'Ek wil barmhartigheid hê en nie offerande nie' (Matt 9:13).

In Jesus se eie woorde word nie net geleer dat die seremoniële ondergeskik is aan die morele wet nie, maar ook word die beëindiging van die offer as sisteem in sy woorde vervat wanneer Hy sê: 'Dit is my bloed, die bloed van die nuwe testament, wat vir baie uitgestort word' (Mark 14:24; Matt 26:28; Luk 22:20). Nie slegs is die etiese bo die seremoniële verhewe nie, maar soos wat die offer van Homself verhewe is bo die offers van die ou sisteem, in der mate is die nuwe verbond verhewe bo die ou verbond (Williams, 1974:2652).

### 3.9.2.2 DIE OFFERGEDAGTE IN JESUS SE LYDENSUITSPRAKE

Volgens Williams (1974:2652) is dit slegs Jakobus en Judas van al die Nuwe Testamentiese skrywers wat niks vermeld met betrekking tot die offer van Christus nie. Die rede daartoe is waarskynlik daarin geleë dat hulle slegs vir 'n praktiese doel geskrywe het.

- **DIE SINOPTIESE EVANGELIES**

In die nagaan van die offergedagte in die Sinoptiese Evangelies word op bepaalde lydensuitsprake van Jesus gelet. Vir die doel word in besonder gelet op twee uitsprake waar Jesus na sy komende dood verwys. In die eerste verwysing verwys Hy na Homself as 'n losprys (Mark 10:45, Matt 20:28) en in die tweede verwysing verwys Hy tydens die instelling van die Nagmaal na Sy bloed as die bloed van die Nuwe Testament (Mark 14:24, Matt 26:28, Luk 22:20). In die nagaan van genoemde skrifgedeeltes word egter nie alleen Christus se sterwe as offer beklemtoon nie, maar word gewys op dit wat in en deur die offer van Christus hanteer en bereik is.

- **MARKUS 10:45**

'Want die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as 'n losprys vir baie.' Hierdie teks is deur sommige teoloë aan fel kritiek onderwerp omdat dit gesien word as 'n losstaande enkelvoudige uitdrukking wat geen gesuggereerde parallel in ander leringe van Jesus vind nie. Om hierdie rede sou dit dan nie tot Christus se werklike woorde gereken behoort te word nie. Kümmel (1974:88) wat deel in dié kritiek sien hierdie teksgedeelte as 'n konstruksie van die gemeenskap. McDonald (1985:67) is egter van oordeel dat daar ekstern geen sodanige getuienis vir uitsluiting bestaan nie omdat hierdie teks gevind word in wat as van die oudste sinoptiese evangelies bekend is. Volgens hom pas hierdie teks goed in die konteks waarin dit voorkom; dit is uitgespreek deur Christus op 'n tydstip toe Sy dood baie in Sy gedagtes was en dra so die stempel van spirituele en kronologiese egtheid.

In die eerste gedeelte van die teks 'Want die Seun van die mens het nie gekom

om gedien te word nie, maar om te dien', word die voorafgaande woorde van Jesus aan Sy dissipels begrond (Mark 10:42-44, Matt 20-27). Die opdrag om te dien, is nie 'n eenrigting verkeer na die dissipels nie, maar Christus wys op Homself as Hy wat gekom het om te dien. Met verwysing na die oproep om te dien, vat Gould (1961:202) dit saam as: 'The Son of Man himself is not exempt from this rule. His kingship is also that of service, and not that of lordship. He is the head of humanity, and yet he serves men, and not men him.'

In die tweede deel 'En sy lewe te gee as 'n losprys vir baie' word die dieptepunt van die betekenis 'om te dien ' deur Jesus verwoord wanneer Hy wys op die oorgawe van homself as 'n losprys vir baie. Die grondgedagte wat opgesluit lê in die Griekse woord 'lutron' is volgens Guthrie (1981:440) dié van vrymaking of vrylating van slawe met die gedagte van 'n gelyke ruiling. Die grondgedagte is dus dié van vrylating wat nou verbind is aan die idee van verlossing wat ook elders in die Nuwe Testament voorkom. Vervolgens wys Guthrie (1981:440-441) daarop dat die klem in die eerste gedeelte 'om te dien' nou aansluit by die lydende kneg in Jesaja 53. Hy wys ook daarop dat die 'lutron' gedagte volgens Jeremias aansluit by die Hebreeuse 'asam' van Jesaja in welke geval daar geen twyfel kan wees dat dit 'n sakrale offer impliseer nie. Ook Lane (1974:384) onderstreep die offergedagte, wat opgesluit is in Jesus se verwysing na sy dood as 'n losprys deur dit in verband met Jesaja 53 te bring: 'The specific thought underlying the reverence to the ransom is expressed in Isa.53 which speaks of "making his life an offering for sin".Jesus as the messianic Servant, offers himself as a guilt-offering (Lev 5:14-6, 7:1-7, Num 5:5-8) in compensation for the sins of the people.'

In Markus 14:24 doen Jesus 'n uitspraak oor die betekenis van sy dood. Dit wat in Jesaja 53:10-11 staan, is van toepassing op Homself. Jesus skenk sy lewe as 'n aktiewe daad sodat dit vir baie as 'n losprys mag dien. Hierdie dienslewering van Hom eis die verlies van sy lewe. Die vrug daarvan is die redding van sondaars, maar ook sy eie verheffing tot heerskappy aan God se regterhand (Fil 2:9 vv, Hebr 1:13, 2:9). Hy is die volmaakte voorbeeld wat gekom het om te dien (Mark 1-10) asook om sy lewe as 'n losprys te gee vir baie (Mark 11-16) (Groenewald, 1948:266-267). Ook McDonald (1985:68) is van mening dat in

hierdie teksgedeelte meer as in enige ander gedeelte van die Sinoptiese Evangelies, Jesus die oortuiging aangaande sy dood openbaar, asook dat sy dood 'n versoeningsoffer is.

Wanneer Jesus se offerdood nader beskou word, dan is dit duidelik dat Hy al sterwende diens gelewer het. Hierdie gedagte word dan ook gevind wanneer Goppelt (1974:242) na Jesus se sterwe as diens verwys: 'Nach unserem Wort aber soll das Sterben selbst Dienen sein. Auch das trifft zu: Dass Sterben ist der letzte Erweiss des dienenden Einsatzes Jesu.'

Hierdie teksgedeelte staan bepaald in noue verband met die hantering van skuld wanneer gelet word op Mundle (1967:261) wat in aansluiting by Schlatter die begrip losprys beoordeel. Die begrip losprys dra vir hom nie net 'n soenende maar ook 'n bevrydende karakter. Nie net van die skuld nie, maar ook is die vele van die gevolge van skuld, van verderf, van dood en van gerig bevry.

- **MARKUS 14:22-25 (MATT 26:26-29, LUK 22:14-20,1 KOR 11:23-25)**

'En terwyl hulle eet, neem Jesus die brood, en nadat Hy gedank het, breek Hy dit en gee dit aan hulle en sê: Neem, eet, dit is my liggaam. Toe neem Hy die beker en nadat Hy gedank het, gee hy dit aan hulle en hulle het almal daaruit gedrink. En Hy sê vir hulle: Dit is my bloed, die bloed van die Nuwe Testament, wat vir baie uitgestort word'(Mark 14:22-24).

In hierdie gedeelte word gehandel oor die instelling van die Nagmaal. Die instellingswoorde is nie net van belang omdat die Nagmaal 'n voortgaande en sentrale aktiwiteit van die kerk is nie, maar omdat dit lig werp op Jesus se houding oor sy sterwe aan die vooraand van sy dood.

Hierdie gedeelte het bepaalde historiese vrae laat ontstaan, soos die vraag na die geleentheid van die Nagmaal, die vraag of Jesus en Sy dissipels gelyktydig deelgeneem het aan die amptelike pasgamaal en of die twee handelinge geskei is. Hierdie vrae word egter vir die doel van hierdie studie nie in behandeling geneem nie. As uitgangspunt word saam met vele ander, soos McDonald

(1985:69) aanvaar dat die gebeure rondom die pasgaviering plaasgevind het met 'n nuwe inhoudgewing daaraan deur Jesus met die oog op sy offerdood.

Wanneer na die verskillende vorms van die instellingswoorde gekyk word en dit vergelyk word met dié van Paulus, dan is daar verskille. Of dit redaksioneel of moontlik selfs nie outentiek is nie, word vir die doel van hierdie studie ewe-eens nie hier beredeneer nie. Wat wel van belang is, is dat na die variasies gekyk sal word met die oog op die stel van breër teologiese perspektiewe.

In die Markus Evangelie val die instellingswoorde in drie dele uiteen waar die brood gekoppel word aan Jesus se liggaam, die wyn gekoppel word aan Jesus se bloed gevolg deur 'n uitspraak wat heenwys na 'n fees in die eskatologiese koninkryk.

'Neem eet, dit is my liggaam' (Mark 14:22). Paulus voeg by (1 Kor 11:24) 'wat vir julle gebreek word.' Die interpretasie in Lukas (Luk 22:19) lui: 'wat vir julle gegee word.'

Die woorde 'Neem eet, dit is my liggaam' (Matt, Mark, Luk) verduidelik nie die presiese betekenis nie; terwyl Paulus 'n verduideliking gee met die byvoeging 'wat vir julle gebreek word.' In die Sinoptiese Evangelies word die breek van die brood genoem maar nie toegepas nie. Guthrie (1981:443) wys egter daarop dat die breek van die brood bedoel was om aan te dui wat met Jesus se liggaam sou gebeur asook dat 'n offer element hoogs waarskynlik hierin geïmpliseer word. Taylor (1951:124) wys daarop dat die beoefening van 'n simboliese aksie, die gebruik van beeldspraak van brood asook die gedagte van eet in verband met 'n sakrale offer wat in die Ou Testament gevind word, duidelik aan Jesus bekend was.

Jesus nooi hier sy dissipels uit om die gebreekte brood te ontvang in die sin waarin dit geïnterpreteer word deur Sy daad en Sy woord. Dit gaan om meer as 'n toevallige simbool. As geheel word dit duidelik dat Jesus deur Sy daad en woord die brood bedoel as 'n wyse waardeur die dissipels mag deel in die krag van Sy oorgegewe lewe. Fisies verander die brood nie; geestelik word dit egter

'n wyse vir die kommunikasie van lewe omdat dit deur Jesus met 'n nuwe betekenis asook krag beklee word (Taylor, 1951:123-124). Dieselfde gedagte tree na vore by Goppelt (1974:267) wat daarop wys dat Jesus deur die instellingswoorde Sy afsluiting van die tafelgemeenskap aankondig. Kommunikasie met Hom sou voortaan in die kommunie van die Nagmaal plaasvind wat 'n sakramentele karakter sou aanneem: 'Nicht mehr die Tischgemeinschaft, sondern Essen und Trinken als solche werden Mittel der communio. Essen und Trinken werden, religionsphänomologisch gesehen, sublimiert; sie vermitteln geistliche Gaben. Sie nehmen - wenn man diesen vieldeutigen Begriff verwenden will - "sakramentalen" Charakter an.'

Baie nou aansluitend by bogenoemde is die gedagte van Taylor (1951:125) dat Jesus sy lyding en dood as 'n sakrale offer van Homself vir die mens gesien het. Hierdie offer was nie iets wat slegs passief en afstandelik deur die mens waargeneem kon word as 'n eksterne gebeure nie. Inteendeel het dit in verband met die mens se behoefte gestaan as 'n ondervinding wat nie net gedeel maar ook toegepas moes word. Hy sê voorts dat dit Jesus as realis is wat dan ook die ritus voorsien waardeur gemeenskap in Sy lyding en deelneming in die heiligende krag van Sy offer verseker mag word.

Hoewel die herhaling van Christus se dood in die Nagmaalsviering implisiet deur sommige teologieë verkondig word, word hier volstaan met die Gereformeerde leer dat deelname aan die Nagmaal nie 'n aktiewe deelname aan 'n herhaalde offerdaad beteken nie, maar wel in dit wat toegepas word deur die maaltyd van die offerdaad. Hierdie gedagte word by Ridderbos(1975:416) gevind, wat aansluit by So Sverre Aalen, 'n gedagte dat Christus se dood aan die kruis 'n offerdood was, insluit: 'Participation in the sacrificial meal is not an active participation in the sacrificial act, but the appropriation coming about through the meal of the sacrificial act by the eating and drinking of the victima (that which was sacrificed).'

'Dit is my bloed, die bloed van die Nuwe Testament, wat vir baie uitgestort word'(Mark 14:24). Mattheus voeg hier by 'tot vergifnis van sonde' (Matt 26:28). Paulus verwoord dit as: 'Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed' (1 Kor

11:25). Lukas voeg hierby: 'wat vir julle uitgestort word' (Luk 22:20).

Ook in hierdie gedeelte waar dit gaan om die instelling van die beker word die simboliese aspek na vore gebring. Nieteenstaande vele teologiese diskussies oor die oorspronklike woorde van instelling, toon die bestaande tekse dat Jesus van 'n verbond praat wat deur Sy bloed bevestig is. Bekend is die verbondsluiting wat met bloed gepaard gaan (Ex 24:8) waar die bloed as't ware die verbond tussen God en sy volk verseël het. Met verwysing na Markus 14:24 wys Taylor (1951 :261) daarop dat waar bloed ter sprake gebring word, word dit in die sin van 'n offer gebruik waar dood geïmpliseer word: 'The reverence to "blood" is intelligible only as a sacrificial concept; it denotes life freely offered for others.'

In die gedagte van die 'Nuwe' Testament word 'n kontras tussen die ou verbond met die wat Jesus ingestel het, geïmpliseer. Ladd (1974:189) is van oortuiging dat die gedagte aan die nuwe verbond aansluit by Jeremia waar dit verbind word aan die vergifnis van sonde (Jer 33:34). Hy sien dan die tweede verbond as 'n verbond van vergifnis waarvan Jesus die vervulling is in die breek van Sy liggaam en die stort van Sy bloed. Hy verwoord dit as volg: 'In the symbolism of the cup, Jesus in effect asserts the fulfilment of this new covenant, whose objective is the forgiveness of sins. Furthermore, this new covenant is associated with his broken body and his blood poured out for many.'

In die nagaan van die instellingswoorde in al drie die Sinoptiese Evangelies is dit duidelik dat ten spyte van verskille in bewoording, Jesus se instellingswoorde tydens die Nagmaal heenwys na Homself wat as die Paaslam vir baie geoffer sal word. Die gemeenskaplike in die instellingswoorde van die Sinoptiese Evangelies waarby die van Paulus (1 Kor 11:23-25) inbegrepe is, word na verwys en onderstreep in Mann (1986:573) se samevatting daarvan: '(1) They are unanimous in recording that Jesus compared the broken bread with his body; (2) They are unanimous in recording that Jesus compared the wine with his blood, and that through his blood the New Covenant would be inaugurate; and (3) they are unanimous in declaring that the body/blood will be offered for the community'.

'Voorwaar Ek sê vir julle, Ek sal nooit meer van die vrug van die wynstok drink

nie, tot op daardie dag wanneer Ek dit nuut sal drink in die koninkryk van God (Mark 14:25).' Deur hierdie woorde gee Jesus te kenne dat hierdie maaltyd Sy laaste maaltyd met sy dissipels is tot op die dag dat die koninkryk van God gevestig is. Lane (1974:508) wys met verwysing na Jeremias daarop dat Jesus deur hierdie belofte van onthouding wil verklaar dat sy besluit om Hom tot 'n plaasvervangende lyding aan God se wil te onderwerp, onomkeerbaar is. Jesus weerhou Hom hier van die vierde beker wat verwys na die voleinding en geassosieer word met die belofte dat God sy volk sal neem om met Hom te wees. Met hierdie beker is die Paasmaaltyd gewoonlik afgesluit. Hierdie beker sou Jesus met Sy volgelinge drink by die Messiaanse fees by die voleinding. By hierdie geleentheid het Jesus die derde beker gebruik wat geassosieer is met die belofte van verlossing om te verwys na sy versoeningsdood terwille van hulle wat uitverkies is. Hierdie gedeelte (Mark 14:22-25) wys ten nouste op die sentrale betekenis van Jesus se offerdood. In aansluiting by Van Leeuwen wys Groenewald (1948:353) daarop dat hierdie gedeelte 'n opsomming is van Jesus se prediking in die geheel waar sy Messiaanse roeping tot die hoogste vervulling kom in sy dood en bloedstorting. Dit is waarvan Jesus hier spreek en met die oog waarop Hy handel. God se handelinge met Israel in die geskiedenis val hier saam in een gebeurtenis wat Groenewald (1948:353) as volg verwoord: 'Die verskillende momente van Gods verbondstrou wat in die geskiedenis van Israel uitmekaar lê maar tog met mekaar in verband staan, val hier saam in die een gebeurtenis, waarop hulle vooruitgesien het naamlik in die dood en selfofferande van die Messias. In Hom is die volheid en volkomenheid.'

- **DIE JOHANNES EVANGELIE**

Verskeie skrywers ontken dit dat in die Johannes Evangelie die teologie van die kruis 'n versoeningsoffer teologie kan wees. Die teologie van die kruis in die Johannes Evangelie is volgens sodaniges slegs 'n openbarings teologie. Grigsby (1982:52) verwys na hierdie siening wanneer hy Terence Forestell aanhaal: 'The theology of the cross is not a theology of sacrifice and expiation but of revelation; the death of Jesus upon the cross is given a peculiar Johnnine treatment; it is presented as the culmination of the revelatory work of Jesus and not as a vicarious work of satisfaction nor as an expiatory sacrifice for the sins of men.'

Grigsby (1982:52) wys daarop dat die mees voor die hand liggende temas wel handel oor openbaringstemas soos: Jesus is die woord wat vlees geword het; Hy is die gestuurde van God en die Seun van God wat die enigste weg tot die lewe is deur in Hom te glo. Tog word heil in die vierde Evangelie nie net voorgehou as die skenk van die ewige lewe nie, maar is dit ook 'n bestaanswyse waar sonde geëlimineer en van oordeel vrygekom word. Verder meer is dit so dat hoewel 'n versoenings-rasionaal tussen Christus se dood en die verwydering van sonde nie eksplisiet uit gespel word soos by 'n Paulus nie, daar voldoende aanduidings dwarsdeur die Evangelie is om te veronderstel dat die Evangelie 'n sodanige rasionaal onderskrywe.

Voordat 'n aantal skrifgedeeltes nagegaan word, is dit noodsaaklik om in die lig van ontbrekende materiaal in die Johannes Evangelie wat wel in die Sinoptiese Evangelies aanwesig is, 'n verband tussen Johannes en die Sinoptici te vind. Kümmel (1974:262,263) wat op hierdie ontbrekende materiaal wys, sê dat dit die indruk wek dat 'n weergawe met opset weggelaat is. As voorbeelde hiervan dien die instelling van die Nagmaal asook Jesus se gebed in Getsémané. Tog is dit duidelik dat Johannes bekend is met beide gebeure (vgl.12:27-29 en 13:1 vv., 6:51 b vv.). Hy kom egter tot die gevolgtrekking dat dit nie Johannes se bedoeling is om aan te vul by die Sinoptici nie, maar ook nie om hulle te vervang nie. Vir hom gaan dit daarom dat Johannes bedoel het om 'n beeld van Jesus te skets wat die geloof sou versterk en daardeur 'lewe' voort te bring. Deur dus van 'n voorveronderstelde bekendheid met die Sinoptiese tradisie uit te gaan, bedoel Johannes om 'n volledige beeld van Jesus te teken soos wat die geloof hom sien. Tot hierdie mate maak sy aanbieding dan ook aanspraak daarop dat dit die perfekte getuienis aangaande Christus aanbied.

Vervolgens is twee skrifgedeeltes nagegaan wat aangedui word as skrifgedeeltes wat Jesus se dood as 'n offer beskou naamlik: Johannes 1:29 en Johannes 6:51-53.

- **JOHANNES 1:29**

'Die volgende dag sien Johannes Jesus na hom toe kom, en hy sê: Daar is die

Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem ! '.

Nog voordat Jesus se bediening 'n aanvang geneem het, het Johannes die Doper verklaar dat Hy die lam van God is (Joh 1:29,35). In die eerste aankondiging word 'n baie belangrike aankondiging gemaak in die woorde dat dit die Lam van God is wat die sonde van die wêreld wegneem. Guthrie (1981:451) wys daarop dat in die gebruik van hierdie woorde, die taal ontleen is aan die offerbeeldspraak. Hierdie oortuiging word egter nie deur almal gedeel nie. McDonald (1985:72,73) in sy bespreking van sommige uiteenlopende vertolkings van hierdie teks, wys hy daarop dat die vraag gevra word of na aanleiding van Johannes se agtergrond, Johannes die Paaslam van Exodus 13:3-10 of die offerlam van Jesaja 53:7 in gedagte gehad het. Dit wil voorkom of die Joodse feeste, in aansluiting met die Paaslam, 'n spesiale belang vir die skrywer van die vierde Evangelie het. Teen hierdie identiteit word egter gemeld dat die Paaslam geen verwysing na sonde het nie. Andersyds moet weer kennis geneem word dat die bloed van die lam in Exodus 'n teken en seël van heil was (Ex 12; sien ook 1 Kor 5:7, 1 Pet 1:18-19). Laasgenoemde wat suggereer dat dit 'n verwysing na Jesaja 53:7 is, sou na alle redelikheid eerder aanvaarbaar wees. Die rede hiervoor word gekoppel aan die feit dat in die Septuagint die woord 'amnos' dieselfde is as wat voorkom in die verklaring van Johannes.

Grigsby (1982:54) wat hom daarvan bewus is dat sommige die begrip Lam van God vertolk, as terug verwysende na die lydende dienskneg, terwyl ander dit vertolk as die Paaslam, is van gedagte dat dit haalbaar is om beide vertolkings te aanvaar.

Die krag waarmee die offerlamgedagte na vore tree, is onmiskenbaar wanneer Guthrie (1981:451-452) Dodd se verwerping van die offergedagte afwys wat dit daarop grond dat 'n versoeningsgedagte, behalwe in genoemde teks, slegs in Johannes 11:50 en volgende verse voorkom. Vir hom is hierdie verklaring aan die begin van Jesus se bediening baie belangrik omdat dit die doel van Sy bediening aandui naamlik : 'n offer wat betrekking het op sondes. Sy sekerheid dat dit in hierdie teks om Jesus as 'n offer gaan, word in die volgende woorde gevind: 'Whatever its origin, it is indisputable that Jesus is here seen in a

vicarious and sacrificial capacity. Its outworking was to be seen in the subsequent narrative of the passion.'

Baie nou aansluitend by bogenoemde oortuiging is dié van De Boor (1971:69). Hy wys daarop dat onafgesien van die verskillende vertolkings wat aan die benaming Lam van God geheg mag word, tree hier dat Jesus die vervulling is van dit waarheen die offerlam van Israel vooruit wys na vore. So ook is Jesus nie die lam van Israel wat deur mense gebring is nie, maar die Lam wat deur God self gebring word as vervulling van alles wat offer in die wet of in die ganse wêreld mag beteken.

- **JOHANNES 6:51-53**

' Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee... En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.'

In die voorafgaande verse (6:47-50:) wys Jesus in aansluiting by die manna in die woestyn, daarop dat nie die manna nie, maar dat Hyself die ware brood uit die hemel is. Diegene (vers 50) wat daarvan sou eet, sal nie sterwe nie. In die volgende vers (vers 51) word vermeld dat diegene wat van hierdie brood eet, sal lewe tot in ewigheid asook dat die brood wat Hy sal gee sy vlees is.

Baie het die woorde in hierdie teksverwysing letterlik opgeneem en dit gevolglik op die sakrament van die Nagmaal toegepas. Mc Donald (1985:75) wys egter daarop dat dit nie die primêre betekenis van hierdie gedeelte kan wees nie. Hy grond sy oortuiging daarop dat die Nagmaal nog nie op daardie stadium ingestel was nie. Ook is die werkwoorde wat gebruik word in die 'auristus' wat nie dui op 'n herhaalbare daad nie, maar op 'n daad wat eens en vir altyd plaasgevind het, 'n gedagte wat ook by Guthrie (1981:453) gevind word. 'n Ander argument waardeur die gedagte aan 'n direkte heenwysing na die Nagmaal afgewys word, word by Guthrie (1981:453) gevind. Hy wys daarop dat die woord 'vlees' nooit

in verband met die instelling van die Nagmaal gebruik word nie, maar wel word die woord 'liggaam' in al die weergawes van die instellingswoorde gevind. Hoewel hier nie sprake is van 'n primêre verwysing na die Nagmaal nie, word wel toegegee dat daar 'n sekondêre verwysing kan wees. Die gedagte is dat die dissipels hierdeur voorberei sou word vir 'n geestelike verstaan van die beeldspraak van eet en drink. Dit sou hulle bewaar van 'n te letterlike vertolking van die instellingswoorde: 'Dit is my liggaam.'

Die gedagte dat Christus hier vooruit wys na Homself as offer, tree na vore in De Boor (1971:209) se eksegese oor hierdie gedeelte. Hy wys daarop dat Jesus reeds die brood van die lewe is. Tog kan Hy nie soos Hy voor die Galileërs staan as die lewegewende brood ontvang word nie. Eers sou Hy iets anders moes gee waardeur die wêreld die reddende gawe sou behou het, naamlik die offergawe van Homself. Die offergedagte word dan ook onderstreep wanneer hy sê: 'Für das Leben der Welt muss ein Lösegeld bezahlt, muss ein Opfer dargebracht werden.'

Ook ander wys met verwysing na hierdie gedeelte daarop dat Christus hier vooruit wys op die noodsaak van sy uiteindelike sterwe as 'n offer wat die weg tot die ewige lewe sou open. So wys Ladd (1974:291) daarop dat Hy die brood van die lewe is wat van die hemel gekom het (6:58); maar dat die woord oor sy vlees die noodsaaklikheid van sy offerdood suggereer. Iemand moet sy vlees eet en sy bloed drink om die ewige lewe te kan hê. Hy wys verder daarop dat of hierdie gedeelte 'n sydelingse verwysing na die Nagmaal is, al dan nie, beteken dit dat die gelowige die ewige lewe slegs in die persoon van Christus kan bekom wat vir die mens in die offerdood gegee is.

Wanneer gevra sou word na die offerkarakter van die lydensuitsprake in hulle totaliteit in die Johannes Evangelie, dan word hier ten slotte verwys na Guthrie (1981:458). In sy opsomming van die lydensuitsprake in Johannes en 'n vergelyking met die Sinoptici, wys hy op 'n aantal kenmerke wat vir hom na vore getree het. As eerste kenmerk meld hy die offerkarakter van Jesus se dood wat hy as volg verwoord: '(1) There is undoubtedly a strong emphasis on the sacrificial character of Jesus' death. As Lamb of God, bread from heaven and corn of

wheat, Jesus must die a sacrificial death.'

### 3.9.2.3 DIE OFFERGEDAGTE BY PAULUS

Volgens verskeie Nuwe Testamentici het die offergedagte 'n baie belangrike rol gespeel in Paulus se benadering tot die lyding van Jesus. Guthrie (1981:464) koppel dit veral aan Paulus se Joodse agtergrond en verwys na Paulus se aanspraak (1 Kor 5:7) dat Christus ons Paaslam is. Ladd (1974:425) weer spreek direk die oortuiging uit dat Paulus Christus se dood as offerdood gesien het. Uit 'n aantal verwysings (Rom 3:23, Rom 8:3, Ef 4:2 en 1 Kor 5:7) is dit vir hom duidelik dat Christus se dood deur Paulus met die Ou Testamentiese ritueel en offerbegrip geassosieer is. Hierby is dit vir hom duidelik soos ook vir ander (Taylor, 1951:182), dat die offeraspek van Christus se dood in die dikwels voorkomende verwysing na sy bloed gesien word. God het Christus die soenoffer gemaak deur sy bloed (Rom 3:25); ons is geregverdig deur sy bloed (Rom 5:9); ons het verlossing deur sy bloed (Ef 1:7); ons het naby God gekom deur die bloed van Christus (Ef 2:13); ons het vrede deur die bloed van sy kruis (Kol 1:20).

Voordat by enkele Skrifplasings stilgestaan sal word, is dit nodig om Paulus se gedagtegang te verstaan. Hiertoe is nodig om eers te let waarna Paulus verwys het, asook verstaan het wanneer hy in sy briewe sinspeel op versoening, wat die offergedagte in verband met Christus se werk insluit. Vir die doel word gelet op McDonald (1985:83-85) wat daarop wys dat daar by Paulus drie elemente met betrekking tot die begrip versoening te kombineer is. Opsommenderwys kom dit neer op die volgende: Die mens se sonde is van sodanige aard dat dit die versoenende dood van Christus benodig. Sonde is vir Paulus nie 'n ligtelike saak nie, nie maar slegs 'n ongelukkige fout aan die mens se kant nie, maar 'n moedswillige opstand teen God waaraan almal deelneem. God se uitspraak is dat almal gesondig het en kortkom aan die heerlikheid van God waarvan die loon die dood is. Versoening hiervoor geskied alleen deur Christus se sondelose offer (2 Kor 5:21, 2 Tim 2:10, 1 Kor 15:16).

God se toorn is van so 'n aard dat dit genoegdoening vereis deur die bloed van Christus. As sondaars is die mens van nature kinders van die toorn (Ef 2:3). God se geregtigheid vereis dat Hy die sonde moet straf. Christus se werk is van so 'n aard dat dit 'n plaasvervanger voorsien. Slegs wanneer genoegdoening aan die toorn van God verskaf

word en God se oordeel ontmoet word, kan daar versoening met God wees. Hiertoe het Christus aan die kruis in die plek van die mens gely, dit wat die mens moes ly. Hy het in die plek van die mens die goddelike reaksie op die sonde ontvang, sodat God die dood van Christus aan die mens as die voldoende straf vir die sonde van die wêreld toereken.

Om die omvang van Paulus van se gedagte te verstaan, is dit insiggewend wanneer Lekkerkerker (1974:149) daarop wys dat wanneer Paulus oor God se heilsdaad in Christus spreek, dan doen hy dit deur verskillende woorde te gebruik wat hy ontleen aan die wêreld van die regspraak, aan dié van straf, gyseling en gevangenisstraf en aan die offerdiens. Hy meld verder dat hierdie veelheid van beeldspraak soms soos konsentriese sirkels is wat almal om een middelpunt beweeg.

In die lig van bogenoemde word vervolgens gelet op enkele gedeeltes waar die offergedagte by Paulus na vore tree en wat dit in die breër verband beteken. Vanweë die omvang van skrifgedeeltes word hier slegs twee teksgedeeltes belig wat as verteenwoordigend geag word vir Paulus se teologiese gedagtegang, naamlik sy verwysing na die rol van Christus se bloed wat Christus se dood as offer kenteken. Teksgedeeltes wat hanteer word is: Romeine 3:25 en Efesiërs 1:7. In die nagaan van Romeine 3:25, word hoofsaaklik stilgestaan by die aanvangs-gedeelte: 'Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof,...' Die opvolgende gedeelte van die vers word hanteer wanneer die begrip regverdigmaking nagegaan word.

- **ROMEINE 3:25**

'Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof, om sy geregtigheid te bewys deurdat Hy die sondes ongestraf laat bly het wat tevore gedoen is onder die verdraagsaamheid van God.'

In hierdie betrokke vers word nou aangesluit by die offergedagte. Hier word in die besonder na die eerste gedeelte van die vers verwys wat lui: 'Hom het God voorgestel in sy bloed as 'n versoening deur die geloof.' Ridderbos (1975:187) wat hierdie gedeelte in behandeling neem, heg aan die woord 'hilastèrion', wat met die bloed verbind word, die betekenis van soenmiddel. Hy wys ook daarop dat die woord 'hilastèrion' van die kultus afkomstig is, in die besonder van die

soenoffer wat daar plaasgevind het. So het ook die bloed vir hom die betekenis van versoeningsbloed. Hierdie oortuiging verwoord hy dan ook as: 'Thus Christ's death is qualified by the designation "means of propitiation" as a propitiatory sacrifice, and the accompanying phrase "(consisting) in his blood" has materially the meaning of "propitiatory blood".'

'n Ander gesigspunt waar die offer van Christus in hierdie betrokke vers direk aan sondevergifnis gekoppel word, word by Louw en Nida (1989:504) gevind wat dit weergee met: 'God offered him as a means by which sins are forgiven through faith (in him).'

In hierdie gedeelte kom ook die plaasbekledende aspek van Christus se werk na vore. McDonald (1985:85) is van mening dat die plaasvervangingsbegrip nie in die leer van Paulus ontken kan word nie. As feit stel hy dan ook dat dit die onderliggende gedagte in bepaalde gedeeltes van Paulus is wat al die agtergrond voorsien met betrekking tot dit wat Paulus oor Christus se werk sê. Die gedeeltes waarna hy verwys is: Romeine 3:24-26, Galasiërs 3:13, en 2 Korintiërs 5:21.

Met verwysing na die Ou Testament vestig ook Jonker (1969:65) die aandag op die plaasbekledende karakter van Christus se offerdood. In sy eksegese van hierdie teks (Rom 3:25) verwys hy na die Ou Testament waar vir die mens se vergrype teen God of sy naaste versoening voor gedoen kon word deur die bring van 'n sond- of skuldoffer (Lev 4 en 5). In hierdie offers is dit die offerdier wat die plek van die skuldige mens inneem deur sy bloed te stort. Hy is oortuig dat dit Paulus se bedoeling is met sy verwysing na Christus. Jonker (1969:65) verwoord dan ook hierdie gedagte en verwys na die kruis as altaar: 'God het Christus se bloed laat uitstort, dit is Sy lewe laat neem, in die plek van die skuldige mens. Die kruis was eintlik 'n altaar. Daarom kan die Nuwe Testament so dikwels die kruisdood as 'n offer voorstel' (vergelyk 1 Pet 1:19-20, 2:24 en Heb 10:1-18).

- **EFESIËRS 1:7**

'In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die

rykdom van sy genade...'

Omdat die metode van verlossing hier verbind word met die stort van bloed in die sin van die koste wat betrokke is, is Guthrie (1981:477) van gedagte dat die gedagte van 'n losprysbetaling nie te ontken is nie. Ook Ridderbos (1975:194) is van mening dat Paulus die vrymaking van die mens positief verbind in die oorspronklike sin van 'n losprys.

Hodge (1964:40,41) wys daarop dat verlossing, ('apolutrosis') soms verlossing in die algemeen beteken sonder verwysing na die wyse waarop dit bereik word. Wanneer dit gebruik word vir die werk van Christus, is dit egter altyd in die streng sin van die woord as losprys te verstaan omdat die wyse van verlossing altyd vermeld of geïmpliseer word. In sy verwoording van hierdie oortuiging verwys hy na Christus se dood as 'n offerdood: 'We are redeemed neither by power nor truth, but by blood; that is by the sacrificial death of the Lord Jesus. A sacrifice is a ransom, as to its effect. It delivers those for whom it is offered and accepted.'

In sy hantering van hierdie teksgedeelte wys Hendriksen (1967:82) met verwysing na ander teksgedeeltes daarop dat die verlossing wat Christus bewerk, 'n vrywording van die vloek insluit; 'n vrywording van die skuld, die straf en die mag van sonde (Joh 8:34, Rom 7:14, 1 Kor 7:23 en Gal 3:13), asook 'n herstel tot ware vryheid (Joh 8:36 en Gal 5:1). Omdat dit 'n verlossing deur Sy bloed was, het dit 'n plaasvervanging beteken van die lewe van die Een vir die lewe van die ander. So en so alleen kon versoening bewerk word (Lev 17:11 en Heb 9:22).

In dieselfde teksverklaring word daarop gewys dat sekere uitdrukkings soos, ' Hy het sy bloed gegee; Hy het sy siel gegee en Hy het homself gegee', sinoniem is. Al hierdie uitdrukkings dui daarop dat die Verlosser 'n offer vir die sonde gemaak is of Homself gegee het as offer vir die sonde (Jes 53:10 en 2 Kor 5:21). Hy het dit plaasvervangend gedoen vir hulle wat van nature kinders van die toorn is.

Rienecker(1971:61,62) wys in sy verklaring van hierdie vers daarop dat die bloed wat op Golgota gestort is, nie die bloed van 'n mens is wat self verlossing nodig

gehad het nie, maar die bloed van God self. Die bloed van Christus is die kosbaarste en die beste kleinood wat God aan 'n sterwende wêreld toevertrou het. Hierdie bloed stem harte en lippe tot lofprysing en aanbidding. Hy wys op Christus as die eindpunt van die offers wat ons met God deur sy bloed versoen het. Die onontbeerlike van sy bloed verwoord hy as volg: 'Ohne das Blut gibt es keine "Sühne" für unsere Sünden, keine "Vergebung" userer Schuld, keine Rechtfertigung, Heiligung und Erlösung.'

### 3.9.2.4 DIE HEBREËR BRIEF

In die Nuwe Testament word die Hebreër brief by uitnemendheid beskou as die gedeelte waar die offergedagte met Christus in verband gebring word. Guthrie (1981:471) onderstreep hierdie gedagte wanneer hy met verwysing na Morris sê: 'It would not be a exaggeration to call the epistle to the Hebrews the NT textbook on the sacrifice of Christ.'

Onlosmaaklik met Christus as offer word Hy in die brief in sy persoon en bediening voorgehou in sy priesterskap. Hoewel Sy priesterskap ook in ander Nuwe Testamentiese dokumente (Openb 1:13) geïmpliseer word, is Hebreërs die enigste Nuwe Testamentiese dokument wat Christus uitdruklik 'n priester noem, en dan Hoëpriester in die besonder. Wanneer hierdie brief gelees word, word dan ook gevind dat die priesterlike handelinge van Christus 'n dominante plek in die outeur se gedagte inneem.

McDonald (1985:100) wys daarop dat dit juis in die priesterskap van Christus is dat die verskillende voorstellings van die offer verenig word asook waarin die verskillende onderskeidings verloor word. Van belang is dan juis dat die priester sy funksie vervul deur die beheer van die offer, soveel so dat die godsdiens juis dit is wat die priester is met betrekking tot sy boodskap en administrasie.

Die Hoëpriesterskap van Christus word ingelei deur die verwysing na die Seun van God (Heb 2:17) wat in alle opsigte aan sy broers gelyk gemaak moes word. Dit vind plaas sodat Hy 'n barmhartige en getroue Hoëpriester kan wees in die dinge wat in betrekking tot God staan om die sondes van die volk te versoen.

Michel (1966:168) sê met verwysing na hierdie teks dat Christus se dood hier reeds 'n

kultiese beeld aangeneem het met die oog op sy lewe wat gegee is vir die skuld van ander. Die omvang van wat Christus se Hoëpriesterskap inhou verwoord hy as volg: 'Der Hohepriester "sühnt" die Sünden des Volkes. Damit verwendet unser Brief ein kultisches Bild für den Tod Jesu, das den radikalen Einsatz des Lebens für die Schuld anderer bezeichnen soll. Grundsatzlich muss der Tod Jesu in Doppelten Weise verstanden werden: Einerseits ist er Bestätigung seiner Lehre, "Beispiel" und Ziel unseres Handelns, anderseits dagegen Angebot der Vergebung.'

Wanneer op die hoëpriester in die Ou Testament en Christus as Hoëpriester gelet word, is daar duidelik 'n verskil. Die verskil is daarin geleë dat dit in die Ou Testament gegaan het om 'n toewysing en 'n magtiging om as hoëpriester op te tree, terwyl Christus se Hoëpriesterskap geleë is in Sy Seunskap en dus nie deur 'n eksterne owerheid van Hom weggeneem kan word nie (Heb 5:4,5). Die andersheid is verder ook daarin geleë dat Christus se Hoëpriesterskap in die hemel voortgesit word (McDonald, 1985:100).

Kendall (1964:41) wys op die andersheid van Jesus se Priesterskap in vergelyking met die Levietiese priesterskap. Dit word gedoen deur te wys op die voorafskaduwing van Christus se Priesterskap deur die hoëpriesterskap van Melgisédek (Heb 7:3). Die ooreenkoms tussen Christus en Melgisédek is nie in die offers geleë nie, maar daarin dat Melgisédek voorgehou word in sy eenmalige verskyning as een sonder 'n genealogie en daarom as 'n priester vir ewig.

Die kontras tussen Christus se Priesterskap en die van Aäron is verweef in die argument in hoofstukke 5 -10. Die skrywer is oortuig dat die Ou Testamentiese kultus niks vermag het met betrekking tot die wesenlike probleem; naamlik die reiniging van die gewete nie (9:9). Aangesien dit in die Ou Testament slegs om stom diere as offers gaan, kan dit nie die werklike probleem van sonde raak nie (10:4). Al wat dit werklik bereik, is 'n eksterne seremoniële suiwerheid. Offers is voortdurend herhaal (10:1) en is onmagtig om sondes weg te neem. Inderwaarheid dien die herhaalde offers slegs as 'n herinnering aan sondes (10: 2,3). Die Ou Testamentiese priesters was ontoereikende sterflike mense (7:24) wat vir hulle eie sondes sowel as die van die volk moes offer (5:3; 7:27) (Ladd, 1974:578).

Jesus se Hoëpriesterskap het raakpunte met die Ou Testament gehad, maar ook 'n gans andersheid. Hy moes in alle opsigte aan ons gelyk word sodat Hy 'n barmhartige en

getroue Hoëpriester kon wees in die dinge wat in betrekking tot God staan om die sondes van die volk te versoen ( 2:17). Hy kon medelye met ons hê omdat Hy in alle opsigte soos ons versoek is, maar Hy was sonder sonde (4:15).

Die Hoëpriesterskap van Jesus vind sy historiese dieptepunt in Sy self oorgawe aan die kruis waar Hy in Homself beide Hoëpriester asook die offer was wat die Hoëpriester aan God offer. Aan die kruis is Hy 'n offer sonder smet (9:14). Wanneer Christus Homself as offer gee, dan vind hierdie gebeure eenmalig plaas. Wanneer verwys word na Sy eenmalige offer dan word dit in die besonder aan die wegneem van sondes verbind (9:28;10:12). McDonald (1985:103) wys daarop dat hierdie beklemtoning regdeur die Hebreër brief voorkom en dat die effektiwiteit daarvan in die laaste kruiswoord bevestig word: 'Throughout the epistle the death of Christ is presented as an offering and a sacrifice sufficient and final for the sins of the world. So did Christ finish the work he came to do, as his final word from the cross,' tetelestai' (It is finished) affirms.'

Na voltooiing van Christus se offer word Sy priesterskap in die hemel voortgesit. Hy bied Sy offer aan die Vader in die hemel om ons onthalwe (9:24). Die aanvaarding van Sy offer deur die Vader word gevind in die gebeure van Sy opstanding en hemelvaart wanneer Hy aan Gods regterhand Sy plek inneem (10:12,13). Van hier tree Hy in sy ewige Priesterskap as Middelaar op. Met verwysing hierna word Christus se reddende arbeid in belang van sondaars voor God deur Kendall (1964:42) verwoord: 'He holds his priesthood permanently, because he continues for ever. Consequently he is able for all time to save those who draw near God through him, since he always lives to make intercession for them.'

Die offergedagte word tot aan die einde van die brief gevind. So word in die slothoofstuk (13:10-16) daarop gesinspeel dat gelowiges nie by 'n uiterlike godsdiens moet vassteek nie maar deur Christus 'n offer van lof aan God moet bring. Vroeër was die offer van danksegging deur 'n diereoffer vergesel in die tempel (Lev 7:12). Met Christus se offer het die offer van diere verbygegaan, maar die offer van dank kan en moet steeds aan God gebring word deur hulle wat die volmaakte offer van Christus na waarde ag. Die finale wending in die offergedagte soos deur die offer van Christus teweeggebring, word verwoord in wat Bruce (1979:405) sê: 'No longer in association with animal sacrifices, but through Jesus, the sacrifice of praise was acceptable to God.'

Naas die offer van lof (13:15) moet daar egter ook 'n offer van weldadigheid en mededeelsaamheid gevoeg word (13:16). Hierdie offer is iets heel anders as die wettiese offer. Michel (1966:526) wys op die andersheid: 'Im vergleich mit dem gesetzlichen Opfer, das der Mensch nicht mehr bringen soll, bleibt das Werk der Barmherzigkeit rechtes, Gott wohlgefälliges Opfer.'

Die Christelike godsdiens is sonder die offer van Christus ondenkbaar. Daar kan nie net kennis van geneem word nie, maar by wyse van die offer van die eie lewe uit dankbaarheid op gereageer word. Bruce (1979:407) verwoord hierdie gedagte as volg: 'Christianity is sacrificial through and through; it is founded on the one self offering of Christ, and the offering of His peoples praise and property, of their service and their lives, is caught up into the perfection of His acceptable sacrifice, and is accepted in Him'.

Die eindpunt van dit wat bereik is met Christus se dood as offer, is die vergifnis van sonde uit genade. Om hierdie gedagte oor die volle wydte van die Skrif saam te vat, word by M'Caig (1974:1851) aangesluit wat die lyn vanuit die Ou Testament met sy onvolkome offers deurtrek na die omvattende betekenis van Christus se finale en volkome offer aan die kruis: '...the sacrifices themselves could not take away sin, but periodical forgiveness was conveyed through them, by virtue of their relation to the Coming One. Now the great sacrifice having been offered, eternal redemption is secured, perfect forgiveness obtained, free access into the heavenly Holy Place assured, and the eternal inheritance provided'.

### 3.9.3 DIE CHRISTEN SE LEWE AS 'N LEWE VAN OFFER

Met die oog op die empiriese studie waar die skuldbesef van die lidmaat in die gevangenis verken sal word, ag die navorser dit nodig om kortliks stil te staan by dit wat Christus se offer van hulle wat Hom as Verlosser bely, vra. Aan die hand van WIliams (1974:2656,2657) word op enkele vereistes gelet. Die gedagte wat vanuit die Nuwe Testament na vore tree, gedagtig daaraan dat geloof gehoorsaamheid vra, is dat die Christen se lewe 'n lewe van offer is wat gefundeer is op Christus se offer vir hom. Kortliks kom dit op die volgende neer:

- Die Christen se lewe is die logiese gevolg van Christus se offerdood

Die Christus wat Homself vir die gelowige geoffer het, sit nou die offer in die gelowige se lewe voort (Gal 2:20, Fil 1:21). Paulus is gekruisig toe Christus gekruisig is en die lewe van Christus wat homself aan die kruis geoffer het en dit in die opstandingskrag voortsit, dien nou as 'n krag vir die apostel se morele en geestelike lewe (Fil 3:10,11).

- Christus se dood is die oorredende appèl tot 'n lewe van offer.

Op grond van Christus se liefde word die gelowige gedring tot 'n lewe van offer: ' Want die liefde van Christus dring ons, omdat ons van oordeel is dat as een vir almal gesterf het; en Hy het vir almal gesterwe, sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en opgewek is ' (2 Kor 5:14,15).

- Dit is noodsaaklik om deel te hê aan Christus se offer.

Christus se offer dien tot die redding van mense in soverre as wat Christene bereid is om hul eie lewe te offer deur Christus se offer bekend te maak: 'Nou verbly ek my in my lyding vir julle en vul in my vlees aan die oorblyfsels van die verdrukkinge van Christus vir sy liggaam, wat die gemeente is' (Kol 1:24).

### 3.9.4. REGVERDIGMAKING

Reeds in die inleiding is melding gemaak van die lidmaat in die gevangenis wat vanweë herhaalde misdaad as't ware 'geskool' kan word in die strafregtelike hanteringswyse van skuldtoemeting en die straf daarop. Probleme kan ondervind word waar die lidmaat as gevangene sy skuld in teologiese sin vanuit 'n sekulêr-juridiese beginsel sou probeer beoordeel.

Wanneer die teologiese begrip 'regverdigmaking' met sy forensiese wortels op vryspraak dui ten spyte van skuld, dan is dit in sekulêr-juridiese sin 'n 'contradictio in terminus' Verder bly dit in sekulêr-juridiese sin 'n onhoudbare hanteringswyse waar vryspraak op die beginsel van plaasvervanging geskied waar 'n onskuldige die skuldtoemeting en straf in die plek van die skuldige ondergaan.

In hierdie onderafdeling word teologies gelet op die begrip regverdigmaking soos deur Paulus gebruik. Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie begrip soos ook ander begrippe wat deur Paulus gebruik word, sy wortels vanuit die Ou Testament het. Vervolgens word dan eers op die Ou Testamentiese agtergrond gelet.

### 3.9.4.1 DIE OU TESTAMENTIESE AGTERGROND

In die briewe van Paulus word gevind dat hy verskeie metafore met hulle wortels in die alledaagse lewe gebruik om die werk van Christus te beskrywe. Naas begrippe soos versoening en verlossing gebruik Paulus die begrip 'regverdig' (dikaios) of 'geregtigheid' (dikaiosune). Ladd (1974:493) wys daarop dat die naamwoord 'dikaiosune' vertaal kan word met die woord 'regverdigmaking', maar gewoonlik vertaal word as 'geregtigheid'.

Die agtergrond vir die Pauliniese leer van regverdigmaking kom vanuit die Ou Testament. Geregtigheid ('tsedeq, tsedaqa') het in die Ou Testament nie 'n etiese kwaliteit nie. Die basiese betekenis van die woord kom op die norm van die sake van die wêreld neer waaraan die mens en dinge moet konformeer en waaraan dit gemeet kan word. Die regverdige mens ('tsaddiq') is dan hy wat konformeer aan 'n gegewe norm en in bepaalde vorme. Veral in die 'hifil' beteken dit om 'regverdig te verklaar' of om 'te regverdig' (Ladd, 1974:439).

In die Ou Testament is die beeldspraak vanuit die juridiese duidelik wanneer God se handelinge met sy volk beskrywe word. Guthrie (1981:493,494) wys daarop dat God as die universele regter voorgestel word met die essensiële eienskappe van oordeel en geregtigheid. Sy oordele geskied volgens 'n voorspelbare patroon van die morele wet. Die Ou Testament aanvaar dat die oordele van God reg is en dat die beloning daarvan verdien is. God gebruik nooit sy mag op 'n onregverdige wyse nie. Die oortuiging oor die absolute regverdigheid van God se oordele laat mense hul vreugde in God vind. Op grond hiervan is God nie as kru beskou omdat hy wetlike eise aan hulle gestel het nie. Beeldspraak vanuit die juridiese word dan ook gesien as 'n paslike medium waardeur uitdrukking gegee is aan God se geregtigheid in aksie.

Wanneer oor geregtigheid besin word, word gevind dat die fundamentele daarvan in verhoudings geleë is. Geregtigheid strek volgens (Von Rad, 1965:370) verder as die

mens se verhouding met God en sluit ook die verhouding met die medemens asook die mens se verhouding met sy natuurlike omgewing in.

In die lig van Israel se geskiedenis is die verhouding met God in die verbondsverhouding geleë waaruit Israel moes leef. Uit hierdie verbondsverhouding het dan ook God se geregtigheid na vore getree. Hierdie verhouding as die hoogste lewenswaarde was dan ook dit waaraan die mens wou voldoen. Goppelt (1976:468) wat op hierdie verhouding wys verwoord dit as:

> Gott begegnet im alten AT als der Bundesgott, d.h. als der, das Verhältniss, aus dem Israel leben soll, setzt. Daher liegt alles daran, dass Gott diesem Verhältniss treu bleibt und ihm gemäss handelt. Diese Erweissung seiner Bundestreue ist seiner Geregtigkeit... Für den Menschen liegt alles daran, dass er diesem Gott gesetzten Verhältniss genügt, d.h. dass er "gerecht" ist. Deshalb ist Gerechtigkeit für den atl. Menschen der höchste Lebenswert.

'n Mens wat tussen mense as regverdig verklaar is, is gesien as hy wat in die regte verhouding met God was. Tog kom die versugting deur dat geen mens voor God geregverdig kan wees nie (Ps 143:2). In die Ou Testament was dit Israel wat nie by die verbondsbepalings tussen God en hulleself gehou het nie. Dit is hier waar die Levitiese offersisteem 'n voorsiening van God was, om ten spyte van Israel se verbondsverbreking, die moontlikheid van gemeenskap met God te handhaaf. Verder meer is dit so dat oordeel in die Ou Testament dikwels deur genade versag is. Selfs die gekodifiseerde wet is gesien as 'n voorsiening van genade (Guthrie, 1981:494).

Vir die na-eksiliese Judaïsme het geregtigheid 'n begrip geword wat grootliks gedefinieer is as 'n konformiteit aan die Tora. God was vir hulle die God wat vanweë die mens se onvermoë om slegs die goeie te doen, wel die mens sal beoordeel op grond van die goeie werke uit eie verdienste wat die kwade uit balanseer. Dit was dus vir hulle 'n saak van krediete en debiete wat die eindoordeel sal bepaal (Guthrie, 1981:494,495). Hieruit word gevind dat die Judaïsme die oordeel van God nie net as 'n teenswoordige werklikheid gesien het nie, maar ook as 'n voortgaande oordeel wat uiteindelik op 'n regverdigmaking dui wat eskatologies van aard is. Hierdie finale oordeel sal aldus die Judaïsme 'n verklaring van regverdigheid wees, wat sal neerkom op die vryskelding van alle skuld of

ongeregtigheid en die gevolglike veroordeling. Uit hierdie siening kan gekonkludeer word dat die betekenis van regverdigmaking ten diepste forensies van aard is waarby die vryspraak van die regter betrokke is (Guthrie, 1981:494-495, Ladd, 1974: 441-442).

### 3.9.4.2 REGVERDIGMAKING BY PAULUS

Van al die Nuwe Testamentiese skrywers is dit Paulus wat uitstaan as die skrywer wat handel oor die leer van die regverdigmaking. Van al Paulus se briewe word die leer oor die regverdigmaking veral in sy briewe aan die Romeine en die Galasiërs gevind.

Teen die agtergrond van dit wat oor die Ou Testament en die Judaïsme gesê is, was dit so dat die juristiese metode van denke aangaande God en sy verhoudings die oorwegende in Paulus se tyd was. 'Regverdigmaking' en 'om te regverdig' was bekende begrippe in die Joodse gedagte. Stevens (1968:417) wys daarop dat Paulus dit op 'n natuurlike wyse in sy uiteensetting van die Christelike leer oorgedra het. Die gebruik wat hy egter gemaak het van die idee wat ter sprake is, is grootliks bepaal deur die eise wat aan hom gestel is deur sy polemiek met die Judaïsme. Terwyl hulle regverdigmaking as die resultaat van menslike prestasie begryp het, het hy dit verstaan as 'n vrye gawe van God se genade. Terwyl dit vir hom in 'n daad van self oorgawe en vertroue geleë was.

Paulus verstaan die begrip 'geregtigheid' vanuit sy Ou Testamentiese konteks wanneer hy Habakuk 2:4 beide in die Romeine brief (Rom 1:17) en die brief aan die Galasiërs (Gal 3:11) aanhaal: 'Maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe.' Na aanleiding van hierdie Ou Testamentiese aanhaling is Guthrie (1981:498) nie net oortuig van 'n sterk invloed van die Hebreeuse idee van wie die regverdige mens is nie, maar wys hy daarop dat Paulus voortgaan om te wys op die toe-eiening daarvan deur die geloof en die beoefening daarvan in Jesus Christus wat hy as volg verwoord: 'There is undoubtedly a strong influence of the Hebraic idea that the "righteous man " is one who is accepted by God, but Paul extends his own understanding of it to see its fullest expression in personal faith in Jesus Christ. When someone exercises such faith he becomes "righteous " in God's sight.'

Om die leer van regverdiging of regverdigmaking, soos deur Paulus hanteer, enigsins te verstaan en te kan oordra aan die lidmaat in die gevangenis, word as vertrekpunt allereers

'n algemene omskrywing van wat regverdiging is, weergegee. Daarna word in breë trekke by enkele elemente in die leer van regverdigmaking soos deur Paulus hanteer stilgestaan. Om 'n algemene omskrywing van regverdiging te gee, word aangesluit by Heyns (1978:311): '... dit is 'n oordeel van God oor die mens waarin Hy hom, op grond van die soenverdienste van Jesus Christus, vryspreek en dit aan hom skenk in die vorm van geloof in Christus.'

### 3.9.4.3 REGVERDIGMAKING HET 'N ESKATOLOGIESE KARAKTER

Volgens Ladd (1974:441) is een van die belangrikste aspekte om Paulus se leer oor regverdigmaking te verstaan daarin geleë dat regverdigmaking 'n eskatologiese karakter het. Die Judaïsme het geglo dat die mens op grond van 'n forensiese norm volgens sy werke in die laaste oordeel deur God as die regverdige wetgewer en regter geoordeel sal word. In hierdie oordeel sal dit gaan om 'n regverdig verklaring wat vryskelding van alle skuld sal beteken of 'n uitspraak van ongeregtigheid en gevolglike veroordeling.

Die eskatologiese betekenis soos deur Paulus hanteer, word gesien in die verskillende gebruike van die woord 'dikaioo'. As voorbeelde dien wanneer Paulus in Romeine 8:33,34 sê: 'Wie sal beskuldiging inbring teen die uitverkorenes van God ? Dit is God wat regverdig maak. Wie is dit wat veroordeel...'

In hierdie tekse sien Paulus vooruit na die finale oordeel wanneer God se uitspraak van vryskelding nie tersyde gestel kan word deur enige iemand wat 'n beskuldiging sou inbring wat 'n veroordeling tot gevolg mag hê nie. In Romeine 2:13 sê Paulus dat dit nie die hoorders van die wet is wat in God se oog regverdig is nie, maar die daders wat geregverdig sal word. Hierin moet vooruit gekyk word na 'n dag van oordeel waar God 'n uitspraak sal lewer oor die gedrag van die mens op grond van gehoorsaamheid of ongehoorsaamheid aan die wet. Wanneer in Galasiërs 5:5 gewys word op die 'hoop op geregtigheid' waarop ons wag, dan is dit die juridiese aankondiging van geregtigheid wat die vryspraak in die dag van oordeel is (Ladd, 1974: 441-442).

Sowel in die forensiese as die eskatologiese aspek van regverdigmaking stem die Pauliniese leer ooreen met die Joodse gedagte. Van nader gesien is daar egter punte waar die leer van Paulus radikaal verskil van die Joodse eskatologiese begrip. Een van

die belangrikste verskille in Paulus se leer is dat die toekomstige eskatologiese regverdigmaking reeds plaasgevind het en in die Christus gebeure gegrond is. Kertelge (1967:159) vat hierdie gedagte van Paulus as volg saam: 'Die eskatologische Bedeutung der Rechtfertigung ist in dem "Christusereignis" begründet, in dem Paulus die endgültige und entscheidende Offenbarung der " Gerechtigkeit Gottes im vollzug weiss, also das Eschaton als schon angebrochen kennt.'

Paulus se oortuiging dat die eskatologiese regverdigmaking reeds plaasgevind het, tree wanneer hy skryf na vore: 'Veel meer dan sal ons, nou dat ons geregverdig is in sy bloed, deur Hom gered word van die toorn' (Rom 5:9). 'Omdat ons dan uit geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur ons Here Jesus Christus' (Rom 5:1).

Met verwysing na hierdie teksgedeeltes wys Ladd (1974 :442) daarop dat die werkwoord in die 'aurustus' is, wat uitdrukking gee aan 'n handeling wat reeds volbring is. Regverdigmaking wat primêr vryskelding by die finale oordeel beteken, het reeds in die hede plaasgevind. Die toekomstige oordeel is reeds deur die dood van Christus bepaal en mag daarom reeds hier en nou deur die geloof ontvang word.

Guthrie (1981:503) wys in sy bespreking van Ladd daarop dat die samesmelting van die toekoms met die hede van kardinale belang is vir die gelowige se Christelike ondervinding. Daar is geen kwessie rondom die finale gebeure nie. Die uitspraak is reeds aangekondig. Daar is geen rede waarom die gelowige die regter se uitspraak hoef te vrees nie (Rom 8:1). Hy is alreeds geregverdig en sal gered word van die komende toorn (Rom 5:9). 'n Uitspraak van skuldig maar vergewe, eerder as skuldig maar veroordeel is reeds verklaar. Dit is hierdie oortuiging wat die grondslag vorm van die Christelike versekering.

### 3.9.4.4 JESUS CHRISTUS, DIE GROND VIR REGVERDIGMAKING

In die lig van sekere Joodse persepsies van meriete wat tot 'n beklemtoning van werke gelei het, koppel Paulus regverdigmaking onmiddellik aan die dood van Christus (Rom 3:21vv) wat hy as 'n versoening sien. Omdat die mens nie uit homself geregtigheid kan bekom nie, is dit God wat voorsien. 'n Probleem wat egter na vore tree, is hoe God mense hulle sondes kan vergewe en self nog geregtigheid kan wees. Vir Paulus is die

verklaring in die kruis geleë. Omdat hy dit as 'n versoeningsoffer sien wat die plaasvervangingskarakter beklemtoon, suggereer dit die moontlikheid van die proses van regverdigmaking op grond van die oordrag van sonde op Christus (vergelyk 2 Kor 5:21) op grond waarvan God sondaars vryskeld sonder om sy eie geregtigheid prys te gee (Guthrie, 1981:501-502).

Ridderbos (1975:167) wys daarop dat God tot nou toe nie die mens gestraf het vir sy sondes nie, maar dit verbygegaan het in sy lankmoedigheid deur sy oordeel terug te hou . In die tyd wat nou aangebreek het, het God sy houding van wag laat vaar en sy opeisende geregtigheid getoon in die dood van Jesus. Hierdie optrede van God word deur Genderen (1988:63) gesien as 'n daad wat tegelyk genadig en geregtelik is, waar die skenk van genade nie ten koste van die reg plaasvind nie. Hy wys daarop dat God rojaal is in die skenk van vergifnis, Hy vergewe veelvuldig (Jes 55:7). Hy meld dat die Bybelse woord 'geregtigheid' van 'n eenheid van genade en reg spreek wanneer dit 'n aanduiding van die verlossende dade is wat van die God van ons heil verwag word. Die realisering van bogenoemde gedagte vind uitdrukking in Christus se lewe en uiteindelike sterwe aan die kruis wat deur Heyns (1978:312) as volg verwoord word: 'Hy laat nie die reg deur genade verslind word nie, maar Hy laat genade as reg geld en reg hanteer Hy as genade. Wat Christus met sy lewe en deur sy dood in volle reg verwerf het, reken Hy genadiglik die mens toe.'

Met verwysing na Karl Barth se leer oor regverdigmaking meld Küng (1964:17) dat God Homself in Jesus Christus vir die mens gee. Jesus is in Homself beide die Uitverkiesde en die Verwerpte. Die mens as sondaar het verwerping verdien, maar in Jesus het Hy die las van verwerping Sy eie gemaak. Hy wat sonder sonde was, het sonde op Hom geneem en daarmee die straf, veroordeling, dood en hel. Christus het alleen gestaan waar alle mense moes staan. Hy het vir almal gely.

In die nagaan van Paulus se leer oor die regverdigmaking, is dit duidelik dat die grond vir regverdigmaking vir hom in God se handeling met Jesus Christus geleë is. Aan die kruis volbring Hy God se geregtigheid deur versoenend en plaasvervangend die dood van die sondaarmens te sterf waardeur die gelowige uiteindelik 'n verbondsgenoot van God gemaak word. Met verwysing na die redes vir Paulus se regverdigingsuitsprake verwoord Goppelt (1976:470) dit as volg:

Paulus deuted Jesu Erscheinung, insbesondere das Kreutz, von der Mitte der atl. Gottesoffenbarung her, wenn er als Erweiss der Gottesgerechtigkeit bzw. als Rechtfertigung des Sünders versteht ( Rom 4,6 f). Das Gotteshandeln, das Jesus sühnend und stellvertretend den Tod des Sünders sterben liess, begegnet uns als die " Erweissung der Gerechtigkeit" Gottes. Diese " rechtfertigt:, d.h. sie macht uns gerecht; sie verleiht nicht eine Qualität, sondern stellt eine personhafte Relation, Sie macht den Glaubenden zum Bundespartner Gottes.

### 3.9.4.5 REGVERDIGMAKING DEUR GELOOF SONDER DIE WERKE VAN DIE WET

Die Joodse verstaan van regverdigmaking was soos reeds op gewys 'n saak wat berus het op die opbou van krediete deur wetsvervulling wat deur God in beoordeling geneem is. Ridderbos (1975:171) wys op die alles oorheersende betekenis van die wet vir die Jood wanneer hy dit verwoord as: 'The law guarantees the Jews their position before God: it is for them the Devine privilege, in the midst of the universal sinfulness of man, to gain merit, reward, righteousness before God.'

Duidelik het regverdigmaking hier 'n analitiese karakter wat berus op wat die mens is en nie is nie. Dit gaan nie om 'n geregtigheid wat God aan die mens verleen nie, maar eerder om 'n handhawing, 'n erkenning deur God van die mens se geregtigheid. Vir Paulus gaan dit egter daarom dat die geregtigheid van God geopenbaar is sonder die wet (vergelyk Rom 3:21,28) wat duidelik in kontras staan met die Joodse opvatting van geregtigheid uit die wet (Rom 10:5, Gal 3:21) of deur die wet (Fil 3:6) of by wyse van die wet (Gal 2:21).

Paulus, in teenstelling met die Joodse opvatting, beklemtoon nie net die teenswoordige eskatologiese karakter van die geregtigheid van God en die openbaring in Christus nie, maar bring dit ook in die nouste verband met geloof: 'Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof (Rom 1:17)( Ridderbos, 1975:170-171).

In die hantering van die geskiedenis van Abraham in die Ou Testament (Rom 4) beklemtoon Paulus dat geregtigheid aan Abraham toegereken is op grond van 'n gelowige vas hou aan die beloftes van God (vergelyk Rom 4:20-22). Hiervan sê Lane (1978:12): 'As an expression of sovereign grace, God received this informal faith as righteousness

and justified Abram, i.e. He treated him as righteous.'

Ridderbos (1975:174-175) wys in aansluiting by 2 Korintiërs 5:21 daarop dat God Christus aangewys het om 'n soenoffer te wees en dat Hy Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak het. Dit hou dat deur Sy dood en opstanding daar vryskelding en dus regverdiging is vir hulle vir wie Hy sonde gemaak is in. Sodoende is hulle die geregtigheid van God in Hom. Regverdigmaking geskied deur die geloof in Jesus Christus en nie deur die werke nie (Rom 3:20,22, 4:11,13, 9:30, Fil 3:9, Mark 10:52, Gal 2:16, Ef 2:8-9). Wat in regverdigmaking plaasvind is 'n genadige toerekening van God se vryspraak. Heyns (1978:312) beklemtoon hierdie toerekening as dit wat totaal en al berus op wat God in Christus gedoen het. Hierdie toerekening het geen verband met 'n bepaalde waarde wat die mens het of wat God in die mens gewerk het of nog sal werk nie.

Vir Paulus is regverdigmaking 'n gawe van God wat deur die geloof ontvang moet word. Hoewel geloof noodsaaklik is en die mens voortdurend daartoe opgeroep word, mag daarin nooit 'n oorsaaklikheid gesoek word as sou dit in die plek van die wet 'n nuwe grond vir regverdigmaking wees nie. Regverdigmaking is geen effek of resultaat van die geloof nie. In geloof gaan dit juis om 'n afsien van die mens se eie werke, terwyl hy sy hoop plaas op dit wat Christus reeds gedoen het. Geloof in verband met regverdigmaking sou omskryf kan word as middel of as instrument waarmee Christus as ons geregtigheid omhels word (Genderen 1988:81-82, Heyns 1978:313).

Wanneer op geloof gewys word, as instrument waarmee die geregtigheid van Christus omhels word, dan is ook geloof nie 'n prestasie van die mens se kant nie. Geloof is die werk van die Heilige Gees in ons, dit is 'n gawe van God. Genderen (1988:77) wys daarop dat wie oor regverdiging deur die geloof praat, praat oor die Heilige Gees wat ons deur die geloof in die heil laat deel, wat inhou; dat net so min as wat die mens in sy eie werke mag roem, net so min kan hy in sy eie geloof roem.

Wanneer begryp word dat daar 'n kontras is in die verhouding regverdigmaking, geloof en die genade van God enersyds en die regverdiging uit die werke andersyds, dan kan Paulus se uitsprake in sy leer oor die regverdigmaking van die goddelose en die toerekening van geloof tot geregtigheid verstaan word (Rom 4:5). Verder meer is van

belang vir hierdie studieonderwerp dat die toerekening van geregtigheid as 'n genadedaad van God gelykgestel kan word aan die vergifnis van sondes. Hierdie gedagte tree sterk na vore by Ridderbos (1975:176) wat dit as volg verwoord: 'If it is thus said of faith that it is reckoned for righteousness, then faith is here considered as the means or the instrument by which man participates in the divine grace; for this reason this imputation can also be equated with the forgiveness of sins.'

### 3.9.4.6 REGVERDIGMAKING EN DIE OPSTANDING VAN CHRISTUS

Soos reeds aangetoon is die dood van Christus vir Paulus die grond van regverdigmaking. Vir hom was dit die grond vir die vryskelding van skuld. Belangrik is om daarop te let dat hierdie grond ook vir God aanneemlik moes wees. Guthrie (1981:504) wys daarop dat omdat die opstanding van Christus in sigself 'n daad van God was, as 'n demonstrasie van sy mag, is dit ook 'n demonstrasie van Sy regverdigende aktiwiteit. Dit blyk dan ook die belangrike te wees in Paulus se verklaring in Romeine 4:25 dat Jesus 'opgewek is terwille van ons regverdigmaking'. Die oortuiging dat God hierdie plaasvervangende dood van Christus aanneem, word deur Guthrie (1981:504) verwoord: 'It is as if the judge accepts the substitute's death and then at once raises him from the dead to plea the cause of those on whose behalf he has died.'

'n Duidelike verband in Christus se opstanding en die mens se regverdigmaking vorm duidelik deel van die Gereformeerde belydenis soos dan ook vervat in die Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1991:198) Sondag 17 vraag 45:

> Vraag: Watter nut het die opstanding van Christus vir ons?
> Antwoord: Eerstens het Hy deur sy opstanding die dood oorwin sodat Hy ons die geregtigheid wat Hy deur sy dood verwerf het, deelagtig kon maak (a). Tweedens word ons nou ook deur sy krag tot 'n nuwe lewe opgewek (b). Derdens is die opstanding van Christus vir ons 'n betroubare waarborg van ons salige opstanding (c). (a) Rom 4:25, 1 Pet 1:3, 1 Kor 15:16. (b) Rom 6:4; Kol 3:1.5; Ef 2:5,6. (c) 1 Kor 15:20,21.

### 3.9.4.7 REGVERDIGMAKING EN LATERE SONDES

Die vraag word dikwels gevra of regverdigmaking nie net effektief is ten opsigte van

sondes wat tot voor die punt van regverdigmaking plaasgevind het nie. Die vraag word gevra of daar nie op 'n ander wyse voorsien moet word vir sondes wat na regverdigmaking plaasvind nie. Die antwoord word gevind in die eskatologiese karakter van regverdigmaking. Ladd (1974:449) sê omdat regverdigmaking 'n eskatologiese gebeure is, hoort dit aan die einde van die mens se lewe wanneer die mens voor die finale oordeel van God sal staan om op sy hele lewensgedrag te antwoord. Dit is nie gebind aan die punt waarop tot geloof gekom is nie, maar gaan om die finale oordeel wat in Christus sigself vooruit gestu het in die stroom van die geskiedenis in. As die finale oordeel behou dit sy oriëntasie ten opsigte van die gelowige se hele lewe. Hy is nie slegs van die sondes voor die tyd van geloof geregverdig nie, maar is geregverdig van alle skuld.

Vir die Gereformeerde teologie is regverdigmaking nie alleen 'n troos met die oog op die finale oordeel nie, maar word dit ook gesien as dit wat duidelik op die vergifnis van sondes dui. Beide aspekte tree in die verwoording van die Heidelbergse Kategismes Sondag 21 vraag 56 na vore en antwoord soos vervat in die Handboek vir die Erediens van die Nederduitse Gereformeerde Kerk (1991:201,202):

> Wat glo jy van die vergewing van sondes ?
> Antw: Dat God, op grond van die voldoening van Christus, aan al my sondes en ook my sondige aard waarteen ek my lewe lank moet stry nooit meer (a), wil dink nie. Uit genade wil hy aan my die geregtigheid van Christus skenk (b) sodat ek nooit in die strafgerig van God sal kom nie (c). (a) 1 Joh 2:2; 1:7; 2 Kor 5:19. (b) Rom 7:23-25; Jer 31:34; Mig 7:19; Ps 103:3,10,12. (c) Joh 3:18; 5:24.

### 3.9.4.8 REGVERDIGMAKING EN DIE OORDEEL VOLGENS WERKE

Wanneer Paulus se leer oor regverdigmaking in geheel nagegaan word, word gevind dat naas regverdigmaking deur die geloof, hy ook dit dat elke mens volgens sy werke geoordeel en geregverdig sal word, beklemtoon (Rom 2:13). Op die oog af wil dit voorkom asof hier 'n teenspraak in sy uitsprake oor regverdigmaking is. In werklikheid bestaan hier geen teenspraak nie. Werke vorm 'n noodsaaklike bestanddeel van die gelowige se geloofslewe. Geloof en werke hoort onafskeidelik bymekaar. Hierdie waarheid word deur Ridderbos (1975:180) onderstreep: 'For just as absolutely as faith is involved in justification by the grace of God and by nothing else, even so work emanates

from this same faith; as faith it cannot remain empty and workless, but becomes known as faith precisely in works.'

Om Paulus se leer oor regverdigmaking in enkele sinne saam te vat, hoewel nie allesomvattend nie, word aangesluit by Goppelt (1976:470,471) se verwoording:

> Paulus deuted Jesu Erscheinung, insbesondere das Kreutz, von der Mitte der atl. Gottesoffenbarung her, wenn er als Erweis der Gottesgerechtigkeit bzw. als Rechtfertigung des Sünders versteht (Rom 4,6 f). Das Gotteshandeln, das Jesu sühnend und stellvertretend den Tod des Sunders sterben liess, begegnet uns als die "Erweisung der Gerechtigkeit" Gottes. Diese "rechtfertigt", d.h. sie macht uns gerecht; sie verleiht nicht eine Qualität, sondern stellt in eine pesönhafte Relation. Sie macht den Glaubenden zum Bundes partner Gottes.
>
> Rechtfertigung bedeuted:Gott sezt den Mensch in das rechte Verhältnis zu sich. Er weist ihm einen Platz an seinem Tisch zu. Diesen Platz einnehmen, um zu leben, bedeuted glauben. Gott schafft sich den Glaubenden als Partner. So ist Rechtgertigung gewiss immer zuerst forensisch (Rom 4:25). Aber nach Röm 6:17-23 hat man die Rechtfertigung nur, wenn man der Gerechtikeit dient, d.h.aus diesem Verhältnis lebt! Wer sich an den ihm von Gott zugewiesen Platz setzt,d.h. wer glaubt, wird gerechtfertigt. Glauben bedeuted: von Jesus her Gott recht geben.

## 3.10 DIE OPHEF VAN SKULD DEUR VERGIFNIS

In die nagaan van die hantering en realisering van vergifnis in die Ou Testament, is gevind dat dit deur verskillende fases heen gegroei het. Wanneer op die Nuwe Testament gelet word, val dit op dat ons hier te make het met twee fases naamlik 'n Voor-Paseperiode waar vergifnis soos deur Jesus verleen eskatologies heenwys na sy komende soendood aan die kruis en 'n Na-Paseperiode waarin die verlening van vergifnis telkens terugverwys na die volbragte soenoffer van Christus aan die kruis. In hierdie onderafdeling sal eerstens gelet word op die mees voorkomende terminologieë wat direk of indirek dui op vergifnis. Vervolgens sal daarop gelet word hoe vergifnis in die Nuwe Testament verstaan en verwoord is waarna enkele begrippe wat aangedui word as

voorwaarde vir vergifnis toegelig sal word, asook dit wat die verlening van vergifnis onmoontlik maak. Ten slotte sal die wese, rol en betekenis van die sakramente nagegaan word. Gedagtig aan 'n verskraalde of bykans geen godsdiensagtergrond van sommige persone in die gevangenis, is 'n juiste verstaan van die sakramente van die allergrootste belang. 'n Regte verstaan van die Woord en sakrament gee sekerheid op 'n nuwe ingeslane weg en voorkom vertwyfeling. Dit voorkom 'n geloofslewe van 'n voortdurende val en opstaan, juis ook binne die gevangenis met sy eie 'Umwelt', wat na luid van die Duitse spreekwoord getipeer kan word as: 'Himmelhoch jauchzend und dan wieder zum Tode betrüb.'

### 3.10.1 TERMINOLOGIESE OORSIG

In die Nuwe Testament word verskeie begrippe gebruik wat direk of indirek op vergifnis dui waarvan die volgende voorbeelde is:

- **aphiymi, aphesis**

  Die woorde, 'aphiymi' - 'om te vergewe' en 'aphesis' - 'vergifnis', 'loslaat' is deur die Nuwe Testament en die Apostoliese Vaders gebruik. Dikwels kom hierdie terme in die sin van vryskelding van finansiële skuld voor maar dan as metafoor van vergifnis. Jesus self roep hierdie beeld na vore waar die vryskelding van skuld as metafoor gebruik word vir vergifnis (Shogren, 1992:835). Volgens Scharbert (1963:744-745) is hierdie twee terme, wat by geleentheid in die Septuaginta voorkom, deur die Nuwe Testament oorgeneem as die mees gebruikte terme met hul oorsprong vanuit die Griekse regsterminologie.

  By die woorde vir vergifnis, 'aphiymi' en 'aphesis', sluit Louw en Nida (1989:503) ook die woord 'apoluo' in. Van nader beskou het die woorde 'aphiymi', 'aphesis' en 'apoluo' die betekenis van om skuld te verwyder, wat die resultaat van 'n verkeerde daad is, om vry te skel, om te vergewe, vergifnis. As voorbeelde dien 'aphiymi' - 'en vergeef ons ons skulde,...' (Matt 6:12); 'aphesis' - 'Want dit is my bloed,.....wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes' (Matt 26:28). 'apoluo' - 'Spreek vry en julle sal vrygespreek word' (Luk 6:37).

Louw en Nida (1989:503) wys op die belangrikheid daarvan dat die fokus in die betekenis van 'aphiymi', 'aphesis' en 'apoluo' op die skuld van die oortreder en nie op die oortreding self gerig is nie. Die gebeure van die verkeerde daad word nie ongedaan gemaak nie, maar die skuld as resultaat van die gebeure word kwytgeskel. Vergifnis beteken daarom in wese om die skuld as resultaat van die verkeerde daad te verwyder. In aansluiting hierby is dit betekenisvol om daarop te let dat in sommige tale 'n duidelike onderskeid gemaak word tussen skuld en sonde. Terme vir vergifnis het daarom betrekking op skuld en nie op die verkeerde daad nie. Dus beteken 'om sondes te vergewe' letterlik om 'skuld te vergewe'. Dit is nie moontlik om 'n gebeure uit te wis nie, maar dit is moontlik om skuld te verwyder of uit te wis.

- **ilaskomai**

'ilaskomai' - om te vergeef, fokus op die instrument of die wyse waardeur vergifnis bereik word - 'om te vergewe'. 'eis to ilaskesthai tas ámartias tou laou' - 'sodat die sondes van die volk vergewe mag word' of 'sodat God die sondes van die volk mag vergewe' (Heb 2:17) (Louw & Nida, 1989:503).

- **charizomai**

Die begrip 'charizomai' word deur Arndt en Gingrich (1957:884) weergegee met: 'give freely or graciously as a favour, of God'. Louw en Nida (1989:503) verwys na hierdie begrip as om te vergewe op die grondslag van iemand se goedhartige houding teenoor 'n individu. As voorbeeld dien 2 Korinthiërs 12:13 '...Vergeef my hierdie onreg.' Daar word verder op gewys dat 'charizomai' in hierdie teksgedeelte in sommige gevalle sinvol vertaal sou kon word met: 'be so kind as to forgive me.'

- **alypto, airo, apoluomai**

Behalwe bogenoemde mees voorkomende begrippe is daar ook begrippe wat binne die raamwerk val, wat 'n wyer omskrywing van vergifnis weergee. Volgens Vorländer (1972:1265) vind hierdie begrippe gedeeltelik aanklank by die Ou

Testamentiese kultiese begrippe en sluit begrippe in soos: 'kalypto' - toedek, bedek, verberg; 'airo' - wegneem, uitdelg (Joh 1.29); 'apoluomai' - jou laat afwas (doop). By Paulus word gevind dat die mees voorkomende begrippe vir vergifnis 'aphiymi' en 'aphesis' op die agtergrond tree (slegs Efesiërs 1.7 en Kolossense 1.14), maar dieselfde saak tree by hom in die begrippe: 'dikaioō' - regverdiging en 'katallasso' -versoening na vore.

Wanneer na die totale beeld van die lidmaat in die gevangenis gekyk word, kan onder andere gesê word dat ons te make het met 'n mens wat niks meer het om weg te steek nie. Sy teenwoordigheid in die gevangenis mag reeds boekdele spreek sonder dat 'n woord gesê word. Begrippe soos 'loslaat', 'toedek', 'bedek', 'verberg', 'vryskelding' en 'genadebetoning' mag aan hom bekend wees. Hierdie begrippe mag egter in sy horisontale gerigtheid op sy 'Umwelt' deur hom as onrealiseerbaar en onwerklik belewe word. Wanneer daar egter 'n waaragtige skuldbesef by hierdie mens deurbreek en besef sou word wat in die verskillende skakeringe van die begrip vergifnis opgesluit lê, kan die weg geopen word om hierdie skuldbelaaide mens pastoraal na 'n nuwe lewe in Christus te begelei. Op hierdie wyse kan die mens bevry word van 'n horisontale denkpatroon waarin die verlede, hede en sy gerigtheid op die toekoms as 'n gepredisponeerde mislukking beskou en belewe word.

## 3.11 DIE REALISERING VAN VERGIFNIS

Alvorens die realisering van vergifnis in die Nuwe Testament nagegaan word, is dit nodig om na te gaan wat in Bybelse sin onder die begrip 'vergifnis' verstaan word. Vir die doel word aangesluit by omskrywing van die begrip 'vergifnis' deur Morro (1974:1134) wat toegee dat die omvang van vergifnis nie deur een enkele begrip of formule weergegee kan word nie: 'It removes all of the guilt and cause of alienation from the past; it assures a state of grace for the present; and promises Devine mercy and aid for the future.'

Wanneer op die voorafgaande hantering van sondeskuld in die Nuwe Testament gelet word, is dit duidelik dat God objektief in sy Seun voorsiening vir die versoening van die mens met Hom gemaak het, deurdat Hy sy Seun aan die kruis laat sterf het. Die mens se sondeskuld as die onoorbrugbare in sy weg tot versoening met God, word as 'n basiese

leer in die Nuwe Testament gevind met die noodsaak aan vergifnis alvorens daar 'n verskil in 'n mens se lewe kan kom. Guthrie (1981:577) verwoord hierdie gedagte as volg: 'It is basic to the NT doctrine of man that sin is the insuperable obstacle to his reconciliation with God. The initial steps towards restoration of fellowship with God must, therefore make provision for forgiveness. Only when this has been achieved can there be any radically different approach to human living.'

### 3.11.1 DIE OUTORITEIT TOT VERGIFNIS DEUR JESUS AS SEUN VAN DIE MENS

Waar op sondevergifnis in die Nuwe Testament gedui word, het die werkwoord, met die uitsondering van enkele plekke in die Sinoptiese Evangelies, altyd God tot subjek. So is dit dat ook waar die Nuwe Testament aan Christus die outoriteit toeskryf om sondes te vergewe, vergewing in die reël die werk van die Vader self is. God skenk vergifnis deur die Naam Jesus (Hand 10:43), in Hom (Ef 1:7; Kol 1:14) of deur die dood van sy Seun (Rom 5:10). So word aan Christus as Middelaar na analogie van die Ou Testamentiese priester gedink. Volgens die Sinoptici is Christus egter nie net Middelaar van vergewing nie, maar spreek Hy in eie mag vergifnis uit (Matt 9:2,5 vv, Mark 2:5,9 vv, Luk 5:20,23 vv, 7:48), waardeur Hy ondubbelsinnig aanspraak op goddelike outoriteit gemaak het (Scharbert, 1963:745-746).

Jesus grond sy mag om sondes te vergewe daarop deur na Homself as Seun van die Mens te verwys (Mark 2:10, Luk 5:24). Hierdie benaming word deur teoloë op verskillende wyses vertolk. Vir die doel van hierdie studie word aangesluit by die vertolking daarvan deur Ladd (1974:149-158).

In die Sinoptiese Evangelies kan die benaming Seun van die Mens in drie kategorieë onderskei word: Die Seun van die Mens as dienende op aarde, die Seun van die Mens in sy lyding en sterwe en die Seun van die Mens in sy eskatologiese heerlikheid.

In Jesus se gebruik van die benaming Seun van die Mens, het Hy aanspraak gemaak op Messiaanse waardigheid en 'n Messiaanse rol omdat dit die botone van 'n essensiële bonatuurlike karakter gedra het. Jesus noem Homself egter nie die Messias nie omdat sy sending totaal verskillend was van dit wat algemeen onder hierdie Messiaanse term verstaan is. Jesus het Homself Seun van die Mens genoem omdat hierdie titel 'n

aanspraak op verhewenheid gemaak het en Hom terselfdertyd toegelaat het om hierdie term met 'n nuwe betekenis te vul. Jesus doen dit deur die rol van die Seun van die Mens te verbind aan die van die Lydende Dienskneg. Eers wanneer die dissipels oortuig is dat Jesus inderdaad die Messias is, hoewel van 'n ongekende soort, het Hy hulle in die breër aspekte van die Seun van die Mens se bestemming onderrig. Hy moes eers plaasvervangend ly en sterwe en dan volgens die profesie van Daniël 7 in heerlikheid kom om die Koninkryk van God met krag en heerlikheid in te stel. Vir die Judaïsme was die lyding van die Messias nie te koppel aan 'n versoeningsdood nie, maar in konflik met sy vyande. Deur die term 'Seun van die Mens' het Jesus hemelse waardigheid en waarskynlik pre-eksistensie self op geëis asook dat Hy die een is wat eendag as Seun van die Mens op die wolke sal kom om die mense te oordeel en die glorieryke Koninkryk te bring. In Jesus het die toekomstige apokaliptiese koninkryk heimlik gekom om vooruit tussen mense te werk met die oog op die openbare manifestasie daarvan.

Deur Homself as die Seun van die Mens aan te toon, het Jesus daarop aanspraak gemaak om die Messias te wees, maar in Sy gebruik van die term het Hy aangetoon dat Sy Messiasskap van 'n heel ander aard was as wat algemeen verwag is. Op grond hiervan is Jesus se aanspraak nie deur almal erken nie, maar was die bewuswording van die reeds aanwesige Messias beperk tot diegene met 'n bepaalde geestelike gevoeligheid: 'It was a claim therefore, that would not be readily recognized by the people who possessed an erroneous concept of the Messiah, but which nevertheless was designed to alert those who were spiritually responsive to the actual presence, of the Messiah, although in an unforseen messianic role' (Ladd, 1974:158).

Die benaming Seun van die Mens vind sy eindpunt in die wederkoms van Christus as die eskatologiese regter, daarom is Hy volgens Shogren (1992:836) in staat om vooruit vryskelding en oordeel aan te kondig: 'The point in the Son of Man sayings as presently written is that Jesus himself is the Son of Man on earth, and as such will be the eschatological judge (Matt 25:31-46. Mark 8:38, John 5:22). Thus he is able in advance to pronounce acquittal and to pronounce judgement (Matt 11:20-24, Luc 10:13-15), among others.'

In Jesus het God in die hede kom handel. In Jesus het die toekomstige Regter die mens kom konfronteer met God se wil. In Jesus is God se vaderlike reddende aktiwiteit in die

toekoms, nie net primêr as die vergifnis van sondes aangekondig nie, maar ook in die teenswoordige gerealiseer. Kümmel (1974:44) verwoord dit as: 'He not only promised this forgiveness, but also caused it to be a present reality.'

### 3.11.2 DIE WYSE VAN REALISERING DEUR JESUS.

Jesus se koms na hierdie wêreld, is gekenmerk deur Sy bemoeienis met die sondaars. Sy optrede is egter deur die skrifgeleerdes en Fariseërs bevraagteken omdat Hy saam met die tollenaars en sondaars geëet en gedrink het( Mark 2:15). Sy antwoord (Mark 2:17) daarop was dat die wat gesond is, nie die geneesheer nodig het nie, maar die wat ongesteld is. Hy het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar sondaars tot bekering. Hierdie bemoeienis van Jesus met die verlore mens, kom veral na vore in die gelykenisse wat Hy vertel het. So is die gelykenis van die verlore seun (Luk 15:11-32) 'n paradigma van die vergewing van die sondaar met die beklemtoning van die Vader se bereidwilligheid om diegene te herstel wat in nederigheid na Hom terugkeer. Diegene wat na analogie van die verlore seun deur Jesus vergewe is, was afkomstig uit verskeie omstandighede van nood. Shogren (1992:836) verwoord hierdie verskeidenheid asook die vryheid in God se vergifnis as volg: 'Those whom Jesus receives and forgives are like the prodigal: Whether crushed by illness (Mark 2:3-4) or guilt and social ostracism (Mark 2:1, Joh 8.11), those who have felt the yoke of shame can find freedom in God's forgiveness.'

Die ontsluiting van Jesus se werk op aarde word in sy gelykenisse oor verlorenes, by wie Hy teenwoordig is, gevind as die een deur wie se rede en handelinge God se heerskappy van die eindtyd ter sprake kom en werksaam word. Goppelt (1974:181) wat hierop wys, vestig ook die aandag daarop dat op welke wyse Jesus ook al met sondaars bemoeienis gemaak het, het God se vergifnis sonder dat dit selfs uitgespreek is, plaasgevind: 'Wo immer Jesus Sündern seine Gemeinschaft schenk, sei es durch Tischgemeinschaft, sei es durch die Heilung eines Kranken, sei es durch die Berufung in die Nachfolge, geschieht, ohne daß dies ausgesprochen wird, Vergeben von Gott her.'

Die vergifnis wat so verleen word, beteken egter nie net die uitdelg van skuld nie, maar sluit ook die herstel van gemeenskap en heropname van die skepsel deur sy Skepper as opname in die lewe van die eindheerskappy van God in. Die oorgawe van sondaars aan

die gemeenskap van Jesus is egter hulle omkeer in God se heerskappy. Die sondaar het egter slegs die onvoorwaardelike verwagte opname in soverre as wat hy terugkeer. So is die verlorene wat gevind is (Luk. 15:7-10) die omkerende sondaar.

In die nagaan van sondevergewing soos deur Jesus hanteer, word gevind dat sondevergifnis nie toegesê word nie, maar veel eerder word verkondig dat vergewing plaasgevind het. Slegs in Lukas 7:47 en Markus 2:5 word gevind dat Jesus direk van sondevergifnis spreek. Ook is dit so dat vergewing nie as 'n daad plaasvind nie maar as 'n proses. In die geval van die sondares (Luk. 7:36-50) is hierdie proses voltrek as aanname deur Jesus wat haar toekeer tot Hom beantwoord het. Vergewing deur Jesus geskied deur sy toewending en is deur Sy gelykenisse ter sprake gebring.

Goppelt (1974:181-183) wys daarop dat daar by Jesus 'n bepaalde samehang gevind word tussen genesing, sondevergifnis en geloof asook tussen vergifnis, bekering en geloof.

- Genesing - Sondevergewing - Geloof

  Wanneer 'n verlamde man (Mark 2:1-12) na Jesus gebring word, geskied dit in die geloof dat Jesus hom kan genees. Wanneer Jesus hierdie geloof bemerk, toon Hy openlik wat Hy kan gee aan 'n sieke wat by Hom God se hulp soek. Terwyl almal die genesing van hierdie man verwag, spreek Hy eers die vergewing van sonde uit. Eers daarna (2:11) volg die woorde wat genesing bemiddel het. Hierdie twee uitsprake langs mekaar geplaas, beteken in wese dat vergifnis die genesing van die mens in sy totaliteit beteken en omgekeerd: Jesus se genesing het tot inhoud die vergewende toewending van God.

- Vergewing - Omkering - Geloof

  Wanneer Jesus Hom tot die Fariseërs in 'n gelykenis rig, dan praat Hy van die bekering van 'n sondaar (Luk 15:7,10), terwyl in gevalle waar Jesus aan mense vergifnis toesê, van gelowiges gepraat word (Mark 2:5, Luk 7:48,50). Die terminologie het sigbaar gewissel met betrekking tot diegene wat aangespreek is. Teenoor buitestanders (Matt 11:21) is in terme van bekering gepraat terwyl

teenoor hulle wat direk Jesus se hulp gesoek het sonder uitsondering met betrekking tot geloof aangespreek is. Die wisseling tussen die begrippe is egter moontlik omdat hulle inhoudelik in 'n mate met mekaar ooreenkom. So word die terugkeer van die verlore seun in dieselfde woorde geteken as die gebeure van die hoofman van Kapernaüm wat hom tot Jesus rig. In eersgenoemde geval (Luk. 15:18 vv) word die woorde gevind: 'Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê... ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge.' In laasgenoemde geval (Matt 8:8,10) is dit die hoofman wat sê: 'Here, ek is nie werd dat U onder my dak inkom nie; maar spreek net 'n woord...' Na aanleiding van hierdie woorde is dit Jesus wat verklaar: 'voorwaar Ek sê vir julle, selfs in Israel het Ek so 'n groot geloof nie gevind nie.' Hiervolgens is geloof die grondleggende voltrekking van die bekering. Geloof dra hier die betekenis dat daar nie meer op die eie moontlikhede gebou word nie, maar dat die mens hom sal werp op die hulp en vergifnis van God.

Van belang is wanneer Guthrie (1981:578) daarop wys dat Lukas 15 nie gesien moet word as enigste bron vir die verstaan van vergifnis nie. Indien dit so was, sou daaruit afgelei kon word dat dit vir 'n mens slegs nodig is om hom te bekeer en vir God om hom te vergewe. In sodanige geval sou Christus se offer geheel en al onnodig gewees het. Geen leer oor vergifnis sou dus op hierdie gelykenis alleen gebou kon word nie hoewel die getuienis daarvan van waarde is. Die belangrikste lering wat uit hierdie gelykenis na vore tree, is dat God se vergifnis onverdiend is.

### 3.11.3 VERGIFNIS IN DIE KRUIS

Vanweë Israel se voortdurende ongehoorsaamheid aan die wet van Moses, is hulle uiteindelik gestraf. Die oplossing sou 'n verbond wees waarin God sy volk sou vergewe en hulle innerlik sou verander: 'Want Ek sal hulle ongeregtighede vergewe en aan hulle sondes nie meer dink nie' (Jer 31:34); 'Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word; van al jul onreinhede en van al jul drekgode sal Ek julle reinig' (Eseg 36:25 vergelyk Heb 9:12-14).

In al die weergawes van die Nagmaal word die vestiging van die nuwe verbond (Nuwe Testament) vermeld. In die byvoeging wat slegs in Mattheüs 26:28 gevind word, word vergifnis direk aan Jesus se dood verbind: 'Want dit is my bloed, die bloed van die Nuwe Testament wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes' (Shogren, 1992:836).

Sonder om die eis van die Ou Testament dat vergifnis met offers waar bloed gestort word, gepaard moet gaan, te ontken, het die skrywers van die Nuwe Testament konsekwent na Christus gewys as die finale offer en die vervulling van die Mosaïese sisteem (Heb 9:22) '... en sonder bloedvergieting vind daar geen vergifnis plaas nie'). Volgens Hebreërs 10:12-18 het Christus 'n eenmalige offer gebring; Hy het vir altyd volmaak die wat geheilig is en vanweë die vergifnis van hierdie dinge is geen offer meer nodig vir die sonde nie. In wese beteken dit dat daar geen behoefte meer aan die tempelkultus bestaan nie (Shogren, 1992:836).

In die Nuwe Testament, soos ook in die Ou Testament, is vergifnis 'n genadegeskenk van God. Hier egter is alle funksies wat in die Ou Testamentiese offer aanwesig was in Christus verenig. Dit bring mee dat alhoewel God die Vader altyd die Gewer van vergifnis is, is vergifnis in die Nuwe Testament altyd aan Christus gebonde. God waarborg dit 'deur die naam van Jesus' (Hand 10:43) en 'in Hom' (Ef 1:7, Kol 1:14). Paulus wys daarop dat God hom met ons versoen het 'deur Christus' (Rom 5:11, 2 Kor 5:18) en 'in Christus' (2 Kor 5:19), of deur die dood van sy Seun (Rom 5:10). Deur die Doop waardeur ons deel kry aan die dood en opstanding van Jesus, het God ons 'met Hom lewend gemaak deurdat Hy al die misdade vergewe het' (Kol 2: 13). Scharbert (1963:745) wat op bogenoemde wys, verwoord baie duidelik die eendersheid maar ook andersheid tussen die Ou Testament en Nuwe Testament waar al die funksies van die offer uiteindelik in Christus verenig is: 'Auch im Neue Testament ist die Vergebung ein freies Gnadengeschenk Gottes. Aber dieser hat sie unter Aufhebung des atl. Sühnerituals (vgl. Hebr 10:11) an eine neue Heilsökonomie geknüpft, in der nun Christus die Funktionen der atl. Bundesmittler und zugleich der Sünhneopfer übernimt.'

Na Christus se sterwe en opstanding het daar 'n spesifiek Christelike dimensie na vore getree. Die gemeenskap het tot die besef gekom dat hulle God se vergifnis moet ontvang, as dit wat aan die mens gebied word deur die reddende daad wat in Christus plaasgevind het (Bultmann, 1974:511).

Christus se kruisdood word by 'n skrywer soos Paulus nie as 'n voorwaarde vir vergifnis gestel nie, maar tog kan dit nie los daarvan gesien word nie. In die geval van die skrywer van die Hebreër brief word vergifnis egter baie duidelik met die eenmalige offerdood van Christus in verband gebring. Guthrie (1981:594,595,598) wat die tema vergifnis by beide Paulus en die Hebreër brief nagegaan het, is oortuig dat hoewel Paulus nie Christus se dood as voorwaarde vir vergifnis stel nie, daar op grond van Efesiërs 1:7 en Kolossense 1:14 rede is om te glo dat Paulus nie losstaande van Christus se dood, 'n begrip van vergifnis kon gehad het nie. By die skrywer van die Hebreërbrief word vergifnis baie spesifiek in twee gevalle (9:22; 10:18) vermeld. In die eerste geval (9:22) word die vergifnis van sondes met die stort van bloed verbind wat fundamenteel 'n skakel met die offersisteem vertoon. Dieselfde geld in die tweede geval (10:18) waar gehandhaaf word dat waar sondes vergewe word (soos in die nuwe verbond, vergelyk Jer 31:33-34 wat in die verband aangehaal word), daar geen verdere offer vir sondes is nie. Vergifnis onder die nuwe verbond word steeds op die offer gebaseer, maar dan op 'n nie herhaalbare offer. In beide bogenoemde hoofstukke uit die Hebreër brief is die idee van vergifnis die grondslag van die hele bespreking van die offer.

Die konstante getuienis wat in die Nuwe Testament gevind word, is dat die vergifnis wat God bied, onlosmaaklik aan die kruisdood van Jesus verbind is. Met verwysing na 2 Korintiërs 5:19 druk Shogren (1992:837) hom hieroor as volg uit: 'The consistent witness of the NT authors is that God offers forgiveness, not just because he is merciful, but because of the atonement in the cross... So appeal must now be made not simply to God's mercy, but to God's mercy in Christ.'

Met verwysing na die apostels (Hand 4:12; Rom 3:24, 5:11, 2 Kor 5:19, Gal 3:13) word bogenoemde oortuiging ook deur Morro (1974:1135) onderstreep: 'In the writings of the apostles it is repeatedly and clearly affirmed that our forgiveness and reconciliation to God is based upon the death of Christ.'

### 3.11.4 VERGIFNIS BY PAULUS

'n Fundamentele betekenis verskuiwing het in die Nuwe Testament by Paulus plaasgevind. Die begrippe 'aphiymi' en 'aphesis' word slegs enkele kere deur Paulus in die betekenis van vergewing gebruik. Die mees voorkomende begrip by Paulus is die

werkwoord 'dikaioun'. In plaas daarvan dat dit slegs gebruik word om na die vryspraak van 'n onskuldige te verwys, word die werkwoord nou merendeels in verband met die sondige mens gebring wat die versoening van God en daarmee verlossing ervaar het (Rom 3:26, 28, 30, 4:2,5, 1 Kor 4:4, Gal 3:8.11, Jak 2:21, 24). By Paulus word die verkondiging van vergewing as 'n deurdagte sisteem gevind. Die saak waarom dit gaan, is dat vergewing nie net om die vryskelding van skuld van die verlede nie gaan nie, maar dat dit ook die bevryding van die mag van die sonde in geheel asook die heropname in die gemeenskap met God tot inhoud het. Hierdie oortuiging vind dan ook uitdrukking in Paulus se leer oor die regverdigmaking (Vorländer, 1972:1266, Scharbert, 1963:745).

Hoewel daar min verwysings na Paulus se leer oor vergifnis is, is die gedagte fundamenteel aan Paulus se teologie. Regverdigmaking sou betekenisloos gewees het as die geregverdigde mens nie die versekering gehad het dat sy sondes vergewe is nie. Soortgelyk sou versoening met God ewe ondenkbaar wees as die las van skuld nie verwyder sou wees nie. Inderdaad is Paulus se leer om dood vir die sonde te wees (Rom. 6) 'n ander wyse om vergifnis uit te druk, maar in 'n meer dinamiese vorm. Nie slegs is sonde vergewe nie maar dit is ook beroof van sy mag, van sy eintlike lewe. Hier is Paulus baie spesifiek dat dit deur die dood van Christus bereik is (Guthrie, 1981:594). Die alles beheersende betekenis van Christus se dood aan die kruis, is vir Paulus die sleutel in sy leer oor vergifnis. Hiervan is die opmerking van Miller en Miller (1973;206) met verwysing na Efesiërs 1:7 'n sprekende voorbeeld: 'Paul's doctrine of forgiveness is that redemption came by Christ's atoning death on the cross, as the victim of the sins of men (Eph 1:7).'

Morro (1974:1134) wys met verwysing na Stevens daarop dat vir Paulus die begrippe vergifnis en regverdigmaking prakties gesproke dieselfde is. Hy het egter 'n bepaalde rede waarom hy voorkeur aan die begrip regverdigmaking gee: 'He preferred the latter, however, because it was better fitted to express the idea of secure, present and permanent acceptance in the sight of God. It connoted both a complete and a permanent state of grace.'

### 3.11.5 VERGIFNIS DEUR DIE APOSTELS

In Johannes 20:23 verskyn Jesus aan tien van die apostels met die belofte: 'As julle die mense hulle sondes vergewe, dan word dit hulle vergewe; as julle die mense hulle sondes

hou, dan is dit gehou'. Shogren (1992:837) wys daarop dat hierdie gedeelte deur die Rooms-Katolieke Kerk as waarborg geneem is vir die absolusie van sondes deur 'n priester, terwyl Protestante dit in die algemeen vertolk as die outoriteit om die evangelie te verkondig (soos in Luk 24:47) of die reg om die Doop te weerhou.

'n Vraag wat na vore tree, is of die mag om sondes te vergewe of te hou nie aan die apostels en deur hulle aan individuele Christene gegee is nie. Morris (1973:848) is van oortuiging dat diegene wat teenwoordig was, dieselfde groep was as diegene wat in die Lukas Evangelie (Luk 24:33 vv) vermeld word. Hierdie groep het dus ook Cleopas en sy vriend wat met hom na Emmaus onderweg was, ingesluit. Die groep tot wie die woorde van Christus gerig was, het nie 'n 'bediening' gevorm nie, maar was eerder verteenwoordigers van die kerk as geheel.

Van belang is om daarop te let dat beide die werkwoorde 'vergewe' en 'hou' in die betrokke vers in die perfektum is. Hier word dus verwys na dit wat reeds in die hemel vasstaan. Wanneer die kerk dus onder leiding van die Heilige Gees sou handel en 'n aankondiging oor die aangeleentheid sou maak, sal gevind word dat die aankondiging reeds in die hemel van krag is. Hulle funksie is daarom slegs 'n verkondigende funksie wat die moontlikheid dat onafhanklik van God vergewe kan word, uitsluit. Belangrik is ook dat nêrens gesuggereer word dat die sondes dié van individue is nie, maar dat hier eerder sprake is van bepaalde soorte sondes. Wat Jesus sê, is dat die geesvervulde kerk die volmag het om te verklaar, wat die sondes is, wat vergewe is en wat die sondes is wat gehou word. Dit stem ooreen met die Rabbynse lering waar na sekere sondes as 'gebonde' en na ander as 'ontbonde' verwys is. Wat egter van bepaalde soorte sondes geld, het ook sy toepassing op individuele gevalle. Hier geld as voorbeeld die geval van Annanias en Saffira in Handelinge 5. Hoewel die toepassing op individuele gevalle nie ontken kan word of verby gekyk moet word nie, is dit egter nie die subjek van hierdie gawe in Christus nie (Guthrie, 1981:548-549, Morris, 1973: 849-850).

Met die oog op die skuldhantering van die lidmaat in die gevangenis sal weer na hierdie onderafdeling teruggekeer word. Dit sal gedoen word deur te besin oor die bieg as sodanig. As vertrekpunt sal die biegstelsel soos dit deur die Rooms katolieke kerk beoefen word in behandeling geneem word. Leerstellig is die beoefening daarvan deur die Rooms Katolieke kerk in stryd met die Gereformeerde belydenis. Die vraag waaroor

besin sal moet word, is of die kerk as gevolg van sy teenkanting van dié praktyk nie sy oë sodanig sluit dat geen opening gelaat word dat hieruit moontlik tog iets geleer kan word met die oog op die pastoraat aan die mens wat met skuld belaai is nie.

## 3.12 VOORWAARDES VIR DIE REALISERING VAN VERGIFNIS

Soos in die Ou Testament word ook in die Nuwe Testament aan die sondaarmens bepaalde vereistes gestel vir die realisering van vergifnis. Dit raak nie net die ongelowige, wat vir die eerste keer hom tot die Here wend nie, maar ook die verloste wie se verhouding met die Here deur sonde versteur is. Dit is trouens nodig dat die gelowige vanweë sy onvolkomenheid daagliks die vergifnis van God sal begeer en sal soek (Matt. 6:12). Die ontvang van vergifnis kan egter nie 'n eindpunt in sigself wees nie. Diegene wat vergifnis ontvang het en so van skuld ontdaan is, se lewe moet ook toon dat hulle lewe as diegene aan wie God genade betoon het. Die omvang van dit wat in sodanige mensekinders se lewe tot uiting moet kom, verwoord Scharbert (1963:747) as:

> Die Vergebung ist zu aktualiseren durch Umkehr (Mk 1,4; Lk 5,32; 24,47 Apg 2,38; 2Kor 7,9f; Apk 2,5), durch >> Wandel im Lichte << (1 Jo 1,7), durch Frömmigkeit (2 Petr 1,8f), Nächsteliebe (1 Petr 4,8) und durch die Bereitschaft anderen zu verzeihen (Mt 6,12.14f; 18,23-35; Mk 11,25f; Lk 11,4). Der Sünder muss Reue bekunden wie der verlorene Sohn (Lk 15, 11-32) oder, wie die Sünderin von Lk 7, 36-50, demütig um Vergebung bitten (Lk 18,13f, Apg 8,32) und die Sünden bekennen (1 Jo 1,9).

Vir die doel van die studie word ook hier soos by die voorwaardes in die Ou Testament, die begrippe berou, skuldbelydenis en bekering nagegaan. Ook hier, soos in die Ou Testament, geld dit dat verootmoediging en berou sowel as skuldbelydenis begrippe is wat nou verweef is met die begrip bekering.

### 3.12.1 VEROOTMOEDIGING EN BEROU

Israel het God leer ken as die genadige stigter en getroue vennoot van die verbond. Israel se sonde deur sy ontrou het die verbond laat vasloop in vele konfliksituasies tussen God en sy volk. Dit het God gedwing om as Israel se teenstander op te tree en hom te

veroordeel. Hierdie veroordeling kom op tweërlei wyses tot openbaring: Enersyds kom dit daarin tot uiting dat Israel hom vasloop op die weg wat hy self gekies het. Andersyds is dit die profete wat hierdie vasloop vertolk het as teken van God se veroordeling van Israel. Hierdie veroordeling kon alleen opgehef word wanneer die volk in berou hul skuld sou erken. Dan alleen sou daar weer ruimte wees vir gemeenskap tussen God en sy volk. Op die weg van Israel in die Nuwe Testament is die veroordelingssituasie tot die uiterste gevoer toe Jesus gekruisig is en daardeur die breuk tussen God en sy volk dieper as ooit tevore geword het. Wanneer die Heilige Gees 'n mens deelnemend betrek op die weg van Israel en Christus, leer die mens om homself te herken in die ongehoorsame Israel en ook om die veroordeling van God op homself te betrek. Hierdie deelname hou altyd berou in (Berkhof, 1973:447-448).

Wat berou in wese is, word opsommenderwys aangesluit by wat Berkhof (1973:448,449) onder die begrip berou verstaan:

- Berou is die skokkende besef van 'n radikale fout waarvoor nie vergoed kan word nie, 'n fout waardeur ek God gelyk moet gee met sy veroordeling. Berou is dus die bewuswording van sonde.

- Berou gaan bo psigies-sosiale verhoudings uit. Berou gaan om die verhouding tot God. Berou gaan om verbondskennis waarin die mens weet van die liefde van God waarteen hy gesondig het en waarop hy nogtans hoop.

- Berou is veel meer en geheel anders as spyt wat treur oor die gevolge van 'n daad. Spyt treur oor die gevolge en in soverre ook oor die daad waaruit dit ontstaan het. Berou treur oor die daad self wat die liefdesgemeenskap versteur het.

- Berou beteken dat ons onvoorwaardelik, sonder verontskuldiging en in volle verantwoordelikheid die skuld op ons neem. Berou is dus iets geheel anders as depressie, selfhaat of masochisme. In berou is ons nie met onsself besig nie, maar met God (Ps 51:6).

- Hoewel berou niks kan goedmaak of onvoldoende is ten opsigte van die skuld

waarop dit betrekking het, is berou nie vertwyfeling nie. Deur dieselfde verbond wat die berou opwek word die mens in sy berou ook vasgehou en weer opgerig.

As voorbeelde van berou word op twee Skrifgedeeltes gelet: Die gelykenis van die verlore seun (Luk 15:17-19) en Petrus se verloëning van Jesus (Luk 22:62).

- **DIE VERLORE SEUN (LUK 15: 17-19)**

Nadat die seun deur ellende heen tot homself gekom het, het hy berou gekry. Sy berou kom tot uiting in die verwoording van sy voorgenome skuldbelydenis teenoor sy vader: 'Ek sal opstaan en na my vader gaan, en ek sal vir hom sê: Vader, ek het gesondig teen die hemel en voor u en ek is nie meer werd om u seun genoem te word nie; maak my soos een van u huurlinge (Luk 15:18-19)'.

Die inhoud van sy voorgenome belydenis toon dat hy hom bewus is van sonde. Hiervan sê Rienecker (1969:369-370) wat hierdie gedeelte onder die opskrif 'Die Reue über die Sünde' plaas: 'Seine Sünde bezeichnete er als eine gegen den Himmel und vor den Augen des Vaters geschehene. Er war sich bewust, die Gebote dessen verletz zu haben, der im Himmel thront.'

In geheel kom tot uiting dat sy berou eg is. Sy voorgenome skuldbelydenis spreek daarvan dat hy bereid is om onvoorwaardelik, sonder verontskuldiging en in volle verantwoordelikheid die skuld op hom te neem.

- **PETRUS SE VERLOËNING VAN JESUS (MATT 26:69-75; LUK 22:56-62; JOH 18:25-27)**

Petrus se verloëning van Jesus is voorafgegaan deur Jesus se waarskuwing dat Satan vurig begeer om die dissipels soos koring te sif (Luk 22:31). Op Petrus se verklaring dat hy bereid is om met Jesus in die gevangenis en in die dood te gaan (Luk 22:33), volg Jesus se voorspelling dat Petrus Hom in daardie selfde nag sou verloën (Luk 22:34).

Hoewel die genoemde Evangelies verskil in beriggewing oor die presiese verloop

van die gebeure wat Petrus se verloëning van Jesus voorafgegaan het, staan Petrus se verloëning as gemeenskaplike feit by al drie opgeteken. Terwyl Markus (14:72) en Lukas (22:62) Petrus se reaksie op die bewuswording van sy verloëning as 'n uitbars in trane opgeteken het, kom dit nie in Johannes se beriggewing van die verloëning voor nie, maar Petrus se droefheid oor sy verloëning word wel later in die evangelie tydens Petrus se herstel geteken (Joh 21:17). Die gemeenskaplike wat hierdeur na vore tree, is dat Petrus 'n diepe berou gehad het oor sy verloëning van Jesus. Skrifverklaarders is dit eens dat Petrus se trane dui op berou oor sy daad van verloëning. Rienecker (1969:515) in sy verklaring van die Lukas Evangelie (22:62) verwoord dit as volg: 'Zwei Momente, der Hahnen schrei und der Blick des Herrn, bewirkten bei dem Apostel bittere Tränen der Reue über seine dreimalige Verleugnung.'

Lane (1974:543) wat hierdie gedeelte vanuit die Markus Evangelie (14:72) verklaar, sluit hom aan by Birsall wanneer ook hy na Petrus se trane, as trane van berou verwys: 'He remembered Jesus' prophecy of his faithlessness and the circumstances in which it had been uttered (Ch. 14:27-31), and was overwhelmed with grief. It was like awakening from an evil dream that had begun with the failure to stay awake in Gethsemane (cf. Ch. 14:37). Peter fled in shame from those who had witnessed his ignominious denial and wept tears of remorse.'

Ten spyte van veelvuldige misdade wat agtereenvolgens gepleeg is, kom dit voor dat berou by 'n wetsoortreder mag ontbreek. In die verhaal van Gary Ziehl, soos vertel aan Olson (1979:12), word verhaal hoe Gary op twintigjarige leeftyd saam met 'n medebeskuldigde op die punt gestaan het om gevonnis te word vir ses en dertig aanklagte van diefstal en brandstigting. By beide van hulle was daar op daardie stadium geen sprake van berou oor hulle dade nie: 'We were guilty of so many things, even more than we were charged with, but we were not a bit sorry for any of them.'

### 3.12.2 SKULDBELYDENIS

In die Nuwe Testament soos in die Ou Testament word die belydenis van sonde as 'n onontbeerlike voorspel tot die ervaring van God se vergifnis beskou. Opmerklik is dan

ook juis die verbinding tussen belydenis en vergifnis by hulle wat op die boodskap van Jesus se voorganger reageer het (Matt 3:6), sowel as die uitdruklike lering van 1 Johannes 1:9. Begryplik is dan ook wanneer Jesus die openlike erkenning van persoonlike ongehoorsaamheid en mislukking die voorwaarde maak vir die herstel tussen die Vader en sy seun (Luk 15:7) (Grounds, 1975:938).

Wanneer die skuldbelaaide mens tot ware berou kom, kan hy nie anders as om in skuldbelydenis voor God of sy medemens oop te breek nie. Wat ten diepste met die mens gebeur, wat sy skuld bely, sou enigsins aangesluit kan word by Boston (1994:71-72) se verwoording daarvan: 'Belijdenis van zonde doen is het uitbraken van de zonde, waardoor de zoete bete wordt uitgespuwd; en het is een uitweg voor echt berouw, schaamtegevoel en zelfverfoeiing. Als het hart daartoe wordt losgemaakt, wordt de mens als een stuk vis die gekookt wordt in het water waarin hij zwom.'

Gouws (1967:27-33) wat wys op die plek van die skuldbelydenis en genadeverkondiging in die erediens, wys daarop dat skuldbelydenisse hoofsaaklik buite die gemeentelike erediens plaasgevind het as persoonlike skuldbelydenisse. As voorbeelde dien die volgende:

- Mattheüs 6:12 - Christus leer ons om te bid om vergifnis van ons skulde waarin opgesluit is die belydenis van skuld.

- Mattheüs 3:6 - Die doop deur Johannes die Doper in die Jordaan (vergelyk ook Mark 1:4 en Luk 3:3). Hulle wat na hom toe gekom het is met die doop van bekering gedoop na belydenis van sonde.

- Mattheüs 27:4 - Nadat Judas die dertig silwerstukke na die owerpriesters en ouderlinge teruggebring het, het hy aan hulle gesê: 'Ek het gesondig deur onskuldige bloed te verraai.'

- Lukas 18:13 - Beide die Fariseër en die tollenaar bid in die tempel. Die tollenaar bid: ' ...wees my, sondaar genadig.'

- Lukas 5:8 - Na die wonderlike visvangs by die meer van Gennesaret is dit Petrus

wat op sy knieë voor Jesus val en uitroep: 'Gaan weg van my, Here, want ek is 'n sondige man!.'

- Handelinge 19:18 - Na Paulus se verkondiging in Efese, tydens sy derde sendingreis, lees ons: 'En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak.'

- Jakobus 5:16 - Die opdrag om misdade aan mekaar te bely: 'Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar ... '

- 1 Johannes 1:9 -Op die belydenis van sonde vergewe God en reinig Hy: 'As ons, ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig.'

Teenoor wie, in watter omstandighede asook die wyse waarop skuldbelydenis in die Nuwe Testament gedoen is, toon ooreenstemming met skuldbelydenisse in die Ou Testament, asook dat skuldbelydenisse in verskillende kategorieë verdeel kan word: Om hierdie kategorieë aan te toon word aangesluit by enkele voorbeelde soos deur Jacobs (1974:699) belig:

- Belydenisse teenoor God alleen.

  Waar ware berou aanwesig is, bely die boeteling met vrymoedigheid sy skuld teenoor Hom teenoor wie hy gesondig het (Ps 32:3-6, 1 Joh 1:9, Spr 28:13). Sodanige belydenisse mag in stilte of mondelings geskied; dit mag in die algemeen (Ps 51) of sonde by die naam wees. Dit kan selfs uitbrei na dit wat nie ontdek is nie, maar waar geglo word dat dit bestaan as gevolg van 'n herkenbare innerlike verdorwenheid (Ps 19:13) en as sodanig sluit dit die staat sowel as die daad van die sonde in (Rom 7:18).

- Belydenisse teenoor die verontregte naaste.

  Jesus wys sy dissipels op die noodsaak om versoening te soek met die veronregte naaste (Matt. 5:23,24): 'As jy dan jou gawe na die altaar bring en dit

jou daar byval dat jou broeder iets teen jou het, laat jou gawe daar voor die altaar bly en gaan versoen jou eers met jou broeder, en kom dan en bring jou gawe'. Dit is ook na hierdie vorm van belydenis waarna in Jakobus 5:16 verwys word - 'Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar...'

- Belydenisse teenoor 'n geestelike leier.

2 Samuel 12:13 - Dawid bely sy skuld teenoor die profeet Natan na aanleiding van sy owerspel met Batséba: 'En Dawid sê vir Natan: Ek het gesondig teen die Here.' In die Nuwe Testament (Hand 19:18) is dit die Efesiërs wat hulle sonde voor Paulus kom bely het. 'En baie van die wat gelowig geword het, het belydenis kom doen en hulle dade bekend gemaak.' Hierdie belydenis is 'n algemene erkenning van sondigheid en gaan oor in 'n opstapeling van besonderhede waar die boeteling se gewete baie swaar belas is.

- Belydenisse moet ooreenkomstig die aard van die oortreding wees.

Hier word aangesluit by Boston (1994:72) wat daarop wys dat naas die verborge sonde wat in die verborgene voor God bely word en die persoonlike oortreding wat teenoor die verontregte persoon bely word, daar ook oortredings is wat vanweë die openbare skande daaraan verbonde in die openbaar bely moet word (1 Tim 5:20). Waar die belydenis nie ooreenkomstig die aard van die oortreding plaasvind nie, word die oneer wat God se eer aangedoen is, nie herstel nie.

Skuldbelydenis kan slegs geskied waar berou reeds aanwesig is. Wanneer op berou by die lidmaat in die gevangenis gelet word sal duidelik nagegaan moet word wat die egtheid van die aanwesige berou is. In die voorafgaande is aangetoon dat een van die wesenseienskappe van berou inhou, dat ons onvoorwaardelik, sonder verontskuldiging en in volle verantwoordelikheid die skuld op ons neem. Wanneer gelet word op die uitspraak van Sephton in De Klerk et al (1979:210), word daar weinig aan hierdie vereiste voldoen: 'Treffend is dat die meeste gevonnistes beweer hulle is onskuldig. Diegene wat nog skuld erken, verwys meestal na een of ander groter misdadiger wat hulle ingesleep het en geweet het hoe om die leeue aandeel van die buit te bekom, maar die vonnis

vry te spring deur die skuld op die ongelukkige te werp.'

Hoewel bogenoemde aanhaling die negatiewe ten opsigte van die menswees van die wetsoortreder onderstreep, kan en mag nie hierby volstaan word nie. Dit is dit van kardinale belang dat hulle met 'n egte berou gelei sal word om te kan oopbreek in 'n skuldbelydenis voor die Here.

### 3.12.3 BEKERING

Op die drumpel van die Nuwe Testament word die profetiese oproep tot bekering in die prediking van Johannes die Doper gevind. Die inhoud van sy boodskap word gevind in sy woorde aan die Joodse volk: 'Bekeer julle, want die koninkryk van die hemele het naby gekom' (Matt 3:2). Die feit dat die Jode tot die geslag van Abraham behoort sal hulle niks baat nie (Matt 3:9). Alle mense moet tot die erkenning kom dat hulle sondaars is, hulle moet vrugte dra wat by die bekering pas (Matt. 3:8) en 'n lewe lei wat by hulle beroep pas (Luk 3:10-14). As teken van hierdie boetvaardigheid het Johannes hulle met water gedoop wat die boeteling moes voorberei op die doop met die Heilige Gees en met vuur (Matt 3:11) wat hulle van die Messias sou ontvang (Giblet & Grelot, 1968:132).

Johannes se oproep tot bekering word opgevolg deur die eskatologiese sakrament van die doop van bekering as teken van die vergifnis van sonde (Mark 1:4) met bekering as doel (Matt 3:11, 'eis metanoian'; vgl Hand 13:24, 19:4). Hierin word aangedui dat bekering beskou is as beide 'n daad wat oopstaan vir die mens sowel as 'n plig. Dit is deur God aan die mens gegee as 'n eskatologiese gawe van genade maar ook as 'n plig wat van hom vereis is (Goetzmann, 1975:358).

Met die begin van Jesus se optrede neem Hy die oproep van Johannes die Doper letterlik oor (Mark 1:15, 4:17). Hy het gekom om sondaars te roep tot bekering (Luk 5:32) (Giblet & Grelot, 1968: 132). Die verskil in dieselfde oproep is egter daarin geleë dat Jesus nie soos Johannes gekyk het vir iemand om Hom te volg nie (Matt 3:11) maar dat Hy in sy eie koms die begin van God se beslissende werk gesien het (Luk 11:20, 17:21, Matt 11:6) (Goetzmann, 1975: 358).

Jesus het nie net die Godsryk kom aankondig nie, maar het begin om dit op 'n magtige

wyse 'n werklikheid te maak. Met Hom het die Godsryk 'n begin gemaak, al moes dit nog op 'n geheimsinnige wyse tot voltooiing kom. Die bekeringsdaad word op aanskoulike wyse deur Jesus in gelykenisse beskryf waardeur verskillende aspekte na vore tree:

- Bekering vereis 'n onvoorwaardelike oorgawe en gaan met 'n nederige gebed gepaard 'o God, wees my, sondaar, genadig!' (Luk. 18:13).

- Bekering is 'n genade wat aan die goddelike inisiatief te danke is. Dit is immers die herder wat sy skape gaan soek (Luk 15: 4 vv; vergelyk 15:8).

- Op die bekering van een sondaar is daar meer vreugde in die hemel as oor nege en negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie (Luk 15: 7, 10). Sommige van hierdie bekerings word deur Lukas verhaal soos in die geval van die sondares (Luk 7:36, 50) en dié van Saggeüs (Luk 19: 5-9) (Giblet & Grelot, 1968:132).

Om die begrip bekering in sy totaliteit te verstaan, soos dit tot sy volheid in die Nuwe Testament kom, is dit nie net nodig om die begrip bekering te omskrywe nie, maar is dit ook noodsaaklik dat verskillende aspekte daarvan verduidelik word. Hiervoor word kortliks aangesluit by die hantering daarvan deur Heyns (1978:316-318). Die begrip bekering kan omskrywe word as die mens se hartlike leedwese oor en totale breuk met sy sondige lewe en die begin van 'n nuwe lewe, uit 'n opregte liefde vir God. Aspekte van bekering wat egter verdere verduideliking noodsaak, is die volgende:

- Bekering is noodsaaklik.

Bekering in die Skrif is geen weelde waarsonder die Christelike lewe desnoods ewe goed kan klaarkom nie. Johannes die Doper sowel as Jesus sê uitdruklik dat wie hom nie bekeer nie, geen toegang tot die koninkryk van God kry nie (Matt 3:2, 4:17). Wie hom nie bekeer nie, se sondes word nie vergewe nie (Mark 1:4) en sal omkom deur die toorn van God (Luk 13:3, Matt 3:7).

- Bekering begin by berou oor sonde.

Insig in die verkeerdheid van sonde, en die droefheid daaroor, kan uit verskillende motiewe ontspring. Dit kan wees vanweë 'n besef van die ontnugterende aard van die sonde. Iets hiervan tree na vore by Kain, Esau en Judas. Dit spreek vanself dat hierdie wroeging en berou die mens nie na God uitdryf nie, want dit is en bly ten diepste 'n besig wees met die sonde self: 'n Droefheid dat die sonde in sy gevolge teleurstellend, uitsigloos en troosteloos is. Die emosionele belewing wat nie noodwendig ondiep en oneg hoef te wees nie, lei nie tot 'n persoonlike besef van skuld voor God nie en kan ook by die onwedergebore mens voorkom. In die Skrif word van hierdie droefheid gepraat as 'n droefheid van die wêreld (2 Kor 7:10 vgl. Hebr 12:7). Teenoor hierdie berou staan die berou oor die sonde as skending van God se majesteit en belediging van God's eer. Hierdie droefheid, ook genoem 'n droefheid van God hou die mens nie by die werklikheid van die sonde gevange nie, maar laat die mens na God toe vlug. Hierdie is 'n droefheid wat tot bekering lei; 'n onberoulike bekering tot verlossing (2 Kor 7:9).

- Bekering is 'n wegkeer van sonde en 'n toekeer na God.

Opregte berou oor sonde ('contritio') kom tot openbaring in 'n wegvlug van die sonde wat 'n afsterwe ('mortificatio') van die ou mens beteken. Hierdie wegvlug van die sonde is tegelyk 'n toevlug na God wat in feite die opstanding ('vivificatio') van die nuwe mens beteken.

- Bekering is 'n toekeer tot Jesus Christus.

In die Skrif het bekering 'n uitgesproke Christo-sentriese karakter. Om die rede gaan dit in bekering nie om die aanvaarding van intellektuele waarhede of die toe-eiening van 'n nuwe stel waardes of nuwe norme waaraan die lewe onderwerp moet word nie. In bekering gaan dit primêr om 'n persoon, naamlik om die persoon Jesus Christus, en eers hierna volg gehoorsaamheid aan en die wandel in die gebooie. Wanneer Jesus sê: 'bekeer julle en glo die evangelie' (Mark 1:15), maak Hy homself die Inhoud van die geloof en die Middelpunt van die bekering.

- Bekering is verandering van die totale mens.

Ofskoon daar in die Hebreeuse (onder andere 'shub') en Griekse ('metanoia' en 'epistrofé') woorde wat meestal vir bekering gebruik word, allerlei nuanseringe aanwesig is, dui almal tog op 'n verandering wat die ganse mens raak (Hebr 6:1,12, Hand 3:19, 26:20, 2 Kor 3:16). Beginnende by 'n inwendige verandering van denke, gevoel en wil, gaan dit voort na 'n uitwendige verandering wat sigbaar word in nuwe dade. Dit word hoorbaar in nuwe woorde, asook merkbaar in nuwe verhoudinge. Wat plaasvind is 'n hartsverandering wat 'n wesensverandering impliseer.

- Bekering is 'n eenmalige en voortgesette daad.

Wanneer 'n sondaar berou het oor sy sonde, kom hy tot bekering in 'n bewuste en positiewe daad van keuse vir en oorgawe aan God. Hierdie eerste bekering ('conversio actualis') wat as 'n radikale koersverandering beskou word, asook 'n verandering aan die hele sondige toestand bring, word in feite voortgesit ('conversio continua'). Dit gebeur wanneer voortdurend van bepaalde sondes soos liefdeloosheid, kettery, hebsug, seksuele oortreding en andere afgesien word (2 Kor 12:21, 2 Tim 2:35, Hebr 6:6). In hierdie lig is bekering 'n voltooide en onvoltooide daad. Dit is 'n beslissing waarin die lewe eenmaal aan God oorgegee is, maar beslissinge waarin gedurig ook weer van sondes afskeid geneem word.

- Bekering vind nie by almal op dieselfde wyse en tyd plaas nie.

Diegene wat binne die kring van die verbond opgegroei het wie se lewenspatroon ooreenstemming met die verbondseise vertoon, sal sy lewe op 'n minder dramatiese wyse, maar nie minder bewuste en besliste wyse aan Jesus Christus oorgee, as die mens wat buite die verbond gebore en grootgeword het nie. In eersgenoemde geval is die bekering eerder die resultaat van die stille werking van die Gees en 'n eienaarsverwisseling, wat sonder groot skokke plaasvind. Hiervan is Timotheüs (2 Tim 1:15) 'n voorbeeld. In die tweede geval kan die

bekering die vorm aanneem van 'n plotselinge krisis met of sonder intense gemoedsaandoeninge met 'n onderskeiding in twee fases: daarvoor en daarna. As voorbeelde van laasgenoemde geld Paulus (Hand 3:4 e.v.) en koning Manassa ( 2 Kron 13:22 vv.).

- Bekering is om vrugte te dra wat daarby pas.

Wanneer 'n mens waarlik tot bekering kom dan laat hierdie gebeure hom vrugte dra (Matt 3:8). Omgekeerd kan uit die vrugte ook die egtheid van die bekering vasgestel word. Die bekeerde sal die werke van die wet doen as daad van gehoorsaamheid uit liefde vir God. Omgekeerd kan egter nie afgelei word dat wie die werke van die wet doen bekeerd is nie. Bekering bestaan nie in, en val dus nie saam met die doen van goeie werke nie, maar kom daarin tot openbaring.

Wanneer oor bekering besin word, kan dit nooit 'n ligtelike saak wees nie; nie in die gewone gemeente situasie nie, en allermins ook nie in die bedieningssituasie in die gevangenis nie. Vele komplekse probleme mag in die wetsoortreder se lewe aanwesig wees wat aan verskeie oorsake gewyt kan word. Van belang is dat die pastoraat aan die wetsoortreder nie oorhaastig en oor simplisties hanteer sal word nie, maar wel gefundeerd met inagneming van die mens voor jou. Daar moet gewaak word teen oppervlakkige kits bekerings wat as gevolg van 'n gebrek aan diepte geen of weinig remminge bied vir 'n terugval na die ou lewe nie. Pace (1976:239) wys daarop dat daar vele gevangenes is met 'n 'jail house religion' sonder dat hulle wedergebore is. So is dit twyfelagtig dat 'n oorhaastige pastorale hantering enige vernuwing sal meebring: 'Certainly everyone ministering to inmates needs to take care not to rush an inmate into a profession of faith before the Holy Spirit has brought conviction of sin, before there is repentance and faith on the part of the individual, before there is a willingness to commit his life to the leadership of Jesus Christ. Otherwise, regeneration is unlikely to occur.' Wanneer die pastoraat oppervlakkig hanteer word, kan dit ruimte vir onrealistiese verwagtings skep. So mag dit voorkom dat waar bekering oppervlakkig en verkeerd verstaan word, 'n persoon God as't ware in 'n onderhandelingssituasie wil indwing met die oog op 'n 'wonderwerk'. Dit is nie onbekend dat vrylating die hoogste prioriteit in gevangenes se lewe is nie. So kan dit gebeur dat bekering vertolk word as die sleutel tot 'n vroeë vrylating waarin hy hom bekeer en God as't ware verplig is om hom vry te laat.

### 3.12.4 VERGIFNIS AAN MY NAASTE

In die gebed wat Jesus aan sy dissipels geleer het (Matt 6:12; Luk 11:4), word die verband tussen God se vergifnis vir ons en ons vergewing van mekaar benadruk. Die vergifnis van God kan slegs behou word waar die mens hom vir sy naaste oop stel. Laasgenoemde gedagte verwoord Goppelt (1974:184) as volg: 'Wie der Mensch Gottes Vergebung nur so weit hat, als er sich Gott zuwendet, heimkerhrt, so kan er sie auch nur behalten, wenn er sich für den nächsten Öffnet.'

Die Nuwe Testament leer voortdurend dat die opdrag om jou naaste te vergewe vierkantig op God se genadige vergifnis berus. So is die gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser (Matt 18:23-35) 'n teregwysing teen hulle wat van God genade verwag, maar van hulle kant niks aanbied nie; inderdaad dreig hierdie gelykenis om God se toorn weer te laat ontvlam. Dit word weerspieël in Jesus se woorde (18:35) aan die einde van die gelykenis: 'So sal ook my hemelse Vader aan julle doen as julle nie elkeen sy broeder van harte sy oortredinge vergewe nie' (Shogren, 1992:837). Die verlening van vergifnis aan die naaste gaan om meer as die blote uitreik van 'n verklaring. Na die voorbeeld van Jesus moet dit ten diepste gaan om die herstel van die verhouding wat verbreek is. So sal daar na die voorbeeld van Jesus, wat nie opgehou het om vergifnis te verleen nie, ook nie 'n stadium van weerhouding wees nie (Matt18:22): 'Ek sê vir jou, nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewentig maal sewe toe' (Goppelt, 1974:184).

Die verlening van vergifnis strek verder as om slegs die te vergewe wat jou om vergifnis nader. Een aspek wat verband hou met menslike vergifnis, maar lig mag werp op goddelike vergifnis, is die verpligting dat 'n benadeelde persoon die inisiatief moet neem om die proses van versoening in werking te stel. Om die inisiatief te kan neem, word van so 'n persoon verwag om 'n vergewensgesinde houding in te neem. In die verhaal van die verlore seun is dit opmerklik dat die vader geen stappe neem om die seun tot 'n belydenis aan te spoor nie, maar hy neem beslis die inisiatief in die eintlike versoening. Sy bereidheid om die verlore seun te vergewe, is daarby ingeslote (Guthrie, 1981:580).

Wanneer iemand in die gevangenis vir die eerste keer of by vernuwing sy lewe aan die Here gee, bly hy steeds in die gevangenis. Die 'Umwelt' waarin hy hom bevind bly steeds dieselfde. Deur sy Christenskap word hy nie van uitbuiting en benadeling deur 'n

medegevangene gevrywaar nie. Om die naaste met wie hy dag vir dag binne die mure van die gevangenis gekonfronteer is, te vergewe, stel bepaald hoë eise aan sy Christenskap.

- Lastering teen die Heilige Gees

  Alle sondes kan deur berou en belydenis vergewe word. Die lastering teen die Heilige Gees is egter van sondevergifnis uitgesluit (Matt 12:31-32; Mark 3:29; Luk 12:10). Die uitspraak van Jesus oor die Fariseërs vind plaas nadat Jesus 'n duiwelbesetene gesond gemaak het. Hierop het hulle verklaar dat Hy duiwels deur Beëlsibul, die owerste van die duiwels uitdrywe.

  Waarom lastering teen die Heilige Gees as onvergeeflik beskou word, word volstaan by Rienecker (1969:306) se verklaring daarvan. In kort kom dit neer op 'n doelbewuste afsluiting vir die werking van die Heilige Gees, dit word as ongoddelik verklaar asook word die werk van die Heilige Gees aan Satan toegedig. Breed gestel kom dit daarop neer: 'Wer sich dem Eindruck nicht verschließen kann,daß Gottes Geist an ihm und in ihm wirkt, aber ihn bewust ablehnt und bewust für widergötlichkeit erklärt, kann nicht den Weg zur Büsse finden. Wer das göttliche, ja die höchste Offenbarung durch den Heilige Geist satanisch nennt, verfällt dieser Lästerungssünde, die weder in dieser noch in der künftige Welt vergeben wird.'

'n Verkeerde verstaan van die lastering teen die Heilige Gees kan die persoon in die gevangenis tot wanhoop dryf. Hy het waarskynlik verskeie kere tevore hom tot die Here 'bekeer', maar telkens teruggeval in misdaad. Hy mag as gevolg van 'n God onterende lewe glo dat hy teen die Heilige Gees gelaster het en dat alles vir hom verlore is.

## 3.13 SONDEVERGIFNIS EN DIE SAKRAMENTE

### 3.13.1 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE

Die woord sakrament kom nie in die Bybel voor nie. Die woord het in die teologiese spraakgebruik gekom deurdat die Vulgata die Griekse 'musterion' in Efesiërs 5:32 met

'sacramentum' vertaal het. In Efesiërs gaan dit egter nie om wat vandag met sakrament bedoel word nie. In die algemeen is die woord sakrament gebruik om bepaalde kerklike en godsdienstige gebeurtenisse en handelinge wat op geheimenisse van die geloof betrekking het, aan te dui (Heyns, 1978:335).

In die Gereformeerde teologie word die Woord en die Sakramente as die twee genademiddels gesien wat deur God aan sy kerk toevertrou is. Op hierdie genademiddels wys die Heidelbergse Kategismus Sondag 25, vraag en antwoord 65. Hier word daarop gewys dat die Heilige Gees die verkondiging van die heilige Evangelie gebruik om die geloof in ons harte te werk, waardeur ons deel kry aan Christus en sy weldade. So gebruik die Heilige Gees ook die gebruik van die Sakramente om die geloof te versterk (Handboek vir die Erediens, 1991:204).

Sakramente is tekens en seëls van die boodskap van die Woord wat bestaan uit die fisies kosmiese elemente van water, brood en wyn. Die tipiese van 'n teken is dat dit van homself wegwys na die betekenende saak. Die inhoud van die betekenende saak in die geval van die Sakramente is Jesus Christus en die weldade wat Hy deur sy soendood verwerf het en wat met die begrip koninkryk van God saamgevat kan word. In die verhouding van teken en betekenende saak is daar 'n verband en 'n onderskeid. Die tekens is uit hulle natuurlike verband en normale funksie weggeneem en binne 'n nuwe verwysingskader geplaas wat as 'n 'transsignifikasie' aangedui kon word. Deur die tekens met die betekenende saak in verband te stel, het hulle 'n nuwe boodskap ontvang. Fisies en empiries waarneembare elemente word in verband gestel met 'n geestelike werklikheid. Om die rede is die elemente meer as net blote simbole want die heenwysende vind plaas waar hiérdie aardse lewe met die koninkryk van God verbind word.

Van belang is dat die onderskeid steeds gehandhaaf word deurdat die elemente tekens is en nie die betekenende saak nie. Die water by die Doop bly steeds water. So bly die brood steeds brood en die wyn steeds wyn by die Nagmaal. Indien die elemente as sodanig die genade sou word, sou dit lei tot 'n vermaterialisering van die genade en 'n verspiritualisering van die elemente. Hier is geen sprake van 'n ontiese identiteit nie. Die elemente gaan ook nie op in hulle tekenkarakter nie omdat hulle tegelykertyd ook seëls is wat nie net na Christus se weldade verwys nie, maar bevestig ook Sy teenwoordigheid, en in die bevestiging, wat dan ook die funksie van verseëling is, word Hy met een ook

meegedeel. Wat plaasvind is enersyds 'n objektiewe verseëling as bekragtiging en bevestiging van die saak waarom dit gaan, naamlik die inhoud van effektiewe verseëling in die hart van die mens as 'n toe-eiening en mededeling.

Vir die effektiewe werking van die Sakramente word die handelende Gees veronderstel. Die elemente is wel heilafbeeldend en heilbemiddelend, maar nie heilskenkend nie. Nie die elemente, die dienende amp of die ontvangende gemeente kan die aanwesigheid van die heil bewerk nie, maar slegs die Heilige Gees.

Vir die effektiewe werking van die Sakrament word nie net die handelende Gees veronderstel nie maar ook die biddende en onderskeidende geloof. Die geloof is wel nie die konstituerende vir die wese van die Sakrament nie maar sonder die geloof is dit nie moontlik om die elemente as tekens en seëls te verstaan en as sodanig te aanvaar nie. Soos in die geval by regverdiging word ook hier die betekende saak aan die mens deur die geloof gegee. Dit wat die gelowige met die Sakrament ontvang is nie 'n ander soort sakramentsgenade as wat hy by of deur die Woord ook vind nie. By die Sakramente is daar nie sprake van 'n plus wat geskenk word wat nie deur die Woord gegee kan word nie. By al die verskille bly die inhoud van die boodskap van beide dieselfde. Daarom is daar dan ook die negatiewe werking dat hy wat nie die geloof het nie, wel die elemente kan ontvang, maar nie die betekende en verseëlde saak nie, naamlik Christus as die inhoud van die Sakrament. Wie wel die Sakrament sonder geloof ontvang, versteur daarmee God se orde. Sodaniges ontvang daarmee nie die heil nie, maar die oordeel van God self.

Deur aan die Sakramente deel te neem, vind ook 'n stuk konkrete geloofsgetuienis plaas. Hier word getuig van die geloof dat Jesus mens geword het, gely en gesterf het, en so God en mens versoen het. Hier word ook getuig dat Hy weer sal kom sodat die heerlikheid van sy versoenende arbeid tot volle openbaring mag kom. Hierdie geskenkte genade is egter ook gebiedende genade wat inhou dat deelname aan die Sakramente die mens verplig tot geloofsgehoorsaamheid (Heyns, 1978:335 -337).

In die lig van bogenoemde toeligting word aangesluit by enkele definisies oor wat 'n sakrament is. Calvijn ([1559] (1956:314) gee dit weer met 'n lang en kort definisie:

.... dat het een uitwendig teken is, waardoor de Here de beloften zijner goedgunstigheid jegens ons aan onze consciëntiën verzegelt om de zwakheid van ons geloof te versterken, en wij wederkerig onze vroomheid jegens Hem zowel voor Hem en de engelen als bij de mensen betuigen.

.... dat men het noemt een getuigenis van Gods genade jegens ons, bevestigd door een uitwendig teken, met wederkerige betuiging van onze vroomheid jegens Hem.

Op die vraag wat sakramente is, antwoord die Heidelbergse Kategismus, Sondag 25 vraag en antwoord 66 (Handboek Vir Die Erediens 1991:204) as volg:

Dit is sigbare, heilige tekens en seëls wat God ingestel het om ons deur die gebruik daarvan die belofte van die evangelie nog beter te laat verstaan en dit te beseël. Hierdie belofte is dat God ons vanweë die enige offer van Christus, wat aan die kruis volbring is, vergewing van die sondes en die ewige lewe uit genade skenk.(a) Gen 17:11; Rom 4:11; Deut 30:6; Lev 6:25; Heb 9:7,8,9,24; Eseg 20:12; Jes 6:6,7; 54:9.

### 3.13.1.1 DIE HEILIGE DOOP

In die Sakrament van die Doop gaan dit om die opneming in die gemeenskap sowel met Christus as sy gemeente. Hierdie opneming het byna van meet af plaasgevind met water. Water het altyd vir die mens 'n dubbele betekenis gehad: bedreigend en verkwikkend. 'n Mens verdrink in water, mense les hul dors daarmee en mense word deur water gereinig. Oral word godsdienstige praktyke gevind waarin water 'n positiewe of negatiewe rol speel. So was daar die reinigingsbaddens by die Jode in die tyd van Jesus. By Johannes die Doper aan die Jordaan het water egter 'n radikaler en omvattender betekenis gekry: die mens gaan daar in om sy verlorenheid voor God uit te druk, en rys daaruit op as teken van die vergewing van God. Op die wyse is die mens in berou, vergewing en bekering toegerus vir die groot toekoms wat op hande was (Berkhof, 1973:368). Heyns (1978:339) wys daarop dat hierdie doop binne die gang van die heilshistoriese openbaring, dit wil sê aan die einde van die Ou Testament en aan die begin van die Nuwe Testamentiese bedeling net voorlopig en vooruit wysend van aard was. Wanneer Jesus Hom deur Johannes laat doop (Mark 1: 9-13), word sy solidariteit met sondige mense daarin

gedemonstreer en gerealiseer.

Gedurende Jesus se optrede op aarde het sy dissipels reeds mense gedoop (Joh 4:1 vv). Beasley-Murray (1971:1207) wys daarop dat dit slegs voorlopig van aard was. Die uitdruklike doopbevel van Jesus het in verband met sy volbragte werk en die kerk se sendingwerk gestaan: ' ... der ausdrückliche Taufbefehl fält in der Zeit nach der Auferstehung, nachdem die Erlösung vollbracht, dem auferstandenen Herrn universale Autorität über-tragen, und als die Mission der Kirche in die Welt bereits im Gange ist (Mt 28,18ff).'

Die Doop wat Jesus ingestel het (Matt. 28:19) wat dan ook later verder deurgegee is, het sy wortels in sy verlossende daad aan die kruis gehad en het in direkte samehang met sy werk gestaan. Heyns (1978:339) wys daarop dat Jesus nie net die Insteller van die Doop en die Nagmaal is nie, maar Hy ook die Inhoud en die Waarheid daarvan is.

Omdat die Doop 'n teken van inwyding is, vind dit eenmalig plaas, deur gebruik te maak van die trinitariese formule: in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Daar is wel geleenthede waar die trinitariese doopsformule nie eksplisiet genoem word nie (Han .2:38, 8:12, 10:48, Rom 6:3;,Gal 3:27). Dit impliseer egter nie dat daar ook 'n ander doopformule naas die trinitariese bestaan nie. Heyns (1978:339) wys daarop dat deur slegs die naam van Jesus te noem die grondslag aangedui word waarop die Doop rus, naamlik 'n persoonlike verhouding tot Hom wat sy lewe afgelê en mense se sondes vergewe het.

Calvijn ([1559] 1956:347-349) wat wys op die Doop as teken van inwyding, sien die Doop as teken van inwyding waardeur ons tot die gemeenskap van die kerk aangeneem word omdat wanneer ons in Christus ingeplant is, ons tot God se kinders gereken word. Die Doop is vir die doel gegee om in die eerste plek te dien tot 'n getuienis van ons geloof by Hom, en verder tot 'n getuienis by mense. Die Doop voeg ook toe aan ons geloof waarvan die eerste is dat die Doop deur die Here voorgestel word om 'n teken en bewys van ons reinigmaking te wees. Om dit anders te stel, kan gesê word dat die Doop as 'n verseëlde handskrif dien waardeur Hy aan ons wil bevestig dat met al ons sondes so weggedoen, so deurgehaal en so uitgewis is, dat hulle nooit weer voor sy aangesig sal kom of vermeld of toegereken sal word nie. Hy wil dat almal wat geloof het, gedoop sal word tot

vergewing van sondes. Die Doop se krag verval nie met betrekking tot sondes van die toekoms nie. Daar hoef nie na 'n ander versoeningsmiddel by wyse van 'n ander sakrament gesoek te word nie, want deur ons doop is ons vir ons ganse lewe afgewas en gereinig. So dikwels as ons dus sou sondig moet ons doop ons herinner en ons gemoed bewapen, sodat ons steeds seker en onbekommerd mag wees aangaande die vergewing van sondes. Hierdie wete mag egter nie die vryheid skep om in die toekoms te sondig nie. Hierdie leer is egter daar sodat die wat vermoeid en gedruk sou sug oor die sondes wat hulle weer gedoen het, iets kan hê waardeur hulle hul kan oprig en vertroos en nie in verwarring en wanhoop neerstort nie.

In die lig van die voorafgaande, is die Doop as die beginpunt van ons Christelike lewe, wat hoewel dit eenmalig geskied het, 'n gebeure wat nooit vergeet kan word nie. Die onlosmaaklikheid van die gedoopte aan hierdié beginpunt tree duidelik na vore in Berkhof (1973:369) se verwysing daarna: 'Maar het is een begin dat we nooit voorgoed agter ons hebben. We moeten er steeds weer op terugvallen als op de grond, het middelpunt en de bron van heel ons bestaan als gelovige.'

In aansluiting by wat reeds oor die Doop as sakrament gesê is, word aan die hand van Heyns (1978:340,341) nog enkele aspekte aangestip:

- Die heilsweldade waarvan die Doop 'n teken en seël is, word nie net op verskillende wyses beskrywe nie, maar word in die nouste verband met die Doop gebring. Hier kan genoem word: insig in en belydenis van sonde (Hand 2:38, 22:16, 1 Pet 3:21), kennis en geloof in Jesus Christus (Hand 8:36, Hand 2:41) met Christus in die Doop begrawe te word (Kol 2:12, Rom 6:3,4) asook om afgewas te wees deur die Doop (1 Kor 6:11).

- Dat die Doop nooit in 'n veroorsakende verhouding tot die weldade staan nie, maar steeds 'n heenwysende en verseëlende karakter vertoon.

- Dat die water in die Doop tot 'n teken en seël word, kan alleen deur die geloof, wat deur die Heilige Gees gewerk word, verstaan word. Die Doop is daarom 'n teken en seël van 'n geloof wat reeds aanwesig is.

- Dat die Doop nie die geloof skep nie, maar op die geloof appelleer om in die belofte te rus en só te groei en sterk te word.

- Dat hoewel die Doop in die lig van God se vrye verkiesingsgenade, waardeur Hy alleen die geloof in Christus in die hart van die uitverkorenes skenk, nie heilsnoodsaaklik is nie, is dit só dat God juis die Doop met betrekking tot sy heilshandelinge met die mens ingeskakel het, en deur Jesus Christus laat instel het en om dié rede is dit noodsaaklik. Waar die Doop dus verwaarloos word, sal dit as ongehoorsaamheid beskou moet word.

- **DIE KINDERDOOP**

Hoewel daar teologies baie meningsverskille is of kinders gedoop behoort te word al dan nie, bly dit 'n integrale deel van die Gereformeerde teologie, dat kinders van gelowige ouers wel gedoop moet word. In hierdie onderafdeling sal egter nie breedvoerig op die meningsverskille ingegaan word nie, maar word die Gereformeerde standpunt en die weerlegging van verskille in hoofsaak aan die hand van De Graaf (1940:87,88) hier weergegee. Die reg van die Kinderdoop rus op die volgende gronde:

- Die kinders van gelowiges is met hul ouers in die verbond begrepe sowel in die Ou Testament (Gen 17:7) as die Nuwe Testament (Hand 2:39). Volgens die Hebreër brief is die ou verbond in die nuwe verbond vervul. So het die apostels dan ook in hulle briewe die kinders as behorende tot die gemeente gereken (I Kor 7:14).

- Die nuwe verbond mag nie minder as die oue wees nie: Daar moet dus in die nuwe verbond ook 'n teken en seël wees vir die kinders.

- Dat die Doop in die plek van die besnydenis gekom het, blyk uit die feit dat dit dieselfde weldade verseël (Rom 4:11; Kol 2:11-12).

Besware teen die Kinderdoop en die weerlegging daarvan is die volgende:

- Die Skrif gee geen bevel vir die doop van kinders nie. Dit was nie nodig nie

omdat die apostels geweet het van die verseëling van die verbond aan kinders deur die besnydenis.

- In die Nuwe Testament is daar geen direkte voorbeeld van kinders wat gedoop is nie. Daar word wel melding gemaak van gesinne wat gedoop is soos in die geval van die tronkbewaarder van Filippi en van Stefanus in Korinthië.

- Volgens Markus 16:16 moet die gesin as organiese eenheid gelowig geword. Dit word deur die Doop verseël. Hierdie standpunt word ook gevind en verwoord in De Ru (1968:262) se bespreking van die Kinderdoop wat wys op die betekenis van die ouers en die gemeente se geloof. Hy wys daarop dat die Kinderdoop slegs reg kan funksioneer in die liggaam van Christus as 'n 'Gesamtpersönlichkeit', 'n 'corporate personality' waartoe individuele gelowiges deur hulle doop behoort. Deur een Gees is hulle almal tot een Liggaam gedoop as 'n genade van God. Die feit dat 'n kind 'nie kan glo' by sy doop nie, beteken nie dat daar by die Kinderdoop geen plek is vir geloof nie. Geloof is in sonderheid hier noodsaaklik. Geloof is egter hier die geloof van die ouers en die gemeente, die geloof van die kerk wat weet dat hulle die liggaam van Christus is en dankbaar aanvaar dat hulle in opdrag van hulle Heer volmag hier op aarde het om in sy naam en kragtens sy belofte mense in sy kudde op te neem. By die Kinderdoop gaan dit om die geloof van die Christelike ouers, nie in die plek van die ontbrekende kindergeloof nie, maar met die kind as objek, en biddende dat hy eendag self met sy geloof op die genade sal antwoord.

- Daar kan nie by kinders vasgestel word of hulle aan Christus behoort nie. Dit kan ook nie by volwassenes vasgestel word nie.

Sommige persone in die gevangenis mag lidmate van die kerk wees, maar mag nietemin weinig kennis hê of selfs 'n verdraaide siening hê oor die betekenis van die Sakramente. Dit sluit nie uit dat die Sakramente as iets beskou word met 'n magiese werking nie. Gedagtig aan die situasie waarin hy hom bevind, mag die lidmaat wat tot 'n skuldbesef kom, van oordeel wees dat hy hom opnuut moet laat doop. Wat nodig is, is dat die lidmaat gelei sal word tot 'n regte verstaan van die Doop. Die Doop se krag het nie vanweë sy lewe van misdaad verval nie. Hy mag dit opnuut toe-eien. Hy hoef nie

bekommerd te wees aangaande die vergifnis van sondes nie. Die Doop wat hy reeds as kind ontvang het, is steeds van krag sodat hy hom kan oprig en vertroos en nie in verwarring en wanhoop neerstort nie.

### 3.13.1.2 DIE HEILIGE NAGMAAL

Nadat God ons in sy huisgesin ontvang het, wou hy ons nie net as sy diensknegte beskou nie maar ook as sy kinders. Hiervoor het Hy as 'n huisvader wat oor sy kinders besorg is, die rol op Hom geneem om ons, ons ganse lewe te voed. Aangesien Hy daarmee nie tevrede was nie, wou Hy deur die gee van 'n pand ons van hierdie onafgebroke mildadigheid verseker. Vir hierdie doel het Hy aan sy kerk 'n tweede sakrament deur die hand van sy eniggebore Seun gegee, naamlik die geestelike maaltyd waarvan Christus, terwyl Hy self daarvan getuig, die lewendmakende brood is (Joh. 6:5) waarmee ons siele tot die ware en geluksalige onsterflikheid gevoed word (Calvijn, [1559] 1956:411).

Die Nagmaal is net soos die Doop, 'n sakrament wat deur Christus ingestel is ( Matt 26: 26-28; Mark 14:22-24; Luk 22:19,20; 1 Kor 10:16,17; 11:23-25). De Graaf (1940:88) wys daarop dat die weldade wat aan ons deur die Nagmaal verseël word in hoofsaak dieselfde is as by die Doop, naamlik die vergewing van sondes (Matt 26:28) en die gemeenskap met Christus en hulle wat aan Hom behoort (1 Kor 10:16). Volgens die formulier vir die bediening van die Nagmaal soos vervat in die Handboek Vir Die Erediens (1991:84) het die Nagmaal 'n vyfledige betekenis wat aangestip kan word as :

- Die Nagmaal is 'n gedagtenismaal waar die gemeente die dood van die Here oordink en dit verkondig.

- Die Nagmaal is 'n waarborg dat net so seker as wat die stort van die wyn en die breek van die brood aanskou en gebruik word, so seker het ons deel aan Christus, aan sy sterwe en opstanding. Deur die Nagmaal word Christus se soenverdienste volledig aan ons gewaarborg.

- Die Nagmaal is die viering van die gemeenskap met die lewende Here en met mekaar.

- Die Nagmaal is 'n verkondiging van ons toekomsverwagting. Hoewel ons in die Nagmaal die versekering van Christus se teenwoordigheid het, word daar vooruit gekyk na Christus se wederkoms wanneer Hy alles tot volheid sal bring.

- Die Nagmaal is 'n vreugdefees waar nieteenstaande die tekens wat spreek van Christus se sterwe aan die kruis, nie in die teken van rou of droefheid staan nie.

Die heenwysing na die vergewing van sondes tree sterk daarin na vore wanneer in al vier die berigte oor die Nagmaal, die Nagmaal as 'n verbondsmaaltyd aangedui word. In al die berigte verwys Jesus na die beker as sy bloed, die bloed van die Nuwe Testament wat vir baie uitgestort word (tot vergewing van sondes - Matt 26:28). Bepaaldelik dui die stort van Christus se bloed, soos die offerbloed by Sinaï, op die grond vir die vergewing van sondes en die gawe van die Gees. Ridderbos (1949:552) sê hiervan:

> Hiermee wordt dus aangewesen, dat de vergieting van Christus' bloed, zoals eenmaal by de Verbondsluiting aan de Sinaï het offerbloed, het Verbond tussen God en sy volk bezegelt en dat in deze bloedstorting de grond ligt voor de vergeving der zondes en de gaven des Geestes, welke volgens Jer. 31 de inhoud vormen van het Nieuwe Verbond.
>
> Het eten en drinken van brood en wijn is dus de zigtbare zijde van de onzigtbare gawe van de vergewing der zonde, de grondslag van alles wat de Heere aan het nieuwe Verbondsvolk volgens de profetie van Jer. 31 geven zal.

In die inleidende deel van hierdie onderafdeling is reeds daarop gewys dat die ontdaning van skuld deur vergifnis nie 'n einddoel in sigself is nie. Scharbert (1963:747) wys daarop dat die resultaat daarvan 'n lewe sal wees wat volkome aan Christus verbind is: 'Vor allem aber ist unerläßlich die Hinwendung zu Christus, Die Bekundung der solidarität mit ihm und seinem Erlösungswerk, wie sie bei der Taufe (Apg 2,38,22,16, 1Kor 6,11, Kol 2,13) und im Glauben (Lk 7,50, Apg 10,43, 13,38f, Rom 4) erfolgt.'

Binne die mure van die gevangenis bevind die kerk hom as 'n klein geloofsgemeenskap. Hoewel diegene daar binne deur die buitewêreld as gevangenis gebrandmerk word, mag hulle wat aansit aan die tafel van die Here reeds getuig dat hulle in Christus vry en bevry

is van skuld. Hoewel nog omsluit deur die mure van die gevangenis, vind daar 'n geloofsgemeenskap met die Here en met mekaar plaas. Reeds hier vind 'n kragtige stuk konkrete geloofsgetuienis plaas. Versterk deur hulle deelname aan die tafel van die Here, kan hulle voortgaan binne die onnatuurlike 'Umwelt' waarbinne hulle vir 'n korter of langer tyd nog moet bly.

## 3.14 SAMEVATTING

In die Nuwe Testament word geen uitgewerkte leer oor sonde en sy gevolglike skuld gevind nie. Die Nuwe Testament gaan daarvan uit dat sonde 'n realiteit is en dat die mens verlore is in sy sonde. Met die koms van Christus is die waardering van sonde, dié van die Rabbyne. 'n Wettiese godsdiens was aan die orde van die dag waar die wet geobjekteer is en as 'n strafregtelike wetboek hanteer is. Die stiptelike nakoming van die wet was die weg waardeur krediete by God opgebou kon word waardeur die mens se skuld voor God uit gebalanseer is. Christus dien Homself aan as Hy wat sou kom om die mens met God te versoen. Nie die wet nie, maar Hyself is die Middelaar tussen God en mens. Sy koms is 'n koms wat in direkte verband met skuld gestaan het.

In die sentrale gebod in die Nuwe Testament word verwoord dat sondeskuld nie sy wortels in die verbreking van reëls vind nie, maar in die verbreking van 'n verhouding as gevolg van die mens se opstand teen God. Die Nuwe Testament getuig ewe-eens, soos die Ou Testament, van 'n personalistiese sondewaardering met die klem op elke mens se persoonlike verhouding met God.

Die wet is geen middel tot die uit balanseer van sondeskuld nie, maar dien om die mens tot kennis van die sonde te bring met die besef dat hy voor God skuldig is. Sondeskuld stel die mens strafwaardig voor God. Deur die gebruik van begrippe wat aansluit in die regsfeer word dit onderstreep dat die sondaarmens onder die oordeel van God val. Die Nuwe Testament stel dit duidelik dat die mens uit sigself onvermoënd is om self sy skuld voor God te vereffen. Slegs in Christus word die oplossing gegee. Hy is deur God gestuur om die wet te vervul. As lewende skuldbrief en offerlam het Hy homself gegee om die skuld belaaide mens met God te versoen. Die belewenis van skuld as die uitvloeisel van die sondaarmens se skuldbesef word nie dikwels in die Bybel geteken nie. Waar dit wel in beide Testamente geteken word, laat dit geen twyfel dat dit 'n persoon in

sy totale menswees in beroering bring nie.

In die dogmatiese nagaan van die begrip 'sonde' word gevind dat sonde 'n realiteit is wat sig nie net in daadsondes manifesteer nie, maar deel van menswees is. Sonde bring skuld mee waarvan niemand homself kan distansieer nie. Sonde, met sy neerslag skuld, kan ten diepste eers geken en bely word in 'n persoonlike ontmoeting met God in Christus Jesus. Deur Hom is die weg tot herstel deur Sy kruisdood geopen.

In die hantering van skuld in die Nuwe Testament sentreer alles rondom die koms van Jesus wat sou kom om die mens van sy sondeskuld te bevry deur sy sterwe aan die kruis. Die reddende werk van Christus aan die kruis, met sy sluitsteen in vergifnis, vind uitdrukking in begrippe met hul wortels in die Ou Testament. In beide die Sinoptiese sowel as die Johannes Evangelie wys Jesus, in sy lydensuitsprake sowel as in die instelling van die Nagmaal, vooruit na sy dood aan die kruis as 'n plaasvervangende offer. In hierdie uitsprake tree verskeie benaminge soos Lam van God en Seun van die mens na vore. By Paulus tree die gedagte aan Christus se dood aan die kruis as offer na vore in sy hantering van die versoeningsgedagte wat aansluit by die offergedagte.

In die Nuwe Testament word die Hebreër brief by uitnemendheid beskou as juis dié brief waar die offergedagte met Christus in verband gebring word. Veral in die verwysing na Christus se Hoëpriesterskap tree die offergedagte na vore.

Wanneer die hantering van skuld vanuit die begrip regverdigmaking nagevors word, is dit by uitstek Paulus wat daaroor vanuit die Ou Testament met sy forensiese wortels handel. In teenstelling met die Judaïsme wat regverdigmaking as 'n resultaat van menslike prestasie deur 'n strakke nakoming van die wet begryp, begryp Paulus dit as 'n vrye gawe van Gods genade deur geloof, sonder die werke van die wet in Christus Jesus. Regverdigmaking gaan om God se handeling in Christus Jesus deurdat Christus God se geregtigheid plaasvervangend en versoenend, in sy sterwe vir die sondaarmens, aan die kruis volbring het.

Vir Paulus het regverdigmaking 'n eskatologiese karakter as dit wat reeds in die Christusgebeure plaasgevind het. Ook met betrekking tot die vraag na latere sondes is dit so dat regverdigmaking 'n eskatologiese gebeure is wat aan die einde van 'n mens se

lewe hoort wanneer hy voor God se finale oordeel te staan sal kom om op sy hele lewensgedrag te antwoord. In die finale oordeel behou dit sy oriëntasie ten opsigte van die gelowige se hele lewe waar hy nie slegs vir sondes voor die tyd van geloof geregverdig is nie maar van alle skuld. Naas regverdigmaking deur die geloof, sal die mens ook volgens sy werke geoordeel word. Geloof en werke hoort onafskeidelik bymekaar. Werke gaan egter nie geloof vooraf nie maar vloei daaruit voort.

Vir die Gereformeerde teologie is regverdigmaking nie alleen 'n troos met die oog op die finale oordeel nie, maar word dit gesien as dit wat duidelik dui op die vergifnis van sondes.

Wanneer die ophef van skuld deur vergifnis in die Nuwe Testament nagegaan word, is dit belangrik om daarop te let dat die Nuwe Testament in 'n voor-Pase en 'n na-Pase periode verdeel kan word. In die voor-Pase periode verwys vergifnis, soos deur Jesus verleen, eskatologies heen na sy komende soendood terwyl die verlening van vergifnis in die na-Pase periode telkens terugverwys na Jesus se volbragte soenoffer aan die kruis.

Begrippe wat direk of indirek verbind word aan die verlening van vergifnis het die volgende betekenisse : Loslaat, toedek, bedek, verberg, vryskelding asook genadige toewending. Gedagtig aan die realisering van vergifnis vind bogenoemde betekenisse weerklank in Morro (1974:1134) se omskrywing van vergifnis as die verwydering van skuld wat die oorsaak is van vervreemding van die verlede; dit verseker 'n toestand van genade vir die onmiddellike en het die belofte van goddelike genade en hulp vir die toekoms.

In die Nuwe Testament word gevind dat alle funksies wat in die Ou Testamentiese offer aanwesig is, in Christus verenig is. Dit bring mee dat hoewel God die Gewer van vergifnis is, is vergifnis in die Nuwe Testament altyd aan Christus gebonde. Na Christus se opstanding is besef dat God se vergifnis ontvang moet word as dit wat aan die mens gebied word deur die reddende daad wat in Christus plaasgevind het. Die verband tussen vergifnis en regverdigmaking is onlosmaaklik omdat regverdigmaking sonder die versekering van sondevergifnis betekenisloos sou wees.

Vir die realisering van vergifnis in die Nuwe Testament is, soos in die Ou Testament,

nodig dat die sondaarmens tot verootmoediging, berou, skuldbelydenis en bekering sal kom. Berou gaan bo psigies - sosiale verhoudinge uit en is meer as spyt wat treur oor die gevolge van die daad. Berou beteken 'n onvoorwaardelike aanvaarding van verantwoordelikheid van skuld. Skuldbelydenis kom op velerlei wyses tot uiting as: belydenisse tot God alleen, teenoor die verontregte naaste en teenoor 'n geestelike leier.

Bekering as die profetiese oproep deur Johannes die Doper, word deur Jesus letterlik oorgeneem en op aanskoulike wyse in gelykenisse beskryf. Hierin tree na vore: Bekering is noodsaaklik, bekering begin by berou oor sondes, bekering is 'n toekeer na Jesus Christus, bekering vereis 'n onvoorwaardelike oorgawe wat met 'n nederige gebed gepaard gaan, bekering is 'n genade wat aan die goddelike inisiatief te danke is, bekering is in sy wese 'n hartlike leedwese van die mens oor en 'n totale breuk met sy sondige verlede en die begin van 'n nuwe lewe uit 'n opregte liefde vir God, bekering is 'n voortgesette daad en vind nie by almal op dieselfde wyse plaas nie. Wanneer op sondevergifnis en die Sakramente gelet word, tree na vore dat God ons vanweë die enige offer van Christus aan die kruis vergewing van sondes en die ewige lewe uit genade skenk.

Gedagtig aan die lidmaat in die gevangenis is dit belangrik dat die boodskap tuis sal kom dat die Doop se krag nie verval met betrekking tot sondes van die toekoms nie omdat ons deur die Doop vir ons ganse lewe afgewas en gereinig is van ons sondes. Belangrik is dat die herinnering aan ons doop ons gemoed bewapen aangaande die vergewing van sondes. Hierdie leer dien daartoe dat die wat vermoeid en bedruk sou sug oor die sondes wat hulle weer gedoen het, iets kan hê om hulle op te rig en hulle nie in wanhoop neerstort nie.

Belangrik met die oog op die skuldbesef by die lidmaat in die gevangenis is dat die heilsweldade wat in die Doop vervat is, lei tot insig in en belydenis van sonde en kennis en geloof in Jesus Christus. Die weldade soos vervat in die Nagmaal is in hoofsaak dieselfde as die by die Doop naamlik: die vergewing van sondes en die gemeenskap met Christus en hulle wat aan Hom behoort.

# HOOFSTUK 4

# SKULD VANUIT 'N GEESTESWETENSKAPLIKE PERSPEKTIEF

## 4.1 SKULD IN 'N SIELKUNDIGE PERSPEKTIEF

### 4.1.1 INLEIDING

Skuld is nie net 'n teologiese aangeleentheid nie, maar sekerlik ook 'n sielkundige omdat die pastor in sy omgang met mense te make het; met mense wat worstel met onopgeloste skuld wat beide 'n teologiese en sielkundige perspektief kan insluit. In die hantering van die skuld en skuldbelewing van die lidmaat in die gevangenis het die pastor te make met mense wie se lewens oor 'n korter of langer tyd skeef geloop het. In die pastorale bemoeienis met hierdie lidmate mag die pastor gekonfronteer word met 'n komplekse persoonsbeeld. Hierdie komplekse persoonsbeeld ontlok vrae wat nie net beperk is tot die teologiese nie, maar ook vrae van die volgende sielkundige aard insluit:

- Beleef die persoon skuld of angs?
- Wat was sy opvoedingsomstandighede?
- Op welke wyse het sy gewete ontwikkel?
- Beleef hierdie persoon egte skuld of valse skuld?
- Is die depressiebeeld wat geprojekteer word nie moontlik 'n manifestasie van onopgeloste skuld nie?
- Dui hierdie persoon se verbale en nie-verbale kommunikasie nie op 'n skuldmeganisme om die pastor van sy lyf af te hou nie?
- Dui hierdie persoon se gepoleerde aanbieding van homself sonder dat tot hom deurgedring kan word, nie op psigopatie nie?

Alles in ag genome kan die pastor nie slegs erns met skuld in teologiese sin maak nie, maar is dit nodig met die oog op 'n volllediger pastoraat om op die belangrikheid van skuld in 'n psigo-sosiale perspektief ag te slaan.

Van Deventer [s a: 36] meld die volgende in hierdie verband:

Ten opsigte van Godsdienssorg moet die noodsaak besef word dat godsdienswerkers al meer en meer betrek sal moet word by opleidingsprogramme. Skoling en oriëntasie deur ander dissiplines is saam met sy eie teologiese agtergrond van die mens nodig om sy vinger op die pols te kry ten einde 'n idee te vorm hoe die hart aan die binnekant van 'n gevangenis klop.

#### 4.1.1.1 DIE BELANGRIKHEID VAN SKULD

Die belangrikheid van skuld vind op vele wyses uitdrukking in die sielkundige literatuur. Skuld word gesien as die spilpunt vir die sinvolheid van die mens sowel as dit wat die mens vernietig. 'Guilt is the peg on which the meaning of "man" hangs. It is also the peg on which man too often hangs himself' (Stein, 1968:13).

Die skuldprobleem is nou verbind aan die intellektuele en geestelike verwarring van die moderne mens wat hom in 'n identiteitskrisis bevind. Skuld is deel van die daaglikse lewe van die mens en kan nie verontagsaam word nie. Skuld maak altyd saak. 'Guilt matters because guilt effects us every waking hour ... Guilt plagues our very existence' (Bazyn, 1978:227)

Skuld betrek die ganse menslike persoonlikheid. Die mens kan oneindig as gevolg van 'n skuldige gewete ly. Skuld lei tot 'n minderwaardigheidskompleks. Skuld sny diep in die mens se emosionele en geestelike natuur. Skuld is in baie opsigte soos 'n fisieke siekte wat stadig ontwikkel en dan skielik as 'n septiese wond uitbreek (Tweedie, 1963:100). Om van die standpunt uit te gaan dat alle skuldgevoelens skadelik is, is verkeerd. Skuldgevoelens kan ten opsigte van die individu en die gemeenskap ook 'n positiewe rol speel. Madow (1988:2) verwys na die positiewe rol van skuldgevoelens: 'Without an appropriate amount of guilt there would be no civilization .... We should also keep in mind that some people's behaviour would be unacceptable, unpleasant, or even antisocial if they had no feelings of guilt.'

#### 4.1.1.2 WAT IS SKULD?

Om 'n universele definisie van skuld te gee, is moeilik omdat alle skole nie dieselfde interpretasie en dus nie dieselfde definisie oor skuld het nie. Wat wel duidelik is, is die

erkenning by almal dat skuld 'n sielkundige werklikheid is (Tournier, 1974:66). Enkele omskrywings sowel as manifestasie van skuld word in hierdie onderafdeling direk of indirek weergegee met die oog op 'n breër begrip van wat onder die begrip skuld verstaan word.

Plug et al. (1987:334) misken die term 'skuld' en sien dit as 'n onaanvaarbare kort vorm vir 'skuldgevoel'. 'Skuldgevoel' word gedefinieer as:

> Die gevoel dat mens 'n oortreding begaan het. Hoewel die gevoel gewoonlik die resultaat van 'n werklike oortreding van 'n etiese reël, 'n wet of 'n sosiale norm is (d.w.s. van werklike skuld), is dit nie altyd die geval nie. Onrealistiese skuldgevoel is 'n simptoom van verskeie psigiese versteurings (bv.depressie en neurotiese versteurings), terwyl die afwesigheid van skuldgevoel ten spyte van 'n werklike oortreding 'n kenmerk van psigopatie is.

Skuld word gesien as dit wat betrekking het op die gevoel dat iets verkeerd volgens ons eie gewete gedoen is, terwyl dit eintlik gaan om die vrees vir straf. Die strafelement is in die mens se karakter ingebou sodat hy homself straf wanneer hy aan sy eie standaarde te kort skiet. Selfstraf kan voorkom in die vorm van 'n gevoel van angs en woede teen homself sodat hy homself soms fisies pynig in 'n poging om van skuldgevoelens bevry te word (Madow, 1988:37).

Skuld tree dikwels na vore met geen bepaalde aanknopingspunt nie. Sodanige skuld gaan gepaard met 'n breë deurdringende gevoel van verkeerdheid wat verbind word aan gevoelens van ontoereikendheid sowel vrese vir die toekoms. Brammer en Shostrom (1977:435) verwys daarna as: 'The client often feels a vague sense of something is wrong with me, I'm not really doing what I should be doing; I should be something better.'

Skuld kan as 'n akute emosionele reaksie op 'n spesifieke gedrag belewe word. So kan deur te steel of te lieg 'n sterk subjektiewe gevoel opwek dat iets verwerpliks gedoen is wat as skuld beskryf kan word. Sodanige gedrag bring die wete mee dat 'n sosiale reël, 'n godsdienstige verbod of 'n morele wet verbreek is (Brammer & Shostrom, 1977:435).

Die bestanddele van skuld kan in drie groepe verdeel word naamlik:

- Vrees vir straf of 'n selfstraf
- 'n Verlies aan eie waarde
- 'n Gevoel van eensaamheid, verwerping of isolasie

Bogenoemde is die samevatting na aanleiding van 'n meningsopname oor skuldbelewenis deur Narramore[1] (1974:22) wat die volgende antwoorde opgelewer het wat hy as bestanddele van skuld beskou:

> Scared, uneasy. Tense, like maybe I'm going to get caught. A feeling of impending punishment. Like if somebody finds out I'll be punished and they will scream what I've done to everyone. My mind has a tendency to kick itself several times. Disgusted with myself. Like a raunchy person or a complete failure. Stupid, low, remorseful. Miserable and ashamed. Rotten inside, worthless. A feeling of separation. Lonely and very frustrated.

### 4.1.2 INDELING VAN SKULD

In die nagaan van vakliteratuur word dit duidelik dat die bestudering en hantering van skuld nie tot een vakgebied beperk is nie. Daar word bevind dat die kategorisering van skuld moeilik indien nie onmoontlik is nie. Iets hiervan word deur Carr (1973:15) verwoord: 'Guilt is a multivariate phenomenon which defies absolute categorizations. Theologians speak of objective guilt, psychologists refer to guilt as feeling, and the variety of interpretations within these disciplines provides a frequently muddled understanding of the subject.'

Hoewel daar nie eenstemmigheid met betrekking tot die indeling van skuldkategorieë is nie, word enkele indelings weergegee om 'n meer omvattende beeld van skuld soos van toepassing op die studie onderwerp te vorm.

#### 4.1.2.1 WERKLIKE SKULD

Knight (1969:91) gebruik die term 'werklike skuld' en omskryf dit as: 'Real guilt follows in the wake of wrongdoing, seen and accepted as such by the doer. He seeks expiation and makes restitution. It is a conscious phenomenon, involving deeds we have done.'

Skuld in die sin van 'werklike skuld' word deur verskillende skrywers vanuit 'n eie hoek benader met 'n eie beklemtoning. In 'n diskussie rondom skuldgevoelens beskryf Tournier (1974: 64) die term 'waarde skuld' soos deur Odier gebruik as: 'A feeling of "value guilt" is the genuine consciousness of having betrayed an authentic standard; it is a free judgement of the self by the self.'

Dat werklike skuld altyd in verband met menslike verhoudings staan, word met 'n verwysing na Bulier deur Tournier (1974: 65) beklemtoon: 'What characterizes genuine guilt in Bulier's eyes is that it always turns on some violation of human relationships, it constitutes a breakdown of the I-Thou relationship. It is thus a guilt toward others.'

'n Ander beskouing rondom werklike skuld word gevind in die term 'konstruktiewe droefheid' (Narramore[2], 1974:260-261). Die motivering vir die term 'konstruktiewe droefheid' is geleë in die siening dat dit 'n positiewe en liefdes gemotiveerde ego-funksie is in teenstelling met 'n negatiewe neurotiese skuld. Die term 'konstruktiewe droefheid' word verder geregverdig op Bybelse gronde (2 Kor 7:8-10) waar daar van 'n emosie van konstruktiewe droefheid gepraat word, terwyl dit nie skuld in 'n affektiewe sin gebruik nie.

### 4.1.2.2 EKSISTENSIËLE SKULD

Eksistensiële skuld word gesien as 'n bepaalde skuldkategorie met bepaalde kenmerke eie aan sigself. Wat onder eksistensiële skuld verstaan word, word duidelik deur op die kenmerke wat aangedui word, te let, naamlik:

- Dit is ingeskape by die mens en word verbind aan ons mislukkings om te beantwoord aan ons potensiaal sowel as ons mislukkings in interpersoonlike verhoudings.

- Dit het nie sy wortels in kulturele verbiedinge of die waardes van ouers nie, maar in die feit van selfbewustheid. Dit is skuld wat voortkom uit die feit dat die mens homself sien as iemand wat kan kies of misluk om te kies.

- Eksistensiële skuld is duidelik verskillend van patologiese of neurotiese skuld. Indien dit nie aanvaar word nie of onderdruk word, ontwikkel dit tot neurotiese

skuld, of voed dit neurotiese skuld.

- Eksistensiële skuld lei nie normaalweg tot die vorming van simptome nie, maar het wel konstruktiewe gevolge in die persoonlikheid. Dit kan lei tot 'n verskerpte sensitiwiteit in verhoudings tot die naaste asook 'n toenemende kreatiwiteit in die gebruik van jou eie potensiaal (Knight, 1969:92).

'n Gedagterigting wat nou aansluit by die eksistensiële skuldkategorie, soos pas bespreek, word gevind in 'n verwysing deur Tournier (1974:65) na Jung se gedagte oor 'werklike skuld': 'And yet, even in Jung's view, there appears the idea of a "true guilt", a guilt in no way suggested by society, namely of a fault with regard to oneself, a violation of the normal relationship of the self to the self.'

#### 4.1.2.3 NEUROTIESE OF PATOLOGIESE SKULD

Neurotiese of ook valse- of patologiese skuld genoem toon sigself as die teenpool van werklike skuld. In vele opsigte manifesteer dit sigself in 'n herlewing van skuld wat handuit geruk het. In 'n vergelyking tussen die sosiopaat en die neuroties-skuldige persoon deur Stein (1968:111), kom iets na vore van wat met 'hand uitruk' bedoel word. 'If the sociopath may be caricatured as a car careering down a hill without brakes, the neurotically guilty person is one whose brakes are dragging all the time, are applied inappropriately and fearfully, or are so sensitive that they take hold dangerously.'

Dat neurotiese skuld diep op die psige van die mens ingryp en moeilik hanteerbaar is, word deur Knight (1969:1) verwoord: 'Neurotic or pathological guilt has its roots deep in the unconscious mind, and the individual cannot rid himself of this by usual methods of atonement.'

In 'n verwysing na die teenpool van 'konstruktiewe droefheid' deur Narromore[2] (1974:260) tree die elemente van neurotiese skuld na vore: 'I consider all guilt feelings (comprised as they are of fears of punishment, rejection and loss of self-esteem) to be negative, neurotic, or inhibitory.' Bepaalde tekens wat dui op die aanwesigheid van neurotiese skuld is onder andere die volgende:

- Konflik is grootliks onbewus.
- Verwarring mag aanwesig wees tussen die personale en die kosmiese.
- Die gedagte "Ek dink ek moet" mag belewe word as "God sê ek moet".
- Egosentriese moraliteit mag aanwesig wees. Gehoorsaamheid is nie soseer uit liefde vir die goeie nie as wat dit 'n outomatiese reaksie is om skuld uit te sluit of skuldangs te oorkom.
- 'n Konstante worsteling met versoekings en 'n pre-okkupasie met die bose.
- 'n Onsensitiwiteit ten opsigte van growwe oortredings kan dikwels voorkom, terwyl 'n intense pre-okkupasie met morele onbenullighede of denkbeeldige sondes voorkom.
- Angstigheid vervang egte berou (Stein, 1968:135-136).

### 4.1.3 DIE AANWESIGHEID VAN SKULD

Skuld kan manifesteer in emosionele- sowel as fisieke siektepatrone. Die verligting van skuld word dikwels gevind in bepaalde meganismes wat bekend staan as skuldmeganismes. Die bekendste emosionele siektepatroon word gevind in 'depressie', wat deur sielkundiges getipeer word as 'n skuld neurose.

#### 4.1.3.1 DEPRESSIE

Depressie kan kortliks gedefinieer word deur aan te sluit by Plug et al. (1987:60) wat dit omskryf as: ' 'n Toestand van intense neerslagtigheid (bedrukheid, terneergedrukdheid) wat in die reël gepaard gaan met gevoelens van ontoereikendheid, onsekerheid, pessimisme omtrent die toekoms, asook sosiale onttrekking en verlaagde psigomotoriese aktiwiteite. Dit kom óf as simptoom by verskeie psigopatologiese toestande óf as sindroom voor.'

Die belangrikste persoonlikheidseienskappe van die depressiewe persoonlikheid tree na vore as nougesetheid, afhanklikheid, 'n onvermoë om aan woede direk uiting te gee asook 'n innerlike selfbestraffing met die geneigdheid om eerder sigself vir mislukkings te blameer as eksterne faktore (Stein, 1968:121).

Wanneer depressie met skuld in verband gebring word, word gevind dat dit op 'n reaksie

as gevolg van die onbereikbaarheid van bepaalde ego-ideale dui. Freden (1982:4) druk dit as volg uit: 'Depression is the ego's emotional expression of helplessness and powerlessness. It is the result of the gap between a great longing to be valued and loved, to be strong, assured and good, and the realization - real or imagined that these goals are unattainable. Depression occurs when we are incapable of living up to our own ego ideals.'

Depressie kan volg op die verlies van 'n dierbare waar gerou word. Daar kan egter ook 'n 'rouproses' by die depressiewe persoon wees as gevolg van die verlies van sy self-beeld. In die geval word daar nie soos in 'n normale rouproses uitgekom by die aanvaarding van die verlies waar gesoek word na nuwe objekte nie, maar ly die depressiewe persoon aan ongewone skuld en 'n gevoel van waardeloosheid. Hierdie oor reaksie vind soms uitdrukking in 'n boetedoeningsproses van selfstraf, 'n masochistiese patroon gekenmerk deur martelaarskap en 'n behoefte aan belydenis en vergifnis wat in die uiterste gevalle mag uitloop op selfmoord (Stein, 1968:118, Knight, 1969:105-106).

### 4.1.3.2 SKULDMEGANISMES

Bo en behalwe dat skuld manifesteer as 'n bepaalde emosionele toestand of sindroom, is daar ook verskeie meganismes wat aangewend word in 'n poging om skuld te hanteer. Meganismes wat voorkom is onder andere: Obsessief-kompulsiewe aktiwiteite, projeksie, reaksie formasie, isolasie en intellektualisering, onttrekking, sublimasie rasionalisering en verdringing.

Vir die doel van die studie word slegs enkele meganismes toegelig om iets deur te gee van die werking van die dinamiek by die persoon wat skuld bewustelik of onbewustelik ervaar.

### 4.1.3.3 OBSESSIEF-KOMPULSIEWE AKTIWITEITE

Hierdie skuldmeganisme word verbind aan die persoon met 'n oor presiese en straffende gewete, en word dikwels 'n skuldneurose genoem. Die rol van die gewetensfunksie by hierdie meganisme word onderstreep in 'n definisie van die obsessief-kompulsiewe persoonlikheid soos deur Plug et al. (1987:241) verwoord: "n Persoonlikheidsversteuring

wat gekenmerk word deur 'n oordrewe vasklewing aan die gewetensfunksie. So 'n persoon is veral perfeksionisties, oorkonsensieus en oorgeïnhibeerd.'

As rede vir sodanig aktiwiteite word aangevoer:

- 'n Vrees by die persoon dat hy nie goed genoeg sal wees om verwerping vry te spring nie.
- 'n Gedrewenheid om te werk om sy eie waarde te behou, en 'n poging om liefde asook aanvaarding te verwerf.
- 'n Gedrewe perfeksionisme wat eintlik 'n poging is om versoening te doen vir lank vergete oortredings. Deur goed te wees en buitengewoon te presteer word gehoop om die dralende beskuldigings van 'n skuldige gewete te vermy (Narromore[2], 1974: 111).

### 4.1.3.4 VERDRINGING - REPRESSIE

Repressie of verdringing is 'n refleks by die mens wat van die las van 'n ondraaglike gewete verligting soek. In die geval van hierdie hanteringsmeganisme word skuld uit die veld van die bewuste verdring na die onderbewuste (Tournier, 1974:135).

Om dit breër te definieer, kan gesê word dat dit neerkom op die onbewuste uitsluiting uit die bewuste. Wat uitgesluit word, is afkeurenswaardige en onaanvaarbare impulse, gedagtes en herinneringe. Die ego verdring hierdie materiaal na die onbewuste en tree dan op asof dit glad nie bestaan nie. Dit wat op die wyse verdring word tree weer na vore in 'n vermomde of simboliese vorm en dring deur na die bewuste, en wel as drome, wanprestasies en neurotiese simptome (Plug et al., 1987:380).

Verdringing kan op die volgende wyses na vore tree:

- 'n Weiering om 'n begrip te vorm van enige onaangename waarnemings.
- Verdringing word in 'n teenoorgestelde rigting in werking gestel deur jou gewete en beginsels te verdring en die belewenis van skuld te verwys.
- 'n Doelbewuste vergeet van die waarheid of om Gods Woord ver van jou hart en verstand te hou.

- 'n Onkunde wat die gevolg is van eie belang waar die mens doelbewus oor 'n bepaalde feit of verpligting onkundig bly. Hier word geweier om inligting te soek of raad te vra. Teologies bekend as 'ignorantia effectata'. Onderliggend is die vrees om 'n optrede te hersien of om gefolter te word deur berou.
- 'n Totale ontkenning deur te weier om die bestaan van 'n probleem te erken. Op die wyse word die bewuste oorgelewer aan 'n doofheid vir die stem van die gewete (Uleyn, 1969:135-143).

### 4.1.3.5 RASIONALISASIE

Rasionalisasie is 'n meganisme waar aanvaarbare redes vir 'n bepaalde gedrag aangevoer word, terwyl die werklike maar onaanvaarbare redes verdring word. By hierdie meganisme word gevind dat mislukkings as' t ware weg verduidelik word met die versekering dat ons nie volmaak kan wees in 'n onvolmaakte samelewing nie. Die misdadiger kan aanvoer dat daar nie 'n verskil tussen hom en die mense daarbuite is nie. Hy was net ongelukkig om gevang te word (Knight, 1969:118, 119).

Rasionalisasie as verdedigingsmeganisme vir konflikhantering word ook gesien as die herdefiniering van 'n situasie by wyse van 'n wanvoorstelling van 'n probleem. Stagner (1961: 124) verwoord hierdie hanteringswyse as: 'If the individual can misperceive his problems suitably he can make them disappear.'

Rasionalisasie is 'n meganisme waar 'n bepaalde gedrag weg-verduidelik word met redes wat die ego streel, terwyl dit in wese 'n onbewustelike misleiding en bedrog van die persoon self is. Rasionalisasie staan in vele opsigte in diens van die verdringing van die gewete met die doel om 'n belewing van skuld te ontsnap. Hierdie ontsnappingstaktiek doen hom voor in die vorm van veralgemening, ontkenning van verantwoordelikheid en 'n onbepaalde uitstel om te handel (Uleyn, 1969:159).

### 4.1.3.6 PROJEKSIE

Projeksie bestaan daaruit dat 'n persoon onbewus van sy eie verdronge wense ander mense beskuldig dat hulle sulke wense het. Breër gestel sou gesê kan word dat projeksie die neiging is om die omgewing verantwoordelik te hou vir wat in die self ontstaan

(Louw, 1989:72, 638).

Projeksie kom neer op 'n verdringing na die onderbewuste van wat 'n persoon as onaanvaarbaar van homself belewe. Hy weier as't ware om hom met sodanige eienskappe te identifiseer. Hoewel sy gewete met hom in die tweede persoon enkelvoud praat, weier hy om te reageer met 'n erkenning van skuld.

In die praktyk toon projeksie die eienskap dat gesoek word na 'n plaasvervangende slagoffer om as 'n sondebok te dien in 'n poging om ons innerlike beskuldigings te ontvlug. Op hierdie wyse kry ons verligting van die gevoelens van skaamte en skuld wat onderdruk is of waarvan ons skaars bewus is. As voorbeelde van projeksie kan genoem word :

- Die gewoonte om van ander te skinder
- Die selfgeregverdigde veragting by die publiek van die persoon wat aan 'n misdaad skuldig gevind is.
- Die onverdraagsaamheid by die moraliseerder wat poog om konflik te vermy tussen sy seksuele drange en sy godsdienstige en morele voorskrifte (Uleyn, 1969:186, 192-193).

## 4.1.4 ANTISOSIALE PERSOONLIKHEIDSVERSTEURING (PSIGOPATIE OF SOSIOPATIE)

### 4.1.4.1 INLEIDING

Die belangrikheid van die insluiting van hierdie onderafdeling as deel van die studieonderwerp is geleë in die prominente skynbaar afwesige gewetensfunksie en die gepaardgaande ontbreking van skuld by persone wat gediagnoseer word as psigopate. Die negatiewe aard van hierdie persoonlikheidstipe waar skuld nie funksioneer nie of afwesig is tree duidelik na vore in wat Stein (1968:84) sê:

> The most destructive, costly, and pernicious human beings in society are often the sociopathic personalities. Whether they exercise monolithic power, like a Göring, or function in relative anonymity, they leave a trail of misery behind

them. History is strewn with their depredations and with malignant monuments to these men in whom guilt does not function or is absent. In that they constitute an extreme form, or caricature they are of special interest in the understanding of the guilt process.

Hierdie versteuring is onder verskillende wisselvorme bekend as anti-sosiale persoonlikheids-versteuring, psigopatie en in minder gebruikte vorm as sosiopatie. Vir die doel van hierdie onderafdeling sal die terme psigopatie, sosiopatie en anti-sosiale persoonlikheidsversteuring (APV) afwisselend en as sinonieme gebruik word.

Dat APV nou verbind word met misdadige gedrag is die oortuiging van vele outeurs. Van die outeurs is van mening dat die voorkoms van APV in gevangenisse so hoog as 75 persent kan wees (Kaplan & Sadock, 1981:486).

In die terugsporing van hierdie versteuring word gevind dat die Franse geneesheer Pinel reeds in die vroeë negentiende eeu die toestand wat vandag as APV geklassifiseer word maar algemeen as psigopatie bekend staan, beskryf. Pinel het dit ' sans délire' (geestes-siekte sonder delirium) genoem. In 1837 het die Engelse psigiater Pritcherd daarna verwys as 'moral insanity'. Daarmee wou hy aandui dat dit by hierdie persone gaan om 'n egoïstiese bevrediging van eie behoeftes en om 'n onvermoë om skuld of positiewe emosies te ervaar (Louw, 1989:404).

Om APV beter te verstaan word kortliks stilgestaan by die kriteria vir die diagnosering van APV, die kliniese beeld van APV, moontlike oorsake en ten slotte op die wetswysiging op strafregtelike aangeleenthede (Staatskoerant, 1993).

### 4.1.4.2 DIAGNOSTIESE KRITERIA

Die Amerikaanse vereniging vir psigiatrie (APA) het gedetailleerde kriteria ten opsigte van APV daargestel wat bekend staan as DSM-IV (Diagnostic and Statistical Manuel of Mental Disorders,1995). Hierdie kriteria vind sy beslag vanuit studies van die gedragsgeskiedenis van APV en kom kortliks neer op:

- Die persoon moet reeds 18 jaar oud wees voordat klassifisering plaasvind.

- Die voorkoms van anti-sosiale gedrag moet reeds voor die ouderdom van 15 jaar begin het met 3 of meer anti-sosiale gedragspatrone. Hierdie gedragspatrone kan insluit: stokkiesdraai, aanhoudende leuenagtigheid, vroeë aggressiewe seksuele gedrag, vandalisme, diefstal, voortdurende verbreking van reëls en gedragskodes tuis sowel as by die skool.

- Toon 'n patroon van onverantwoordelike en anti-sosiale gedrag na die ouderdom van 15 wat uitdrukking vind in 'n onvermoë om werk te behou, 'n onvermoë om te konformeer met sosiale norme, raak dikwels betrokke in gevegte, bly in gebreke om vooruit te beplan, het geen agting vir die waarheid nie, funksioneer onverantwoordelik as ouer of pleegouer en is onvermoënd om 'n monogame huwelik vir langer as 'n jaar te hê.

- Die voorkoms van anti-sosiale gedrag wat uitsluitlik gedurende skisofrenie of maniese episodes voorkom, kan nie as anti-sosiale gedrag gediagnoseer word nie. (DMS-IV, 1995: 664-668).

Persone in die gevangenis met APV is 'n duidelik onderskeibare groep en tree na vore uit vrae wat gebruik is as deel van 'n bepaalde diagnostiese kriteria om die psigopatiese oortreder te diagnoseer. Vrae wat opval in die gevangenissituasie sluit die volgende vrae in: Swak aanpassing, herhaalde gevangenisoortredings, ontvlugtings of poging tot ontvlugting, 'n onvermoë om uit vorige ervarings te leer en 'n afwesigheid van berou oor wangedrag (Roux, 1975:223). Die verwagte gedrag soos inbegrepe in die diagnose van APV kom daarin tot uiting dat die anti-sosiale gedrag van die psigopaat nie deur gevangenissetting geïnhibeer word nie. Dat geweld deel uitmaak van hierdie gedragspatroon word deur Hodgins (1993:107) verwoord: 'There is good evidence that psychopaths propensity for violence is not inhibited during incarceration.'

#### 4.1.4.3 DIE KLINIESE BEELD

Hoewel outeurs verskil ten opsigte van voorkomende kenmerke by die persoon met APV is daar wel 'n algemene ooreenkoms in dit wat outeurs as 'n kliniese beeld aantoon. Die kliniese beeld sluit kenmerke in soos:

- **Gebrek aan emosionele diepte**

Hierdie persoon se emosionele lewe is oppervlakkig en toon 'n onvermoë om enige diepgaande emosies te ervaar selfs in sy verhouding met sy vrou en sy kinders. Die totale afwesigheid van emosies soos haat, vreugde en gevoelens van liefde, droefheid en teerheid word weerspreek deurdat hy al hierdie emosies kan vertoon en verbaliseer sonder die belewing daarvan op 'n dieper emosionele vlak.

- **Onvermoë tot diepgaande interpersoonlike verhoudings**

Dat die persoon onvermoënd is om intieme persoonlike kontak te maak kom tot uiting in sy verhoudings wat kortstondig en gewoonlik sonder diepte is.

- **Gebrek aan berou en skuldgevoelens**

'n Volwasse waardesisteem met morele standaarde ontbreek. Misdaad word gepleeg sonder berou, skaamte of skuldgevoelens daaroor. Gevoelens van berou, skaamte en skuld word soms vertoon sonder enige innerlike ervaring daarvan.

- **Onverantwoordelikheid**

Weinig verantwoordelikheid word vir anti-sosiale en onverantwoordelike gedrag aanvaar. Wanneer hy daarmee gekonfronteer word, word verantwoordelikheid onmiddellik op ander geplaas.

- **Impulsiwiteit**

Behoeftes word op die onmiddellike bevrediging daarvan ingestel. Geen uitstel word geduld nie. Drange word van oomblik tot oomblik impulsief en ongekontroleerd uitgeleef.

- **Patologiese egosentrisiteit**

Alles draai net om homself en sy eie behoeftes sonder die erkenning van die behoeftes en gevoelens van ander.

- **Patologiese valsheid en onbetroubaarheid**

Onbetroubaarheid en 'n patologiese leuenagtigheid is aanwesig. Dit kom voor of hy onvermoënd is om tussen waarheid en leuen te onderskei.

- **Onvermoë om uit vorige ervaring te leer**

Straf het geen positiewe effek op so 'n persoon nie, want hy toon 'n onvermoë om enigiets positief uit 'n onaangename ervaring te leer en sy gedrag dienooreenkomstig te verander. Hierdie gedrag bring mee dat misdadige gedrag herhaal word, ongeag die gevolge daarvan.

- **Uitstekende vermoë om te manipuleer**

By hierdie persoon word 'n uitstekende vermoë om te manipuleer, gevind met die oog op die bevrediging van sy eie egosentriese behoeftes sonder dat hy iets of iemand ontsien.

- **Onvermoë om met enige doelgerigte aktiwiteit te volhard en volgens 'n lewensplan te leef.**

Geen stabiliserende lang termyn doelstellings, vooruit beplanning of doelgerigte lewensplan word gevind waarvolgens geleef word nie. 'n Wisselvallige en onstand-vastige werkrekord is kenmerkend van hierdie persoon.

- **Lae frustrasietoleransie en onbeheerste aggressie.**

Wanneer egosentriese behoeftes nie bevredig word nie, openbaar hierdie persoon 'n onvermoë om frustrasie te hanteer. Op sy beurt gee hierdie frustrasie

aanleiding tot impulsiewe gedrag.

- **Afwesigheid van uitgesproke angs gebaseerde versteurings en psigotiese simptome, of verstandelike gestremdheid.**

  Weinig angs gebaseerde simptome soos angs, senuagtigheid, obsessies of kompulsies word vertoon. Hulle intellektuele vermoëns is meesal gemiddeld of bo-gemiddeld. Hoë intellektuele vermoëns mag ook voorkom, maar in die reël is sodanige persone nie verstandelik gestremd nie.

- **Gebrekkige insig.**

  Weens 'n gebrek aan insig in sy eie probleme kan hierdie persoon homself nie sien soos ander hom sien nie. Dit op sigself is in teenstelling met sy rasionele denke en goeie oriëntasie. In plaas daarvan dat hy feite aanvaar en insien, sal hy homself eerder verontskuldig en ander blameer; die feite weg rasionaliseer of die oorsaak van sy probleme op ander projekteer (Louw, 1989:405-407).

Hoewel bogenoemde kenmerke as die mees kenmerkende eienskappe van psigopatie beskou word, hoef al hierdie eienskappe nie in een persoon voor te kom nie. Uit al hierdie kenmerke wil dit voorkom dat die psigopaat gewetenloos is en gevolglik onvermoënd is om skuld of angs te belewe. Daar is egter diegene wat van mening is dat dit 'n dwaling is om van sodanige standpunt uit te gaan. Saltzman (1964:23) sê by implikasie dat die psigopaat wel in staat is om skuld en angs te belewe maar 'n hanteringswyse het om dit van sy lyf af te hou. Hy verwoord dit as volg: ' It is not true that they do not experience guilt or anxiety. They simply cut of every relationship of significants at the root and thus avoid the development of anxiety or guilt.'

Dieselfde opvatting word weerspieël deur Reid (1978:8) ten opsigte van die belewing van angs by die psigopaat: ' The true psychopath certainly feels 'objective' anxiety. That is certain environmental stresses such as acute object loss, awaiting trail or facing drug withdrawal ...signs of deeper anxiety are there as well. The intolerance of boredom and search for stimulation seen in these individuals are in all likelihood felt, viscerally if you will, as anxiety.'

Ten spyte van die algemene opvatting dat die psigopaat beskou word as 'n persoon wat met selfvertroue optree en geen behoefte aan nabyheid het nie, is Saltzman (1964 :23) oortuig van die teendeel: 'The psychopath has little faith in himself and practically no expectation of community approval... The psychopath is looking for a closeness that he is afraid of, and a trust which he is convinced no one will give him.'

#### 4.1.4.4 ETIOLOGIE

Oor die oorsaak van APV is baie geskrywe. 'n Alleenstaande oorsaak word egter nêrens gevind nie, wel 'n breë instemming oor moontlike faktore wat psigopatie veroorsaak. Faktore wat wel in berekening gebring word sluit in:

- **OORERWING EN KONSTITUSIONELE FAKTORE.**

  Volgens sommige navorsers vind psigopatiese versteurings hul ontstaan grotendeels uit 'n endogene grondslag. Henderson (Roux, 1975:26) is van mening dat afgesien van gevalle waar uitwendige omstandighede soos gebrek aan voeding en ensefalitis die oorsaak van psigopatiese gedragversteurings is, vertoon die meerderheid gevalle geen spesifieke etiologie nie en moet die oorsake eerder in 'n ontwikkelings-anomalie gesoek word.

- **NEURO-FISIOLOGIESE FAKTORE.**

  Breinbeskadiging as gevolg van beserings lei dikwels tot impulsiewe en aggressiewe gedrag. Dit het daartoe aanleiding gegee dat navorsers daarin 'n verklaring vir psigopatie probeer vind het. Verskillende navorsers het met behulp van elektroënsefalografiese (EEG) ondersoeke, afwykende EEG (breingolf) patrone by psigopate gevind (Louw, 1989:409). Op grond van EEG abnormaliteite het verskillende navorsers sekere hipoteses gestel wat insluit:

  Op grond van stadige ritmes wat veral kenmerkend is van die EEG - ritmes wat by kinders aangetref word, het navorsers soos Hill en Waterson, Stafford-Clark et al. asook Ehrlich en Keoch (Roux, 1975:35) die hipotese gestel dat psigopatiese gedrag die gevolg van 'n vertraagde rypwording van die serebrale

korteks is.

Hare (Roux, 1975:36) stel die hipotese dat die aanwesigheid van sekere EEG abnormaliteite 'n aanduiding van 'n disfunksie in die onderliggende temporale limbiese sisteem is wat betrokke by sensoriese en geheue prosesse, sowel as by die beheer van emosionele en motiverende gedrag is. Beskadiging van die limbiese inhiberingsmeganisme maak dit moeilik om 'n respons waarop straf volg, te inhibeer. Van belang is dat daarop gewys word dat sekere organiese versteurings soos enkifalitis, idiopatiese epilepsie en sommige breinbeserings 'n psigopatiese beeld kan gee, maar nie vir alle gevalle verantwoordelik is nie (Geldenhuys & Du Toit, 1971:232).

- **SOSIALE - OMGEWINGSFAKTORE**

Die rol van die omgewing as 'n oorsaak van psigopatie word deur verskillende navorsers sterk beklemtoon. Omgewingsfaktore sluit die volgende aspekte in: 'n swak sosio- ekonomiese gesin, swak maats en emosioneel labiele gesinsomstandighede. Laasgenoemde word deur outeurs baie sterk beklemtoon in die voorkoms van psigopatie (Kaplan & Sadock, 1981:486).

Die destruktiewe aard van 'n negatiewe ouer-kind interaksie as 'n oorsaaklike faktor in die ontstaan van psigopatie tree duidelik na vore in Wolman (1987:23-33) se bevindings oor ouer-kind interaksies wat aspekte insluit soos:

- **Die ouers**

Psigopate kom nie slegs uit een bepaalde agtergrond nie. Psigopate kom uit armoedige huise waar ouers onwillig was om na hulle kinders om te sien, maar kom ook uit bo-gemiddelde en ryk huise. In laasgenoemde geval ontvang kinders baie geld maar min toegeneentheid.

- **Gebrek aan toegeneentheid**

'n Gebrek aan warmte tussen die ouer en die kind wat 'n psigopaat word, is

opmerklik. Kinders groei as't ware op as weeskinders wat gedwonge vir hulleself moet sorg en moet veg vir oorlewing. As kind ontbreek die ontwikkeling van 'n begrip van reg en verkeerd wat meebring dat hy nie in staat is om morele skuldgevoelens te beleef nie. Hierdie sink-of-swem-mentaliteit bring mee dat die wêreld as 'n vyandige plek gesien word waar geregtigheid, genade, inagneming en meegevoel nie bestaan nie. Die wêreld is 'n plek waar jy net kan oorleef indien dit ten koste van ander is.

- **Gebrek aan leiding**

Sommige psigopate kom uit huise wat ryk in geld is maar arm in liefde is. In sodanige gesinne word kinders nie morele waardes geleer of om hulle impulse te inhibeer nie. Die kind kry wat hy wil hê. Hierdie vryheid van die ouer se kant voorkom groei of regressie.

- **Gevoel van minderwaardigheid**

Minderwaardigheidsgevoelens gekombineer met 'n gebrek aan liefde laat sommige psigopate aggressief optree om daarmee hulle mag te demonstreer. So gebeur dit dat uit aanvalle, marteling en onmenslike wreedheid plesier geput word.

- **Isolasie**

Ouers se bevooroordeelde en ongegronde beperkings en kritiek op vriende laat 'n kind in isolasie grootword. Dit het tot gevolg dat daar by die kind 'n paranoïse vrees en haat teenoor sy ouers en die wêreld, wat hy almal as sy vyande beskou, ontstaan.

- **Verwerping**

Kinders gebore uit onwelkome swangerskappe word dikwels verwerp en misbruik. 'n Langdurige en ernstige verwerping laat gevoelens van miskenning en wantroue by die kind ontstaan wat kan grens aan paranoia. Dit op sy beurt lei

tot 'n ingesteldheid van vyandigheid en selfverdediging.

- **Moederlike ontbering**

Moederlike ontbering wat gestalte vind in verwerping en emosionele onstabiliteit bring by die kind 'n angstigheid, 'n behoefte aan liefde en sterk wraakgevoelens. Die kind se pogings om sy gevoelens van haat jeens sy moeder te verberg vind uiting in projeksie om homself te verdedig teen sy selfverterende toorn en wanhoop, maar sy haat sluit dan die ganse wêreld in.

Veel klem word gelê op die ontstaan van psigopatie vanaf die kleuterstadium. Dit is egter belangrik om daarop te let dat indien die binding met die moeder en die liefdevolle versorging van die kind reeds gedurende die suigelingstadium nie na wense verloop nie, dit ook 'n rol kan speel in die veroorsaking van psigopatie. Met verwysing na die psigopaat verwoord Maslow (Stein, 1968:94) dan ook so die gevolge van verwaarlosing tydens hierdie belangrike fase: 'These are people who, according to the best data available, have being starved for love in the earliest months of their lives and have simply lost the desire and the ability to give and to receive affection (as animals lose sucking or pecking reflexes that are not exercise soon enough after birth).'

Samevattend kan gesê word dat hoewel geen alleenstaande faktor uitgesonder kan word vir die ontstaan van psigopatie nie, daar wel 'n breë instemming is dat 'n konstitusionele aanleg, afwykende senustelsel en neurologiese funksionering, of 'n organiese letsel in die brein 'n voor vereiste is vir die ontwikkeling van psigopatie. Die rol van omgewingsfaktore kan egter nie buite rekening gelaat word nie. Roux (1975:58,59) wys daarop dat afhangende van hoe sterk die konstitusionele, neurologiese of organiese faktore is, sal die omgewingsfaktore bepaal in watter mate die latente psigopatie gaan ontwikkel, asook watter vorm dit moontlik sal aanneem. In bepaalde gevalle kan gunstige omgewingsfaktore verhoed dat 'n persoon tot 'n uitgesproke psigopaat ontwikkel. So is 'n gunstige sosio-kulturele omgewing en emosionele klimaat tussen ouer en kind noodsaaklik vir die optimale ontwikkeling van die persoonlikheid.

### 4.1.5 WYSIGINGSWET OP STRAFREGTELIKE AANGELEENTHEDE: 1993

Voorheen was psigopatie vir juridiese doeleindes erken as 'n sertifiseerbare geestesongesteldheid. Dit het onder andere meegebring dat hierdie persone nie in gewone gevangenisse aangehou is nie, maar in gevangenishospitale. Op grond van 'n wetswysiging (Staatskoerant, 1993) word hierdie persone tans in gewone gevangenisse aangehou. Die aanloop tot die wysigingswet was onder andere geleë in 'n wêreldwye veranderde siening met betrekking tot psigopatie. Psigiaters beskou psigopatie nie meer as 'n geestesongesteldheid nie, maar slegs as 'n anti-sosiale persoonlikheidsversteuring. Hier ter lande is ook daarop gewys dat psigopate in elk geval nie ontoerekeningsvatbaar is volgens die kriteria vervat in artikel 78, van die Strafproseswet (Strafproseswet, 1977: wet 51) nie.

Op 6 Julie 1990 is die aanstelling van 'n kommissie van ondersoek onder voorsitterskap van regter H. Booysen van die Natalse provinsiale afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika deur die minister van Justisie en Korrektiewe dienste aangekondig (Goewerments-kennisgewing, R1632 : Staatskoerant no. 12645 van 6 Julie 1990). As opdrag moes hierdie kommissie 'n ondersoek doen na die voortgesette insluiting van psigopatie as sertifiseerbare geestesongesteldheid en die hantering van psigopatiese en ander geweldsmisdadigers. Van die aanbevelings wat die kommissie gemaak het, is vervat in 'n ongepubliseerde interimverslag (Interimverslag [1992]:12) wat insluit:

- Psigopatie of 'n psigopatiese steuring as sodanig behoort nie langer as geestesongesteldheid in die Wet op Geestesgesondheid 18 van 1973 ingesluit te word nie, wat sou meebring dat:

  - die huidige omskrywing van geestesongesteldheid in die Wet, naamlik ' 'n geestesverstoring of gebrek, en ook 'n geestessiekte, 'n gestremde of onvoltooide geestesontwikkeling en 'n psigopatiese steuring gewysig moet word deur die skrapping van die woorde ' en 'n psigopatiese steuring' (Interimverslag [1992] ).

  - aanverwante bepalings in die Wet op Korrektiewe Dienste 8 van 1959 soos vervat in artikels 20 (1) (d) (A), 77 en 81(3) uit die wet verwyder moet word.

Op 20 Julie 1993 is Wet nommer 116 van 1993, bekend as 'Wysigingswet op Strafregterlike Aangeleenthede 1993' gepubliseer (Staatskoerant vol. 337 no. 14982 1993 : artikels 4 & 5, 8 - 14). Met dié wet is psigopatie as sertifiseerbare geestesongesteldheid van die wetboeke geskrap.

Vir die doel van hierdie studie is dit van belang om daarvan kennis te neem dat sodanige persone nou deel is van die algemene gevangenisbevolking. Dit bring mee dat hulle deel is van dié lidmate wat in gewone gevangenisse pastoraal versorg word.

### 4.1.6 DIE ONTWIKKELING VAN DIE GEWETE

#### 4.1.6.1 INLEIDING

In die lig van die studieonderwerp kan met reg gevra word na die rol van die gewete in 'n persoon se gedrag en beplande gedrag met 'n gepaardgaande skuldbesef, die belewing van skuld of die ontwikkeling daarvan. Alvorens die verskillende ontwikkelingfases nagegaan word, word gelet op 'n definisie van wat onder die begrip gewete verstaan word. Plug et al. (1987:125) verwoord dit as: 'Die morele aspek van die persoonlikheid dit wil sê 'n hipotetiese deel van die persoon wat oordele oor sy gedrag en beplande gedrag fel volgens morele waardes wat hy aanvaar. Dit het dus 'n kognitiewe/affektiewe sy naamlik gevoelens van verpligting, skaamte, skuld en trots; en 'n konatiewe sy naamlik besluite met betrekking tot toekomstige gedrag.'

Die rol van die gewete met betrekking tot die skuldbesef by lidmate in die gevangenis word by aangesluit deur slegs kortliks stil te staan by die verskillende fases van die ontwikkeling van die gewete soos deur Narramore[1] (1974:19-25) toegelig.

#### 4.1.6.2 FASES VAN ONTWIKKELING

- **DIE IDEALE SELF**

'n Pasgebore baba is bewustelik amoreel. Hierdie toestand verander geleidelik wanneer sy ouers besluit dat hy geleer moet word. Hierdie proses vind plaas by wyse van afkeuring, bestraffing of beloning van sy gedrag. As gevolg van die

kind se idealisering van sy skynbaar alwetende ouers en hulle mag om afkeuringswaardige gedrag te straf, begin die kind hulle persoonlikheid inkorporeer. By hom is daar die persepsie dat bepaalde gedrag beloon word en ander gestraf word. By hom is die hoop teenwoordig dat deur konformering aan sy ouers se standaarde hy eendag dieselfde mag en posisie as die van sy ouers sal hê.

Voortgaande inkorporering van die verwagtinge van sy ouers, portuurgroep sowel as ander belangrike persone laat die kind 'n beeld vorm van wat hy behoort te word. Crain (1980:138) onderstreep dieselfde gedagte wat hy by Freud oorneem: 'Children continue to identify with other people, such as teachers and religious leaders and to adopt their moral standards as their own.'

Teen adolessensie is hierdie ideale stewig ingebed in die vorm van die ideale self. Die ideale self bevat al die menslike standaarde en unieke aspirasies. Die ideale self dien die doel om ons dade te motiveer en is die standaard waarmee ons, ons gedrag beoordeel. In kort vorm dit die kern van die gewete.

- **DIE KORREKTIEWE SELF**

Gelyktydig met die internalisering van 'n sisteem van ideale neem die kind ook die ouers se houding in teenoor hulle wangedrag asook die ouers se metodes van straf of korreksies. Die belangrikheid van internalisering vir die vorming van die gewete tydens die vroeë kinderjare met toevoegings en verstellings gedurende adolessensie word ook deur Madow (1988:32) onderstreep: 'Around the age 3 or 4, we to develop the true internalized standards of conscience that become a part of us for the rest of our lives, with additions and modifications particularly through adolescence and extending into adult life.'

Internalisering bring mee dat die kind hom dieselfde straf op lê as wat hy van sy ouers ontvang het. Hierdie reaksie toon dat hy sy eie gedrag evalueer en korreksies aanbring wanneer hy verkeerd is. Dit kan ook die voorloper wees van latere skuldgevoelens.

Hierdie gedagterigting word ook by Tournier (1974:88) gevind wanneer hy daarop wys dat internalisering van wat by ouers waargeneem word sowel positief as negatief met betrekking tot skuldgevoelens kan wees. So kan ouers bepaalde waardes op die kind oordra waarvan sommige outentiek en eg is, byvoorbeeld dat dit verkeerd is om te lieg. Andersyds mag 'n bepaalde waarde slegs 'n refleksie wees van die ouer se eie probleme met diegene wat hulle opgevoed het. So kan die seksdrang aan die kind voorgehou word as sondig en skandelik. Alhoewel die kind later sodanige valse waardes verwerp mag hy steeds gepla word deur 'n valse belewing van skuld.

In die opvoedingproses tree ouers verskillende op in die hantering van die kind wat in gebreke bly om te beantwoord aan die ouers se verwagtings. Optredes kan insluit:

- **Straf**

Waar die kind se mislukking konsekwent straf meebring, bring mislukking by die kind die verwagting van straf mee selfs wanneer die ouer afwesig is. Die kind ontwikkel in sodanige geval 'n soort geïnternaliseerde ouer wat hom aanspreek asof dit sy werklike ouer is. Daardie patroon vestig homself en duur voort in die volwasse lewe waar die gevoel opkom dat iets verkeerd gedoen is volgens die gewete wat straf tot gevolg het. Madow (1988:37) verwoord hierdie vrees vir straf wat selfstraf meebring in 'n poging om skuldgevoelens te verlig: 'The punishment is built into our character so that we feel we have violated our own standards, we tend to punish ourselves with feelings of anxiety and rage against ourselves, upbraiding ourselves, sometimes literally inflicting physical pain in an effort to punish ourselves and thus relieve the quilt feelings.'

- **Subtiele verwerping deur kwaad te wees**

Hierdie ouerlike reaksie bring die vrees van 'n persoonlike verwerping en die vrees dat die kind die ouer se liefde sal verloor. Hierdie vrees vir 'n verlies aan liefde word in die volwasse lewe voorgesit telkens waar nie aan verwagtings voldoen word nie.

- **Beskaming van die kind vir sy mislukking**

Hierdie optrede van die ouer het ten doel om die kind deur beskaming aan te spoor tot meer aanvaarbare aktiwiteite. Ouers vergelyk dikwels kinders met mekaar en konsentreer by herhaling op die kind se mislukkings. Hierdie optrede wek gevoelens van skuld en selfvernedering by die gevoelige kind. Iets van die destruktiewe aard van sodanige optrede word deur Snyder, Snyder en Snyder (1980:76) verwoord: 'We are not interested in creating a conscience that cripples people with self hatred or prevents them from enjoying life. We do not attempt to cause or intensify destructive guilt feelings by shaming, questioning underlying motives, or fixing blame. These tactics only lead to withdrawal, denial of responsibility, fearful conformity or self hatred.'

Die drie genoemde korrektiewe optredes wat straf, subtiele verwerping of geringskatting en beskaming insluit, word met verloop van tyd in die kind se persoonlikheid geïnkorporeer as 'n interne korrektiewe mag. In geheel gesien bevat hierdie drie handelings wat genoem kan word die bestraffende self. Hierdie stel korrektiewe houdings word bestraffend genoem omdat by almal 'n houding van vyandigheid, dreiging of verwerping teenoor die self aanwesig is. Dat die bestraffende gewete negatief op die persoonlike inwerk, word by aangesluit by Snyder, Snyder en Snyder (1980:80-81). Hulle koppel dit aan 'n beangste en bedreigende self met gepaardgaande negatiewe optredes om straf en skuld te vermy of te verminder: 'Such a conscience is based on fear and is primarily concerned with avoiding punishment or, when it has been hurt, with getting revenge by hurting back. Lying, blaming others and self-deception are necessary to avoid or reduce punishment and quilt. It is devoid of compassion and reconciliation.'

- Ignoreer die mislukking en laat die kind baat by die gevolge van sy optrede of dissiplineer die kind liefdevol en toon hom dat hy beter kan doen.

Laasgenoemde korrektiewe houding is 'n duidelike teenpool van die bestraffende self en ontwikkel in die kind tot 'n dissiplinêre self. Die dissiplinêre self ontstaan waar ouers met insig en balans kinders opvoed. Ouer reaksie word weer-

spieël in die gevoel 'n minimum woorde en frustrasie. Kinders word toegelaat om te baat by die gevolge van hul gedrag. Die kind beleef onvoorwaardelike liefde en die beredenering van sy dade met homself vind plaas. Die kind word liefdevol en geduldig gelei en gehelp om te sien hoe hy kan verbeter. Die dissiplinêre self is die voorloper van volwasse gevoelens van egte spyt of berou in teenstelling met neurotiese skuld wat te wyte is aan die bestraffende self.

Uit bogenoemde bespreking kan maklik afgelei word dat die volwasse emosie van skuld 'n naastenby presiese weergawe van die ouer se korrektiewe reaksies moet wees. Dit is egter nie die geval nie. Mede bepalend in die vorming van sy belewing van skuld is ook die stand van die kind se eie swakhede en ontoereikendheid gekoppel aan die kind se persepsie van sy ouers se mag wat uiting kan vind in woede wat hy weer op sy ouers projekteer.

Opsommend kan die morele sisteem as volg voorgestel word: In elkeen van ons is bepaalde doelwitte, standaarde en aspirasies teenwoordig as die ideale self. Wanneer ons prestasies te kort skiet aan hierdie ideale word 'n korrektiewe reaksie in werking gestel. Hierdie korrektiewe reaksie is afkomstig van ons dreigende bestraffende self of van ons rasionele liefdevolle dissiplinêre self. In die mate wat die bestraffende self in aksie is, word gevoelens van selfveroordeling, selfstraf en isolasie beleef. Hierdie emosie word verskillend getipeer as valse skuld, neurotiese skuld of pseudo skuld.

Andersyds is dit so dat in die mate wat die dissiplinêre self in aksie is word 'n positiewe self-korrektiewe houding beleef. Laasgenoemde het tot gevolg dat ons, ons foute erken en voortgaan om onsself te respekteer en op 'n volwasse wyse word beplan om ons gedrag te verbeter. Hierdie emosie word genoem, ware skuld, konstruktiewe skuld of eksistensiële skuld.

### 4.1.7 SAMEVATTING

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat in die pastorale hantering van die skuldprobleem van lidmate in die gevangenis duidelik met die mens in sy totaliteit rekening gehou sal moet word. Hoewel die teologiese uitgangspunt vanuit die Bybel die mens in sy totaliteit as gees, siel en liggaam aanspreek, is die gespesialiseerde kennis van ander

hulpwetenskappe van onskatbare waarde om pastorale hulp in die diepte te kan lewer. Om die mens soos hy hom soms in sy kompleksiteit in die gevangenis aanbied, teologies te bereik, is nie altyd maklik nie. Hiertoe is nodig dat die pastor iets sal begryp van die sielkundige kragte wat 'n rol speel in die skulddinamiek by die lidmaat in die gevangenis.

Skuldaanvaarding, skuldbelydenis en die aanvaarding van vergifnis op grond van God se soewereine genade en liefde kan deur verskeie faktore verhinder word. Uit die voorafgaande kan dit saam gevat word as:

- Neurotiese skuld wat as werklike skuld belewe word.
- Depressie as gevolg van mislukkings en die behoefte aan eiewaarde en liefde.
- Skuldmeganismes om die eie-ek te beskerm teen ontbloting van wat die toestand werklik is, 'n weiering om skuld te aanvaar of 'n vrees om verwerp te word.
- 'n Skeefgetrekte hantering van die eie persoon en sy waardebeoordeling wat mag dui op 'n foutiewe gewetensontwikkeling.
- Ten spyte van 'n oënskynlike goeie indruk wat gemaak word, insig wat openbaar word en instemming oor die verkeerdheid van anti-sosiale gedrag is daar 'n lang geskiedenis van misdaad wat mag dui op 'n anti-sosiale persoonlikheidsversteuring, bekend as psigopatie.

In die pastorale hantering van die lidmaat in die gevangenis is dit wenslik om waar beskikbaar, in te skakel met ander vakkundiges wat sielkundiges insluit. Om deel te wees van 'n multi-dissiplinêre span kan verrykend wees vir die pastor self, maar bo alles 'n beter verstaan van die lidmaat meebring.

Die pastor sal in sy kennisname van sielkundige insigte steeds moet onthou dat sodanige insigte 'n hulp in die pastoraat is en nie die pastoraat self nie. Steeds sal die pastor moet onthou dat hy 'n dienskneg is van die eintlike Pastor in wie se diens hy staan. Die pastor mag nooit vergeet dat die pastoraat waarmee hy besig is, deel van 'n openbaringswetenskap is, terwyl insigte vanuit die Sielkunde komende is uit 'n empiriese wetenskap.

## 4.2 SKULD IN 'N JURIDIESE PERSPEKTIEF

### 4.2.1 INLEIDING

Gevonnisde persone in Suid Afrikaanse gevangenisse is persone wat as gevolg van 'n bepaalde misdaad deur 'n Suid-Afrikaanse hof skuldig bevind is waarop gevangenisstraf gevolg het. Die gevangene het as landsburger in die hof kennis gemaak met die bewys-skuld vanweë sy bepaalde oortreding wat hom tot misdaad gereken is. In die gevangenissituasie kom hy ewe-eens as lidmaat van die kerk te staan voor die begrip skuld.


Hoewel die begrip 'skuld' beide in juridiese en teologiese verband in sy gesigsveld kom, kan dit nie op 'n simplistiese wyse met mekaar gelyk gestel word nie. 'n Onderskeiding is noodsaaklik om te voorkom dat 'n lidmaat van die kerk nie sy skuld voor God, of die ontkenning daarvan suiwer vanuit 'n juridiese verwysingsraamwerk beoordeel nie.

Vanweë die omvang van die reg word hier slegs uitgegaan vanuit die strafreg, en wel die Suid-Afrikaanse strafreg met die misdaadbegrip as sleutel tot die geheel. Die doel van hierdie onderafdeling is nie om in die diepte op die strafreg in te gaan nie, maar om dit toe te lig wat as relevant beskou word om aan te toon wat in juridiese sin onder die begrip skuld verstaan word.

### 4.2.2 DIE MISDAADBEGRIP IN DIE SUID-AFRIKAANSE REG

Om vas te stel of 'n persoon vir 'n misdaad aanspreeklik is, en dus deur 'n hof skuldig bevind kan word aan 'n misdaad moet daar aan bepaalde prosesregtelike vereistes voldoen word. Hoewel daar nie stap vir stap by elke vereiste stilgestaan word in elke hofsaak nie, is die beginsels inbegrepe by die geheel.

Om 'n geheelbeeld te vorm van die misdaadbegrip in die Suid - Afrikaanse praktyk, wat die skuldbegrip insluit, word dit aan die hand van die volgende skematiese voorstelling (Figuur 4.1) na analogie van Snyman (1992) toegelig:




**Figuur 4.1: Misdaadbegrip**

### 4.2.3 DIE LEGALITEITSBEGINSEL

Die Suid-Afrikaanse reg funksioneer vanuit die beginsel dat daar geen misdaad is sonder 'n regsbepaling nie - 'nullem crimen sine lege'. Die legaliteitsbeginsel in die strafreg berus op bepaalde vereistes waaraan voldoen moet word voordat daar sprake kan wees van strafregtelike aanspreeklikheid op grond van 'n bepaalde gedrag.

Die belangrikste fasette van die legaliteitsbeginsel word deur Snyman (1992:33) as volg geformuleer.

> 'n Beskuldigde behoort nie aan 'n misdaad skuldig bevind en gevonnis te word nie tensy die soort gedrag wat hom ten laste gelê word (a) reeds voordat dit plaasgevind het, (b) in duidelike terme (c) deur die landsreg as 'n misdaad erken is, (d) die beskuldigde se besondere optrede onder die misdaadomskrywing tuisgebring kan word sonder om die woorde of begrippe in hierdie omskrywing te wyd te vertolk, en (e) na skuldigbevinding die strafoplegging ook beantwoord aan die vier pas gemelde beginsels.

Om perspektief op die Suid-Afrikaanse reg te kry is dit belangrik om daarop te let dat die Suid-Afrikaanse reg nie gekodifiseer is by wyse van 'n strafwetboek nie. Sekere gedrag word wel statutêr tot misdaad verklaar, terwyl ander soos moord, aanranding en verkragting nie in 'n wet omskryf is nie. Hierdie misdade is wel strafbaar en wel onder die

gemene reg op grond van die resultaat en gevolge van die handeling.

### 4.2.4 HANDELING

Indien vasgestel is dat 'n tipe gedrag strafbaar is, word die vraag gevra of daar 'n handeling was. In regsterminologie staan dit bekend as 'actus reus'. Voordat die begrip handeling omskrywe word moet daarop gewys word dat blote gedagtes nie strafbaar is deur die reg nie. Burchell en Hunt (1970:97) verwys na hierdie beginsel in die Suid-Afrikaanse reg: 'Mere thoughts are not punishable. The law is not concerned with punishing persons with guilty minds unless such persons do some act of a criminal nature.'

Wat 'n handeling is kan kernagtig saamgevat word as 'n doen maar ook 'n late. De Wet en Swanepoel (1985:48) verwys hierna as: 'Voorwerp van die strafbedreiging is steeds 'n doen ('commissio') of late ('omissio') dit wil sê 'n positiewe bedrywigheid of 'n versuim om iets te doen.'

By sommige misdade gaan dit nie om 'n bepaalde handeling nie, maar wel oor die gevolg wat 'n bepaalde handeling as resultaat het; byvoorbeeld in die geval van moord wat die dood van 'n medemens tot gevolg het. As handeling kwalifiseer nie net voltooide en onvoltooide fisiese dade nie. So kan ook die uitspreek van woorde binne die kader van aanspreeklikheid val.

In hierdie verband kan aangesluit word by Burchell en Milton (1991:76) waar gesê word dat: 'Uttering words, such as in the crime of incitement, or an agreement combined with the requisite fault element would be sufficient for criminal liability.'

'n Handeling volgens strafregnorme kom neer op 'n willekeurige doen of late, maar nie noodwendig 'n gewilde nie. Gedrag kan as willekeurig bestempel word wanneer iemand in staat is om 'n besluit te neem ten opsigte van sy doen en late en die verbode handeling te kan verhoed. Aan die ander kant ontbreek willekeurige gedrag en derhalwe 'n handeling wanneer iemand werktuiglik optree soos byvoorbeeld in gevalle van refleksbewegings soos hartkloppings of 'n niesbui, slaapwandeling, liggaamsbewegings soos die swaai van 'n arm terwyl 'n persoon slaap, 'n epileptiese aanval en beswyming (Snyman, 1992:58-59).

### 4.2.5 VERBODSINHOUD

Die verbodsinhoud word wel nie as 'n afsonderlike bestanddeel in die positiewe reg genoem nie, tog moet dit aanvaar word dat dit 'n bestanddeel is wat stilswyend inbegrepe is by die misdaadbegrip van ons howe (Snyman, 1992:161). Die verbodsbeskrywing of inhoud kom neer op 'n kernagtige beskrywing van die soort gedrag wat deur die reg as 'n misdaad verbied is. Dit bied 'n model of formule vir die regsonderdaan en die hof om te weet watter soort gedrag strafbaar is.

Om dit vollediger te omskrywe sou gesê kan word: Dit beskryf die soort handeling wat verbied word, sowel as die omstandighede waaronder 'n bepaalde handeling 'n misdaad is. Dit sluit in die soort mens wat dit moet verrig, die voorwerp ten opsigte waarvan dit uitgevoer word, die tyd wanneer, of plek waar dit moet geskied (Middelton et al., 1987:26).

### 4.2.6 WEDERREGTELIKHEID

'n Handeling word as 'n wederregtelike handeling getipeer indien dit 'n handeling is wat in stryd is met die maatstawwe van die regsorde in sy geheel, en nie slegs met die betrokke verbodsbeskrywing nie. 'n Handeling wat ooreenstem met die verbodsbepaling van 'n bepaalde misdaad is nie 'ipso facto' wederregtelik nie. Dit dui eerder op 'n voorlopige wederregtelikheid, omdat daar bepaalde regverdigingsgronde kan wees wat 'n handeling diskwalifiseer as wederregtelik.

As voorbeelde vir regverdigingsgronde geld onder andere; noodweer en noodtoestand. Maatstawwe by die vasstelling van wederregtelikheid verwys nie na die persoonlike eienskappe van die dader nie, en daarom is die vasstelling van wederregtelikheid objektief.

### 4.2.7 SKULD

Die voldoening aan bogenoemde vier vereistes op sigself stel nog nie 'n persoon strafregtelik aanspreek nie. Die dader se optrede moet met skuld gepaard gaan. Daar moet gronde wees waarop sy optrede hom deur die reg verwyt kan word. In die sin

beteken skuld die verwytbare gesindheid waarmee 'n persoon 'n wederregtelike daad pleeg.

Skuld word ook getipeer as die laakbare gesindheid waarmee 'n persoon handel (De Wet & Swanepoel, 1985:103). By skuld is die fokus op die dader as persoon gerig met sy persoonlik gawes, tekortkominge en geestesvermoëns. Die somtotaal hiervan kom neer op 'n subjektiewe vasstelling van skuld. Hierdie subjektiewe vasstelling van skuld word gegrond op wat bekend is as die sielkundige skuldbegrip.

Om te verstaan hoe daar by die vasstelling van skuld by 'n subjektiewe vasstelling uitgekom is, word vervolgens gelet op die oorsprong van die sielkundige skuldbegrip. Die sielkundige skuldbegrip word enersyds aan die Engelse invloed toegeskryf waar na skuld verwys word as 'the mental element of crime'. In Latyn bekend as 'mens rea'.

Die voedingsbron vir hierdie skuldbegrip is die positivistiese regsfilosofie wat buitejuridiese invloede vanuit ander geesteswetenskappe soos die etiek, wysbegeerte en sosiologie so ver as moontlik vermy het. Die reg is beskou as 'n neutrale en formele stel reëls wat afkomstig is van die wetgewer of een of ander historiese bron. Die normatiewe karakter van die reg is op die agtergrond geskuif en die regswetenskap is so ver as moontlik gegrond op feite wat sintuiglik waarneembaar en bewysbaar is.

Hierdie hantering het daartoe gelei dat die reg hom nie met morele of ander waardes moet bemoei nie, maar dat dit funksioneer soos 'n neutrale masjien waar die uitslag bloot meganies bepaal word. Op grond van die empiriese karakter van die positivisme word die begrip skuld dan ook gereduseer tot 'n blote feit. Dit blyk dan ook uit die feit dat skuld gelyk gestel is aan 'n 'state of mind'.

'Skuld' in die lig van die sielkundige skuldbegirp word beperk tot die beskrywing van 'n feit of 'n stel feite (state of mind) (Snyman, 1992:152-153). Om juridiese skuld te definieer word gewys op Snyman (1992:152) se omskrywing: 'Skuld is 'n bepaalde geestesgesteldheid of "state of mind" en hierdie geestesgesteldheid of gesindheid word meer bepaald gesien as "opset" of "nalatigheid".' Om skuld as "opset" of nalatigheid ter sprake te bring moet eers voldoen word aan die vereistes van toerekeningsvatbaarheid.

#### 4.2.7.1 TOEREKENINGSVATBAARHEID

Voordat 'n persoon verwyt kan word dat hy skuld het moet vasgestel word of hy toerekeningsvatbaar is. Die vraag na toerekeningsvatbaarheid het as inhoud die vasstelling of hierdie persoon oor die nodige geestesvermoëns beskik om sy doen en late reg te waardeer, en volgens hierdie insigte te handel. Indien die hof oortuig is dat 'n persoon wel toerekeningsvatbaar is dan beteken dit dat hy deur die hof vir sy gedrag verwyt kan word of andersom.

Waar die vraag na ontoerekeningsvatbaarheid in die praktyk ter sprake kom, gaan dit gewoonlik om jeugdige oortreders, geestesongestelde persone, dronkes en persone wat onder provokasie gehandel het. Jeugdigheid, geestesongesteldheid, dronkenskap en provokasie kan dien om die dader se toerekeningsvatbaarheid uit te sluit of dit te verminder en dan as strafversagting dien (Bosman & Hosten, 1979: 753).

Nadat vasgestel is of 'n persoon toerekeningsvatbaar is word verder beweeg om vas te stel of daar by die dader 'n bepaalde skuldsoort aanwesig was. Hier kom as erkende skuldsoorte ter sprake: opset bekend as 'dolus' of nalatigheid bekend as 'culpa'.

#### 4.2.7.2 DIE SKULDSOORT OPSET-'DOLUS'

Opset in regstaal beteken altyd 'bose opset'. Dit sluit in dat daar by die dader 'n bepaalde wilsgerigtheid aanwesig was, asook 'n kennis van dit wat in die verbondsbeskrywing vermeld word, asook 'n kennis van die wederregtelikheid van die handeling. In kort kom dit daarop neer dat opset die weet en wil van 'n verbode handeling of gevolg is (Snyman, 1992: 189). In sodanige geval word die dader verwyt dat hy sy geesteskragte ingespan het om 'n onreg te pleeg. Die skuldvorm "opset" kan in drie verskillende vorms onderskei word.

- **Opset as 'dolus directus'.**

  Van 'dolus directus' is daar sprake waar gehandel word met 'n spesifieke doel voor oë bekend as oogmerk opset. Bosman en Hosten (1979:757) omskryf hierdie skuldvorm en lig dit toe met 'n voorbeeld: 'Die daad of gevolg is gewil

wanneer die dader hom 'n voorstelling van die handeling of die gevolg daarvan maak en sodanige handeling of gevolg dan begeer - Hy stel hom byvoorbeeld voor dat hy sy vyand, wie se dood hy begeer, om die lewe kan bring deur hom gif in te gee en handel dan met die doel voor oë.'

- **Opset as 'dolus indirectus'**.

'n Handeling of gevolg word ook as gewil beskou waar die gevolg van die handeling nie die dader se hoof oogmerk was nie, tog het hy hom die noodwendige intrede van die gevolg voorgestel en nogtans gehandel.

In 'n bepaalde geval steek 'n persoon 'n skuur aan die brand met die opset om die voorraad te vernietig ('dolus directus') sodat hy die assuransiegeld kan kry. Deur hierdie handeling te verrig het hy die sekerheid voorsien dat die skuur ook sou afbrand ('dolus indirectus') ( Burchell & Milton, 1991:248).

- **Opset as 'dolus eventualis'.**

Opset as 'dolus eventualis' is ter sprake waar iemand se handeling as opsetlik beskou word ten opsigte van dit wat gebeur het, al sou dit nie die hoof oogmerk gewees het of deur hom as noodwendig voorgestel gewees het nie. Bepalend hier is dat hy die handeling of gevolg as 'n moontlike voorgestel het. In 'dolus eventualis' is dit volgens De Wet en Swanepoel (1985:139) 'n geval van: 'Hy versoen hom met die risiko dat dit sal plaasvind en neem dit as't ware op die koop toe.'

As voorbeeld dien die geval waar 'n aantal stakers 'n trein laat ontspoor met die doel om die treinverkeer te ontwrig. Hulle word aangekla van aanranding met die opset om moord te pleeg. Die hof bevind dat die opset om te moor wel aanwesig was en wel omdat die beskuldigdes die moontlikheid van lewensverlies as 'n gevolg van hulle optrede inderdaad voorsien het en nogtans die gevaar geskep het om in hul primêre doel te slaag (Bosman & Hosten, 1979:758).

Voordat 'n dader in terme van die skuldsoort opset ('dolus') skuldig bevind kan

word, moet daar aan die vereiste wederregtelikheidsbewyssyn voldoen word. In kort word hierdie vereiste in twee afdelings verdeel naamlik:

- Die dader moet bewus wees dat sy gedrag nie onder 'n regverdigingsgrond tuisgebring kan word nie en

- die dader moet weet dat die handeling wat hy verrig en die omstandighede waaronder hy dit verrig, deur die reg as misdaad beskou word.

- **DIE SKULDVORM NALATIGHEID-'CULPA'.**

Die skuldvorm nalatigheid kom ter sprake waar 'n persoon van regsweë daarvan verwyt word dat deur sy onvoldoende aandag in dit wat hy gedoen het, hy 'n wederregtelike handeling verrig of gevolg veroorsaak het. Nalatigheid oorvleuel nooit met opset nie, omdat opset anders as nalatigheid gewil is. Nalatigheid en opset sluit mekaar volledig uit. By die vasstelling van nalatigheid word van die 'redelike man-toets' gebruik gemaak. Die vraag word gevra wat die redelike man in dieselfde omstandighede sou voorsien het en wat hy sou gedoen het.

Die toets by die skuldvorm 'nalatigheid', is behalwe enkele uitsonderings 'n objektiewe toets. Die rede waarom die toets objektief is, asook die bepalende vrae in die toets vir nalatigheid word deur Burchell en Milton (1991:297,299) gemotiveer en aangedui:

The test of negligence is not what the actor thought or foresaw but rather what a reasonable person would have foreseen and done in the circumstances. The enquiry is thus not as to the state of the actor's mind but rather as to the nature of his conduct. The test is "objective".

(a) Would a reasonable person, in the same circumstances as the accused, have foreseen the reasonable possibility of the occurrence of the consequence or the existence of the circumstance in question, including its unlawfulness;

(b) Would a reasonable person have taken steps to guard against that possibility; and

(c) Did the accused fail to take the steps which he should reasonably have taken to guard against it?

Indien 'n bevestigende antwoord op bogenoemde drie vrae gegee word, word die oortreder se gedrag as nalatig beskou. Wanneer 'n hof aan die einde van al die getuienis oortuig is dat uit al die getuienis die afleiding gemaak kan word dat aan al die vereistes vir strafregtelike aanspreeklikheid voldoen is, kan hy 'n beskuldigde skuldig bevind en 'n bepaalde vonnis oplê.

### 4.2.8 SAMEVATTING

Waar in 'n hof verklaar word dat 'n beskuldigde se skuld bo redelike twyfel bewys is, beteken dit in werklikheid dat daar aan verskeie elemente vir skuldigbevinding aan 'n misdryf voldoen is. In die lig hiervan is die begrip 'skuld' in juridiese sin 'n tegniese term in die strafreg. Waar die begrip skuld gebruik word dui dit op die gronde waarop 'n persoon verwyt kan word vir sy wederregtelike handeling.

Wanneer skuld in juridiese sin nagegaan word, word gevind dat dit slegs 'n horisontale dimensie het wat gewortel is in gemeenskapsnorme wat uit kristalliseer in 'n bepaalde regsfilosofie. Hierdie regsfilosofie is varieerbaar volgens veranderbare gemeenskapsnorme. Die Bybelse skuldbegrip is egter universeel en gegrond op God se woord.

Opvallend is dat wat die gemeenskap as afkeurenswaardig beskou in juridiese sin nie noodwendig as 'n misdaad erken word nie. Dit beteken dat regsnorme en sedenorme kan saamval maar nie noodwendig nie. 'n Sedelik afkeurenswaardige lewe op sigself is byvoorbeeld nie noodwendig 'n saak wat strafregtelik hanteer word nie. Baie innerlike gedagtes en voornemens val duidelik binne die konteks van Bybelse skuld terwyl dit juridies eers tot 'n daad of gevolg moet lei, voordat dit binne die konteks van aanspreeklikheid val.

In die lig van die studieonderwerp is dit belangrik om daarop te let dat 'n skuldige persoon

onskuldig bevind kan word in juridiese sin op grond van 'n bepaalde tegniese punt, terwyl hy Bybels gesproke wel voor God skuldig is. Van belang in die kerk se hantering van die skuld van sy lidmaat is dat die lidmaat sal besef dat die reg soos beliggaam in 'n strafhof binne God se raadsplan val.

# HOOFSTUK 5

# DIE BIEG AS WYSE VAN SKULDHANTERING

## 5.1 INLEIDING

Soos reeds vermeld (Vergifnis deur die apostels: 3.11.5), word die biegstelsel as wyse van skuldhantering, soos deur die Rooms-Katolieke kerk beoefen, op grond van leerstellige verskille deur kerke met 'n Gereformeerde belydenis afgewys. Dit bly egter 'n vraag of die bieg as sodanig nie tog positief aangewend kan word as 'n wyse om die skuld van lidmate in die gevangenis, gedagtig aan hulle unieke situasie, te hanteer nie. Om 'n antwoord op hierdie vraag te vind word dit nodig geag om op die volgende aspekte te let: Die Rooms-Katolieke kerk se leer oor die bieg, die Lutherse en die Gereformeerde Protestantisme se beskouing en kritiek op die bieg waarna gelet sal word op die sielsorg as bieg by Eduard Thurneysen.

## 5.2 DIE BIEG AS SAKRAMENT VAN BOETEDOENING EN VERSOENING

Om te verstaan wat die Rooms-Katolieke Kerk aangaande die bieg leer, word opsommenderwys daarop gelet soos dit vervat is in dié kerk se amptelike kategismus (Catechism of the Catholic Church, 1994: 319-335):

- In die sakramentsleer van die kerk word geleer dat die sakrament van salwing van siekes en die sakrament van boetedoening die twee sakramente van genesing is:

> The Lord Jesus Christ, physician of our souls and bodies, who forgave the sins of the paralytic and restored him to bodily health, has willed that his Church continue, in the power of the Holy Spirit, his work of healing and salvation, even among her own members. This is the purpose of the two sacraments of healing: the sacrament of Penance and the Anointing of the Sick.

- Oorhoofs staan hierdie sakrament bekend as die sakrament van boetedoening

en versoening. Hulle wat hierdie sakrament nader, ontvang vryskelding van God vir oortredings teen Hom begaan en word terselfdertyd met die kerk versoen wat hulle deur hulle sondes verwond het; die kerk wat deur liefdadigheid, deur voorbeeld en deur gebede vir hulle bekering arbei.

- Hoewel die sakrament oorhoofs die sakrament van boetedoening en versoening genoem word, staan dit ook bekend onder die volgende vyf benamings:

Dit word die **sakrament van bekering** genoem omdat dit Jesus se oproep tot bekering sakramenteel verteenwoordig;

dit word die **sakrament van boetedoening** genoem omdat dit die Christelike sondaar se persoonlike en kerklike stappe van bekering, boetedoening en genoegdoening heilig;

dit word die **sakrament van belydenis** genoem omdat die bekendmaking of belydenis van sondes aan 'n priester 'n wesentlike element van hierdie sakrament is;

dit word die **sakrament van vergifnis** genoem omdat God deur die priester se absolusie vryskelding en vrede aan die boeteling verleen;

dit word die **sakrament van versoening** genoem omdat dit aan die sondaar die liefde van God wat versoen, meedeel.

- 'n Sakrament van versoening na die doop is noodsaaklik. Diegene wat tot Christus bekeer word, is deur die nuwe geboorte van die Doop, die Heilige Gees en die liggaam en die bloed van Christus as voedsel, soos die kerk, heilig en sonder vlek. Nogtans is dit so dat die broosheid en swakheid van die menslike natuur of die neiging tot sonde nie opgehef word nie. Die Doop is die plek vir die eerste en fundamentele bekering. Christus se oproep tot bekering klink egter voort in die lewe van Christene. Hierdie tweede bekering is 'n ononderbroke taak vir die kerk wat, terwyl sy die sondaars teen haar bors druk, onmiddellik heilig is maar voortdurend die behoefte aan reiniging het en op 'n voortgesette

wyse die weg van boetedoening en vernuwing volg. As voorbeeld hiervan dien Petrus se bekering wat na Jesus se opstanding drie maal sy liefde teenoor Jesus bevestig het.

- Jesus se oproep tot bekering is in die eerste plek nie gerig op die doen van uitwendige werke nie maar op die inwendige bekering van die hart wat wel daartoe dring dat uitdrukking daaraan gegee sal word as sigbare tekens, gebare en werke van boetedoening.

- Boetedoening kan op baie wyses tot uitdrukking kom. Die Skrif en die vaders dring bo alles egter op drie wyses aan waarin boetedoening tot uitdrukking moet kom; vas, gebed en die gee van aalmoese. Genoemde drie gee uitdrukking aan bekering in verhouding tot jouself, tot God en jou naaste. Naas bogenoemde vir die verkryging van vergifnis noem die vaders dat 'n menigte sondes ook bedek word deur pogings om jou met jou naaste te versoen, besorgdheid oor die redding van jou naaste, die intrede van die heiliges en die beoefening van liefdadigheid. Bekering in die daaglikse lewe word bereik deur gebare van versoening, besorgdheid oor die armes, die beoefening en verdediging van geregtigheid en die aanvaarding van lyding. Om jou kruis op te neem en Jesus te volg is die sekerste weg van boetedoening. Daaglikse bekering en boetedoening vind hul bron en voeding in die Nagmaal.

- Sonde is bo alles 'n oortreding teenoor God, 'n breuk in die gemeenskap met Hom, maar terselfdertyd beskadig dit die gemeenskap met die kerk. Om hierdie rede sluit bekering beide God se vergifnis en versoening met die kerk in wat uitgedruk word, en liturgies bereik word deur die sakrament van boetedoening en versoening. God alleen vergewe sondes. Omdat Christus die Seun van God is, beskik Hy nie net oor die outoriteit om sondes te vergewe nie, maar gee Hy ook aan mense die mag om sondevergifnis in Sy naam te beoefen. Christus het dit wel gewil dat Sy hele kerk deur sy gebedslewe en handelinge 'n teken en instrument van vergifnis en versoening moet wees, maar Hy het die beoefening van die mag van absolusie aan die apostoliese bediening toevertrou met die opdrag tot die bediening van versoening (2 Kor 5:18). Met die meedeling van Sy eie mag aan sy apostels om sondes te vergewe, het die Here ook aan hulle die

outoriteit gegee om sondaars met die kerk te versoen. Hierdie kerklike dimensie vind uitdrukking in Christus se woorde aan Simon Petrus: ' En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees (Matt 16:19).'

Versoening met die kerk is nie te skei van die versoening met God nie.

- Die sakrament van boetedoening is deur Christus vir alle sondige lidmate van sy kerk ingestel, maar in die besonder vir diegene wat na hulle doop in ernstige sondes verval het waardeur hulle, hul doopgenade verloor het en die gemeenskap met die kerk verwond het. Vir hulle bied God deur die tussenkoms van die kerk deur die sakrament van boetedoening 'n nuwe geleentheid tot bekering en die herstel van die genade van regverdigmaking. Die kerk wat deur die biskop en die priesters sondes in die naam van Christus vergewe, bepaal die wyse van genoegdoening en doen boete met die sondaar. Op die wyse word die sondaar genees en in die kerklike gemeenskap herbevestig. Die formule wat deur die kerk vir absolusie gebruik word, lui as volg in die 'Catechism of the Catholic Church' (1994:326):

> God, the Father of mercies, through the death and the resurrection of his Son has reconciled the world to himself and sent the Holy Spirit among us for the forgiveness of sins; through the ministry of the Church may God give you pardon and peace, and I absolve you from your sins in the name of the Father, and of the Son, and of the Holy Spirit.

- Van al die boeteling se handelinge word berou as eerste vereiste gestel. Wanneer berou voortkom uit 'n liefde, waar die liefde tot God, bo alles gestel word, dan word dit 'volmaak' genoem (berou van liefdadigheid). Sodanige berou skeld vergeefbare sondes vry. Ook word vergifnis van doodsondes verkry indien dit die vaste voorneme insluit om so spoedig as moontlik jou toevlug tot sakramentele belydenis te neem. Die berou wat 'onvolmaak' (of ligte berou) genoem word is ook 'n gawe van God, 'n aansporing van die Heilige Gees. Dit

is gebore uit oorweging van die aakligheid van sonde of die vrees vir ewige verwerping en ander strawwe wat die sondaar bedreig. 'n Sodanige beweging van die gewete kan 'n innerlike proses begin wat onder aansporing van die genade deur sakramentele absolusie voleindig word. Op sigself kan onvolmaakte berou nie vergifnis van ergerlike sondes bewerk nie, maar dit bring jou daartoe om vergifnis deur die sakrament van boetedoening te bekom.

- Die belydenis (of openbaring) van sondes, selfs van 'n eenvoudige standpunt gesien, bevry en fasiliteer ons versoening met ander. Deur jou sondes te erken, kyk 'n mens vierkantig daarna as skuld en neem jy verantwoordelikheid daarvoor. Hierdeur open jy jouself weer vir God en gemeenskap met die kerk. So word 'n nuwe toekoms weer moontlik gemaak. Hierdie belydenis moet aan 'n priester gedoen word en vorm 'n integrale deel van die sakrament van boetedoening.

- Absolusie neem sondes weg, maar genees nie al die steurnisse wat deur die sonde veroorsaak is nie. Hoewel die sondaar vanuit sy sondes opgehef word, moet hy egter nog sy geestelike gesondheid herwin deur nog iets meer te doen om regstellings vir sy sondes te doen. Hy moet genoegdoening (ook bekend as boetedoening) doen wat sover moontlik in ooreenstemming is met die aard en diepte van die sondes. Hierdie boetedoening kan bestaan uit gebed, 'n offergawe, werke van barmhartigheid, diens aan die naaste, vrywillige selfopoffering, offers en bo alles 'n geduldige aanvaarding van die kruis wat ons moet dra. Sodanige boetedoening help ons om aan Christus gelykvormig te word en word gedoen deur Hom wat ons die krag gee.

- Biskoppe en priesters het uit hoofde van die heilige ordes, die mag om sondes te vergewe in die naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Die konfessor is nie in beheer van God se vergifnis nie, maar is dienaar daartoe. Van hom word vereis 'n bewese kennis van Christelike gedrag, respek teenoor hulle wat geval het, getrouheid aan die gesagstruktuur van die kerk en hy moet die boeteling met geduld na genesing en volwassenheid lei. Hy moet bid en boete doen vir die boeteling terwyl hy hom aan die genade van die Here toevertrou. In die beoefening hiervan is die priester tot 'n absolute geheimhouding verbind.

- Die krag van die sakrament van boetedoening is daarin geleë dat dit ons tot God se genade herstel en ons met Hom in 'n intieme vriendskap verbind. Versoening met God is dus die doel en effek van hierdie sakrament. Hierdie sakrament versoen ons ook met die kerk. Nie net word diegene genees wat tot die kerklike gemeenskap herstel is nie, maar dit het ook 'n vernuwende uitwerking op die lewe van die kerk wat gely het onder die sondes van sy lidmate. In hierdie sakrament plaas die sondaar homself voor die genadige oordeel van God en antisipeer hy in 'n sekere mate die oordeel waaraan hy aan die einde van sy aardse lewe onderwerp sal word.

- Die leer en die beoefening van toegewings (indulgences) in die kerk is nou verbonde met die effekte van die sakrament van boetedoening. 'n Toegewing word gedefinieer in die 'Catechism of the Catholic Church (1994:331) as:

> An indulgence is a remission before God of the temporal punishment due to sins whose guilt has already been forgiven, which the faithful Christian who is duly disposed gains under certain prescribed conditions through the action of the Church which, as the minister of redemption, dispenses and applies with authority the treasury of the satisfactions of Christ and the saints.

'n Toegewing is ooreenstemmend gedeeltelik of volkome omdat dit of 'n gedeelte of al die tydelike straf as gevolg van die sonde verwyder. Toegewings mag toegepas word op die lewendes sowel as die dooies.

- Die praktyk van toegewings word noodsaaklik geag as gevolg van die dubbele gevolge van die sonde. Ergerlike sondes ontneem ons van die gemeenskap met God en maak die ewige lewe onmoontlik vir ons. Hierdie ontneming word die ewige straf op die sonde genoem. Aan die ander kant is dit so dat alle sondes, selfs vergeeflike sondes, 'n ongesonde verbintenis met die kreatuurlike het en gesuiwer moet word. Hierdie suiwering moet of hier op aarde of na die dood in 'n staat van suiwering (vaevuur) plaasvind. Hierdie suiwering bevry ons van wat genoem word die tydelike straf op die sonde. 'n Bekering wat voortvloei uit

ywerige liefdadigheid kan so 'n volledige suiwering bewerk dat daar geen sprake meer van straf is nie.

- 'n Christen wat daarna streef om homself van sy sondes te reinig en heilig te word, is met die hulp van God se genade nie alleen nie, maar word deur Christus saam met ander Christene in 'n bonatuurlike eenheid van die mistiese liggaam van Christus verenig. 'n Uitruiling van goeie dinge vind plaas tussen diegene wat reeds in die hemel is, hulle wat nog in die vaevuur is en hulle wat nog pelgrims op aarde is. In hierdie uitruiling kom die heiligheid van die een die ander ten goede. Al die geestelike goedere wat die heiliges oor eeue opgestapel het, wat al die goeie werke en gebede van die geseënde maagd Maria insluit, word die skat van die kerk genoem. Hulle wat in die navolging van Christus hulle lewe heilig gemaak het, het nie net hulle eie heil gevind nie, maar het daaraan meegewerk om hulle broeders te red in die eenheid van die mistiese liggaam.

- Vergunnings word deur die kerk, wat die mag van Christus ontvang het om te bind en te ontbind, bekom wat intree ten gunste van individuele Christene. Dit is die kerk wat vir hulle die skat van meriete van Christus en die heiliges open waardeur hulle vryskelding van die straf vir die sondes ontvang.

- Die sakrament van boetedoening vind plaas as 'n liturgiese aksie. Dit vind plaas as 'n groet en 'n seën deur die priester; 'n skriflesing om die gewete te verlig en berou te ontlok, 'n aansporing tot bekering; die belydenis waardeur sondes erken word en aan die priester bekend gemaak word; die oplegging en aanvaarding van boetedoening; absolusie; 'n gebed van danksegging en lof en die weg sending met die seën van die priester.

## 5.3 DIE BREUK MET EN KRITIEK OP DIE ROOMSE BIEGSTELSEL

Vanweë die omvang van die leerstellige kritiek op die bieg soos beoefen deur die Rooms-Katolieke kerk word die kritiek nie hier breedvoerig weergegee nie, maar word volstaan met dit wat as voldoende beskou word met die oog op die studieonderwerp. Vir die doel word aangesluit by die Lutherse sowel as die Gereformeerd Protestantse beskouing.

### 5.3.1 DIE LUTHERSE BESKOUING

Aan die hand van Bezzel (1980:421-424) kan Luther se beskouing oor die bieg en sy kritiek op die Roomse bieg opsommenderwys as volg weergegee word:

- Die Roomse biegstelsel is daarop gegrond dat die priester die geestelike regter is wat plaasvervangend die oordeel van God oor die sondaar uitspreek. Agter dit alles is daar die beeld van God wat met onverbiddelike gestrengheid die ewige straf sal voltrek indien die sondaar nie van angs en berou kom om te bieg nie.

- Deur 'n eksegetiese studie van die Romeine brief het Luther tot die oortuiging gekom dat die bieg nie die weg van God se straffende geregtigheid is nie, maar die weg is waarin ons die regverdigmaking in Christus ontmoet.

- Vir Luther word die doen van die mens as 'contritio cordes', 'confessio oris' en 'satisfactio operes' te sterk in die bieg beklem toon. Gegrond op God se alleen werksaamheid val die boete vir hom slegs in twee dele uiteen: 'confessio' as daad van die mens, en 'absolutio' as God se werk.

- Vergewing moet onafhanklik gemaak word van menslik subjektiewe voorwaardes en die oog moet alleen op God se vergewende Woord gerig wees.

- Hoewel Luther afwysend teenoor die Roomse bieg gestaan het, wou hy die bieg behou as evangeliese bieg waar die bieg nie in die middelpunt staan nie, maar wel die absolusie. Sy motivering vir die behoud van die bieg was vir hom geleë in die sielsorglike nut, maar dan vry van 'n dwangkarakter. Die bieg in die Lutherse kerk het wel gestalte in die toelating tot die Nagmaal gevind, waar kommunikante verplig is om hulle te onderwerp aan 'n toetsing deur hul leraar oor hul sakramentsgeloof asook hul lewenswandel. Na Luther se mening kon met die toetsing vrywillig by die bieg aangesluit word. In die praktyk het hierdie onderskeid egter vervaag sodat hierdie toetsing ongemerk in die bieg oorgegaan het en omgekeerd. Ongemerk het hierdie verpligte toetsing oorgegaan in 'n

verpligte bieg wat aangeknoop het by die voor-Reformatoriese tydperk waar die bieg 'n dwangkarakter gehad het.

## 5.3.2 DIE GEREFORMEERD PROTESTANTSE BESKOUING

Die Gereformeerde beskouing oor die bieg kan aan die hand van Bezzel (1980:424) in kort as volg weergegee word:

- In teenstelling met die Lutherse kerk waar die privaatbieg 'n voorskriftelike bieg geword het, het die Gereformeerde kerke met hul beklemtoning van die Presbeteriale elemente van meet af aan 'n ander weg ingeslaan. Vir hulle was 'n biegteologie wat rondom die amp gesentreer het, nie denkbaar nie.

- Calvijn het die sleutelmag op die prediking van die Evangelie en die handhawing van die kerklike tug betrek.

- Absolusie is nie van 'n besondere opdrag afgelei nie, maar vanuit die Evangelie. Volgens Calvijn is dit altyd voorwaardelik en geskied dit altyd in 'n aankondigende vorm. Hoewel die bieg later tot 'n polemiek gelei het, as gevolg van die 'pouslike oorbieg' wat ook in die Lutherse kerk beoefen is, wou Calvijn ([1559] 1956:124) die bieg in bepaalde omstandighede behou, wat hy as volg motiveer:

> En niet minder doeltreffend en vruchtdragend is de bijzondere vergeving, wanneer ze gevraagt word door hen, die een buitengewoon middel nodig hebben tot verlichting van hun zwakheid. Want het gebeurt niet zelden, dat hij, die de algemene beloften hoort, welke voor de gehele vergadering der gelovigen bestemd zijn, desniettemin in enige twijfel blijft,en nog een ongerust hart heeft, alsof hij de vergeving nog niet verkregen had. Indien dezelfde aan zijn herder de geheime wonde zijner ziel openbaart en het woord des evangelies in het bijzonder tot hem horen richten: "Wees welgemoed, uw zonden zijn u vergeven" (Matt. 9:2), dan zal hij zijn gemoed versterken tot gerustheid en van de angst waarvan hij eerst gloeiende, bevrijd worden.

- Die bieg in die Gereformeerde Kerk het sy plek as openbare skuld aan die begin van die kerkdiens of as algemene bieg binne die raamwerk van die voorbereiding tot die Nagmaal. 'n Kerklik en liturgies geordende enkel bieg is nie deur die Gereformeerde Kerk ontwikkel nie.

- Vanuit Gereformeerde kringe en by name Bavinck (1967:151-152) word toegegee dat wanneer op die praktiese nut van die bieg gelet word, dit begryplik is waarom die Lutherse kerk in sommige lande dit nog vir 'n geruime tyd wou behou, asook dat sommige Protestante dit weer herstel sal wil sien of iets in die plek daarvan begeer. Nieteenstaande hierdie begrip, is daar die oortuiging dat diegene wat die verband van die bieg met die vervalsing van die Evangelie, van die genade van vergewing en van die amp en die mag van die kerk raak sien, dit nooit weer terug sal wil hê nie.

Bavinck (1967:146-158), as verteenwoordigend van die Gereformeerde standpunt verwoord die kritiek op die Roomse bieg in sy bespreking daarvan. Vanweë die omvang daarvan is dit nodig om op slegs enkele punte van kritiek te let om te besef dat die kloof na die Roomse Kerk onoorbrugbaar is.

- Die Hervormers verwerp die Roomse berou as 'attritio' of 'contritio imperfekta' wat slegs gegrond is op vrees en angs vir die hel. So word ook die oplê van tydelike strawwe verwerp. Dié soort berou word verwerp omdat dit geen bestanddeel van die ware bekering is nie. Vanaf Gereformeerde kant word gevra welke en hoedanige vrees volgens Rome voldoende sou wees vir die ontvang van die sakrament en die absolusie wat daarmee saam geskenk word. Te onderskei van berou as 'attritio' of 'contritio imperfekta' is daar ook berou bekend as 'contritio' wat gebore is uit 'n volmaakte liefde vir God. Laasgenoemde bring die mens wat hom aan 'n doodsonde sou skuldig maak, onmiddellik deur homself terug in die staat van genade of versoening selfs nog voordat hy die boetesakrament ontvang het. Hier egter bly die sakrament noodsaaklik as bewys van gehoorsaamheid en as teken van die egtheid van berou. Hierin is 'n teenstrydigheid deurdat die volmaakte berou reeds voor die ontvangs van die sakrament regverdig en dit sonder dat die sakrament sy krag verloor.

- Hoewel die bieg streng gesproke bedoel is vir diegene wat hulle aan doodsondes skuldig maak, is dit moeilik om tussen doodsondes en vergeeflike sondes te onderskei. Daar word aangevoer dat op enkele uitsonderings na almal na hulle doop hul weer aan doodsondes skuldig maak. Om die rede is die bieg vir alle gelowiges noodsaaklik, nie net een maal per jaar nie, maar so dikwels as moontlik. Vir die doel is dit nodig om die sondes so volledig as moontlik te bely. Ook is dit belangrik vir die bepaling van die swaarte van die sondes en die oplê van genoegdoenings.

- Roomse godgeleerdes erken dat die private en oorbieg aan priesters nie regstreeks en letterlik in die Skrif voorkom nie, maar afgelei is uit die beloftes van Christus aan Petrus (Matt 16:19) en aan al die apostels (Matt 18:18) om aan hulle die sleutelmag te gee, asook uit die vervulling van die belofte in Johannes 20:22,23. Hieruit lei Rome af dat Christus in hierdie woorde die apostels en vervolgens die biskoppe en priesters aangestel het as bewaarders van die reg. Hierdie regterlike mag aan die kerk, gee dan die reg om sondes te vergewe maar ook om sondes te bind deur vergewing te weier asook om met vergewing 'n straf op te lê ter versoening van die goddelike geregtigheid en ter verhoeding van 'n terugval in die sonde. Die bieg is dus by Rome die gevolg van die regterlike karakter van die kerklike sondevergewing.

- Omdat die 'contritio perfecta' gewoonlik ontbreek en daar slegs 'n 'attritio' aanwesig is, kan die priester absolusie slegs uitdeel met die oplê van 'n aantal goeie werke. Ten grondslag hieraan lê dat die vergewing van die sonde en die kwytskelding van die ewige straf nie uitsluit dat die mens hier op aarde nog allerlei tydelike strawwe moet dra nie. As voorbeelde beroep Rome hulle onder andere op die volgende: Adam en Eva (Gen 3:17 vv), Mirjam (Num 12:14), Dawid (2 Sam 12:13). Hierop word geantwoord dat die vergewing van sonde 'n weldaad van genade is waarvan die natuur nie weet nie en dat die regverdiges deur vele verdrukkings in die koninkryk van God moet ingaan (Hand 14:22). Die Skrif leer dat alle lyding wat die gelowiges oorkom, hetsy vanweë hulle eie sondes, te danke aan Christus, die karakter van straf verloor het en vir hulle 'n nuttige kastyding is. Rome sien talle gevalle oor die hoof waar vergewing van sondes geskenk is sonder dat van enige verdere straf of kastyding melding

gemaak word (Matt 9:2, Luk 1 8:14, 22:61)

- Die genoegdoenings wat in drie klasse te onderskei word as gebed, vas en die gee van aalmoese, is dit wat die mens God aanbied as kompensasie vir die sondes wat hy begaan het. Hierdie genoegdoenings het meriete vir die mens in die sin dat dit die hemelse saligheid kan verwerf en die mens van die tydelike strawwe in die vaevuur kan bevry. Waar die genoegdoenings eers baie streng was, is dit nou baie gematig. Die kritiek hierop is dat Rome hierdeur toon dat hulle weet hoe om hulle by omstandighede aan te pas. Hulle verswak die 'contritio' en die 'attritio' en vul dit aan deur die 'ex operato' werke van die sakrament van boetedoening.

- In hierdie stelsel van gee en neem is dit slegs die sleutelmag van die kerk wat vasstaan. Alleen hulle wat met die kerk in die reine kom, kom met God in die reine.

- Ten spyte van dit alles bly alles vir diegene wat hom nie aan 'n valse gerustheid oorgee nie, 'n saak van onsekerheid. Die genade wat in die boetesakrament ontvang word, kan enige oomblik deur 'n doodsonde verloor word. Hierby kom dat niemand die grens tussen 'n vergeefbare sonde en 'n doodsonde kan onderskei nie.

- Met verwysing na Luther word daarop gewys dat die bieg, soos deur hom voorgestaan, 'n ander gees geadem het as die Roomse bieg. Belydenis van sonde was wel nodig, maar kon teenoor 'n medebroer geskied sonder dat alle sondes genoem hoef te word. Die absolusie hier was geen ander as dit wat elkeen deur die geloof in die Evangelie verkry het nie. Dit kon deur elkeen in die gemeente tot troos aan die boeteling toegesê of belowe word. Al was die naam van sakrament nog behou, was die boete nie meer 'n sakrament nie, maar het dit niks anders geword as 'n besondere wyse waarop die Evangelie as middel van genade aangewend is nie.

- Die sleutelmag van die kerk bestaan alleen in die bediening van God se woord. Christus het nie die mag aan mense gegee nie maar aan Sy woord. Hierdie

woord kan amptelik bedien word in die openbare prediking, die uitdeel van Sakramente, die uitoefening van die tug, in katkisasie en huisbesoek, onderwys en opvoeding asook deur toespraak en gebed. Langs al hierdie weë arbei God aan die mens, tot bekering, tot onderrig, tot vermaning en vertroosting. Na die mens se bekering, as 'conversio actualis prima', is die bekering nie afgeloop nie maar moet dit voortgaan as 'n voortgaande bekering. Die mens se herstelling word nie in een dag of een jaar voltooi nie. Dit is God wat die mens heilig tot sy tempel, hulle sinne vernuwe tot waaragtige reinheid sodat hulle hul hele lewe in boetvaardigheid oefen, wetende dat daar aan hierdie krygsdiens geen einde kom behalwe deur die dood nie. Die loopbaan van boetvaardigheid wat God hulle aanwys, strek oor hulle ganse lewe uit.

- Met verwysing na bogenoemde het die bekering in die Reformasie, veral by Calvijn, 'n diep etiese betekenis gekry. Waar die prikkel tot 'n heilige lewe vir die Roomse Christen in genoegdoenings as die verkryging deur goeie werke geleë was, was daar vanuit Protestantse standpunt geen sprake van nie. Christus het alles volbring en alle sonde versoen (Rom 3:25; Heb 10:14; 1 Pet 2:14; 1 Joh 1:7, 2:1) en om sy ontwil uit genade reken God die sondes nie toe nie. Die goeie werke is nie 'n oorsaak nie, maar 'n vrug van die vergewing van sondes.

### 5.3.3 NA-REFORMATORIESE MOTIVERING VIR DIE BIEG - 20ste EEU

Ten spyte van leerstellige kritiek op die Roomse bieg is daar diegene vanuit Protestantse kringe wat die bieg nie net as gewens beskou nie, maar ook as noodsaaklik. 'n Pleitbesorger vir sodanige standpunt word gevind in die persoon van Eduard Thurneysen (1946:263-293) wat die sielsorg as boetegesprek beskou.

Roscam Abbing wat self 'n omvattende prakties teologiese besinning oor die bieg geskryf het- ' Biecht en Absolusie (1958)' -verwys (1958:13) na Thurneysen as die mees toonaangewende skrywer oor sielsorg van ons eeu. Hoewel daar ook op Thurneysen se beskouing oor die bieg kritiek te lewer is, word hier gekies om met die oog op 'n moontlike positiewe aanwending van die bieg, en dan veral in die gevangenissituasie, opsommenderwys op Thurneysen (1946:263-293) se begronding van die sielsorg as evangeliese bieg te let. Waar toepaslik sal aangesluit word by die gedagtes van ander outeurs.

#### 5.3.3.1 DIE SIELSORG AS BIEG VOLGENS EDUARD THURNEYSEN

Die Duitse teoloog Thurneysen (1946:263-293) wys die bieg soos beoefen deur die Rooms- Katolieke kerk af. Hy tree egter na vore as pleitbesorger vir die beoefening van die bieg vanuit 'n Reformatoriese grondslag. Vir hom is die bieg gegrond op die Evangelie noodsaaklik omdat die sielsorg vir hom 'n boetegesprek is. Hy wys die Roomse bieg af omdat hulle volgens hom 'n onheilvolle sakramentele gebruik daarvan gemaak het. Sy kritiek sluit die volgende in: Die Roomse bieg lei nie na die Woord en Sakramente nie, maar is die Sakrament self, die biegvader se spreke is identies met die Woord van God, die priester is priester in die plek van Jesus die Seun van God en die priester doen wat God self in sy Seun deur die Heilige Gees doen.

Thurneysen (1946:263-293) se beskouing, uitgangspunt en hantering van die bieg as sielsorg kan opsommenderwys as volg verwoord word:

- Boete bestaan daarin dat ek my sonde deur God se woord laat oop dek en dit voor God neerlê sodat Hy dit van my wegneem. Hierdie neerlê van my sonde word my bieg genoem, en is ook my bieg. Dit word voltrek in elke individu se gebed vir homself en elkeen met die ander in die godsdiens van die gemeente.

- Die sielsorglike gesprek is 'n boetegesprek waar op 'n konkrete wyse oor die sonde van die mens gepraat word. Saam moet na die plek van die sonde gegaan word sodat dit 'n plek van vergifnis word. In hierdie oop dek gaan dit nie om die ander te belas nie, maar om 'n wegdoen wanneer die ander voor God gestel word wat deur sy Woord die boete in ons wek om ons van die sonde vry te spreek.

  Die nodigheid aan 'n gesprek waar konkreet oor die sonde gepraat moet word, tree na vore wanneer Roscam Abbing (1955:10) op die verwardheid wys wat in die mens aanwesig kan wees: 'Men is niet met zichself klaargekomen, en men komt er niet uit. Er is innerlike verwarring, een troebel dooreen van bewuste en onbewuste inzichten en gedrevenheden. Men zoekt verheldering en bevrijding, men zoekt katharsis'.

- Bieg is sondebekentenis. Bieg beteken dat ek die bepaalde verkeerde wat ek gedoen het, bejeën as dit waarvoor ek verantwoordelik is. In onderskeid van die noodlot wat 'n mens ondergaan sonder dat jy in enige verantwoordelikheid daarteenoor staan, bejeën ek dit as my daad wat ek onder die bekoring van die sonde gedoen het.

'n Ondersoek is deur Butler (1990:1-11) onder veertien Anglikaanse geestelikes en 'n aantal leke oor die hedendaagse beoefening van die bieg gedoen. Hieruit het geblyk dat die Anglikane wat die bieg as 'n sakrament beskou veel klem daarop lê dat die bieg ten nouste met berading gepaard moet gaan. Die oortuiging word uitgespreek dat 'n bepaalde punt in die gesprek bereik moet word waar verantwoordelikheid vir die eie sondes aanvaar moet word. Kommer word egter uitgespreek dat persone dit moeilik vind om hulle sondes op 'n konkrete wyse te bely en eerder neig om op 'n vae manier 'n gevoel van sondigheid te artikuleer.

- Geen egte bieg bestaan waar iemand hom nie voor God wil stel nie. So is daar geen bieg as dit nie in gebed uitmond nie, ja self 'n gebed is nie. Die doel van die bieg kan daarom niks anders wees as die verlange na vergewing nie. Dit gaan om 'n vra na 'n genadige God. Dit gaan om die uitgangspunt dat God genadig wil wees en is tegelykertyd die impuls daarvan.

- Dit gaan om wat God vir ons in Jesus Christus gedoen het, vir ons tot verantwoordelikheid neem en ons aldus laat reinig van ons sonde deurdat ons dit telkens nuut beken. So verstaan het die bieg niks te doen met die besondere handeling van die sielsorg nie, maar val dit saam met die daaglikse erkenning van sonde en die aangryp van Jesus Christus in die geloof binne die ruimte van die gemeente. Die voltrekking van die bieg word in die daaglikse gebed van die enkeling in sy persoonlike soeke en verlange na vergewing bereik. Dit word ook in die gemeenskaplike liturgiese gebed in die godsdiens van die gemeente bereik. So is 'n sodanige gebed en die viering van die Nagmaal die eerste gestalte waaronder die bieg in die gemeente dit telkens weer grondleggend voltrek.

- Ware bewegings tot vernuwing van die kerk was nog altyd boetebewegings. Dit is dan ook hier waar die amp van die sielsorg ingryp. Die bieg is die buitengewone middel wat aan die kerk gegee is om die gemeente te lei na die gebruik van die eintlike gewone middel van die prediking en die Sakramente. Dit moet versterk om so die innerlike lewe te ontwaak.

  Van Zee (1955:76,77) verwys na 'n aantal Protestante wat die biegpraktyk tot groot seën ingestel of heringestel het. Persone wat deur hom genoem word sluit onder andere in: Johann Christoph Blumhardt en Wilhelm Löhe. Dat die bieg nie sonder meer as iets vreemd aan die Protestantisme afgemaak kan word nie, verwoord hy as volg: 'De historie kan ons dus leren, dat we niet zonder meer kunnen zeggen, dat de biecht in het Protestantisme een membrum alienum is.'

- In die bieg gaan dit om 'n gesprek met die enkeling waarin bieg beteken dat sonde nie net voor God erken word nie, maar ook voor ander mense met die bedoeling en doel om met die hulp van hierdie naaste dit voor God neer te lê.

- Die noodwendigheid van die bieguitsprake wat na die bieg lei, is daarin geleë dat die mens met moeite sy sonde erken, blootlê en dit aan die lig bring. Weerstande soos trots en eiegeregtigheid verhoed die mens om sy sonde te erken. Konkreet gestel; die mens luister nie meer na die genadige oproep van God se Woord en die verkondiging daarvan nie. Die nuwe lewe begin vir hulle by wie daar 'n openheid vir God en voor God kom, hulle wat die genadevolle gemeenskap met die Vader in die hemel soek en vind.

Bonhoeffer [s a:66] wys daarop dat in die bieg die deurbraak tot die gemeenskap plaasvind. Dit is egter so dat die sonde nie herken wil word nie maar met die mens alleen wil wees met rampspoedige gevolge: 'Dit onttrek hom aan die gemeenskap. Hoe eensamer die mens word, hoe vernietigender word die mag van die sonde oor hom; hoe dieper die verskrikking word, hoe heilloser word die eensaamheid. Die sonde wil nie herken word nie. Dit is bang vir die lig. In die duisternis van onuitgesprokenheid vergiftig dit die hele wese van die mens.'

- In die bieg word ek verantwoordelik gemaak deurdat ek deur my naaste na my

sonde gevra word en ook toelaat dat ek na my sonde gevra word. Ek kan en ek mag my sonde na vore bring en dit 'n naam laat kry waardeur die moontlikheid geskep word om dit voor God neer te lê, dit aan Hom te offer en sy vergifnis daarvoor te ontvang. Op grond van hierdie gesprek word daar tot 'n opregte gebed gekom en kan ek eindelik bieg. Dit beteken dat ek nou self daagliks, maar ook met die gemeente in die kerkdiens, tot God kan roep en Sy hand en hulp kan bespeur.

- Die bieg voor God wat deur 'n vergewingswoord gewek is, is in beide Testamente as die sentrale daad betuig waartoe gekom moet word wanneer tot genade gekom wil word. Ook die bieg voor mense as hulpmiddel wat tot hierdie daad lei, word op vele plekke gevind. As voorbeelde in die Ou Testament dien die gesprekke tussen die profete en die konings. In die Nuwe Testament word die sondebelydenis van die boetvaardiges teenoor Johannes gevind, die belydenis van die verlore seun, die gesprek van Jesus met die sondares, met die Samaritaanse vrou, met Petrus, met die moordenaar aan die kruis en ten slotte die konkrete vermaning in die Jakobus brief om belydenis voor ander te doen (Jak 5:16).

- Om te bieg word geen voorwaardes gestel nie, behalwe dat dit gaan om die offer van Christus wat deur Sy bloed ons reinig van alle sonde. Dit beteken die uitsluiting van alle menslike geregtigheid deur sy eie werke en dat hy die genade wat Christus vir hom verwerf het, sal begryp.

- Die onderskeidende hulp wat aan die mens in die bieggesprek gebied word, moet daarin bestaan dat ons hom sal verhinder om af te wyk en hom weer te verberg en hom van die aangryping van God se woord te onttrek. Daar moet egter gewaak word om nie hierdie persoon op 'n wettiese wyse te manipuleer nie. Hy moet weet dat hy in God se hand en nie in ons hand is nie. Hy moet nie onder ons heerskappy nie, maar die genadige heerskappy van die vergewingswoord kom. Die deurbreek van vergewing kan alleen die werk van vrye genade wees. Ons dwang kan slegs in sy weg staan.

- Van God en vanuit sy genade moet indringend en barmhartig met hom gepraat

word met 'n duidelike verwysing na die bepaalde verslawing waarin die sonde by hom na vore tree. Die sielsorg bly onmagtig as dit nie tot op die grond deurdring en dit waag om die mag van die hel deur die mag van die genade tegemoet te tree nie.

- Die hulp van die bieggesprek lê in die heen lei na boete toe. Op die vraag of dit in alle sorge, leed en radeloosheid om boete gaan, is die antwoord daarop dat alle nood sondenood en alle hulp vergewingshulp is. Wat ons van God skei, is nie die lewenssorge nie, maar is die fatale poging om in eie krag hierdie sorge afgedaan te kry.

- In hierdie gesprek moet 'n mens nie moedeloos word nie, maar voortgaan aan die hand van Hom wat die Heer van die gesprek is. God volbring en nie die sielsorger nie. Die sielsorger is slegs die werktuig en niks anders nie. Hy moet die ander in God se magtige hand beveel en so ook homself en dan aan hom en die ander laat geskied wat wil geskied. So gebeur dit dan dat in en met die bieg, gebed en vergewing tot stand kom.

- Daar is 'n dun skeidslyn tussen ware en valse sielsorg wat 'n dwangbieg genoem word. Hierdie dwangbieg neig na die Katolieke bieg. Gevare in die dwangbieg lê in die volgende: 'n Sielsorger met 'n sterk persoonlikheid kan daartoe kom om in die waan te verkeer dat hy in eie krag en metodes dit kan vermag om tot boete en vryheid te lei. 'n Verdere gevaar is geleë in 'n valse binding aan die sielsorger of die groep of sekte waaraan die sielsorger verbind is. Dit alles lei daartoe dat die sielsorger 'n sieleheerser word waaraan 'n mens vasgeketting word. Vervolgens moet ons waak teen die versoeking om al die besonderhede waarin ons naaste bevange is, uit te grawe, daaroor te fantaseer en dit in die bewussein te roep.

- Die positiewe tekens van die egte bieg laat hulle in die vorm van 'n aantal eenvoudige reëls saam vat: Die gesprek moet in dié sekere wete tegemoet getree word dat dit onder die beskutting van die genade van Jesus Christus sal slaag om die besondere sondige gebondenheid waaraan ons broer of suster ly onder naam te stel, dit oop te dek, en onder die vergewing te stel. Hiertoe is

nodig om alle onsekerheid en skaamte agter te laat om met ons naaste in volle openheid bereid te wees vir die werk wat God aan ons wil doen.

In die bieggesprek moet tot die punt gekom word waar die vergewing van sondes in bepaalde woorde tot uitvoer gebring word. Hiermee word bedoel dit wat in die Katolieke kerk onder die begrip absolusie as die afsluitende daad in elke bieg plaasvind. Ook in die Evangeliese Kerk mag hierdie absolusie nie ontbreek nie. Die uitspreek en opklaring van die sondige toestand asook die bedoeling en verwagting om vrygespreek te word deur die Woord van God vereis dit. Daar moet dus tot 'n bemoediging gekom word waarin elke bedrukte en gebonde mens verneem dat sy sonde vergewe is.

In die gesprek moet van die begin af van die gebruik van die Bybelwoord uitgegaan word waarby die gebed aansluit. Die hele gesprek moet deur die gebed gedra wees. Geen bieggesprek kan sonder vermaning geskied nie. In die vergewing van sondes word ons as nuwe mense aangespreek. Die ou mens is in Christus afgelê. Die stryd lê nou voor, die stryd tussen die nuwe en die ou mens. Die bieggesprek is die plek waar tot so 'n stryd opgeroep word. Hierdie vermaning mag nie 'n eis tot perfektionisme of gehoorsaamheidsdade van die wet tot inhoud hê nie. In bepaalde gevalle sal 'n mens iemand streng en skerp moet aanspreek, maar tegelykertyd sal jou spreke ook belofteryk en barmhartig moet wees. Dit gaan daarom dat uit genade gelewe sal word. Dit mag nie meer gaan om 'n moeitevolle voortsleep van 'n las wat teësinnig gedra word nie, maar so onmoontlik as wat dit ook al mag lyk moet dit steeds 'n nuwe diens wees wat 'n mens op hom neem omdat hy self die diens van Christus in die vergewing van sondes ervaar het.

Alle sielsorg moet heen lei na die gemeente want waar sal alles gevind word wat hier beskryf is, behalwe in die gemeente wat onder die Woord staan en leef. Indien dit nie tot 'n inlywing in die gemeente lei nie, was die sielsorg as geheel sinloos. Daar bestaan geen geïsoleerde vergewing of heiliging nie, maar wel vergewing en heiliging tesame met die gemeente, in wie se midde genade en gehoorsaamheid altyd nuut uit die Woord voortvloei.

### 5.3.3.2 DIE EVALUERING VAN EDUARD THURNEYSEN

Om Thurneysen se siening oor die bieg te beoordeel, is dit nodig dat gelet moet word op

sy leer oor die sielsorg. Vir die doel word uitgegaan van die beoordeling van Thurneysen se werk 'Lehre von der Seelsorge' deur Bolkenstein (1980:92-106). Die grondlyne van Thurneysen se 'Lehre von der Seelsorge' kan in twee stellings saamgevat word: Sielsorg is in die eerste plek die verkondiging van God se Woord aan die enkeling in die vorm van 'n gesprek en in die tweede plek is die inhoud daarvan in die vergewing van sondes geleë. Hoewel hy 'n Bybelse leer van die sielsorg wil bied, blyk dit in stryd te wees met die feit dat hy in sy boek eintlik geen Bybeltekse noem nie.

Wanneer Thurneysen 'n sielsorg ontwerp dan is dit sy bedoeling dat dit 'n Reformatoriese sielsorg sal wees. Dit tree daarin na vore dat dit 'n anti-klerikale karakter het waar die sielsorg nie slegs aan 'n bepaalde groep soos geestelikes of ampsdraers behoort nie. Die opdrag is 'n opdrag aan almal in die gemeente. Die Reformatoriese karakter in sy sielsorg blyk verder in die plek wat die regverdigmaking by hom inneem. Sielsorg is verkondiging van die vergewing van sondes. Dit voorveronderstel 'n antropologie wat geen ruimte laat vir 'n aanknopingspunt nie, tewens 'n soteriologie wat radikaal is en die hele mens omvat. Regverdigmaking en heiligmaking hang saam as twee aspekte van die één Woord van God. Regverdigmaking gaan nie op of onder in die heiligmaking nie. Teenoor die Rooms-Katolieke teologie handhaaf Thurneysen die erns van die sonde en die radikaliteit van die genade. Hy wys die Rooms-Katolieke weg van die sielsorg af as 'n weg van die wet.

Thurneysen ken aan sielsorg die funksie toe van die bewaring van die enkeling by die heil en die invoeging in die gemeente. Vir hom is dit 'n daad van die heiliging en die tug. Met 'n beroep op Calvijn word daarop gewys dat die tug daaroor waak, dat die krag wat van die Woord en sakrament uitgaan werklik werksaam word in die lewe van die gemeente.

Die vraag word gevra of Thurneysen se werk, 'Lehre von der Seelsorge', waarin die bieg vervat is, uitgedien is. In sy beoordeling wys hy op 'n aantal teoloë wat skerp kritiek op Thurneysen lewer. Hoewel hy hom vereenselwig met van die kritiek, kan hy hom geen pastoraat sonder die waarheidselemente van Thurneysen se leer van die sielsorg voorstel nie. So is dit ook duidelik dat sy werk van betekenis is, gedagtig daaraan dat dit vir 'n vierde keer herdruk is.

Met verwysing na ander en sy eie kritiek, word enkele punte van kritiek aangestip: Thurneysen het 'n aanvegbare keuse gedoen toe hy die vergewing van sondes die enigste inhoud van die sielsorg gemaak het. Op 'n latere tydstip het hy, na kritiek van Bohren, die ryk van God die inhoud van die sielsorglike prediking gemaak.

Daar kan vrae en node hul voordoen wat nie na sonde terug herlei kan word nie. Die openheid gaan verlore indien die gespreksgenoot in 'n rigting gedwing word en hy dit beleef dat hy hom in 'n drukgang bevind. Op grond van dit wat Wagenaar en Faber reeds op gewys het, kom die vraag op of Thurneysen vanuit 'n aprioriese benadering handel en spreek deur deduktief in plaas van induktief te werk te gaan.

Daar word gevra of die gesprek as middel van die sielsorg by Thurneysen werklik 'n gesprek is. Bolkenstein antwoord hierop dat dit stellig Thurneysen se bedoeling is om dit 'n gesprek te laat wees waarin die ander hom kan uitspreek en tot sy reg kan kom. Onderskeid moet gemaak word tussen dit wat Thurneysen bedoel en wil, enersyds, en andersyds die indruk wat hy wek. Dit is Thurneysen se bedoeling om aan die gespreksgenoot reg te laat geskied deurdat hy hom kan uitspreek. Ook voldoen Thurneysen aan die voorwaarde om te kan luister.

Thurneysen praat soms oor die pastorale gesprek asof dit 'n vyandige konfrontasie is. Dit is vir hom 'n strydgesprek - ' Kampfgespräch'. Die pastor sal die gespreksgenoot moet kan aanvat- 'vor den Kopf stoßen müssen'. Hierdie en dergelike uitlatings skep 'n tragiese kloof tussen wat Thurneysen in sy beste oomblikke bedoel en die uitlatings wat hy laat uitglip.

Van die grootse kritiek op Thurneysen is dat hy vanuit sy suiwer kerugmatiese verstaan van God se Woord, God se Woord direk aan die enkeling wil verkondig. Volgens Helga Lemke is hierdie uitsonderlikheid bykans nie meer navolgbaar nie. Indien Thurneysen se opvatting 'n toekoms wil hê, dan moet die dialoog tussen sy kerugmatiese sielsorg en die begeleidende sielsorg aan beide kante korreksies tot stand bring. Nie Thurneysen of sy kritici se visie is te handhaaf nie. So was daar dan ook allerlei pogings tot 'n sintese in beide kampe.

As geesverwant van Thurneysen geld H. Tacke met sy werk 'Glaubenshilfe als

Lebenshilfe'-1975, wat simptomaties is vir die beoogde sintese: Sielsorg is primêr 'Glaubenshife'. Primêr beteken egter nie eksklusief nie. Geloofshulp sluit vir hom lewenshulp in. Hy waarsku teen 'n dweperige oorskatting van die 'beratende' sielsorg se moontlikhede van die mens. Die swakker sy van die 'beratende' sielsorg is vir hom daarin geleë dat dit 'n ontbrekende teologiese profiel het. Dit bring geen teologie in 'n sielkundige hermeneutiek nie, maar praktiseer Sielkunde met religieus-teologiese aanduidings. Die krag van die 'beratende' sielsorg is in die gespreksgenoot-gesentreerde aanpak geleë, waar dit gaan om die gebruikmaking van die interpersonale-terapiegebeure waaruit die evangeliese sielsorg 'n les kan leer. Daar moet tot 'n empatiese toewending tot die gespreksgenoot gekom word en 'n bevryding van die outoritêre moet plaasvind. Dit bring Tacke (Bolkenstein, 1980:103) daartoe dat hy die volgende skrywe:

> Es darf nicht dabei bleiben, daß die Intentionen einer "kerygmatische" und einer "beratende" Seelsorge unverbunden und einander ausschließend zu Vereiseitigung führen. Nur im Vertrauen auf die im Namen beschlossene Verheissung wird eine Seelsorge möglich sein, die um ihr Proprium weiß, ohne es den Menschen aufdrängen, auch ohne es verleugnen zu müssen.

Vir Faber is daar 'n verskil tussen sielsorg en psigoterapie. 'Councelen' is vir hom nie die eintlike pastoraat nie maar die 'voorwerk'. Vir Bolkenstein wys alles heen na 'n sintese, 'n openheid vir mekaar. Sielsorg het vir hom twee pole: die boodskap van God se ryk, en die afhanklike ander met sy lyding, stryd, mislukking en soeke. Tenslotte sluit Bolkenstein sy evaluering af deur te pleit vir 'n sintese tussen 'n kerugmatiese en 'n gespreksgenootgerigte sielsorg.

### 5.3.4 SAMEVATTING

Die bieg of boetedoening soos deur die Rooms-Katolieke Kerk beoefen is een van die kerk se sakramente en vind as 'n liturgiese aksie plaas. Die sakrament is volgens die kerk ingestel vir alle sondige lidmate van die kerk maar veral vir diegene wat na hulle doop deur ernstige sondes hul doopgenade verloor het. Die bediening daarvan is tot die ampsdraers van die kerk beperk wat die mag het om sondes te vergewe in die naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees. Volgens die kerk is die vernaamste wyses van boetedoening geleë in gebed, vas en die gee van aalmoese. Hoewel absolusie sondes wegneem, genees dit nie al die stoornisse wat deur die sonde veroorsaak is nie.

Om dit te bereik, word aan die boeteling bepaalde genoegdoenings opgelê wat sover as moontlik in ooreenstemming is met die aard en diepte van die sonde. Hierdeur word bepaalde toegewings verwerf wat deur die priester as gevolmagtigde van die kerk uitgedeel word. Boetedoening deur die boeteling verwerf nie net vir homself gedeeltelike of algehele verwydering van die tydelike straf op die sonde nie, maar dien ook as meriete vir hulle wat in die vaevuur of staat van suiwering verkeer.

'n Breuk met die Roomse bieg vind plaas in die persoon van Luther. Hy kom tot die oortuiging dat die bieg nie die weg van God se straffende geregtigheid is nie maar die weg is waarin die regverdigmaking in Christus ontmoet word. Verdere kritiek word uitgespreek teen die regterlike karakter van die priester en die stel van subjektiewe voorwaardes vir vergewing deur die kerk terwyl dit Luther se oortuiging is dat die oog alleen op God se vergewende Woord gerig moet wees. Vir Luther gaan dit om God se alleen werksaamheid en daarom val die boete slegs in twee dele uiteen as 'confessio' as daad van die mens en 'absolutio' as God se werk. Luther vind dit egter wel nodig dat die bieg behou sal word op grond van die sielsorglike nut daarvan, maar dan vry van 'n dwangkarakter. Die bieg word dan ook deur Luther behou by die toelating tot die Nagmaal, maar algaande het dit egter weer 'n dwangkarakter verkry.

Vanuit Gereformeerd Reformatoriese kringe is toegegee dat die bieg soos deur Luther voorgestaan 'n ander gees geadem het. Hoewel die naam sakrament behou is, was dit nie meer 'n sakrament nie omdat dit in wese niks anders geword het as 'n besondere wyse waarop die evangelie as middel aangewend is nie. Die bieg soos beoefen deur die Rooms-Katolieke kerk word egter op leerstellige gronde fel gekritiseer en verwerp. Hoewel toegegee word dat die bieg soms van praktiese nut kan wees, is daar die oortuiging dat diegene wat die verband van die bieg met die vervalsing van die evangelie van genade en van die amp en die mag van die kerk besef, dit nie weer terug sal wil hê nie. In Gereformeerde Kerke het die enkel bieg so ook nooit in 'n liturgie ontwikkel nie.

In die persoon van Thurneysen word die noodsaaklikheid om die bieg vanuit 'n Reformatoriese grondslag te beoefen opnuut beklemtoon. Die bieg gegrond op die Evangelie is vir hom noodsaaklik omdat die sielsorglike gesprek vir hom 'n boetegesprek is waar konkreet oor die sonde van die mens gepraat word. Hy sien die noodwendigheid vir die bieg daarin geleë dat die mens met moeite sy sonde erken, blootlê en aan die lig laat kom.

Hy beskou die bieg as 'n buitengewone hulpmiddel wat aan die kerk gegee is om die gemeente te lei na die gebruik van die eintlike gewone middels van prediking en Sakramente. Hy is Reformatories deurdat die bieg vir hom 'n anti-klerikale karakter het. Die bieg word gesien as 'n opdrag aan almal waar die boeteling deur sy naaste na sy sonde gevra word asook dat hy toelaat dat hy na sy sonde gevra word. By die bieg gaan dit dus daarom dat my sonde nie net voor God erken word nie maar ook voor my naaste deur wie se hulp ek dit voor God kan neerlê.

Boete bestaan daarin dat ek my sonde deur God se woord laat oopdek en dit voor God neerlê sodat Hy dit van my weg neem. In die bieg moet dit altyd gaan om 'n verlange na vergifnis. In die evangeliese bieg mag die absolusie in bepaalde woorde nie ontbreek nie. Ook die vermaning mag nie ontbreek nie

Hoewel geen besonderhede of voorbeelde van die verloop van 'n sodanige sielsorglike gesprek by Thurneysen gevind word nie, gee hy wel 'n uiteensetting van die beginsels wat noodsaaklik vir die gesprek is. Dit sluit in: Die noodsaak van gebed, 'n gesindheid van barmhartigheid, indringendheid sonder om in te grawe in die ander se lewe, geen terugdeinsing maar dan ook geen dwang en manipulering van die ander nie.

Die belangrikste punte van kritiek op Thurneysen se uitgangspunt oor die sielsorg, soos vervat in sy werk 'Lehre von der Seelsorge', kom op die volgende neer: Vanuit sy suiwer kerugmatiese verstaan van God se Woord wil hy God se Woord direk aan die enkeling verkondig. By hom ontbreek 'n sintese tussen die kerugmatiese en die begeleidende siel-sorg. Alle nood is vir hom sondenood. Hoewel hy die pastorale gesprek in die bieg aandien as nie dwingend en vol erbarming, is daar oomblikke waar hy dit aandien asof dit 'n strydgesprek is waar die ander hard hanteer moet word, as' t ware 'vor den Kopf stoßen müssen'.

### 5.3.5 AANBEVELING

Hoewel die Gereformeerdes toegee dat die enkel bieg van nut kan wees, word dit van-weë die ruimte vir dwaling, dwang en wettiese karakter, as geheel buite rekening gelaat. Thurneysen se Reformatoriese fundering van die sielsorg as bieg laat egter by die navorser die vraag ontstaan of daar vanuit die Gereformeerde teologie nie opnuut oor die bieg, en by name die enkel bieg, besin moet word nie.

Dit is die navorser se oortuiging dat met die oog op die studieonderwerp die enkel bieg op Evangeliese grondslag as pastorale hulpmiddel in beginsel toepassings waarde het. Die volgende dien as motivering vir die bieg as hulpmiddel in die pastoraat aan die lidmaat in die gevangenis:

Die gedagte oor die besondere vergewing soos deur Calvijn uitgespreek word vanweë die unieke situasie van die lidmaat in die gevangenis van besondere pastorale waarde geag. 'n Lidmaat in die gevangenis mag getuig dat hy sy lewe aan God oorgegee het. In die gevangenis mag hy 'n gereelde kerkganger wees waar hy die algemene verkondiging van skuldvergifnis as liturgiese element in die erediens of deurlopend in die prediking verneem. Ten spyte hiervan mag sy lewe getuig van onrus asof hy nog nie vergifnis verkry het nie.

Hier moet in gedagte gehou word dat die pastoraat aan sodanige persone wat deur die bieg moet heen lei na die verkondiging van vryspraak, primêr afgestem moet wees op die lidmaat waar bekering reeds as 'conversio actualis prima' plaasgevind het maar wat nog worstel met onopgeklaarde sondeskuld in sy lewe. Ander lidmate mag egter deur pastorale gesprekke oor 'n tydperk heen by 'n punt uitkom waar 'n behoefte aan die bieg 'n spontane uitvloeisel is.

Hier moet in gedagte gehou word dat waar gevangesetting oor 'n lang termyn strek, die een persoon onbewustelik mag afstomp as gevolg van sy 'Umwelt' en inkrimping van sy lewenshorison, terwyl daar by die ander 'n groeiende bewuswording van die verkeerde in sy lewe ontwaak. In hierdie lidmaat se lewe mag nog bagasie uit sy verlede wees waarvan hy ontslae wil raak. Hy mag egter 'n onvermoë of onwil openbaar om dit by die naam te identifiseer wat hom van die volle belewing van skuldvergifnis weerhou. Hy mag hom egter bewus wees van 'n verlange na vergifnis waardeur hy van sy skuld ontdaan kan word. Dit is hier waar die bieg as buitengewone pastorale hulpmiddel, voorafgegaan deur 'n oopdekkende gesprek 'n plek en funksie het. Hier kan hy op evangelies-pastorale wyse daartoe gelei word om dit te verwoord wat moontlik tot nog toe deur hom gerasionaliseer, ontken of verdring is. Deur die gesprek heen kan hy gelei word om werklike skuld van blote skuldgevoelens te onderskei. Deur sy las voor God neer te lê, die verkondiging van God se vryspraak te verneem en dit in die geloof toe te eien, word 'n nuwe weg vir hierdie sondaarmens geopen. As iemand wat vergifnis ontvang het, kan hy met vrymoedigheid sy weg met mede gelowiges in die gevangenis voortsit. As innerlik bevryde kan hierdeur die weg in die pastoraat geopen word dat,

waar moontlik, hy ook vergifnis sal soek van diegene wat hy deur sy dade benadeel het.

Van Niekerk [s a: 1-4] wat hom oor die bieg besin het, spreek die oortuiging uit, wat deur die navorser gedeel word, dat dit die pastoraat ten goede sal kom as die bieg, ook in Protestantse kerke, nie langer 'n 'vergete genademiddel' bly nie, maar weer as 'n 'heil-same heelmiddel' opnuut ontdek sal word. Met verwysing na Herbst gee van Niekerk [s a: 1-4] die volgende voorbeeld van die bieg deur wat as 'n riglyn kan dien:

' Albei kan neerkniel nadat die sin en verloop van die bieg kortliks meegedeel is.

**Biegvader:** (begroet die biegtende) "Ek wens jou Gods vrede toe. Ek is bly dat jy gekom het om te bieg. In die hemel is daar vreugde oor elke sondaar wat sy sonde bely. "

**Biegvader:** (Kort gebed)
Hier kan 'n boete psalm (Ps 51) saam gebid word.
Daarna sê die biegvader: 'Spreek nou voor God uit watter sonde jy aan Hom wil bely.'

**Biegtende:** " Vader in die hemel, ek bely voor U, dat ek.... Ek pleit om vergifnis van my skuld en om die krag van U Gees tot 'n nuwe lewe."

**Biegvader:** "Glo jy dat die vergifnis wat ek jou sal toespreek, Gods vergifnis is."

**Biegtende:** ja.

**Biegvader:** "God sterk jou geloof. Is jy ook bereid om die vergifnis wat God jou geskenk het, deur te gee aan hulle wat deur jou ook miskien skuldig geword het?.

**Biegtende:** "Ja".

**Biegvader:** (Onder handoplegging)
"In opdrag van die Vader, die Seun en die Heilige Gees, is jou sondes vergewe. (Hier kan 'n paslike Bybelteks soos 1 Joh 1:9 genoem word). Gaan in die vrede van jou Here. Amen." (Hier kan 'n lofpsalm bv Ps 103 saam uitgespreek word). Hierna word van mekaar afskeid geneem".

# HOOFSTUK 6

# DIE METODOLOGIESE BENADERING VAN DIE EMPIRIESE NAVORSING

## 6.1 INLEIDING

Soos reeds in 1.4.2 vermeld, is 'n kwalitatiewe werkswyse in hierdie navorsing gebruik om die skuldbesef van lidmate in die gevangenis te verken.

Hoewel daar in verskeie vakdissiplines wat die teologie insluit heelwat gepubliseer is oor die skuldfenomeen, word die belangrikheid van die skuldbesef van lidmate in die gevangenis vanuit 'n teologies-Gereformeerde perspektief, met die oog op 'n meer effektiewe bediening, nie aangespreek nie.

Vanweë die komplekse persoonsbeeld wat by lidmate in die gevangenis kan voorkom, is kennis van nie-teologiese hulpwetenskappe van waarde in die verstaan van die gevangene as mens. Kennis wat op hierdie wyse verkry word, is van waarde om lig te help werp op die skulddinamiek en 'n gepaardgaande skuldbesef of ontbreking daarvan in die lewe van die mens wie se lewe oor 'n korter of langer tyd skeef geloop het.

In hierdie navorsing word die kennis, wat in hoofstuk vier en vyf bekom is, oor skuld in 'n sielkundige en 'n juridiese perspektief, mede in ag geneem in die daarstelling van vrae vir persoonlike onderhoude met lidmate in die gevangenis met die oog op die bepaling van hulle skuldbesef.

Omdat die studieonderwerp fokus op die skuldbesef van die lidmaat in teologiese perspektief is die voorkoms van die begrip "skuld" soos dit in die Ou en Nuwe Testament aan die orde kom teologies in die literatuurstudie nagegaan. Sien ook hoofstuk een (1.4.1).

Vanweë die omvang van die skuldbegrip het die navorser die studie beperk tot dit wat as genoegsaam geag word om 'n perspektief op skuld daar te stel. Hierby is 'n dogmatiese verkenning van die skuldbegrip gedoen, asook die biegbegrip nagegaan met die oog op 'n moontlike hanteringswyse van skuld.

Perspektiewe wat uit bogenoemde navorsing verkry is, word soos in die geval van die juridiese en sielkundige, as riglyn gebruik in die formulering van vrae vir die persoonlike onderhoude. Hierdie onderhoude het ten doel om 'n skuldbesef by lidmate te verken. Dit impliseer die verstaan van skuld in die lig van die lidmaat se kennis of ontbreking van kennis van God se wil. Dit impliseer verder in watter mate hierdie kennis reeds op 'n geloofsvlak as toegeëiende kennis geïnternaliseer het. Dit gaan daarom of die lidmaat reeds tot 'n skuldbesef gekom het wat die aanvaarding van verantwoordelikheid vir sy sonde insluit. Dit gaan verder daarom of hierdie skuldbesef bloot gekommunikeer word en of dit reeds uitgemond het in 'n belydenis van skuld en die aanvaarding van vergifnis. Van laasgenoemde sê Louw(1997:485):

> 'n Egte skuldbesef word nie bloot gekommunikeer nie, dit word bely. Die verskil tussen blote kommunikasie en belydenis is dat die persoon wat bely en sê, "Ek het...", ook bereid is om verantwoordelikheid vir sy sonde te aanvaar. Skuldbelydenis korreleer met 'n sondebesef wat 'n residu van 'n egte Godsbesef is.

In die geval van die bieg word die vrae nie alleen gebruik om 'n behoeftebepaling te doen met die oog op 'n aanbeveling vir die moontlike implementering van die bieg as 'n hanteringswyse van skuld nie maar kan die beantwooding van die vrae ook lig werp op lidmate se skuldbesef.

## 6.2 EMPIRIESE NAVORSING IN DIE PRAKTIESE TEOLOGIE

In die besinning oor die gebruikmaking van 'n empiriese navorsingsmetodiek in die praktiese teologiese-navorsing is dit nodig om te let op wat met Praktiese Teologie bedoel word. Op die vraag wat Praktiese Teologie is, word hier weereens aangesluit by Louw (1998:61) se omskrywing van Praktiese Teologie. (Sien Epistemologiese vertrekpunt, 1.4)

> Praktiese teologie is die gesistematiseerde bestudering van die kommunikatiewe ontmoetingsgestaltes van die heil met die oog op 'n funksionele ekklesiologie (die Christelike geloofsgemeenskap) en die transformering van sosio-kulturele kontekste (die etiek van regte maniere van doen).

Lemmer (1991:11) wys daarop dat die Praktiese Teologie (in diens van die Woord en Gees) nie net die Woord gebruik nie, maar as kenbron ook die werklikheid van empiriese kommunikatiewe geloofshandelinge met die oog op die vorming van prakties-teologiese teorieë.

Wanneer die begrip empirie gebruik word, beteken dit egter veel meer as blote sintuiglike waarneming. Louw (1993:67) wys daarop dat die begrip 'empirie' verwys na die totale geheel van verstaan- en interpretasiekomponente van die kenproses waarby eksistensiële, kontekstuele en relasionele elemente 'n belangrike rol speel. Empirie sluit dus eksistensiële houdinge, refleksie, gesindhede, norme, waardes, situasies, kwaliteite, uitwerkinge en handelinge in.

In die lig van bogenoemde is die begrip intra-dissiplinêriteit soos deur Van der Ven (1994:34) met verwysing na Ruegg omskryf word as die leen van konsepte , metodes en tegnieke van die een wetenskap by 'n ander wetenskap (sien hoofstuk 1, p 4) beslis van belang vir hierdie prakties-teologiese studie. Van waarde is dan ook Louw (1998:57-58) se omskrywing van intra-dissiplinêriteit as deel van die empiriese metodologie. Volgens hom beteken dit dat die empiriese metodologie deur die teologie aangepas word om in die eiesoortige behoeftes van die teologie te voorsien. Dit hou in dat daar in 'n sekere sin 'n teologiese assimilasie plaasvind soos wat metodes van die geesteswetenskappe vir die eie doeleindes van die teologie aangepas word.

Van der Ven (1994:35-36) wat uitgaan van 'n hermeneuties-empiriese benadering wys daarop dat bepaalde hermeneutiese beginsels in die empiriese intra-dissiplinêriteit in die Praktiese Teologie van toepassing is. Kortliks kom dit op die volgende neer:

- Die eerste beginsel sê dat die navorser sy navorsingsonderwerp vanuit sy eie vooroordele vind.

- Die tweede beginsel verwys na die feit dat die empiriese navorser deelneem aan die wêreld van sy medemens van wie hy sy of haar praxis bestudeer.

- Die derde beginsel hou verband met die feit dat die geskiedenis van die teks of die persoon wat bestudeer word sorgvuldig ondersoek moet word.

- Die vierde beginsel hou in dat die konteks van die leefwêreld waaronder diegene wat bestudeer word, hulle bevind, in berekening gebring moet word

- Die vyfde beginsel is dat die gedagtes, gevoelens en praxis van die subjekte wat ondersoek word, vanuit 'n ideologies- kritiese standpunt verken en geanaliseer moet word.

Belangrik is die opmerking van Lemmer (1991:11) dat die empiriese navorsing in die Praktiese Teologie nie ten doel het om die Skrif en die praktyk van die gemeente teen mekaar af te speel nie, maar juis die twee deur middel van 'n hermeneutiese verstaans-spiraal te inkorporeer in 'n horisonsversmelting van Woord en werklikheid. Die doel hiervan is om God se Woord in die 'hic et nunc' van ons menswees te verstaan, te ervaar en te gehoorsaam. Samevattend word dit nodig geag om die volgende opmerkings te maak:

- In hierdie studie gaan dit ten diepste om die voortsetting van Christus se dienswerk aan individue as deel van 'n unieke geloofsgemeenskap naamlik lidmate van die Nederduitse Gereformeerde kerk wat hulle in die gevangenis bevind.

- In die ondersoek sal getrag word om te bepaal hoe Christus se dienswerk deur die kerk gestalte kry in die gevangenis deur die skuldbesef van lidmate na te vors.

- In die lig van die voorafgaande word die studie hanteer vanuit 'n prakties-teologiese benadering met die Skrif as norm. Dit is ook trouens die bedoeling met die voorafgaande literatuurstudie wat in hoofsaak rondom die Skrif gesentreer het. Waar die Skrif as norm geld, word saamgestem met Venter (1992:45) dat ervaring getoets moet word aan God se openbaring en nie God se openbaring aan die mens se ervaring nie.

- Die gebruikmaking van die empiriese navorsingsmetode word noodsaaklik geag omdat dit juis binne die unieke situasie van die lidmaat in die gevangenis van waarde is. Hier word onder andere gedink aan die vasstelling van eksistensiële houdinge, gesindhede en normwaardes

- Die beginsels met betrekking tot die hermeneuties- empiriese benadering soos uit gespel deur Van der Ven (1994:35-36) word belangrik geag met die oog op die ontmoeting en vasstelling van die skuldbesef van die lidmaat in die gevangenis.

## 6.3 DIE KWALITATIEWE METODE

### 6.3.1 DIE FILOSOFIESE DEBAT

In die empiriese navorsing word 'n onderskeid getref tussen 'n kwantitatiewe navorsingsmetode met sy wortels in die positivisme, en 'n kwalitatiewe navorsingsmetode met sy wortels in die anti-positivisme. Hierdie onderskeid kan teruggevoer word na die filosofiese debat oor die aard en wese van navorsing binne die geesteswetenskappe.

In die filosofiese debat word binne die geesteswetenskappe twee oorkoepelende wetenskapsfilosofiese paradigmas of skole onderskei: die positiviste en die anti-positiviste. Die onderskeid tussen hierdie twee paradigmas is geleë in die vraag of die metodologiese basis van die geesteswetenskappe op die van die natuurwetenskappe gebaseer moet word. Hulle wat hierop instemmend antwoord, word gewoonlik getipeer as metodologiese naturaliste of positiviste. Hulle wat egter negatief op hierdie vraag reageer, word weer as anti-positiviste of humaniste getipeer. By laasgenoemde word gewoonlik ondersteuners van die fenomenologie, hermeneutiek en Wittgenstein/Winch ingesluit (Mouton,1988:1-2). Van hierdie genoemde strominge binne die anti-positivisme word na die fenomenologie verwys as die stroming wat 'n baie duidelike stempel op die kwalitatiewe navorsingsmetodes afgedruk het. Niemann (1994:157) wat hierna verwys, wys daarop dat die invloed daarvan só groot was, dat die literatuur oor kwalitatiewe metodologie grootliks na die fenomenologiese benaderings verwys en dat die kwalitatiewe benadering dikwels as sinoniem met die fenomenologie gebruik word. Hierdie gedagte word dan ook deur Niemann (1994:157) beklemtoon deur te verwys na Miles en Huberman: 'The qualitative researcher is a phenomenologist at heart'

Volgens Mouton (1988:2-6) gaan die positivisme uit van 'n funksionele opvatting van die menslike samelewing wat teruggevoer kan word na 'n analogie van die menslike liggaam met gesonde organe. Dit hou ten minste drie belangrike metodologiese implikasies in

naamlik: die klem val op die verklaring van menslike gedrag deur kennis van universiële of algemeen geldende oorsake, die aksent in navorsing val onvermydelik op waarneembare gedrag en volgens die tradisie van die natuurwetenskappe het die begrip objektiwiteit 'n besondere betekenis gekry. So het veral twee konnotasies van 'objektief' in die geskiedenis van die natuurwetenskappe geyk geraak: 'objektiwiteit as 'kontrole' wat verbind word met die eksperimentele tradisie, asook 'objektiwiteit ' as 'neutraliteit' waar 'n neutrale afstand tussen subjek en objek en subjek te alle tye bewaar moet word. Positivisme in die geesteswetenskappe impliseer dus basies die aanvaarding van die natuurwetenskaplike model vir die geesteswetenskappe. Dit impliseer 'n wetenskapsbeskouing waar die soeke na algemeen geldige wette van menslike gedrag wat gebaseer is op objektiewe (gekontroleerde) waarneming en meting beklemtoon word. Hierteenoor word die standpunt van simboliese inter-aksionisme as 'n standpunt van die anti-positivisme gevind wat drie fundamentele kenmerke van die sosiale werklikheid beklemtoon. In kort kom dit neer op: mense maak refleksief van die simbole wat hulle inspan gebruik om die werklikheid te interpreteer, mense is ook terselfdertyd simboliese voorwerpe van hulleself en in die derde plek ontstaan perspektiewe en planne uit die wisselwerking tussen 'n sodanige sosiaal gekonstrueerde self en 'n sosiaal gekonstrueerde omgewing.

'n Aanduiding van die verskille tussen positivisme en anti-positivisme word volgens Mouton (1988:7) verkry deur te let op simboliese inter-aksionisme as 'n standpunt van die anti-positivisme Die belangrikste hiervan is:

- Waar die positivisme die generering van universele wette van menslike gedrag beklemtoon, word die klem by die anti-positivis of humanis eerder op die produksie van kontekstueel-gebonde beskrywings van menslike gedrag gelê.

- Waar die positivis die ideaal van objektiewe waarneming en meting nastreef, is dit die anti-positivis se strewe om die akteur se eie perspektief te begryp deur die verkryging van 'n 'binnestaander begrip' om so die akteur se leefwêreld so akkuraat as moontlik te rekonstrueer.

- Waar die positivis waarneembare gedrag beklemtoon, word die anti-positivis se aandag op die begryp van die betekenisse en simboliek van menslike handelinge gerig

Die positivistiese wetenskapsbeeld kom neer op die produksie van algemeen geldende wette van menslike gedrag wat gebaseer is op objektiewe (gekontroleerde) waarneming en meting, terwyl die anti-positivistiese wetenskapsbeeld neerkom op die generering van kontekstueel geldige beskrywings en interpretasies van menslike handelinge wat gebaseer is op in-diepte en binnestaander rekonstruksies van die akteurs se leefwêrelde (Mouton, 1988:7)

### 6.3.2 DIE AARD VAN KWALITATIEWE NAVORSING

Die kwalitatiewe sowel as die kwantitatiewe navorsingsmetodes het 'n groot invloed op die Praktiese Teologie. Dit bring die vraag na vore na die objek wat die Praktiese Teologie bestudeer en of dit moontlik is om hierdie objek deur middel van waarneming te kwalifiseer of te kwantifiseer. By die kwalitatiewe verwys die vraag na die vraagstuk van waarneming en teorievorming langs die weg van refleksie, interpretasie en analitiese beredenering terwyl die kwantitatiewe vraag weer verwys na statistiek, persentasies en matematiese seggingskrag (Louw, 1998:45).

Van der Ven (1990:92) wys daarop dat 'n onderskeiding tussen 'n kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetode nie absoluut is nie. Dit gaan eerder om bepaalde aksente wat in die ondersoek ingebring kan word as om absolute teenstellings. In beide word na objektiwiteit in die sin van inter-subjektiwiteit gestrewe en in beide vind interpretasie plaas.

Louw (1998:52) wys daarop dat kennis in 'n kwalitatiewe benadering paradigmaties van aard is en vanuit 'n bepaalde interpretasienetwerk, verstaanshorison en lewensbeskoulike raamwerk geskied. Gevalle word op 'n nie-eksperimentele wyse deur middel van die metode van analitiese induksie bestudeer ten einde algemeenhede te identifiseer en te kom tot teorievorming.

Die kwalitatiewe metode waarin 'n mens induktief werk beteken dat 'n mens by wyse van onderhoude met die betrokke mense uit die materiaal uit (induktief) tot sekere bevindinge kom (Heyns & Pieterse,1990:81). Hierdie werkswyse skep bepaalde geleenthede om die mens in sy totaliteit in berekening te bring. Met verwysing na die kwalitatiewe werkswyse

skets Van der Ven (1994:43) sodanige geleenthede:

> The second one give the opportunity to take the subjects uniqueness into account, the dynamics and the drama of their interactions and communications, the depth of their emotional engagement, the specifity of the images, symbols and rituals which are implied in that.

### 6.3.3 DATA-INSAMELING: ETNOGRAFIE

In hierdie navorsingsprojek het data-insameling geskied deur middel van etnografiese onderhoude wat met gevonnisde persone in die gevangenis gevoer is. In sy eie werk oor die etnografiese onderhoud verwys Spradley (1979:5) na die begrip "kultuur" as die gebruikmaking van verkreë kennis deur mense om hulle leefwêreld te vertolk en sosiale gedrag te ontwikkel.

Persone in die gevangenis is as 'n eie kultuurgroep te onderskei van diegene buite die gevangenis. Almal deel in die ervaring dat hulle met die gereg gebots het, wat gevangenisstraf met 'n bepaalde vonnis meegebring het. Almal deel in die belewenis dat hulle hul vryheid verloor het en van dierbares geskei is. Omdat hulle as gevolg van hulle wetsoortreding tot 'n sekere mate in 'n homogene groep in die gevangenis saam gegroepeer word, bring dit mee dat hulle gemeenskaplike belange het ten opsigte van die daaglikse leefwêreld waarbinne hulle hul bevind. Die geslote wêreld van die gevangenis bring interaksie tussen persone mee wat 'n persoon in 'n mindere of meerdere mate kan konformeer wat nie net betrekking het op sy sosiale gedrag nie, maar ook op die eties-religieuse denkwêreld van die "Umwelt" waarbinne hy hom bevind. Op die wyse word hy deel van 'n bepaalde kultuur. Hierdie konformering verloop prosesmatig oor die termyn van 'n persoon se gevangesetting heen en kan bewustelik of onbewustelik plaasvind. Faktore wat hier 'n rol kan speel is faktore soos die vonnistermyn van 'n persoon, vorige gevangesettings, die persoon se belydenisgrondslag, die aard van 'n persoon se eie persoonlikheid en lewenservarings. Dit alles kan 'n invloed hê op die wyse waarop hy sy skuld teenoor God en die gemeenskap besef, beleef en hanteer.

Die gebruikmaking van die begrip "kultuur" het volgens Spradley (1979:6) baie in gemeen met simboliese interaksionisme, 'n teorie wat dit ten doel het om menslike gedrag in

terme van betekenisse te verklaar. Spadley (1979:6) verwys na Blumer (1969:2) wat drie voorveronderstellings geïdentifiseer het waarop die teorie van inter-aksionisme berus:

- Mense se optrede teenoor dinge word bepaal deur die betekenis wat dinge vir hulle het;

- die betekenis van sodanige dinge word afgelei of ontstaan uit die sosiale inter-aksie met die medemens;

- in die mens se omgang met die dinge wat hy teëkom, word die betekenis van dinge ingeruil en gewysig deur 'n vertolkingsproses.

By die opstel van 'n etnografiese verslag is daar twee beginsels wat in gedagte gehou moet word naamlik die taalidentifikasiebeginsel en die verbatimbeginsel.

**6.3.3.1 DIE TAALIDENTIFIKASIEBEGINSEL**

Naas dieselfde kultuurmillieu het hierdie persone dieselfde belydenisgrondslag, naamlik die van die Nederduitse Gereformeerde kerk. Hierdie onderhoude is deur middel van 'n semi-gestruktureerde vraelys gevoer, wat op oudioband opgeneem is.

Taal vorm 'n baie belangrike deel van mense se ervaring. Hoewel mense dieselfde taal mag besig kan daar tog verskille wees. So moet die etnograaf wat met mense binne 'n komplekse samelewing werk, die bestaan van subtiele taalverskille herken. Taalgebruik word voortdurend gevarieer na gelang van die omgewing waar 'n persoon hom bevind en met wie hy kommunikeer (Spradley,1979:19) Taal dien nie net die funksie om te kommunikeer nie, maar ook om 'n kultuur se realiteit te skep en uitdrukking daaraan te gee.

Selfs binne dieselfde kulturele groep in 'n komplekse samelewing is daar kulturele opset-te wat aan sommiges bekend is, maar nie aan ander nie. Mense se daaglikse lewe word in verskillende sosiale omstandighede geleef, verskillende dinge word gedoen en verskillende probleme word hanteer. Hierdie groepe besit 'n eie taal wat "vertaal" moet word sodat ook ander groepe dit kan verstaan. Dit is dus belangrik vir die etnograaf om

die taal van die betrokke groep te begryp om sodoende werklik te verstaan wat mense bedoel. Deur etnografiese onderhoude poog die etnograaf om die taal van die ander persoon te verstaan (Spradley,1979:19-22). So moet ook die bepaalde taal, terminologie en begrippe wat eie aan die kerk is, in ag geneem word. Laasgenoemde moet ook in ag geneem word, met die oog op die vertolking daarvan, deur hierdie eiesoortige groep binne die gevangenis. 'n Etnografiese verslag wat die kulturele studieonderwerp kan dokumenteer, kan uit veldnota's, oudiobandopnames, foto's en voorwerpe saamgestel word (Spradley, 1979: 69). Hierdie beginsel beteken dat die "taal" wat vir elke veldstudieaantekening gebruik is, geïdentifiseer moet word deur gebruikmaking van een of ander identifikasiesisteem. Dit moet ook 'n identifisering van die persoon wat aan die woord is insluit. Die doel hiermee is dat dieselfde verskille in taalgebruik soos dit in die werklike veldstudie na vore getree het in die etnografiese verslag gereflekteer sal word (Spradley,1979:71-72).

Uit die navorser se pastorale bemoeienis oor agtien jaar as kapelaan in die Departement van Korrektiewe dienste met lidmate in die gevangenis, het dit geblyk dat daar "taalverskille" ten opsigte van verskillende teologiese begrippe soos sonde, skuld, skuldgevoel en berou kan bestaan. Hierdie verskille kan vanuit die beleweniswêreld en teologies/godsdienstige agtergrond van die betrokke persoon wat oor 'n korter of langer termyn in die gevangenis verkeer, toegeskryf word.

Die data vir hierdie navorsing is deur middel van persoonlike onderhoude, waartydens 'n vraelys met die respondente deurgewerk is, ingesamel. Die vraelys wat die verskillende aspekte rondom die skuldfenomeen reflekteer, is met behulp van die literatuurstudie en die eie pastorale ervaring as kapelaan in die gevangenis opgestel.

#### 6.3.3.2 DIE VERBATIMBEGINSEL

Bo en behalwe die identifisering van die verskillende taalgebruike in die bepaalde omstandighede waar die respondent hom bevind, moet daar ook 'n verbatim rekord gemaak word van alles wat deur die respondent gesê word. Die beste manier om 'n verbatimverslag gedurende onderhoude te maak is om 'n oudiobandopnemer te gebruik. Die gebruik van 'n oudiobandopnemer is egter nie altyd wenslik tydens die eerste onderhoud nie omdat 'n verhouding eers gestig moet word. Dit kan egter ook gebeur dat die

gebruik van 'n oudiobandopnemer deur sommige respondente as 'n bedreiging beleef word en hulle inhibeer. Hoewel baie belangrike inligting verlore kan gaan is 'n kort volledige opsomming van die onderhoud belangrik (Spradley,1979:73-74).

Die gebruikmaking van 'n oudiobandopnemer bring die vraag na die beginsel van vertroulikheid na vore. Respondente het die reg om anoniem te bly. Spradley, (1979:37-38) wys daarop dat die reg tot anonimiteit nie net geld waar 'n spesifieke belofte gemaak is nie, maar ook in gevalle waar dit nie duidelik uitgeklaar is nie. Navorsers word deur die meeste etiese kodes aangemoedig om ingeligte skriftelike toestemming van respondente te verkry. Die beskerming van respondente mag selfs beteken dat baie belangrike inligting uit die finale verslag uitgelaat sal moet word, of iets aan die finale resultate effens versteur word om in 'n poging om respondente van moeilikheid te vrywaar (Rubin & Rubin, 1995:94-95).

Onderhoude met lidmate in die gevangenis is almal verbatim opgeneem met 'n oudiobandopnemer. Die onderhoud oor die studieonderwerp is in al die gevalle voorafgegaan deur 'n informele gesprek waar die navorser homself bekend gestel het as 'n oud-kapelaan van die Departement van Korrektiewe Dienste. Bekendheid met die 'Umwelt' van die respondente het 'n goeie aanknopingspunt vir 'n informele gesprek met die respondente met die oog op die nodige verhoudingstigting gebied. Die studieonderwerp is aan hulle bekend gestel en 'n skriftelike onderneming wat aan die nodige etiese kodes voldoen het, is met hulle aangegaan.

Toestemming om navorsing binne gevangenisse oor die bepaalde studieonderwerp te mag doen, is ook vanaf die Departement van Korrektiewe Dienste bekom wat die vereiste tot anonimiteit insluit.

### 6.3.4 DATA -ANALISE: "GROUNDED THEORY"

'Grounded theory' is een van die wyses waarop kwalitatiewe navorsing gedoen kan word. Dit vind plaas by wyse van 'n kwalitatiewe data-analise wat ten doel het om 'n teorie te bou. Strauss en Corbin (1990:23) omskryf 'grounded theory' as volg:

> A grounded theory is one that is inductively derived from a study of the

> phenomenon it represents. That is, it is discovered, developed, and provisionally verified through systematic data collection and analysis of data pertaining to that phenomenon. Therefore, data collection, analysis, and theory stand in reciprocal relationship with each other.

Volgens Strauss en Corbin (1990:23) is die vertrekpunt van 'n 'grounded theory' nie 'n teorie wat bewys moet word nie, maar eerder moet met 'n studieveld begin word waarna dit wat relevant tot daardie studieveld is toegelaat word om na die oppervlak te kom. Die 'grounded theory' benadering is 'n algemene metodologie van analises wat met 'n dataversameling verbind is wat 'n sistematies toegepaste stel metodes gebruik om 'n induktiewe teorie oor 'n onafhanklike studieterrein te ontwikkel (Glaser,1992:16).. 'Grounded theory' kan met sukses deur verskeie dissiplines gebruik word omdat dit 'n algemene metodologie is. Van betekenis is dat die metodes van 'grounded theory' nie gebind kan word, hetsy deur 'n dissipline of deur dataversameling nie. Aangesien 'grounded theory' algemeen is, werk sy metodes heel goed in die analisering van data binne die perspektief van enige dissipline. Van verdere belang is die bruikbaarheid daarvan in multi-dissiplinêre studies deurdat dit verskillende perspektiewe deur die konseptualisering van die data en sy inbegrepe sosiale organisering van prosesse en probleme saambind (Glaser, 1992:18).

Niemann (1994:163) wys daarop dat die aanvanklike benadering van 'grounded theory' weinig ruimte vir formele teorie gelaat het omdat dit struktueel op die navorsing kon inwerk. 'Grounded theory' is egter mettertyd aangepas en deur navorsers op 'n verskeidenheid van wyses toegepas. Niemann(1994:163) wys daarop dat Layder om hierdie rede die erkenning van 'grounded theory' in 'n wyer konteks bepleit en van mening is dat die teorie nie net uit die data kan voortkom nie, maar dat data juis rigting aan die bestaande teorie kan gee. Niemann (1994:164) meld dat Layder na verskeie ondersoeke verwys en tot die gevolgtrekking kom dat 'grounded theory' reeds stappe in 'n nuwe rigting geneem het en dat teorie reeds deel uitmaak van die ondersoek. Niemann (1994:164) is van oordeel dat beide wyses van aanbieding stimulerend op die ondersoek kan inwerk:

> ... indien die teorie vooraf aangebied word, kan die idees of konsepte as klankbord vir die bevindinge van die ondersoek dien of dit kan agterna by wyse van retrospeksie verklarend ten opsigte van die bevindinge wees.

Die literatuurstudie wat in hoofsaak gerig was op die verkenning van die skuldfenomeen vanuit 'n teologiese perspektief, het ook aandag gegee aan 'n sielkundige en juridiese perspektief. Hierdeur is 'n breë raamwerk geskep waaruit perspektiewe vir die empiriese studie ontwikkel is.

Data analise kan op die volgende wyses gedoen word:

- **Oop kodering** (Strauss en Corbin, 1990:61-74) wys heen na die metodiek waarvolgens die navorser die data ondersoek, identifiseer, benoem, konseptualiseer en kategoriseer. Hoewel die aard van analitiese prosedures by elke soort kodering verander, is daar egter net twee analitiese prosedures wat die grondslag vir die koderings proses vorm. Hier word verwys na die prosedure wat betrekking het op die tref van vergelykings en die prosedure vir die vrae van vrae. Hiervolgens word elke lyn, sin en paragraaf by herhaling gelees met die vraag: 'Wat is dit hierdie en wat verteenwoordig dit?'. Vervolgens word voorval met voorval vergelyk sodat soortgelyke verskynsels dieselfde naam gegee kan word. Indien dit nie op hierdie wyse gedoen word nie, is daar uiteindelik te veel name wat die navorser verward laat. Nadat die verskillende verskynsels in die data geïdentifiseer is, word dit in kategorieë ingedeel. Dit vind plaas deur begrippe wat blyk dat dit op dieselfde verskynsel betrekking het te groepeer en 'n naam te gee. Hierdie name behoort egter meer abstrak te wees as die wat aan begrippe gegee is wat daar onder gegroepeer is.

  Belangrik is dat name wat aan kategorieë gegee word van so 'n aard sal wees dat die navorser dit sal onthou, daaroor dink en veral begin om dit analities te ontwikkel. Name word verkry word deur begrippe te gebruik vanuit die navorser se eie vakdissipline asook vanuit woorde en frases, bekend as "in vivo" kodes, wat deur die respondent self gebruik word.

  Vir die navorser is dit belangrik om kategorieë vroegtydig by wyse van 'n lyn vir lyn analise te ontwikkel omdat ook kategorieë deel vorm van die grondslag vir die teoretiese toetsing. Na ontleding en kategorisering van die data, word die kategorieë verder ontwikkel. Dit word gedoen deur die eienskappe en dimensies

van kategorieë te identifiseer. Dit vind plaas deur die data lyn vir lyn te analiseer, met mekaar te vergelyk of te kontrasteer. Vrae wat hiermee gepaard gaan is vrae soos: wat is die eienskappe van hierdie kategorie?: of hoe kan hierdie eienskappe verskil op die kontinuum?.

Dit is belangrik om eienskappe en dimensies te herken en sistematies te ontwikkel omdat dit die basis vir die skep van verhoudings tussen kategorieë en sub-kategorieë vorm en uiteindelik tussen hoof kategorieë.

Naas die lyn vir lyn kodering, wat waarskynlik die mees volledige kodering is, kan 'n sin, paragraaf of selfs 'n dokument in sy geheel gekodeer word.

- **Aksiale kodering** (Strauss en Corbin, 1990:96-99) is die tweede fase in die koderingsproses. By oop kodering word die data opgebreek wat dit moontlik maak om kategorieë, hulle eienskappe en dimensionele plasings te identifiseer. By aksiale kodering word dieselfde data weer op nuwe maniere aanmekaar gesit deur verbindings tussen kategorieë en sub-kategorieë te maak. In hierdie fase is die ontwikkeling van kategorieë steeds belangrik, maar dit is 'n ontwikkeling wat verder strek as eienskappe en dimensies.

In aksiale kodering word op die spesifisering van 'n kategorie gefokus in die lig van die omstandighede wat daartoe aanleiding gegee het; die konteks waarin dit gewortel is; die aksie/interaksionele strategieë waardeur dit hanteer word, bestuur word, uitgevoer word en die gevolge van sodanige strategieë.

In aksiale kodering word sub-kategorieë aan hulle verwante kategorieë verbind om 'n paradigmatiese model te vorm. Vereenvoudig sien dit soos volg daaruit: (A) Oorsaaklike omstandighede ⇒(B) Verskynsels ⇒ (C) Konteks ⇒(D) Tussenkomende omstandighede ⇒ (E) Aksie/interaksie strategieë ⇒(F) Gevolge. Volgens Rubin en Rubin (1995: 247) kan aksiale kodering plaasvind wanneer kategorieë in groepe van idees georganiseer word, wat tematies met mekaar verband hou.

Temas kan visueel deur matrikse uitgebeeld word. Volgens Miles en Huberman

(1994: 243) word matrikse oor die algemeen gebruik om gevolgtrekkings te maak, deurdat dit patrone, temas, kontraste, vergelykings, samevoegings en tellings kan aandui. Die temas wat uit die verskillende onderhoude geïdentifiseer is, is in verskillende matrikse weergegee.

- **Selekteerde kodering** (Strauss en Corbin, 1990:116-117), as die laaste fase in die koderingsproses, dui op die proses waar die kernkategorie geïdentifiseer word, die sistematiese verbandlegging daarvan aan ander kategorieë plaas vind, sodanige verbande bekragtig en kategorieë wat verdere verfyning en ontwikkeling benodig, ingevoeg word. In hierdie fase word die navorser gekonfronteer met die taak om die kategorieë te integreer om 'n 'grounded theory' te vorm. Hierdie integrasie verskil nie veel van aksiale kodering nie. Dit vind egter op 'n hoër en meer abstrakte vlak van analise plaas.

# HOOFSTUK 7

# DIE DATA-INSAMELINGSPROSES, ANALISE EN NAVORSINGSBEVINDINGS

## 7.1 DIE DATA-INSAMELINGSPROSES

### 7.1.1 INLEIDING

Die data-insameling in hierdie navorsing is deur middel van 'n literatuurstudie en onderhoude met lidmate in die gevangenis gedoen. Die literatuurstudie, met skuld in teologiese perspektief as diepte punt asook perspektiewe vanuit die geesteswetenskappe, vorm 'n integrale deel van die hele navorsingsprojek.

Agtien jaar se pastoraat en deelnemende waarneming deur die navorser as kapelaan op die diensstaat van die Departement van Korrektiewe dienste (vergelyk 1.2) het grootliks bygedra tot die ontwikkeling van kundigheid asook 'n openheid vir die probleme van lidmate wat hulle as gevolg van 'n wetsoortreding vir die eerste keer of by herhaling in die geslote ruimte van 'n gevangenis bevind.

### 7.1.2 SELEKSIE VAN RESPONDENTE

Nadat 'n navorsingsvoorlegging aan die Departement van Korrektiewe Dienste gedoen is, is amptelike toestemming verkry om die empiriese gedeelte van die studie binne gevangenisse voort te sit.

Vier kantore van Areabestuurders is besoek waarna onderhoude in agt gevangenisse met lidmate gevoer is. In elke gevangenis is 'n rekenaaruitdruk van lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskikbaar gestel. Persone op hierdie lys is persone wat by opname in die gevangenis hulleself as lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk laat registreer het (vgl. hoofstuk 1.1).

Persone op die lys wat by daardie geleentheid in die gevangenis beskikbaar was, is betrek by die persoonlike onderhoude. Onderhoude met hierdie respondente word aan die einde van hierdie proefskrif as bylae A ingesluit.

### 7.1.3 DIE ONDERSOEKGROEP

Soos reeds in 1.1 vermeld is slegs reeds gevonniste persone wat hulle by hul opname in die gevangenis as lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk laat registreer het by die onderhoude betrek. Na verskeie onderhoude is vyftien respondente as geskik geag vir gebruik in hierdie ondersoek (6.4).

In Tabel 7.1 is die identifiserende besonderhede van die respondente weergegee. Besonderhede wat vir hierdie ondersoek as ter saaklik beskou word is die volgende: Geslag, ouderdom, opleiding, huwelikstatus, vonnis, aantal vorige vonnisse en reeds uitgediende vonnistermyn. Die aard van die oortredinge word vanweë vertroulikheid nie weergegee nie. Besonderhede is van die respondente tydens die onderhoude verkry en as korrek aanvaar. Terwille van die vertrouensverhouding is respondente nie om toestemming genader om insae in hulle gevangenislêers te verkry nie. Om dieselfde rede is hulle lidmaatskap nie gekontroleer nie.

Uit die 15 respondente was 10 manlik en vyf vroulik. Ouderdomme het gewissel van 21-64 jaar wat as volg versprei is: 21-25 jaar (twee respondente), 26-30 jaar (een respondent), 31-35 jaar (drie respondente), 36-40 (een respondent), 41-45 (vyf respondente), 46-50 jaar (geen respondente), 51-55 jaar (een respondent), 56-60 jaar (een respondent) en 61-64 jaar (een respondent).

Die vlak van opleiding van respondente het gestrek van standerd agt of N1 tot naskoolse opleiding. Die opleidingsverspreiding is as volg: Standerd agt of N1 (drie respondente), standerd nege of N2 (een respondent), standerd 10 of N3 (sewe respondente) en naskoolse opleiding (vier respondente). Die huwelikstatus van respondente het gewissel van ongetroud tot geskei of wewenaar en is as volg versprei: Ongetroud (vier respondente), getroud (ses respondente) en wewenaar of geskei (vyf respondente).

Die vonnistermyne wissel van drie tot 25 jaar. Al die vonnisse tesame verteenwoordig 'n vonnistermyn van 197 jaar. Die vonnistermyne wat reeds uitgedien is, wissel van drie weke van 'n vonnis van ses jaar tot nege jaar van 'n vonnis van 25 jaar. Die gesamentlike tyd van vonnistermyne wat reeds uitgedien is, is 40 jaar en twee maande. Ses respondente meld dat hulle reeds tevore gevangenisstraf uitgedien het. Die aantal vorige gevangenissettings wissel van een tot drie en verteenwoordig 'n totaal van 10.

## TABEL 7.1: IDENTIFISERENDE BESONDERHEDE VAN RESPONDENTE

| Respondente | Geslag | | Ouderdom: Jaar | | | | | | | | | Opleiding | | | | Huwelikstatus | | | Vonnis | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Manlik | Vroulik | 21-25 | 26-30 | 31-35 | 36-40 | 41-45 | 46-50 | 51-55 | 56-60 | 61-64 | St8/N1 | St9/N2 | St10/N3 | Na-Skool | Ongetroud | Getroud | Geskei/ Wewenaar | Termyn | Termyn Uitgedien | Vorige Vonnis |
| 1 | x | | | | | | | | x | | | | | | x | | | x | 20 jr | 6 mde | 0 |
| 2 | x | | | | | | x | | | | | | | x | | | | x | 4jr | 5 mde | 0 |
| 3 | x | | | | x | | | | | | | | | | x | | x | | 13 jr | 5 jr | 1 |
| 4 | x | | | | | | | | | | | x | | | | x | | | 3 jr | 10 mde | 0 |
| 5 | x | | x | | | | x | | | | | | | | x | | x | | 20 jr | 6 jr | 1 |
| 6 | x | | | | x | | | | | | | x | | | | | | x | 14 jr | 4 jr | 1 |
| 7 | | x | | | | | | | | | x | | | x | | | | x | 5 jr | 3 jr 4 mde | 3 |
| 8 | | x | | | | | x | | | | | | | x | | | x | | 8 jr | 3 weke | 0 |
| 9 | | x | | | | | x | | | | | | | x | | | x | | 8 jr | 3 weke | 2 |
| 10 | | x | | | | | x | | | | | | | x | | | x | | 3 jr | 9 mde | 0 |
| 11 | x | | | x | | | | | | | | | | x | | x | | | 25 jr | 5 jr | 0 |
| 12 | x | | | | x | | | | | | | | x | | | x | | | 25 jr | 9 jr | 0 |
| 13 | x | | | | | x | | | | | | x | | | | | | x | 25 jr | 1 jr 4 mde | 2 |
| 14 | | x | x | | | | | | | | | | | x | | x | | | 14 jr | 6 mde | 0 |
| 15 | x | | | | | | | | | x | | | | | x | | x | | 12 jr | 3 jr 4 mde | 0 |
| **Totaal** | **10** | **5** | **2** | **11** | **3** | **1** | **5** | **0** | **1** | **1** | **1** | **3** | **1** | **7** | **4** | **4** | **6** | **5** | **197 jr** | **40 jr 2 mde** | **10** |

### 7.1.4 DIE ONDERSOEKMETODE

As vertrekpunt is daarvan uitgegaan dat persone wat by die navorsing betrek is vanweë hulle lidmaatskap oor 'n voorveronderstelde kennis van die leer van die Nederduitse Gereformeerde Kerk beskik. Onderhoude is met lidmate gevoer aan die hand van vrae wat uit die breë spektrum van die literatuurstudie asook uit die navorser se ervaring as kapelaan van lidmate in die gevangenis saamgestel is. Vrae, met of sonder 'n onderafdeling, het 'n hoof tema wat 'n bepaalde faset, hetsy teologies, psigologies, juridies of gekombineerd dek. Die vrae het afsonderlik of gekombineerd ten doel om sekere fasette van die skulddinamika in die persoon te verken ten einde 'n aanduiding te kry van hierdie persoon se skuldbesef.

Ten einde die skuldbesef van die respondente aan die hand van die antwoorde op die vrae te evalueer, het die navorser 'n breë riglyn vanuit sy ervaring as kapelaan gestel. Hierdie riglyn veronderstel egter nie 'n vooropgesette stelling-inname nie. Steeds sal intens geluister moet word na die aard van die skulddinamika soos dit in die onderhoude met die respondente na vore tree. Slegs op hierdie wyse is 'n objektiewe verkenning van die skuldbesef by lidmate moontlik.
Die volgende hoof temas met vrae is gevra:

1. Perspektief op die begrippe sonde en skuld.

1.1 Wat beteken die woord sonde vir jou?

1.2 Wat beteken die woord skuld vir jou?

Bogenoemde vrae (1.1 en 1.2) is nie net daarop afgestem om die respondent se teologiese insig en onderskeiding van die twee begrippe te verken nie. Hier word geluister na dit wat hy van God se norme vir sy lewe verstaan en hoe dit sy verhouding met God raak. Die toe-eiening van God se norme al dan nie is bepalend vir 'n skuldbesef of die ontbreking daarvan. Sonde en skuld mag dalk begrippe wees wat vir hom slegs op die horisontale vlak lê.

2. Die betekenis van die offer in die Bybel.

2.1 In die Ou Testament lees ons van die offer. In die Nuwe Testament lees ons dat Christus homself as 'n offer gegee het . Wat sê dit vir jou?

2.2 Wat verwag die Here dan van jou?

In die eerste plek word hier nagegaan wat die respondent se insig oor die breë spektrum van die Bybel is maar ook word hier geluister of en hoe Christus se offerdood sy eie skuld raak en aanspreek. Die tweede vraag se beantwoording word grootliks bepaal deur die respondent se vertolking van die eerste vraag. Afhangende of daar by die respondent 'n werklike toe-eiening van Christus se offerdood vir sy eie skuld is, word die respondent se bereidheid tot selfoffer verken.

3. Die verlening van vergifnis

3.1 Wat moet in 'n mens gebeur om jou saak met die Here reg te maak?

3.2 Hoe raak dit jou wanneer jy aan die mense dink wat deur jou misdaad benadeel is?

3.3 Wanneer iemand in die gevangenis sy saak met die Here uitgemaak het, kan hy van die Here verwag om hom vroeër uit die gevangenis te laat kom?

In vraag 3.1 word nagegaan op watter wyse die respondent die weg tot skuldvergifnis sien. Hier word daarop gelet of daar 'n besef van sondeskuld, verootmoediging en berou en die behoefte aan sondebelydenis en bekering by die respondent aanwesig is.

In vraag 3.2 word daarop gelet wie die respondent in die eerste plek beskou as diegene wat deur hom benadeel is, diegene wat die naaste aan hom is of diegene teenoor wie hy 'n misdryf gepleeg het. Het hy enigsins die slagoffer van sy misdaad op die oog? Indien die respondent sou aandui dat hy berouvol is, is dit van betekenis of daar by hom die behoefte aan restitusie teenoor die benadeelde party is asook die behoefte aan vergifnisverlening van die slagoffer van sy misdaad.

Die beantwoording van vraag 3.3 dui daarop of die respondent skuldvergifnis 'ipso facto' gelyk stel met die ophef van straf, al dan nie. Indien hy positief op die vraag sou antwoord, is die vraag of hy vanuit 'n ware skuldbesef 'n behoefte aan skuldvergifnis het en of dit 'n bewuste of onbewuste poging van hom is om met God oor sy vrylating te onderhandel deur hom te bekeer.

4 Juridies- strafregtelike beïnvloeding van die teologiese skuldbegrip.

4.1 Sou daar 'n verskil wees om voor God skuldig te wees en om voor die gereg skuldig te wees?

In vraag 4.1 word daarvan uitgegaan dat dit moontlik is dat 'n lidmaat wat herhaaldelik met die gereg bots as't ware geskool raak met strafregtelike prosedures. Indien sy godsdiensdiepte oppervlakkig van aard is, kan dit gebeur dat hy sy skuld voor God op dieselfde wyse beskou, beleef en evalueer as wat hy voor die strafhof gewoond is. Hier is dit belangrik om daarop te let of hy sy misdaad teenoor sy medemens en gemeenskap as sonde met sy gevolglike skuld as 'n oortreding met 'n skuldelas teenoor God erken en beleef. Verder is dit belangrik of hy in teenstelling met 'n strafregtelike strafhof, 'n begrip het van God se genade asook die verlening van vergifnis. ('n Vonnis hier op aarde kan wel uitgedien word maar indien hy nie sy saak met God regmaak en as 'n verloste lewe nie, wag God se ewige straf op hom.)

5. Skuldbegrip in die lig van die begrip regverdigmaking.

5.1 As ek in God se hof staan met al die bewyse dat ek met my hele lewe voor Hom skuldig is, is dit moontlik dat ek onskuldig verklaar kan word asook van God se straf oor die sonde vrygespreek kan word?

5.2 Sou God se straf oor die sonde in werking tree indien jy weer sou sondig in jou lewe?

Vraag 5.1 verken die respondent se insig of daar by hom die wete aanwesig is dat hy God se vergifnis en vryspraak, op grond van Christus se offerdood in sy plek, kan ontvang. Hierdeur word hy onthef van God se ewige straf op die sonde. Het hy dit reeds toegeëien?

Vraag 5.2 verken die respondent se insig of God se vryspraak en vergifnis ten opsigte van sy lewe as geheel geld of word dit deur hom gelyk gestel met paroolbreuk waar sy vryheid opgeskort word en sy gevangenisstraf weer in werking tree.

6. Die invloed van die sielkundige dimensie op 'n lidmaat se skuldbesef.

6.1 Hoe voel jy oor die misdaad wat jy gepleeg het?

6.2 Wat is die rede dat jy jouself in die posisie bevind waarin jy vandag is?

Vraag 6.1 se beantwoording kan dui op die erkenning of ontkenning van skuld waar berou aanwesig is al dan nie. Het die respondent, indien skuld na vore tree, 'n horisontale en 'n vertikake dimensie in sy skuldbesef en skuldbelewing. Hier kan verwag word dat verskillende fasette van die skulddinamika na vore sal tree.

In vraag 6.2 word die respondent voor die werklikheid van sy eie gevangesetting gestel en wat dit vooraf gegaan het. Hier kan 'n onvoorwaardelike toe-eiening van skuld plaasvind of bepaalde skuldmeganismes na vore tree waar die vertikale dimensie nie in berekening gebring word nie.

7. Die betekenis van die sakramente.

7.1 Wat is die betekenis van jou doop vir jou?

7.2 Wat beteken die Nagmaal vir jou?

Om vraag 7.1 te beantwoord, moet aanvaar word dat die respondent deur sy belydenisaflegging 'amen' op sy doop gesê het. Ook hy het deur die Doop die teken van inwyding ontvang waardeur hy tot die gemeenskap van die kerk aangeneem is en daardeur tot kind van God gereken word. Hierdeur aanvaar hy dat die Doop deur die Here voorgestel is om 'n teken en bewys van sy eie reinigmaking te wees. Ook dien die Doop vir hom as verseëlde handskrif waardeur die Here aan hom bevestig dat met al sy sondes weggedoen is en dat dit nooit weer vermeld of toegereken sal word nie. Hy mag in die sekerheid leef dat die Doop sy krag behou en nie verval het as gevolg van die misdaad wat hy gepleeg het nie. Hierdie wete mag egter nie aan hom die vryheid gee om weer in die toekoms te sondig nie. Indien hy egter deur skuldbesef heen in moedeloosheid versink as gevolg van die misdaad wat hy gepleeg of weer gepleeg het, bied die leer oor die Doop aan hom iets waardeur hy hom kan oprig en vertroos sodat hy nie in wanhoop en verwarring neerstort nie (Calvijn, [1559] 1956:347-349). Waar 'n waaragtige skuldbesef aanwesig is, sal hy hom in berou, belydenis en met 'n gebed om vergifnis na die Here keer. Hierna kan hy as bevryde sy lewe in geloofsvertroue midde in sy omstandighede voortsit.

Die betekenis van die Nagmaal (7.2) behoort vir diegene in die gevangenis dieselfde te wees as vir diegene daarbuite. In die Nagmaal vind daar 'n heenwysing en versekering na die vergewing van sondes plaas deur die vergieting van Christus se bloed. 'n

Dringende appèl tot verootmoediging en die nadink oor sondes word egter aan deelnemers wat wil aansit gerig. Bepalend in die verkenning van 'n aanwesige skuldbesef al dan nie, is die vraag na die erns en toe-eiening van dit wat deur die Nagmaal spreek.

8. Die moontlikheid, behoefte en waarde van 'n Evangeliese bieg in die gevangenis.

8.1 Is daar nog dinge in jou lewe wat jy moeilik vind om voor God te bely?

8.2 Sou dit vir jou van waarde wees indien jou dominee jou sou kon help om jou hart voor die Here leeg te maak?

Die beantwoording van vraag 8.1 mag iets openbaar, hetsy in dit wat gesê word of nie gesê word nie. Het hierdie persoon reeds deur 'n skuldbesef, berou en belydenis heen in die diepte sy lewe voor God ontbloot? Is hy reeds ontdaan van alle moontlike bagasie uit die verlede wat hy tot nog toe saam met hom dra?

Afhangende van sy antwoord op vraag 8.1 mag hy op vraag 8.2 in alle eerlikheid, op grond van 'n oop verhouding met God en die belewenis van skuldontdaning, pastorale hulp van die hand wys. Dit mag ook voorkom dat 'n persoon as gevolg van die kraaines in sy lewe, en dit wat daarmee gepaard gaan, net nie in staat is of weet hoe om van sy skuld voor God ontdaan te raak nie. Waar daar geen werklike verhouding met die Here is nie en dit gepaard gaan met 'n ontbrekende of vae skuldbesef kan pastorale hulp summier van die hand gewys word.

## 7.2 DATA-ANALISE

Omdat die literatuurstudie hom daartoe leen is besluit om van die verwerkingsmetode van Rubin en Rubin (1995) en Strauss en Corbin (1990) naamlik die 'grounded theory' gebruik te maak. In beide hierdie werke word gevind dat min of meer dieselfde stappe gevolg word, wat ook vir hierdie ondersoek as toepaslik beskou word.

Al die onderhoude wat met die 15 respondente gevoer is, is met 'n oudioband-masjien opgeneem en later getranskribeer. Uit die voorhande getranskribeerde materiaal is bepaalde kategorieë, temas of tendense geïdentifiseer. Na hierdie proses verwys Strauss en Corbin (1990: 61-74) as die proses van oop kodering. In hierdie ondersoek is

hoofsaaklik gelet op die mate wat skuldbesef of kategorieë daarvan en nie die ontbreking daarvan nie, by die respondente teenwoordig was.

Om voort te gaan na die tweede fase, bekend as aksiale kodering, is dit nodig om die verskillende temas of tendense saam te voeg. Volgens Rubin en Rubin (1995:247) kan aksiale kodering plaasvind wanneer kategorieë in groepe van idees georganiseer word wat tematies met mekaar verband hou. Hierdie temas is visueel deur matrikse (Tabelle 7.2-7.6) uitgebeeld.

Deur middel van selekteerde kodering word die navorser gekonfronteer met die taak om die kategorieë te integreer om 'n 'grounded theory' te vorm. Hierdie vlak van kodering vorm 'n hoër en meer abstrakte vlak van analise. Ten einde by die oorkoepelende tema van 'skuldbesef' te kom, is daar gelet in watter mate die respondente die verskillende kategorieë daarvan toegeëien het of 'n aanvaarbare realistiese begrip van die kategorieë openbaar (Tabel 7.7). Deur hierdie proses word uiteindelik 'n genereerde hipotese daar gestel.

## 7.3 DIE NAVORSINGSBEVINDINGS

### 7.3.1 KENNIS

#### 7.3.1.1 SONDEBEGRIP

'n Begrip wat sonde is, tree by vyf (3, 5, 8, 10 en 11) respondente in 'n mindere of meerdere mate na vore. Van hierdie respondente toon respondent 3 (1.1) die duidelikste insig in wat die begrip 'sonde' beteken: 'Dominee, ons is almal in sonde ontvang en gebore soos die Woord leer en sonde beteken vir my om teen God te kies en teen Hom te wees.'

Respondente 5 (1.1) en 8 (1.1) sien dit as iets wat hulle verkeerd doen in die lig van die Tien Gebooie. Sonde is vir respondent 10 (1.1) wel daarin geleë om teen die wil van die Here in te gaan maar voeg ook by: 'en alles wat jy doen en wat jy vanself voel, is nie heeltemal reg nie, dit is sonde.' Laasgenoemde mag dui op die aanwesigheid van 'n gewetensfunksie. Respondent 11 (1.1) meld dat sonde 'n oortreding teenoor God en jou naaste is.

Sonde word deur sommige respondente (2, 4, 13, 14 en 15) slegs in die lig van daadsondes vertolk. Respondente 2 (1.1), 4(1.1, 13 (1.1) en 14 (1.1) gaan wel van 'n vertikale norm uit maar die begrip 'sonde' bly beperk tot daadsondes. Respondente 2 (1.1) het wel die tien gebooie as norm op die oog maar uit sy antwoord tree sonde slegs as 'n daad op die horisontale vlak na vore terwyl respondent 15 (1.1) sonde vertolk as 'n fout waarvoor hy vergifnis gevra het.

### 7.3.1.2 SKULDBEGRIP

Vier respondente (3, 6, 7, en 10) het tydens die onderhoud blyke gegee dat hulle iets van die begrip 'skuld' asook die reikwydte daarvan verstaan. Vanuit hierdie antwoorde kom dit na vore dat skuld die neerslag van begane sondes is wat God sowel as die naaste raak.

Respondent 6 (3.2) is bewus daarvan dat hy nie net die mens 'n onreg aangedoen het nie maar dat hy ook God 'n onreg aangedoen het:

> Aan die een kant dit benadeel my erg want ek dink baie daaraan en ek bly daaraan dink dat ek verkeerd gedoen het en dat dit nie reg was wat ek gedoen het nie en is 'n onreg wat ek aan hulle ook gedoen het. Soos ek die onreg aan hulle gedoen het, so het ek die onreg aan die Here ook gedoen.

Respondent 7 (1.2 en 3.2) meld dat sondeskuld 'n skuldelas is wat jy dra met die wete dat jy iemand kwaad aangedoen het en dat jy met die benadeelde persoon sowel as met God moet regmaak. Respondent 10 (1.2) verwoord dit as volg:

> Skuld is iets wat jy moet betaal soos as jy 'n sonde gepleeg het soos in hierdie geval waar jy heeltemal verkeerd was, moet jy jou skuld betaal deur in die tronk te kom sit. Jou skuld moet jy voor die gemeenskap ook betaal en nie net voor die Here alleen nie.

Vir respondent 3 (1.2) is skuld daarin geleë dat die mens teen God gekies het en dat Jesus dit kom wegneem het waardeur die mens voor God geregverdig word. Respondent 7 (1.2) se antwoord dui op skuld as die neerslag van begane sondes.

### 7.3.1.3 'N NEGATIEWE GODSBELEWING

By drie respondente (1, 6 en 15) tree 'n negatiewe belewing van God na vore. Respondent 1 (1.1) gee 'n horisontale antwoord op die vraag wat sonde is. In sy antwoord wil dit voorkom asof hy God slegs as 'n straffende God beleef: 'Sonde, is maar die dinge wat nie reg is nie, maar by my gaan dit nou om God's vrese. Ek is 'n godsvresende, ek is bang om sonde te doen.'

By respondente 6 en 15 (4.1) tree niks van God se genade en vergifnis na vore nie. Ook hier wil dit voorkom dat God slegs as 'n straffende God deur hulle beleef word.

### 7.3.1.4 DIE OFFER

Kennis dat Christus se offerdood 'n offer was vir die mens se sondes word by al 15 respondente in vraag 2.1 gevind. Respondente 1, 3 en 7 maak melding van die Ou Testamentiese offer. Slegs respondent 3 sien die verband tussen die offer in die Ou Testament en Christus se offer in die Nuwe Testament:

> In die Ou Testament wys ons het met 'n onvolkome offer te doen gehad en dit moes telkemale herhaal word. Jesus is die volkome offer wat een keer finaal ons skuld kom ... vir ons skuld geoffer is namens ons - die hele wêreld se skuld.

Respondente 11 en 14 se antwoorde op die vraag (2.1) reflekteer kennis waarin die begrip 'regverdigmaking' vervat is. So meld respondent 11: 'Dat Hy vir ons sondes gesterf het, Dat ons sondes wat ons nou pleeg versoen is, verlos deur Sy kruisiging aan die kruis. Hy het vir ons sondes kom sterf'.

### 7.3.1.5 DIE DOOP

Vier respondente (3, 11, 14 en 15) het getoon dat hulle iets van die wese van die Doop (vraag 7.1) verstaan. Respondent 3 sien die Doop as toonbeeld van reinigmaking en regverdigmaking. Respondent 11 sien daarin dat jy deel is van God se mense en deel is van Sy kinders. Respondent 14 verwoord die betekenis wat hy aan die Doop heg as

volg: 'As jy gedoop word - wel beteken vir my dat ek is van kleintyd in die Here se sorg geplaas en dat Hy ten spyte van alles omsien na my.' Respondent 15 sien dit as 'n kenteken van kindskap.

### 7.3.1.6 DIE NAGMAAL

Ses respondente (3, 4, 5, 11, 14 en 15) het in hulle antwoorde op vraag 7,2 getoon dat die Nagmaal vir hulle 'n bepaalde betekenis het. Vir respondent 3 beteken die Nagmaal deelname aan Jesus se dood en opstanding en is dit ook 'n toonbeeld van 'n nuwe lewe in Hom. Respondent 4 sien in die Nagmaal die heenwysing na die vergifnis van sondes en 'n oproep om die regte pad te bewandel. Respondent 5 verwoord die betekenis van 'n gedagtenismaal wat heenwys na die Here se sterwe aan die kruis. Respondent 11 wys op die betekenis van die elemente brood en wyn as Christus se liggaam en bloed wat Hy gegee het tot vergifnis van sondes. Volgens respondent 14 beteken die Nagmaal:

> Die Nagmaal is 'n kans vir ons almal hier om ons geloof te versterk en dis tekens dat die Here vir my sondes aan die kruis gesterf het en dat Hy - en dit is net 'n versekering vir my die Here is wel daar en dat hy wel vir my sondes gesterf het en as ek berou het daaroor kan Hy, sal Hy vergewe.

Ook vir respondent 15 beteken die Nagmaal deelname aan Christus en die heenwysing na die vergifnis van sonde.

**TABEL 7.2: KENNIS**

| Respondente | Sondebegrip | Skuldbegrip | Negatiewe Godsbelewing | Offer | Doop | Nagmaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | x | x | | |
| 2 | | | | x | | |
| 3 | x | x | | x | x | x |
| 4 | | | | x | | x |
| 5 | x | | | x | | x |
| 6 | | x | x | x | | |
| 7 | | x | | x | | |
| 8 | x | | | x | | |
| 9 | | | | x | | |
| 10 | x | x | | x | | |
| 11 | x | | | x | x | x |
| 12 | | | | x | | |
| 13 | | | | x | | |
| 14 | | | | x | x | x |
| 15 | | | x | x | x | x |
| **Totaal** | **5** | **4** | **3** | **15** | **4** | **6** |

### 7.3.1.7 SAMEVATTING: KENNIS

Die begrip 'sonde' word deur respondente op verskillende wyses vertolk, wat insluit: Om teen God te kies, om verkeerd te doen in die lig van die tien gebooie, dit wat jy vanself voel wat nie reg is nie en dat sonde 'n oortreding teenoor God en die naaste is. Opmerklik is dat die begrip 'sonde,' deur sommige respondente met of sonder die aanwending van 'n vertikale norm, slegs in die lig van daadsondes vertolk word.

Hoewel die begrip 'skuld' nie altyd deur respondente omskryf kon word nie, is die betekenis daarvan by sommige tog vervat in antwoorde wat gegee is. Die betekenis daarvan vir hulle tree na vore as: Die neerslag van begane sondes wat God en die medemens raak, 'n las wat jy dra met die wete dat God en die medemens 'n onreg aangedoen is en dat skuld dit is wat Jesus kom wegneem het.

Enkele respondente wek die indruk dat die oorheersende beeld wat hulle van God het, dié van 'n gestrenge en straffende God is. God se wesenseienskap van liefde, genade en vergifnis kom hierdeur nie in die gesigsveld nie. Hoewel dit gebeur dat God soms die straf ten spyte van vergifnis nie ophef nie, kon Hy midde in die straf genade verleen waardeur die straf in 'n totaal ander perspektief geplaas is (Jacob, 1958:288).

Dat Christus se offer aan die kruis 'n versoeningsoffer vir die sondaarmens is, word deur al die respondente verwoord. 'n Verbandlegging tussen die offer in die Ou Testament en die offer van Christus in die Nuwe Testament ontbreek met die uitsondering van een respondent.

Enkele respondente gee blyke dat hulle iets van die Doop verstaan. Ander se antwoorde dui daarop dat die betekenis van die Doop vir hulle vaag is of dat hulle nie in staat is om enige betekenis daaraan te heg nie.

Vir diegene wat iets van die sakrament van die Nagmaal begryp, wys die Nagmaal heen na deelname aan Christus se dood en opstanding, 'n heenwysing na die vergifnis van sonde, 'n nuwe lewe en die versekering van Sy teenwoordigheid.

## 7.3.2 BEROU

### 7.3.2.1 SPYT

Drie respondente ( 2, 3 en 10) het hulle spyt oor hulle misdade uitgespreek. Respondent 2 (6.1) meld dat hy spyt is maar het dadelik voortgegaan en die oorsaak vir sy misdaad op die agtergrond waaruit hy kom, geprojekteer. Respondent 3 (6.1) het duidelik sy bittere spyt oor sy misdaad uitgespreek maar ook die positiewe daarin gesien as dit wat hom na die Here laat terugkom het:

> Jy doen..ek voel bitter, bitter spyt oor wat ek gedoen het maar ek probeer op die positiewe te konsentreer. As dit nie was vir die misdaad nie dan het ek nooit naby die Here gekom nie. Dan het ek nooit teruggekom na Hom toe nie, enne baie keer laat die Here sulke gebeurtenisse toe.

Respondent 10 (6.1) se antwoord op die vraag reflekteer nie net sy spyt oor die misdaad wat hy gepleeg het nie, maar ook sy bittere teleurstelling in homself as mens.

### 7.3.2.2 WROEGING

Die aanwesigheid van 'n innerlike wroeging kom tot uiting in die antwoord van respondent 8 (6.1): ...My straf is nie vir my so groot om hier te sit nie, maar my selfverwyt, dit vreet my van binne af. Ek kan nie genoeg vra dat ek vergewe word vir wat ek gedoen het nie want dit is vir my verskriklik my selfverwyt.'

### 7.3.2.3 AANVAARDING VAN VERANTWOORDELIKHEID

Die aanvaarding van verantwoordelikheid tree in verskeie vorme by 6 respondente (3, 4, 8, 11, 12 en 13) na vore. Respondent 3 (6.2) erken prontuit dat hyself verantwoordelik is vir die posisie waarin hy hom bevind: 'Wel dominee verkeerde keuses, enne omdat ek dink - ek vat volle verantwoordelikheid deurdat ek willens en wetens besluit het om verkeerd te doen.'

Respondent 4 (3.2) besef dat baie mense geraak is deur sy misdaad en dat hy jammer is vir dit wat hy hulle aangedoen het. Respondent 8 (6.2) meld dat hoewel haar man lank

sonder werk was dit haar nie verontskuldig waarom sy 'n misdaad gepleeg het nie. Sy is haar daarvan bewus dat haar oortreding na alles nie 'n uitkoms was nie. Respondent 11 (6.2) besef dat hy mense sowel as God seergemaak het en aanvaar sy verantwoordelikheid daarin wanneer hy sê: 'Ek moet my straf uitdien en dit vat soos 'n man.'

Respondent 12 (3.2 en 6.1) erken dat hy 'n groot fout begaan het in sy lewe deur iemand se lewe te neem. Respondent 13 (3.2) meld dat hy 'n skuldgevoel het en dat hy besef dat dit wat hy gedoen het verkeerd was.

### 7.3.2.4 RESTITUSIE

By drie respondente (4, 5 en 7) was die kategorie van restitusie teenwoordig. Respondente 4 (3.2) en 7 (2.2) het die behoefte tot restitusie uitgespreek terwyl respondent 5 (6.1) meld dat hy die mense teen wie hy die misdaad gepleeg het om verskoning gevra het:

> Ek is baie jammer daaroor ..ek..hoe sal ek sê. Dit is iets wat ek gepleeg het en ek is baie jammer daaroor en ek is jammer vir die mense teen wie ek dit gedoen het, maar ek het almal om verskoning gevra en ek dien tans my straf daarvoor uit.

Slegs in respondent 4 (3.2) se reaksie op die vraag was daar die verwoording dat hy nie net spyt is nie maar ook daadwerklik iets daaraan sal wil doen: 'Ek, ek sal graag weer iets vir hulle wil doen om te wys ek is jammer en dit.'

**TABEL 7.3: BEROU**

| Respondente | Spyt | Wroeging | Aanvaar: Verantw. | Restitusie |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | |
| 2 | x | | | |
| 3 | x | | x | |
| 4 | | | x | x |
| 5 | | | | x |
| 6 | | | | |
| 7 | | | | x |
| 8 | | x | x | |
| 9 | | | | |
| 10 | x | | | |
| 11 | | | x | |
| 12 | | | x | |
| 13 | | | x | |
| 14 | | | | |
| 15 | | | | |
| Totaal | 3 | 1 | 6 | 3 |

#### 7.3.2.5 SAMEVATTING: BEROU

Berou is die skokkende besef van 'n radikale fout waarvoor nie vergoed kan word nie, 'n fout waardeur ek God gelyk moet gee met sy veroordeling (Berkhof, 1973:447-448). Berou gaan om die bewuswording van sonde (3.12.1). Berou gaan gepaard met 'n ongeveinsde verootmoediging waarin 'n droefheid opgesluit is oor sondes (2.3.1) (Morro 1974:1134). Die skulddinamika wat in die begrip 'berou' opgesluit is, tree in verskillende kategorieë na vore. So kan by die bewuswording van sonde wat skuld meebring 'n innerlike wroeging gepaardgaande met spyt en selfverwyt aanwesig wees. Ware berou hou in die aanvaarding van verantwoordelikheid vir die daad met 'n eerlike poging tot daadwerklike herstel en skadevergoeding (Louw, 1997:480-481).

In die begrip 'wroeging' lê 'diepe berou' en gewetensknaging' opgesluit (HAT, 1992). Uit die verwoording van dit wat intens deur die respondent 8 (6.1) ervaar word en die respondent se toekeer na God vir vergifnis, dui daarop dat sy berou het oor haar daad. Die vermelding van 'n herhaalde vra vir vergifnis mag egter daarop dui dat vanweë 'n volgehoue besig wees met selfstraf, sy onvermoënd is om God se vergifnis heelhartig te aanvaar en daarmee haar skuld finaal af te handel.

Restitusie vorm deel van 'n opregte berou. Met verwysing na Pattison verwys Louw (1997:479-480) na opregte berou: 'Opregte berou kan ook beskryf word as 'n daadwerklike poging tot rekonstruktiewe aksies.' Hierby voeg Louw (1997:480): 'Deel van so 'n rekonstruktiewe aksie is die poging van skadevergoeding en herstel.' 'n Duidelike voorbeelde van 'n rekonstruktiewe aksie as verpligting (Eks 22:1-16) sowel as die spontane behoefte aan 'n rekonstruktiewe aksie word in die Skrif gevind.

### 7.3.3 SKULDBELYDENIS

#### 7.3.3.1 ERKENNING VAN SONDE

By vier respondente (3, 6, 8 en 11) was daar 'n aanduiding van sonde erkenning. Met verwysing na homself meld respondent 3 (3.3) die volgende: 'Ek dink baie keer vergeet ons die sonde het gevolge. Hierdie is een van die gevolge van dit ...' As lidmaat wat in die gevangenis verkeer, identifiseer respondent 3 (4.1) hom met die feit dat hy teenoor

God gesondig het. Respondente 6 (3.2) en 11 (6.1) erken dat hulle misdade God en mens geraak het. By respondent 8 (5.1) word ook 'n erkenning van sonde gevind.

### 7.3.3.2 DIE BIEG

Uit die antwoorde van vier respondente (4, 6, 8 en 12) word afgelei dat daar direk of onderliggend 'n behoefte aanwesig is om deur middel van die bieg tot skuldontdaning te kom. Hoewel respondent 4 (8.1) blyke gee dat hy nie met onopgeloste skuld worstel nie, blyk dit dat daar tog by hom die behoefte aan die bieg is. Respondent 6 gee te kenne dat daar beslis 'n behoefte aan die bieg is (8.2). Hy worstel nog om tot die aanvaarding van volle verantwoordelikheid van sy misdaad te kom. Hierdie worsteling veroorsaak 'n blokkering in sy gebedslewe (8.1) Respondent 8(8.1) meld dat sy dit nie moeilik vind om haar sondes te bely nie maar meld verder dat sy skaam is oor haar misdaad. Hoewel sy meld dat sy sekerheid het dat die Here haar vergewe het is sy skaam vir Hom. Uit die behoefte wat sy hierna uitspreek aan pastorale hulp (8.2) kom dit voor dat sy wel onderliggend behoefte aan die bieg het vir onopgeklaarde skuld. Hoewel respondent 12(8.1) te kenne gee dat hy reeds alles voor die Here bely het kom dit voor dat hy 'n besliste behoefte aan die bieg het (8.2): 'Ja verskriklik. Ja. Dit is een van die wonderlikste gevoele wat jy kan kry. Jy voel of alles van jou skouers af is. Jy voel of die hele wêreld van jou skouers af is.'

### 7.3.3.3 BEHOEFTE AAN PASTORALE SORG.

By respondente 5, 13 en 15 (vraag 8.2) word gevind dat hoewel daar nie 'n afleiding gemaak kan word dat daar by hulle 'n behoefte aan die bieg is nie, tree 'n behoefte aan pastorale sorg wat die onmiddellike betref na vore. Respondent 13 se onsekerheid (8.1) word duidelik deur hom onder woorde gebring:

> ... Ja en nee, dis maar, ek glo ja. Ehm jy weet nie. Jy weet nooit of jy rêrig vergewe is vir die fout wat jy gemaak het vir die sonde en die misdaad wat jy gepleeg het nie. En jy twyfel. Enne, ek dink dis twyfel van geloof. Hhm, ek sal maar sê my geloof is nog nie sterk genoeg nie.

Hoewel hierdie behoefte vir die onmiddellike nie by almal teenwoordig is nie, is daar

diegene (respondente 3, 10 en 11, vraag 8.2) wat meld dat hulp op 'n vroeë stadium in hulle gevangenissetting van baie waarde sou gewees het.

**TABEL 7.4: SKULDBELYDENIS**

| Respondente | Erkenning van Sonde | Bieg | Behoefte: Pastorale Sorg |
|---|---|---|---|
| 1 | | | |
| 2 | | | |
| 3 | x | | x |
| 4 | | x | |
| 5 | | | x |
| 6 | x | x | |
| 7 | | | |
| 8 | x | x | |
| 9 | | | |
| 10 | | | x |
| 11 | x | | x |
| 12 | | x | |
| 13 | | | x |
| 14 | | | |
| 15 | | | x |
| Totaal | 4 | 4 | 6 |

## 7.3.3.4 SAMEVATTING: SKULDBELYDENIS

Belangrik is dit dat 'n lidmaat sy oortreding nie slegs as 'n oortreding van die strafproseswet sien nie maar as die begaan van 'n sonde teenoor God. By respondente word gevind dat hoewel hulle te kenne gee dat daar nie meer reste van onopgeklaarde skuld is nie, daar tog nog bewustelik of onbewustelik die begeerte aanwesig is om tot volle skuldontdaning te kom. Hoewel respondente te kenne gee dat hulle verhouding met die Here in orde is, is daar steeds die behoefte aan pastorale sorg by respondente aanwesig.

Die skuldbelaaide mens wat tot ware berou gekom het, kan nie anders as om in skuldbelydenis voor God en sy medemens oop te breek nie (Vergelyk 3.12.2). Skuldbelydenis hou in dat die sondaarmens met waaragtige innerlike droefheid sy lewe ongeveinsd, sonder verontskuldiging, voor God sal oop dek. In skuldbelydenis sal die erkenning 'ek het' voor God verwoord moet word. In skuldbelydenis gaan dit om die erkenning dat die verhouding met God geskaad is. Dit kan alleen diepgang hê waar die mens op grond van die Woord as norm en deur die Heilige Gees daartoe gelei, tot 'n skuldbesef gekom het waar die mens sy sonde as sonde ontdek waardeur hy voor God en mens skuldig staan. Ware skuld dui op die besef dat 'n bepaalde norm oortree is wat God en mens raak. Die beoordeling daarvan vind binne die konteks van 'n interpersoon-

like verhouding tussen God en mens plaas. Dit bring mee dat dit nie slegs op 'n etiese fout of juridiese oortreding kan dui nie (La Cocque, 1978: 372).

Vanweë die kompleksiteit wat in die lidmaat se persoonlikheid aanwesig mag wees, wat 'n onvermoë om homself uit te druk mag insluit, mag dit wenslik wees om deur 'n pastorale gesprek heen vir hom die geleentheid by wyse van die bieg te skep om sy sondes voor God te bely. 'n Belydenis mag begin met 'n algemene erkenning van sondigheid maar algaande oorgaan in 'n opstapeling van besonderhede waar die boeteling se gewete baie swaar belas is.

### 7.3.4 VERGIFNIS

#### 7.3.4.1 SKULDTOEREKENING

Na die oordeel van vier respondente ( 3, 4, 12 en 14) is skuld voor God en die gereg sinoniem met mekaar. Elf van die respondente (1, 2, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 11, 13 en 15) is van mening dat daar 'n verskil is om voor God en die gereg skuldig te wees.

Vir respondent 1 (4.1) is daar 'n verskil. In sy antwoord word die sinspeling gevind dat op grond van die Ou Testament sy daad geregverdig sou wees. Hoewel respondent 2 (4.1) aanvanklik nie 'n verskil sien nie, meld hy wel dat om voor God skuldig te wees groter is as om voor die gereg skuldig te wees.

By respondente 5, 8, 9, 11 en 13 kom dit voor dat hoewel daar ooreenstemming is, is daar by God die geleentheid tot belydenis waardeur vergifnis van skuld ontvang word. Respondent 8 (4.1) meld die volgende:

> Ehm... jaa. Ek dink tog in 'n mate so want ehm.. die Here vergewe jou sondes en jy gaan na Hom toe en jy vra dit vir Hom en Hy vergewe jou wat jy gedoen het. Maar die gereg hulle behandel jou te klinies. Hulle's nie om jou te vergewe vir wat jy gedoen het nie.

Respondente 6 en 15 se antwoorde (4.1) dui daarop dat dit erger is om voor God skuldig te wees. Hulle opvatting projekteer God as 'n straffende God. Respondent 7 (4.1) sien

die verskil nie net in God se verhewenheid nie maar ook daarin dat 'n aardse regter feilbaar is.

Vir respondent 10 (4.1) is die verskil daarin geleë dat 'n persoon skuld voor God kan hê wat nie noodwendig 'n misdaad in die oë van die gemeenskap is nie.

### 7.3.4.2 REGVERDIGMAKING

Slegs respondent 3 (5.1) het dadelik getoon dat hy die vraag in die lig van die begrip regverdigmaking verstaan as vryspraak op God se ewige straf deur Jesus se soendood.

> Deur die dood van Jesus staan ons geregverdig voor God. Die bloed van Jesus was ons skoon en ons staan rein voor Hom enne as enige iemand die saak ons kom aankla voor God, sal God sê die prys is reeds betaal en hy is onskuldig.

Wanneer respondent 11 se antwoord op vraag 5.1 saam met sy antwoord op vraag 2.1 gelees word, dan tree die begrip regverdigmaking na vore.

Respondente 1, 2, 4, 5, 6, 7, 8, 9, 10, 12, 13, 14 en 15 toon dat hulle die vraag nie in verband met die begrip 'regverdigmaking' gebring het nie. Uit die verskillende antwoorde word gevind dat die vraag of nie verstaan is nie, of dat dit in geheel teenstrydig is met 'n juridiese denkwyse. Uit die antwoorde wat gegee is, kom dit voor dat die vraag slegs in die lig van die onmiddellike oortredings vertolk is. Die navorser lei hieruit af dat daar nie 'n gefundeerde godsdienstige onderbou by hierdie respondente aanwesig is nie.

### 7.3.4.3 VOORWAARDELIKE VERGIFNIS

Vyf respondente (1, 2, 8, 11 en 15) se antwoorde dui daarop dat vergifnis vir hulle 'n voorwaardelike karakter het. By respondente 1 (5.2) en 2 (5.2) is daar die besef dat God wel vergewe maar hulle is van mening dat volgehoue sondes God se vergifnis op sondes wat reeds vergewe is, ophef deurdat die straf weer in werking tree. Respondente 8 (5.2) en 11 (5.2) beantwoord hierdie vraag met 'n besliste 'ja'. Respondent 15 (5.2) meld: 'Dit, dit... Ek dink deel van my straf nou is straf vir my vorige ding, lewe. En dit is wat ek al klaar ondervind as deel van Sy straf.'

Al hierdie respondente weerspieël in hulle antwoorde die gedagte aan straf wat weer in werking sal tree indien die paroolvoorwaardes verbreek word.

### 7.3.4.4 VERGIFNIS DEUR VERDIENSTE

Uit drie respondente (6, 9 en 15) se antwoorde kan afgelei word dat vergifnis vir hulle 'n saak van verdienste is. Respondent 6 (3.1) is van opinie dat indien jy skoon lewe, reg lewe en volgens die woord van God lewe jy jou saak met die Here kan regmaak. Respondent 9 (5.1) sê dat sonde wat bely word, vergewe word maar vryspraak word eers ontvang nadat hy bewys het dat sy lewe verander het. Volgens respondent 15 (5.1) volg vergifnis op belydenis indien hy hard probeer.

### 7.3.4.5 GEDRAGSVERANDERING

Die antwoorde van ses respondente ( 3, 4, 8, 9, 11 en 15) wat op 'n verskeidenheid van wyses verwoord is, dui op die besef dat die mens wat vergifnis ontvang het se lewe nie onveranderd voortgesit kan word nie. Vir respondent 3 (2.2) gaan dit om liefde vir God en 'n lewe van dankbaarheid: 'Dominee, die Here verwag dat ons Hom sal liefhê met ons hele hart, siel en met alles wat in ons is en ons moet Sy gebooie hou en Hom dien. Dit doen ons uit dankbaarheid vir wat Jesus vir ons gedoen het.'

Volgens respondent 4(2.2) verwag die Here van hom om sy kant te bring en om die regte pad te bewandel. Respondent 8(2.2) meld dat soos Christus die mens vergewe het, moet die mens bereid wees om ander hulle oortredinge te vergewe. Respondente 9(2.2) en 11(2.2) glo dat die Here van hulle verwag om hul lewe te lei volgens Sy woord en Sy wil. Op grond van Christus se offer glo respondent 15(2.1 & 2.2) dat hy sy lewe vorentoe sal moet regmaak, sy sondes bely, Hom ken, en reg lewe. Vir hom gaan dit daarom dat hy dit daadwerklik moet uitleef.

### 7.3.4.6 DIE OPHEFFING VAN STRAF

Uit die antwoorde van vier respondente 2(3.3), 4(3.3), 9(4.1) en 11(3.3) blyk dit dat hulle oortuig is dat indien hulle, hul saak met die Here reg gemaak het, hulle vroeër uit die gevangenis ontslaan sal word. Sommige respondente mag op grond van hierdie oortuiging poog om met die Here te onderhandel terwyl 'n egte skuldbesef by hulle ontbreek.

### 7.3.4.7 DIE REALISERING VAN VERGIFNIS

Agt respondente (1, 3, 5, 7, 9, 11, 12 en 15) noem in vraag 3.1 een of meer kategorieë wat hulle nodig ag om hulle saak met die Here reg te maak: Berou (respondent 1), sondebesef (respondent 3), die vra van vergifnis (respondente 1, 11 en 15), sondebelydenis ( respondente 1, 7, 12 en 15), Christus aanneem (respondente 9 en 12) en die oortuigingswerk van die Heilige Gees (respondent 7).

**TABEL 7.5: VERGIFNIS**

| Respondente | Skuldtoerekening: Verskil | | Regverdig Making | Voorwaardelike Vergifnis | Vergifnis deur Verdienste | Gedrags-verandering | Opheffing van Straf | Realisering: Vergifnis |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Ja | Nee | | | | | | |
| 1 | x | | | x | | | | x |
| 2 | x | | | x | | | x | |
| 3 | | x | x | | | x | | x |
| 4 | | x | | | | x | x | |
| 5 | x | | | | | | | x |
| 6 | x | | | | x | | | |
| 7 | x | | | | | | | x |
| 8 | x | | | x | | x | | |
| 9 | x | | | | x | x | x | x |
| 10 | x | | | | | | | |
| 11 | x | | x | x | | x | x | x |
| 12 | | x | | | | | | x |
| 13 | x | | | | | | | |
| 14 | | x | | | | | | |
| 15 | x | | | x | x | x | | x |
| **Totaal** | **11** | **4** | **2** | **5** | **3** | **6** | **4** | **8** |

### 7.3.4.8 SAMEVATTING: VERGIFNIS

Die verlening van en die toe-eiening van vergifnis deur Jesus Christus is die eindpunt in dit wat in en met die sondaarmens gebeur vandat hy tot 'n sonde- en skuldbesef gekom het en uiteindelik van sy skuldlas ontdaan is. Die uiteindelike realisering daarvan al dan nie kan deur 'n verskeidenheid faktore beïnvloed word: 'n Lidmaat mag van oordeel wees dat om voor God en die gereg skuldig te wees sinoniem is. Hierdie siening mag 'n juridiese beoordeling reflekteer vanuit 'n bekendheid met 'n strafhof. Op hierdie wyse mag hy die genade en vergifnis van God in Christus Jesus buite rekening laat.

Die wese van die begrip 'regverdigmaking,' hoewel dit nie by die naam tydens die onderhoude genoem is nie, mag as gevolg van 'n strafregtelike denke nie deur hom begryp word nie. Met of sonder die in gedagte hou van die begrip 'regverdigmaking' kom dit voor dat die wese van die begrip 'vergifnis' nie werklik verstaan word nie. Die gedagte

aan die gevolge van paroolbreuk word terug gevind in die voorwaardelike karakter wat in die antwoorde van sommige respondente gereflekteer word. Vir ander weer het die begrip 'vergifnis' 'n verdienstelike karakter waar die verlening van vergifnis afhanklik gemaak word van eie prestasies. Die wete dat Christus se offerdood terwille van die mens se sondeskuld plaasgevind het bring die besef dat 'n nuwe veranderde lewe in navolging van Christus, na sy Woord en wil, uit dankbaarheid van hulle verwag word. Van belang is dat die lidmaat in die gevangenis Christus se offerdood vir die eerste keer of by vernuwing sal toe-eien as 'n sterwe wat ook vir hom plaasgevind het. Indien dit 'n hartgrondige toe-eiening is, sal Christus se dood vir hom 'n oorredende appèl tot 'n nuwe lewe van offer wees.

Van die respondente is van mening dat wanneer 'n persoon sy saak met die Here uitgemaak het, wat vergifnisverlening impliseer, dit 'n vroeë ontslag in die hand sal werk. Hierdie siening kom neer op die opheffing van straf. Waar hierdie gedagte as oortuiging in die hart van 'n respondent aanwesig is, mag die ophef van straf die hoof moment in die verlange na vergifnis wees. Wanneer die vrykom van straf die hoof moment in die verlange na vergifnis is dan word by die heling in die breuk tussen God en mens verby geloop.

Verskeie kategorieë wat hul sluitsteen in die realisering van vergifnis vind, is aan die respondente bekend en vind op verskillende wyses uitdrukking in die respondente se verwoording daarvan: Berou, sondebesef, sondebelydenis, om Christus aan te neem en die oortuigingswerk van die Heilige Gees. Opmerklik is dat die begrip 'sondebesef' slegs deur een respondent vermeld word terwyl die oorkoepelende begrip 'bekering' nie vermeld word nie.

### 7.3.5 SIELKUNDIGE FAKTORE

#### 7.3.5.1 ONTKENNING

Respondent 14 (3.2, 6.1 en 6.2) ontken summier dat sy 'n misdaad gepleeg het: 3.2 ... Ek het 'n probleem hier. Ek is nie skuldig aan hierdie moord nie.

### 7.3.5.2 PROJEKSIE

By vyf respondente (1, 2, 9, 12 en 13) word gevind dat hulle, hul misdaad op oorsake buite hulleself projekteer. Respondent 1 (6.1) blameer sy vrou: '... My vrou was goed versorg, maar my vrou was nie nooit tevrede nie. My vrou was aan dwelms verslaaf. Sy het gedrink, sy het met ander mans ... Respondent 2 (6.1) blameer die militêre agtergrond sowel as die groep mense in die land wat hom groot gemaak het. Respondent 9 (8.1) meld dat sy familie die eintlike oorsaak is dat hy in die gevangenis is. Volgens respondent 12 bevind hy hom in die gevangenis as gevolg van sy opvoeding. Respondent 13 (6.2) meld dat daar drankmisbruik in sy ouerhuis was en dat alkoholisme grotendeels die oorsaak van sy misdaad was.

### 7.3.5.3 SKULDGEVOELENS

By vyf respondente (7, 8, 9,10 en 13) tree skuldgevoelens na vore. Respondent 7(6.1) meld dat haar misdaad teenoor ander vir haar 'n skuldgevoel gee en dat sy berou het daaroor. Respondent 8 (3.2) het skuldgevoelens teenoor sy kinders wat ontwrig is deur sy misdaad. By respondent 9 (6.1) tree 'n skuldgevoel na vore met die wete dat daar niks aan die verlede gedoen kan word nie.

Respondent 10 (3.2) voel skuldig teenoor haar man en kind wat sy voel meer betaal as syself vir wat sy gedoen het. Respondent 13 (6.1) meld in teenstelling met bogenoemde twee respondente dat sy misdaad benewens sy eie familie ook die familie van die misdaadslagoffer betrek:

> Natuurlik is ek nie gelukkig daaroor nie. Soos ek reeds gesê het, daar's baie mense wat daar onder gely het. Nie net die oorledene se familie nie, my eie familie. Ehm... dit is iets wat altyd by 'n mens sal bly. Sal dit nooit vergeet nie. En ja dit hinder my baie terwyl jy hier binne is. Jou gewete pla jou. Enne ... jy wens jy kon die wiel terug gedraai het, maar jy kan nie...

### 7.3.5.4 RASIONALISERING

Drie respondente (1, 7 en 15) poog om hulle misdaad weg te rasionaliseer. Respondent 1 (4.1) sanksioneer sy misdaad op grond van die Ou Testament. Respondent 7 (6.2) wyt haar misdaad daaraan dat sy soms moeder alleen gestaan het met 'n man wat drink. Hierdeur het die eise vir haar te groot geword. Respondent 15 (6.2) meld:

> Geldelik was die rede wat die meeste aan ... dit was te maklik, misdaad was te maklik wat ek kon pleeg want ek het my kinders deur universiteite gesit... en hulle het almal vandag goeie geleerdheid wat ek nie kon gehad het nie wat ek kon doen met die misdaad wat ek gepleeg het.

**TABEL 7.6 SIELKUNDIGE FAKTORE**

| Respondente | Ontkenning | Projeksie | Skuldgevoelens | Rasionalisering |
|---|---|---|---|---|
| 1 | | X | | X |
| 2 | | X | | |
| 3 | | | | |
| 4 | | | | |
| 5 | | | | |
| 6 | | | | |
| 7 | | | X | X |
| 8 | | | X | |
| 9 | | X | X | |
| 10 | | | X | |
| 11 | | | | |
| 12 | | X | | |
| 13 | | X | X | |
| 14 | X | | | |
| 15 | | | | X |
| Totaal | 1 | 5 | 5 | 3 |

### 7.3.5.5 SAMEVATTING: SIELKUNDIGE FAKTORE

Die sondaarmens wat met skuld belaai voor God staan se skuld kan op allerlei wyses manifesteer. Bo en behalwe dat skuld as 'n bepaalde emosionele toestand of sindroom kan manifesteer is daar ook verskeie meganismes wat aangewend word waardeur gepoog word om skuld te hanteer. So kan waar 'n summiere ontkenning van 'n misdaad voorkom, gevra word of hier nie 'n geval van verdringing is nie. Op die wyse vind 'n doelbewuste vergeet van die waarheid plaas waardeur gepoog word om God se Woord ver van jou hart en verstand te hou (Uleyn, 1969:135-143).

Uit die antwoorde van vier respondente word afgelei dat hulle hul misdaad op oorsake en

persone buite hulself projekteer. Hier vind na alle waarskynlikheid 'n verdringing na die onderbewuste plaas van dit wat respondente as onaanvaarbaar ten opsigte van hulleself belewe. By ander respondente is gevind dat hulle as't ware 'n verduideliking vir hulle misdaad gegee het wat dit die skyn van aanvaarbaarheid laat aanneem het. Hierdie verdedigingsmeganisme, bekend as rasionalisasie, kom voor waar aanvaarbare redes vir 'n bepaalde gedrag aangevoer word terwyl die werklike, maar onaanvaarbare redes verdring word (Knight, 1969:118,119).

Waar skuldgevoelens by respondente as gevolg van hul misdaad na vore tree, kom die vraag na die aard van respondente se skuld ter sprake. Is die aanwesige skuld werklike skuld, eksistensiële skuld of neurotiese of patologiese skuld? In die geval van neurotiese of patologiese skuld word gevind dat hierdie kategorie skuld se wortels diep in die onderbewuste geleë is, en dat die individu homself nie daarvan kan verlos op die gebruiklike wyses van versoening nie (Knight, 1969:1). In die lig van bogenoemde kan aanvaar word dat alle negatiewe sielkundige faktore 'n rol kan speel in die aard van die skuldbesef van die lidmaat in die gevangenis.

## 7.4 TOE-EIENING VAN KATEGORIEË

Ten einde tot die gevolgtrekking te kan kom in watter mate 'n skuldbesef by die respondente aanwesig is, is daar op die mate van toe-eiening van die kategorieë wat deel van 'n skuldbesef vorm, gelet. Deur middel van selekteerde kodering word die navorser gekonfronteer met die taak om die kategorieë te integreer om 'n 'grounded theory' te vorm. Hierdie vlak van kodering vorm 'n hoër en meer abstrakte vlak van analise. Ten einde by die oorkoepelende tema van 'skuldbesef' te kom, is daar gelet in watter mate die respondente die verskillende elemente toegeëien het (Tabel 7.7).

### 7.4.1 SELEKTEERDE KODERING - TOE-EIENING

Die volgende kategorieë is deur middel van selekteerde kodering by die respondente geïdentifiseer. (Tabel 7.7)

## TABEL 7.7: TOE-EIENING VAN ELEMENTE

| Respondente | Berou | | | | Skuldbelydenis | Vergifnis | | | Kennis | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Spyt | Wroeging | Aanvaar: Verantw. | Restitusie | Erkenning van Sondes | Regverdig Making | Verander Gedrag | Realisering | Sonde-begrip | Skuld-begrip | Offer | Doop | Nagmaal |
| 1 | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | x | | x | | | x | x | | x | | x | x | x |
| 4 | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | x | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | x | | | | | x | | | |
| 7 | | | | | | | | | | x | | | |
| 8 | | x | x | | | | | | | | x | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | x | | | | | | | | x | x | | | |
| 11 | | | x | | x | | | x | x | | x | x | x |
| 12 | | | | | | | | x | | | x | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | x | x | x |
| 15 | | | | | | | | | | | | | |
| **Totaal** | **2** | **1** | **3** | **1** | **2** | **1** | **1** | **2** | **3** | **3** | **5** | **3** | **3** |

### 7.4.1.1 KENNIS

- **SONDEBEGRIP**

Drie respondente [3 (1.1), 10 (1.1) en 11(1.1)] dui aan dat die begrip 'sonde' deur hulle persoonlik toegeëien word. 'Sonde' beteken vir hulle om teen die wil van God in te gaan sowel as om teenoor die naaste te oortree.

- **SKULDBEGRIP**

Drie respondente [6(3.2), 7(1.2) en 10(1.2)] toon dat die begrip 'skuld' die neerslag van begane sondes is

- **OFFER**

By vyf respondente (3, 8, 11, 12 en 14) se antwoorde op vrae 2.1 en 2.2 word gevind dat hulle Christus se offerdood as 'n offer vir hulle eie sondes aanvaar wat 'n lewensverandering in hulleself te weeg moet bring.

- **DOOP**

Die Doop as teken van reiniging en kindskap ( vraag 7.1) word gereflekteer in die antwoorde van drie respondente (3, 11 en 14).

- **NAGMAAL**

Deelname aan die Nagmaal het vir drie respondente ( 3, 11 en 14) die betekenis van deelname aan die dood en opstanding van Christus, die sekerheid van sondevergifnis en 'n nuwe lewe in Hom.

### 7.4.1.2 BEROU

- **SPYT**

Respondent 3 (6.1) meld dat hy bitter, bitter spyt voel oor wat hy gedoen het en

dat sy misdaad hom na die Here laat terugkom het. Respondent 10 se aanvaarding van haar skuld (vraag 1.2) dui daarop dat haar spyt (vraag 6.1) toegeëien is.

- **WROEGING**

Respondent 8 (6.1) se selfverwyt en herhaaldelike soeke na vergifnis dui op 'n innerlike wroeging.

- **AANVAARDING VAN VERANTWOORDELIKHEID**

By drie respondente (3, 8 en 11) word 'n aanvaarding van verantwoordelikheid wat die horisontale en vertikale dimensie aanspreek, op grond van 'n kombinasie van antwoorde gevind [Respondente 3 (6.1 en 6.2), 8 (6.1 en 6.2), 11 (6.1)].

- **RESTITUSIE**

Restitusie is deur die navorser in 'n wyer konteks as slegs 'n fisiese vergoeding hanteer. Inbegrepe by restitusie is ook die soeke van die oortreder na die vergifnis van die misdaadslagoffer.

Van al die respondente wat hulle oor die gedagte aan restitusie uitgespreek het (7.3.2.4) kom dit voor dat slegs respondent 5 (vraag 6.1) daadwerklik iets daaraan gedoen het.

### 7.4.1.3 SKULDBELYDENIS

- **ERKENNING VAN SONDE**

Respondente 6 (3.2) en 11 (6.1) se erkenning van sonde word as persoonlik en toegeëien beskou.

### 7.4.1.4 VERGIFNIS

- **REGVERDIGMAKING**

Slegs respondent 3 (5.1) het die vraag in die lig van regverdigmaking verstaan en daardeur God se vergifnis in Jesus Christus toegeëien.

- **GEDRAGSVERANDERING**

Slegs respondent 3 (2.2) se antwoord, vertolk in die lig van vraag 6.1 dui op 'n veranderde lewe.

- **REALISERING VAN VERGIFNIS**

Twee respondente (11 en 12) se antwoorde op vrae 3.1 en 8.1 dui daarop dat vergifnis vir hulle 'n realiteit is.

# HOOFSTUK 8

# DIE BESPREKING VAN DIE NAVORSINGSBEVINDINGS EN AANBEVELINGS

In die ondersoek na die skuldbesef van die lidmaat in die gevangenis word ineens besef dat hoewel die navorser die studieveld noodwendig moes afgrens as gevolg van die omvang daarvan, godsdienssorg deur die Nederduitse Gereformeerde Kerk aan sy lidmate in die gevangenis in sy geheel ter sprake kom. Die mate van toe-eiening van kategorieë deur lidmate in die gevangenis word deur die navorser as 'n belangrike aanduiding geag ten einde die diepgang of afwesigheid van 'n skuldbesef na te vors.

## 8.1 KENNIS

'n Skuldbesef wat op God gerig is, kan alleen aanwesig wees wanneer die sondaarmens deur die Woord van God en deur die inwerking van die Heilige Gees tot die besef van sonde en skuld gebring word. 'n Besef van sonde en skuld gaan om die wete dat God se norme oortree is waardeur die verhouding met God versteur of verbreek is. Waar God se norme in die lewe van die lidmaat in die gevangenis ter sprake kom, kan hier egter nie 'n eie lukrake en oppervlakkige betekenis aan gekoppel word nie. So sal die begrip 'sonde' en 'skuld' duidelik deur die lidmaat begryp moet word. Meer nog, indien die lidmaat uit sy toestand van nood en gevoel van hopeloosheid begin soek na uitkoms in sy lewe, wat in die mens met min of geen geloofswortels grootliks 'n horisontale soeke mag wees, moet dit 'n waaragtige soeke wees om te wil weet wat God se woord met sonde en skuld in sy eie lewe bedoel.

Die lidmaat in die gevangenis wat werklik kennis dra dat sonde, met sy neerslag skuld, in wese ook die betekenis het van 'n ongehoorsaamheid aan God se liefdesgebod (Matt 22:37-39), kan nie anders as om ook die verhoudingskonteks wat die benadeelde naaste raak, raak te sien nie. Waar in hierdie bepaalde omstandighede die opsluiting in die gevangenis die gevolg is van die benadeling van die naaste, kan die lidmaat beslis nie oortuig wees dat hy sy saak volledig met God reggemaak het indien hy nie die benadeelde naaste in berekening gebring het nie.

'n Sterk juridies georiënteerde denke is by van die respondente gevind wat sonde slegs

as daadsondes verwoord het. 'n Toe-eiening van sonde wat innerlik aanwesig is as opstand teen God se wil en die versteuring van die liefdesgemeenskap met Hom, tree nie na vore nie. Hierdie juridies georiënteerde denke is na die navorser se mening deels te wyte aan respondente se agtergrond waar skuldig bevinding voor die gereg duidelik aan 'n daad verbind word.

Hoewel dit voorkom asof die respondente in hulle verwoording die begrippe sonde en skuld as sinoniem sien, kom dit tog teologies by enkeles deur dat skuld dit is wat as reste agtergebly het. Dit word gesien as 'n bepaalde las wat die sondaar dra nadat daar teenoor God gesondig is. Die gedagte kom ook deur dat skuld die mens onder 'n verpligting tot herstel plaas. Hoewel hier nie op 'n simplistiese wyse tot 'n gevolgtrekking gekom moet word nie, is dit belangrik dat gevra sal word hoeveel lidmate deur 'n skuldbesef heen, besef dat hulle uit sigself nie in staat is om die verpligting waaronder skuld hulle plaas, te vereffen nie. Wanneer die onderhoude in geheel onder oë geneem word, word gevind dat 'n kontinuïteitslyn wat dui op Skrifkennis en 'n geloofsonderbou ontbreek.

Waar Christus se offerdood ter sprake kom, kom die mens voor God se genade te staan. Deur die kruisdood van Christus heen aanskou die sondaarmens God in sy onbegryplike liefde wat die mens in sy sonde en skuld tegemoet tree. Deur Christus se kruisdood heen word 'n appèl, deur die gewete heen, tot die skuldbesef van die lidmaat gerig. Indien hierdie kennis nie as geloofskennis geïnternaliseer word nie, maar volstaan word by 'n persepsie van God as slegs 'n straffende God, soos by sommige die geval is, word die ware beeld van God geskaad. Om te antwoord op die vraag na die betekenis van Christus se offerdood is kennisgewyse nie moeilik nie omdat dit vir elkeen wat lidmaat geword het, male sonder tal onderstreep is as die sentrale boodskap van die Bybel. Baie belangrik is egter dat die lidmaat die Bybel, as Ou en Nuwe Testament, in sy eenheid sal ken om enigsins tot 'n dieptekennis te kom van die reikwydte van God se genadige bemoeienis met die sondaarmens, ook deur die Ou Testamentiese offer heen. Slegs een respondent kon met betrekking tot die offer 'n verbindingslyn tussen die Ou en Nuwe Testament trek.

Waar kennis oor die offer van Christus 'n toegeëiende kennis word en waar daar deur die diepte van 'n skuldbesef heen tot skuldontdanig gekom is, kan die lewe nie onveranderd voortgesit word nie. Wat God van die verloste vereis, is 'n lewe van gehoorsaamheid uit

dankbaarheid. Vir lidmate in die gevangenis, by wie daar reeds 'n omkering plaasgevind het, is dit 'n geweldige toets om hieraan binne die 'Umwelt' van die gevangenis uitdrukking te gee.

Die respondente wat na die navorser se oordeel blyke gegee het dat hulle enigsins weet wat die sakramente, Doop en Nagmaal beteken, is in beide gevalle dieselfde respondente. Wat egter opval, is dat niemand verbaal die Doop aan Christus se verlossingswerk verbind het nie. Ook is gevind dat die meeste van die respondente 'n baie vae of geen kennis van die Doop het nie. Lidmate van die kerk, dus ook lidmate in die gevangenis, word geag as diegene wat by hulle belydenisaflegging 'amen' gesê het op hulle doop. Van lidmate kan daar dus 'n voor-veronderstelde toegeëiende kennis verwag word. Omdat die doop in die naam van die Here geskied, beteken dit dat die dopeling in 'n lewende verhouding tot die Here gestel word wat meebring dat hy voortaan in elke opsig op Hom aangewese is. Deur die doop in die naam van die Here word ook die dopeling se oorgawe aan die Here aangedui waardeur hy in die omvattende sin die eiendom van die Here word. Hierdeur kom hy onder die gesag en seggenskap van God in Christus te staan wat inhou dat die dopeling aan die magsgebied en magsinvloed van die wêreld, die ou mens, die sonde en die dood onttrek word. Die dopeling word oorgebring onder die heerskapsgebied en magsinvloed van die lewende Here, van sy Woord en sy Gees, van die kerk as nuwe leefruimte, van die genade en liefde van die koninkryk van God (Barnard, 1984:16).

Indien lidmate in die gevangenis die betekenis van die Doop verstaan en dit werklik toeeien, kan deur die Doop 'n sterk appèl tot hulle gerig word. 'n Besef van sonde en skuld mag deurbreek by die bewuswording dat hulle uit gebreek het onder die heerskappy van die Here.

Wanneer die Nagmaal ter sprake gebring word is dit 'n Sakrament wat, anders as die Doop, by herhaling plaasvind. By die respondente wat dit toegeëien het word 'n sterk klem op die versekering van sondevergifnis gevind. Ander antwoorde wat gegee is, dui daarop dat respondente, of in die geheel niks van dié Sakrament weet nie, nie die volle betekenis daarvan verstaan nie of 'n oppervlakkige foutiewe betekenis daaraan heg. Wat nooit uit die oog verloor mag word nie, is dat vanuit die Nagmaal heen daar 'n dringende appèl tot verootmoediging en die nadink oor sondes aan lidmate gerig word. Indien

lidmate gelei kan word tot 'n volle verstaan van die Nagmaal kan deur die bediening van dié Sakrament heen, al sou 'n lidmaat slegs teenwoordig wees by die bediening daarvan, 'n sterk appèl gerig word wat mag lei tot 'n sonde en skuldbesef.

Die navorsing het getoon dat die meeste respondente nie oor 'n gefundeerde skrif en leerstellige kennis beskik nie. Indien die respondente se onderhoude in 'n geheel beoordeel word, word heel dikwels gefragmenteerde kennis gevind sodat daar nie 'n kontinuïteitslyn aanwesig is nie. Die verbindingslyn tussen die Ou en Nuwe Testament ontbreek in die meeste gevalle. As gevolg van hierdie onvolledige kennis is skrifnorme vaag wat verhinder dat daar tot 'n egte skuldbesef gekom word.

### 8.1.1 AANBEVELINGS: KENNIS

- Die kerk moet hom dit ten doel stel om 'n totale beeld van lidmate by hul opname in die gevangenis te verkry deur middel van 'n evaluering deur 'n persoonlike en godsdiensvraelys.

- Kennis van die lidmate moet deur middel van die prediking, kategetiese opfrissingskursusse, Bybelstudiegroepe en kursusse deur Bybel-Media verbreed word.

- Met die oog op die skuldpastoraat aan die lidmaat in die gevangenis, moet die betekenis van die Sakramente duidelik tuis gebring word.

- Teologiese fakulteite moet in hulle departemente Diakoniologie/Praktiese Teologie indringend aandag gee aan die opleiding van predikante met die oog op die bediening van lidmate in hierdie 'vreemde' bedieningsituasie.

- Ten einde gestalte te kan gee aan 'n effektiewe bediening van die kerk se bediening in die gevangenis, is dit nodig dat die kerk voornemende godsdienswerkers streng sal keur. Hierdie persone moet oor die nodige persoonlikheidseienskappe en geestelike volwassenheid beskik om in hierdie buitengewone situasie effektief diens te kan lewer.

Die kerk moet hom by die aanstelling van 'n godsdienswerker vergewis dat hierdie persoon voldoende toegerus is om sy taak binne die gevangenis te hanteer.

- Die kerk moet toesien dat die godsdienswerkers toegerus word om die probleme wat die lidmate in die gevangenis ten opsigte van Skrif- en leerstellige kennis ondervind, te kan hanteer. Skoling van godsdiens-werkers moet op 'n deurlopende basis plaasvind en 'n struktuur moet in plek wees om die werk voortdurend te monitor.

- Vanweë die problematiese bedieningsituasie, met sy hoë eise, binne die gevangenis, moet daar omgesien word na die geestesgesondheid van godsdienswerkers.

- Die Algemene Sinode moet 'n duidelike pastorale bedieningsbeleid vir die kerk se bediening in die gevangenis formuleer.

## 8.2 BEROU

'n Egte berou kan alleen aanwesig wees waar 'n werklike besef van sonde met sy gevolglike skuldlas deurbreek. 'n Egte berou het in die eerste plek 'n vertikale dimensie waar droefheid aanwesig is oor die versteurde verhouding met God. Hierdie droefheid mag 'n diepe spyt en wroeging wat gepaard mag gaan met selfverwyt en gewetenskwelling oor begane sondes insluit. Die dieptepunt gaan om 'n besef van sonde en skuld op grond van kennis uit God se Woord. Hierdie kennis het tot insig gelei oor die norm wat oortree is. Waar 'n egte berou aanwesig is, word die aanvaarding van verantwoordelikheid sowel as die behoefte aan restitusie gevind.

'n Lidmaat kan sy spyt verwoord sonder dat dit in wese 'n vertikale dimensie mag hê. Spyt kan in die geval slegs 'n treur wees oor die gevolge van die daad, terwyl hy in wese geen berou het oor die daad self wat die gemeenskap met God verbreek het nie. Spyt kan in sodanige gevalle deur lidmate uitgespreek word wat in wese niks meer is as 'n treur oor verliese wat hy deur sy daad gely het nie. In hierdie gevalle kan dit gaan om 'n verlies aan sekuriteit, status, verhoudings- of gesinslewe, eiewaarde en 'n verlies aan vryheid

wat 'n gevoel van magteloosheid meebring. Iets hiervan is gevind in die verwoording van 'n respondent wat tydens die onderhoud melding daarvan gemaak het dat hy welaf was en sy vrou en kinders goed versorg het. Die ervaring van verlies kan veral intens deur die eerste oortreder beleef word. Hoe groot hierdie verleentheidsituasie is, word deur Bosman(1986:152) verwoord: 'The most distressing aspect of imprisonment to many is the realisation of being branded a criminal by public opinion.'

Waar berou gepaard gaan met 'n innerlike wroeging waar selfverwyt aanwesig is (7.3.2.2), tree die rol van die Christelike gewete na vore. Die betekenis van die gewete is daarin geleë dat dit 'n straf én genadegawe van God is. Dit is straf omdat die mens daardeur met pyn en wroeging gemartel word by die besef van sy mislukking en sonde. Die mens staan voor God en sy naaste skuldig terwyl sy gewete hom voortdurend aan die totale gebrokenheid van sy lewe herinner. Om hierdie rede ervaar hy skaamte en eensaamheid, asook wanhoop en vertwyfeling. Naas die strafkarakter vertoon die gewete ook 'n genadekarakter omdat die gewete in sy openbaringswerksaamheid in die selfbewussyn van die mens, die mens deur die Gees as 'n sedelike wese gehandhaaf word. Die Gees oorrompel nie die mens, en skakel hom ook nie uit nie. Die Gees waarsku en kla die mens aan, waarop die mens kan reageer. Die Gees laat die mens nie onaangeroerd in sy sonde bly lê nie, maar maak hom bewus van die toestand van sy lewe wat buite die orde is wat God vir sy lewe daargestel het (Heyns, 1993:91).

'n Skuldbesef wat uitmond in berou, kan deur herhaalde misdaad met gevolglike veroordelings al swakker op die voorgrond tree. Teologies is dit waar dat waar sonde en daarom misdaad by herhaling gepleeg word, dit meebring dat die gewete stadig maar seker afgestomp raak. Die kloof tussen God en mens word op die wyse al groter. Die aanspreke van God deur die Heilige Gees word oor die verloop van tyd heen op die wyse al flouer en flouer met 'n gepaardgaande toename in misdaad. So is dit opmerklik (Tabel 7.1) dat diegene met twee en meer vorige veroordelings in die ouderdomsgroep bo 35 jaar val. Hierdie waarneming wys op die noodsaak dat die kerk hom met nougesetheid sal beywer om indringend met lidmate onmiddellik by hul eerste opname in die gevangenis bemoeienis te maak. Eerste oortreders, hoewel nie noodwendig nie, het dikwels 'n korter vonnis as hulle wat reeds 'n misdaadgeskiedenis het. Dit gebeur dikwels dat wanneer die eerste oortreder sy trauma van gevangesetting verwerk het en hom binne sy 'Umwelt' aangepas het, hy hom slegs toespits op sy ontslagdatum. Indien hierdie

geleentheid sonder pastorale ingrype by die kerk verbygaan, mag dit net wees dat hierdie lidmaat eers ondervang word by 'n tweede of meerdere gevangesetting. Op hierdie stadium mag verharding en 'n gewetensafstomping met 'n gepaardgaande oppervlakkige of ontbrekende skuldbesef reeds aanwesig wees.

Sekerlik een van die duidelikste kenmerke van 'n egte berou is die aanvaarding van verantwoordelikheid of erkenning van skuld vir 'n begane oortreding. Hierdie erkenning moet duidelik gaan om 'n 'Ek het...' Om tot 'n bewuste erkenning van jou sondige toestand voor God te kom is vir die mens geen maklike saak nie. Die stryd daaraan verbonde word deur Narramore[3] (1974:105) verwoord:

> Theologically there exists in every person a continuing struggle to avoid the recognition of his sinfulness. Psychologically, this is easy to understand. The guilt feelings that invariably accompany the designation "sinful" are deeply painful. Because of this psychic pain (anxiety) we go to any extreme to avoid acknowledging our guilt.

Hierdie vermyding het by van die respondente na vore getree as ontkenning, projeksie en rasionalisering. Ontkenning mag in wese 'n verdedigingsmeganisme wees waar skuld van die bewuste verdring word na die onderbewuste as gevolg van die pynlike ervaring wat skuld by die lidmaat meebring. By die lidmaat wat in sy lewe 'n staanplek met die gepaardgaande agting in die openbare lewe geniet het, word meermale die opmerking gehoor: 'Ek hoort nie tussen hierdie kriminele nie'. Op hierdie wyse probeer hy hom nie net van sy medegevangenes distansieer nie, maar sluit hy hom ook af van God wat 'n skuldbesef by hom wil laat deurbreek. Vir die kerk is hierdie toedrag van sake moeilik om te deurbreek indien daar nie 'n diepgaande pastorale bemoeienis met die lidmaat gemaak word nie. In projeksie, waar 'n sondebok vir die misdaad gesoek word en by rasionalisering waar 'n verduideliking vir die daad gegee word, word van 'n meganisme gebruik gemaak om jou skuld te versag of te ontken. In hierdie geval is dit nodig dat die kerk by name van sy godsdienswerkers nie net teologies onderlê sal wees nie, maar ook kennis vanuit die Sielkunde sal hê, sonder om self die rol van 'n sielkundige te probeer vervul.

Waar egte berou aanwesig is, kan verwag word dat by die oortreder 'n behoefte aanwesig sal wees om die skade wat die slagoffer gely het, te herstel of daarvoor te vergoed.

Soos reeds vermeld (7.4.1.2) sluit die navorser by die begrip 'restitusie' ook die soeke van die oortreder in, wat begerig is om deur die slagoffer van sy misdaad vergewe te word. Deur restitusie openbaar die lidmaat in die gevangenis die begeerte om sy verhouding met God en sy medemens te herstel. Deur uit te reik met die oog op die vergifnis van die benadeelde medemens, terwyl hy nog in die gevangenis is, is hy bereid om gekonfronteer te word met die gevolge van sy daad. Omdat hier geen waarborg is dat hy vergifnis sal ontvang nie, bly dit 'n risiko. In die nader van die medemens mag hy selfs weer gewys word op sy mislukkings. 'n Egte berou as neerslag van 'n diepe skuldbesef is egter bereid om hierdie risiko te aanvaar. Waar die kerk in sy hantering van sy lidmaat slegs sover sou kom om die vertikale dimensie aan te spreek sonder dat die horisontale dimensie in die gesigsveld kom, loop hy by die totale heling van die mens verby.

Wanneer op die reeds uitgediende vonnistermyne van die respondente wat blyke gegee het van 'n behoefte aan restitusie, gelet word dan kom die vraag op waarom hulle, met die uitsondering van een, nog niks daadwerkliks daaromtrent gedoen het nie. Dit is begryplik dat die meeste lidmate in die gevangenis en sommige selfs daarna, nie in staat is om die slagoffer van hulle misdaad te vergoed nie. Om die slagoffer egter om vergifnis te vra vanuit die gevangenis is 'n duidelike opsie. Geen blyke is egter gegee dat hulle 'n poging aangewend het, maar nie hulle slagoffers kon opspoor nie.

Hierdie ontbreking aan 'n daadwerklike poging tot restitusie in die lig van die vonnistermyn wat reeds verstryk het, is na die navorser se mening 'n aanduiding dat 'n egte berou vanuit 'n diepe skuldbesef, teenoor God en die slagoffers van hul misdade, nie van 'n diepgang getuig nie. By die ander lidmate het die gedagte aan restitusie nie ter sprake gekom nie. Die navorsing het aangetoon dat berou deur weinig respondente toegeëien is.

### 8.2.1 AANBEVELINGS: BEROU

- Lidmate moet onmiddellik by hulle opname in die gevangenis deur die kerk ondervang word. Die trauma wat hulle mag beleef, moet aangespreek word. In hierdie fase van hulle gevangesetting kan hulle nog ontvanklik wees om deur die kerk bereik te word. Namate lidmate in die gevangenis 'ingeburger' raak, mag 'n behoefte aan kerklike bemoeienis by hulle vervaag. Gewetensafstomping kan

geleidelik intree.

- Godsdienswerkers moet bemiddelend en fasiliterend ten opsigte van restitusie optree. Waar die godsdienswerker slegs fokus op die herstel van die verhouding met God, sonder dat die herstel met die benadeelde medemens in ag geneem word, bly die heling van die lidmaat onvolledig. Indien die persoonlike kontak tussen die lidmaat en die benadeelde medemens nie bewerkstellig kan word nie, behoort die lidmaat leiding te ontvang, om dit skriftelik te kan hanteer.

- Die godsdienswerker moet daarop bedag wees dat vanweë die samestelling van 'n lidmaat se persoonlikheid sekere persoonlike en emosionele probleme na vore mag tree. Waar sodanige probleme geïdentifiseer word, is dit noodsaaklik dat daar van die hulp van die multi-dissiplinêre span van die Departement van Korrektiewe Dienste gebruik gemaak sal word. In hierdie geval moet 'n sodanige lidmaat in samewerking met hulle hanteer word.

- Hoewel godsdienswerkers nie die rol van die ander professies in die multi-dissiplinêre span kan vertolk nie, moet hy geskool word om die verskillende fasette van die skulddinamika wat in 'n lidmaat aanwesig mag wees, te kan onderskei en te verstaan.

- Die kerk moet hom vergewis dat die volle spektrum van die liturgie tydens die erediens in die gevangenis hanteer word. Die noodsaak is daarin geleë dat die lidmaat ook in die erediens in die geleentheid gestel sal word om deur verootmoediging en skuldbelydenis, sy eie skuld as 'n werklikheid te kan ervaar.

## 8.3 SKULDBELYDENIS

'n Egte belydenis kan nie plaasvind sonder die erkenning van sonde nie. Die erkenning van sonde hou in dat sonde as sonde herken word. Sonde herkenning impliseer dat die lidmaat sal weet wat sonde is. Sonde kan ten diepste nie afgemaak word deur te sê dat sonde die verkeerde dinge is wat 'n mens doen en die verkeerde besluite wat 'n mens neem nie. Sonde kan nie afgemaak word deur te sê dat dit 'n fout is nie. Waar hierdie persepsie van sonde en skuld by die lidmaat aanwesig is en inderdaad tree hierdie

opvatting by sommige lidmate na vore, kan gevra word dat waar 'n 'skuldbelydenis' op hierdie wyse plaasvind of dit nie geskied het onder 'n skulddwang nie.

Die oorgaan tot skuldbelydenis moet gegrond wees op 'n Godskennis en God se norme van wat sonde is. Waar 'n gefundeerde kennis van God aanwesig is, sal God nie as 'n oorheersend straffende God deur lidmate beleef word nie maar sal hulle bewus word van sy onbegryplike liefde en genade aan sondaarmense. Skuldbelydenis sal 'n erkenning van sonde inhou met 'n onvoorwaardelike aanvaarding van verantwoordelikheid vir die sonde wat begaan is. Hierin word die besef van die gevolge van sonde as skending van die verhouding met God sowel as die skade en leed teenoor die medemens, die misdaad in die geval van die lidmaat in die gevangenis, verwoord.

Vanweë die kompleksiteit in die persoonlikheid van sommige lidmate wat aan 'n verskeidenheid faktore toegeskryf kan word, weet almal eenvoudig nie hoe om daartoe oor te gaan nie. Na gelang van die bepaalde lidmaat se besondere krisis en behoeftes kan die kerk hom pastoraal begelei. In bepaalde gevalle kan die lidmaat deur 'n evangeliese bieg heen tot skuldontdaning gelei word. Deur 'n evangeliese bieggesprek heen kan die weg vir die lidmaat geopen word om sy sonde en skuld deur berou heen voor God oop te dek. Deur die bieg evangelies te hanteer, word voorkom dat die lidmaat nie sy belydenis as iets buite homself of selfs as 'n ritueel ervaar nie maar as dit wat gewortel is in sy skuldbesef voor God wat deur 'n egte berou heen tot verwoording gekom het.

'n Skuldbelydenis waar die lidmaat sy sonde voor God erken op grond van 'n kennis van sonde en dus sy eie sonde word by min respondente aangetref.

### 8.3.1 AANBEVELINGS: SKULDBELYDENIS

- Waar 'n lidmaat nog nie tot skuldbelydenis oorgegaan het nie, moet gewaak word om hom nie by wyse van 'n skulddwang daartoe te bring nie. Hy moet daartoe begelei word.

- 'n Godsdienswerker moet oor die nodige geestelike diepte beskik sodat hy nie alle nood by die lidmaat as sondenood beskou nie.

- Die kerk kan in sy hantering van lidmate vrugbaar gebruik maak van die evangeliese bieg. Hier word primêr gedink aan lidmate waar bekering reeds as 'conversio actualis prima' plaasgevind het maar wat nog worstel met onopgeklaarde skuld as bagasie uit sy verlede. In ander gevalle mag spontaan tot die bieg oorgegaan word nadat 'n bepaalde pad deur pastorale gesprekke heen met 'n lidmaat geloop is.

## 8.4 VERGIFNIS

Die toe-eiening van skuldvergifnis staan in verband met 'n ewewigtige sonde en skuldbesef. Hiertoe is nodig: 'n Godskennis, 'n kennis van God se norme vir die mens se lewe, Sy straf op die sonde asook die verlening van vergifnis aan die boetvaardige sondaar op grond van Sy genade en liefde in Christus Jesus. 'n Sodanige toe-eiening impliseer dat tot 'n egte berou gekom is met 'n oopbreek in skuldbelydenis voor God. Waar 'n lidmaat se sonde en skuldbesef onewewigtig is, mag sy persepsie van God dié wees van net 'n straffende God of andersins net die van 'n vergewende God wat sonde nie so ernstig opneem nie. Hier mag selfs die verwoording wees dat 'n mens net basies jou sonde moet bely. Waar egter die persepsie van 'n straffende God oorheers, kan dit enersyds so wees dat die lidmaat God slegs beskou as die opeiser van 'n oog vir 'n oog en 'n tand vir 'n tand. Andersyds mag die persepsie van 'n straffende God deel wees van 'n neurotiese skuld waar voortdurend geworstel word met morele onbenullighede of denkbeeldige sondes terwyl 'n sensitiwiteit vir growwe sondes afwesig is. So het die navorser dit ervaar dat 'n lidmaat oor jare heen voortdurend onderhoude met die kapelaan en godsdienswerkers aangevra het. Hy was deur elke denkbare sonde gekwel. Die kruks van die saak was dat hy besig was om 'n tweede vonnistermyn vir geweldsmisdade uit te dien wat hom skynbaar min gepla het.

Die verstaan en toe-eiening van God se vryspraak deur die sondaar, ten spyte van sy skuld, op grond van die soenverdienste van Jesus Christus, oor sy hele lewe heen (regverdigmaking), word noodsaaklik geag vir die lidmaat in die gevangenis. Enersyds mag die juridiese beeld waarmee regverdigmaking verband hou, vir die lidmaat wat by herhaling met die gereg gebots het, 'n 'contradictio in terminus' wees. Andersyds mag 'n lidmaat wat glo dat God se vergifnis voorwaardelik is die handdoek ingooi op grond van sy lewe wat van geen lang termyn sukses, as gevolg van 'n voortdurende lewe van val

en opstaan, getuig nie. Hy mag daartoe kom om hom af te sluit van alle pastorale bemoeienis waardeur te kenne gegee word dat hy oortuig is dat daar geen hoop vir hom is nie. Op die wyse word daar gepoog om die gewete en daarmee saam 'n skuldbesef uit te doof.

Wat Louw (1997:483) oor 'n egte sondebelydenis sê, ag die navorser ook as van toepassing op 'n sodanige lidmaat wat God se vryspraak aan sy lang termyn sukses meet. 'n Sodanige beskouing en hantering kom dikwels neer op die nakom of verbreking van paroolvoorwaardes waar sy vryheid opgehef word:

> Sondebelydenis word nie gemeet in terme van lang termyn sukses op gedragsvlak nie. Die bewys vir die kwaliteit van 'n sondebelydenis setel nie in die sondaar se persoonlike demonstrasie van sukses nie, maar in die vas hou aan genade ondanks herhaalde mislukkings. Die paradoks in sondebelydenis is dat die sonde afgeskryf is ten spyte van herhaalde sondige gedrag. Herhaling is onverskoonbaar, tog hef dit nie die versoening op nie. Waarom dit dus wesentlik in sondebelydenis en die erkenning van skuld gaan, is die aard van die persoon se verhouding met God en sy/haar eerlike motief om te oorwin.

Die gebrekkige godsdiensagtergrond en persoonlike faktore in die respondente se verlede, wat van opstand teen gesag getuig, is alles belemmerende faktore waarom daar slegs tot 'n oppervlakkige of geen skuldbesef gekom word nie. As gevolg hiervan word daar by die meeste respondente nie 'n toe-eiening van skuldvergifnis gevind nie.

### 8.4.1 AANBEVELINGS: VERGIFNIS

- Die kerk moet hom daarvan vergewis dat daar in die meeste gevalle geen kort pad na 'n werklike toe-eiening van skuldvergifnis by lidmate is nie as gevolg van verskeie belemmerende faktore wat deurbreek moet word.

- Die wese van die begrip regverdigmaking moet duidelik deur die pastoraat aan die lidmaat tuis gebring word sodat hy ten spyte van huidige en toekomstige mislukkings nie aan God se genade en vergifnis sal twyfel nie. Deur dit te begryp, word voorkom dat hy God se vergifnis as voorwaardelik beskou.

- Die kerk moet hom dit ten doel stel dat die lidmate die volle spektrum van die liturgie in die erediens sal verstaan. Wanneer die lidmaat tydens die erediens met God se wet gekonfronteer word, word daar enersyds 'n appèl tot sy sonde- en skuldbesef gerig en andersyds ontvang hy na skuldbelydenis die versekering van sondevergifnis deur die genadeverkondiging heen.

- Die kerk se bemoeienis met die lidmaat in die gevangenis moet konstant en op die lang termyn gerig wees.

## 8.5 GEVOLGTREKKING VAN NAVORSING

Die hipotese wat deur hierdie navorsing gegenereer is, is dat die skuldbesef van die respondente as deel van die lidmate van die Nederduitse Gereformeerde Kerk, wat hulle in die gevangenis bevind, nie van 'n diepgang getuig nie. Dit het in die volgende na vore getree:

- Die respondente weet wel wat sonde is sonder dat 'n diepgaande sondebesef na vore tree.

- Berou oor die gevolge van hulle dade word nie duidelik as 'n versteurde verhouding met God verwoord nie.

- Hoewel by sommige vrae 'n direkte persoonlike antwoord verwag was, was van die vrae onpersoonlik in die meervoud beantwoord.

- By die beantwoording van die vrae is nie 'n kontinuïteitslyn gevind nie. Die diskontinuïteit van een vraag na die volgende, dui op 'n gebrekkige geloofsonderbou. Hierdie toedrag van sake word gewyt aan 'n oppervlakkige of ontbrekende gefundeerde Skrif en leerstellige kennis.

- Daar is gevind dat skuld en skuldgevoelens oor die algemeen nie op die slagoffer van die misdaad gerig was nie, maar eerder op sy eie naasbestaandes.

- 'n Geloofsdinamika van 'n skuldbesef wat uitgemond het in 'n skuldontdaning, het nie duidelik na vore getree nie.

## 8.6 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING.

- Die rol van die liturgie in die erediens in die hantering van die skuldpastoraat.

- Die korrelaat tussen skuldaanvaarding en die strafbelewenis van die lidmaat in die gevangenis.

- Die rol van die Sakramente in die skuldpastoraat aan die lidmaat in die gevangenis.

## 8.7 SLOT

Die navorsing het getoon dat die Nederduitse Gereformeerde Kerk voortdurend erns sal moet maak met sy godgegewe taak binne die geslote ruimte van die gevangenis. Die kerk sal hom voortdurend moet afvra of hy getrou is in hierdie bediening.

> ... in die gevangenis was Ek, en julle het na my gekom.
>
> ... in die gevangenis, en julle het My nie besoek nie.
>
> (Matt 25:36, 43)

## BRONNELYS


Arndt, W F & Gingrich, F W 1957. *A Greek- English lexicon of the New Testament and other early Christian literature.* 4th ed.

Barnard, A C 1984. *Ek is gedoop.* Pretoria: N G Kerkboekhandel.

Bavinck, H 1967. *Gereformeerde Dogmatiek. deel* 4, 4 vols. Kampen: J H Kok.

Bazyn, K 1978. s v 'Guilt unravelled'. *Currents in Theology and Mission 5, 227-232.*

Beasley - Murray, G R 1971. s v 'Taufe'. *Theologisches Begifslexikon zum Neuen Testament.*

Berkhof, H 1973. *Christelijk geloof: Een inleiding tot de geloofsleer.* Nijkerk: Uitgeverij G. F. Callenbach.

--- 1979. *Christian faith. An introduction to the study of the faith.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Berkouwer, G C 1977. *Studies in dogmatics.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Bevan, L L D 1974. s v 'Intercession'. *The International Standerd Bible Encyclopedaedia.*

Bezzel, E 1980. s v 'Beichte: Reformationszeit'. *Theologische Realenzyklopädie.*

Bolkenstein, M H (ed) 1980. Thurneysen's leer van de zielzorg in de spiegel van de kritiek. *Kerk en Theologie, 37, 89 - 106.*

Bonhoeffer, D [s a]. Bieg en Nagmaal in Hahn, W & Bonhoeffer, D. *Ons erediens,* 64 - 72. Port Elizabeth: Die Teologiese Seminarie van die Evangeliese Broederkerk in Suid Afrika.

Bosman, W I L 1986 Experience of punishment in *Sephton A C (red), Gevangenispastoraat/Prison ministry,* 151-158. Bloemfontein: Pro Christo Publikasies.

Bosman, F. & Hosten, W J 1979. *Inleiding tot die Suid-Afrikaanse reg en regsleer.* Pretoria: Heer drukkers.

Boston, T 1994. *De noodzakelijkheid van de bekering.* Houten: Den Hertog.

Brammer, L M & Shostrom, E L 1977. *Therapeutic Psychology: Fundamentals of counselling and psychotherapy.* Englewood Cliffs: Prentice - Hall.

Bright, J 1972. *a History of Israel.* London: SCM Press.

Brillenburg Wurth, G 1963. *Schuld en straf in het licht van de Bijbelse verkondiging.* Baarn: Bosch en Keuning.

Brongers, H A 1954. Schuldbelydenis en genadeverkondiging in het Oude Testament. *Kerk en erediens 9(3), 135-144.*

Bruce, F F 1979. *The epistle to the Hebrews.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Brunner, E 1952. *The Christian doctrine of creation and redemption*, dogmatics vol 2. London: Lutterworth.

Bultmann, R 1964. s v 'aphiymi, aphesis, pariymi, paresis '. *Theological dictionary of the New Testament.*

Burchell, E M & Hunt, P M A 1970. *South African criminal law and procedure, vol 1.* Cape Town: Juta.

Burchell, J & Milton, J 1991. *Principles of criminal law.* Cape Town: Juta.

Burger, C 1991. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika: 'n Ondersoek na die denke oor sekere voorvrae van die vak.* Pretoria: RGN.

Butler, P 1990. Confession today, in Dudley, M & Rowell, G (eds), *Confession and absolution 1-11*. London: SPCK

Calvijn, J [1559 ] 1956. *Johannes Calvijn Institutie* 2, 3 vols. Uit het Latyn vertaald door A. Sizoo. Delft: Meinema.

Carpenter, E E 1982. s v 'Sacrifices and offerings in the Old Testament'. *The International Standard Bible Encyclopaedia.*

Carr, C 1973. s v 'Kierkegaard: On guilt'. *Journal of Psychology and Theology 1(3), 15 - 27.*

*Catechism of the Catholic Church* 1994. London: Geoffrey Chapman.

Crain, W C 1980. *Theories of development: Concepts and applications.* Englewood Cliffs, New Jersey: Prentice Hall.

De Boer, P A H 1943. *De voorbede in het Oude Testament.* Leiden: E J Brill.

De Boor, W 1968. *Das Evangelium des Johannes.* Wuppertal: R Brockhaus.

De Boor, W 1971. *Der Brief des Paulus an die Römer.* 3.Aufl, Wuppertal: R Brockhaus.

De Graaf, S G 1940. *Hoofdlijnen in de Dogmatiek.* Kampen: J H Kok.

Delitzsch, F 1950. *Biblical commentary on the prophecies of Isaiah.* Vol 2. Grand Rapids: W B Eerdmans.

De Ru, G 1968. *De kinderdoop in het Nieuwe Testament,* 3de uitg. Wageningen: Veen man & Zonen.

De Vaux, R 1966. *Das Alte Testament und seine Lebensordnungen,* 2vols. Freiburg: Herder.

De Vries, S J 1962. s v 'Sin, sinners'. *The Interpreters Dictionary Of The Bible.*

De Wet, J C & Swanepoel, H L 1985. *Strafreg.* 4de uitg. deur De Wet, J C Durban: Butterworth.

*Diagnostic and statistical manuel of mental disorders.* 4th ed. 1995. Washington: American Psychiatric Association.

Ebeling, G 1979. *Dogmatik des christlichen Glaubens*, Band 1. Tübingen: J C B Mohr.

Eichrodt, W 1967. *Theology of the Old Testament.* Vol 2, London: SCM Press.

Erasmus, O C O 1989. Die gemoedsbelewing van die gevangene. Dagseminaar, PU vir CHO.

Ezer, H H 1969. s v 'Gnade'. *Theologisches Begriffslexikon zum Neuen Testament.*
Fischer, F L 1974. *Paul and his teachings.* Nashville Tenesee: Broadman Press.

Fischer, M C & Waltke, B K 1980. s v 'naqa'. Theological wordbook of the Old Testament.

Freden, L 1982. *Psychosocial aspects of depression.* New York: John Wiley & Son.

Gaster, T H 1962. s v 'Sacrifices and offerings, O T'. *The interpreters dictionary of the Bible.*

Geldenhuys, B P & Du Toit, S I 1971. *Psigopatologie.* Pretoria: Academica.

Genderen, J 1988. *Gerechtigheid als geschenk.* Kampen: J H Kok.

*Gevangenisdiens Order 5*: Behandelingsprogramme, hfst 2: Godsdienssorg, 1.2

Giblet, J & Grelot, P 1968. s v Boete - bekering. *Pastoraal bijbels woordenboek.*

Glaser, B G 1992. *Basics of grounded theory analysis*. Mill Valley: Sosiology Press.

Goetzmann, J 1975. s v 'Conversion'. *New Testament Theology*.

Goppelt, L 1974. *Theologie des Neuen Testaments* - Erster Teil. Göttigen: Van Den Hoeck & Ruprecht.

--- 1976. *Theologie des Neuen Testaments* - Zweiter Teil. Göttigen: Van Den Hoeck & Ruprecht.

Gould, E P 1961. *A critical and exegetical commentary on the gospel according to St. Mark*. Edenburg: T & T Clark.

Gouws, H J S 1967. Die plek van die skuldbelydenis en genade-verkondiging in die erediens. Proponentskripsie, Fakulteit Godgeleerdheid van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Universiteit van Pretoria.

Greijdanus, S 1964. *De drie brieven van de apostel Johannes*. Kampen: J H Kok.

Grigsby, B H 1982. The cross as an expiatory sacrifice in the fourth gospel. *Journal for the study of the New Testament 15, 51-80.*

Groenewald, E P 1948. *Die evangelie volgens Markus*. Pretoria: J L van Schaik.

Grounds, V C 1975. s v 'Confession'. *The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible.*

Guthrie, D 1981. *New Testament Theology*. Leicester: Inter-Varsity Press.

*Handboek vir die erediens van die Nederduitse Gereformeerde kerk*, 1991. 2de uitg. Goodwood: N G Kerk - Uitgewers.

*HAT Verklarende woordeboek van die Afrikaanse taal. 1992.* s v 'Wroeging'

Healey, P 1992. s v 'Repentance'. *The Anchor Bible Dictionary.*

Hempel, J 1938. *Das Ethos des alten Testaments.* Berlyn: Alfred Topelmann.

Hendriksen , W 1967. *New Testament commentary - exposition of Eephesians.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Hermann, J 1973. s v 'Schuld, schuldig'. *Calwer Bibellexikon.* 3.Aufl.

Heyns, J A 1978. *Dogmatiek.* Pretoria: N G Kerkboekhandel

--- 1993. Enkele opmerkinge oor die gewete. *Skrif en kerk 14(1), 85-96.*

Heyns, L M & Pieterse, H J C 1990. *Eerste treë in die Praktiese Teologie.* Pretoria: Gnosis Boeke & Uitgewers.

Hodge, C 1964. *A commentary on the epistle to the Ephesians.* London: The Banner Of Truth Trust.

Hodgins, S 1993. *Mental disorder and crime.* London: SAGE Publications.

Howard, J K 1967. *Among the prophets.* Londen: Pickering & Inglis.

Interimverslag [1992]. Kommissie van ondersoek na die voortgesette insluiting van psigopatie as sertifiseerbare geestesongesteldheid en die hantering van psigopatiese en ander geweldsmisdadigers. Ongepubliseerde verslag: Departement van Justisie en Korrektiewe Dienste.

Jacob, E 1958. *Theology of the Old Testament.* London: Hodder and Stoughton.

Jacobs, H E 1974. s v 'Confession'. *The International Standard Bible encyclopaedia.*

Janse van Rensburg, J 2000. *The paradigm shift. An introduction to postmodern thought and it's implications for Theology.* Pretoria: Van Schaik.

Jonker, W D 1969. *Die brief aan die Romeine.* Kaapstad: N G Kerk - Uitgewers

Justice, W G 1987. s v 'Guilt'. *Evangelical dictionary of Theology.* 5th ed. Grand Rapids, Michigan: Baker Bookhouse.

Kaplan, H I & Sadock, B J 1981. *Psychiatry* / iii. 3rd ed. Baltimore: Williams & Wilkens.

Kellerman, D 1974. s v 'asham'. *Theological dictionary of the Old Testament.*

Kendall, E L 1964. *The humanity of Christ.* New York: The Faith Press.

Kertelge, K 1967. *Rechtfertigung bei Paulus.* Münster: Aschendorff.

Keylock, L R 1975. *The Zondervan pictorial encyclopedia of the Bible.*

Knight, J A 1969. *Conscience and guilt.* New York: Appleton-Century-Crofts.

Koch, J C 1986. s v 'awon'. *Theologisches Wörterbuch zum alten Testament.* Stuttgart: Verlag W Kohlhammer.

Koehler, L & Baumgartner, W (eds) 1958. s v 'awon'. *Lexicon in veteris Testamenti Libros.* Leiden: E J Brill.

Kümmel, W G 1974. *The Theology of the New Testament.* London: S C M Press.

Küng, H. 1964. *Justification: The doctrine of Karl Barth and a catholic reflection..* London: Burns & Oates.

La Cocque, A 1978. s v 'Sin and guilt'. *The encyclopaedia of religion.* New York: Macmillan Publishers.

Ladd, G E 1974. *A Theology of the New Testament.* London: Lutterworth Press.

Lane, W L 1974. *The gospel according to Mark.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

--- 1978. *Righteousness.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Lekkerkerker, A F N 1974. *De brief van Paulus aan de Romeinen* -1. Nijkerk: Uitgeverij G F Calenbach.

Lemmer J C 1991. Hipotese-genererende ondersoeke in prakties - teologiese navorsing. *Praktiese Teologie in Suid - Afrika 6 (1), 10-21.*

Louw, D A 1989. *Suid-Afrikaanse handboek van abnormale gedrag.* Johannesburg: Southern Boekuitgewers.

Louw, D J 1993. *Pastoraat as ontmoeting: Ontwerp vir 'n basisteorie, antropologie, metode en terapie.* Pretoria: RGN.

--- 1997. *Pastoraat as vertolking en ontmoeting: Teologiese ontwerp vir 'n basisteorie, antopologie, metode en terapie.* Hers uitg. Kaapstad: Lux Vebi.

--- 1998. Hoe teologies is die Praktiese Teologie en hoe prakties is die teologie? Ontwerp vir 'n prakties-teologiese hermeneutiek. *Praktiese Teologie in Suid-Afrika 13(1), 43-63.*

Louw, J P & Nida, E A 1989. *Greek-English lexicon of the New Testament based on semantic domains.* Goodwood, Cape: National Bookprinters.

Madow, L 1988. *GUILT: how to recognize and cope with it.* Northvale: N J J Aronson.

Mann, C S 1986. *Mark* . The Anchor Bible. New York: Doubleday.

Marsh, J 1962. s v 'Conversion'. *The interpreters dictionary of the Bible.*

M'Caig, A 1974. s v 'Law in the New Testament'. *The international Bible encyclopaedia.*

McDonald, H D 1985. *The atonement of the death of Christ in faith, revelation, and history.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Michel, O 1966. *Der Brief an die Hebraër.* Göttigen: Van Den Hoeck & Ruprecht.

Middelton, A J et al 1987. *Strafreg: Enigste studiegids vir C R L 100* - C. Hers. uitg. Pretoria: Universiteit van Suid - Afrika.

Miles, M B & Huberman, A M 1994. *Qualitative data analysis.* Thousand Oaks: SAGE Publications.

Miller, M S & Miller, J L 1973. s v 'Forgiveness '. *Harpers Bible dictionary.*

Morris, L 1973. *The gospel according to John.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Morris, L L & Morris, L M 1972. s v 'Forgiveness'. *The new Bible dictionary.*

Morro, W C 1974. s v 'Forgiveness'. *The International Standard Bible Encyclopaedia.*

Mouton, J 1988. *Inleiding tot kwalitatiewe metodes. Module 3, Die filosofie van kwalitatiewe navorsing.* Pretoria: RGN.

Moyer, J C 1982. s v 'Guilt: Guilty'. *The International Standard Bible Encyclopaedia.*

Mundle, W 1967. s v 'Erlösung'. *Theologisches Begriffslexicon zum Neuen Testament.*

Narramore, S B 1974. Guilt: Where Theology and Psychology meet. *Journal of Psychology and Theology 2, No. 1, 18-25.*

--- 1974. Guilt: Three models of therapy. *Journal of Psychology and Theology 2, No. 1, 260-265*

--- 1974. Guilt; It's universal hidden presence. *Journal of Psychology and Theology 2, No. 1, 105-115.*

*Naslaan Bybel* (Hersiene uitgawe met teks verwysinge) 1965. Kaapstad: Die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

Niemann, S M 1994. Die bestuursoptrede van die Suid-Afrikaanse vrou as onderwysleier in die hantering van onderwysverandering. Ph D proefskrif, Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein.

O'Kennedy, D F & Olivier, J P J 1996. Die konsep vergifnis in die Ou Testament. *Ned Geref Teologiese Tydskrif 4, 496-508.*

Olson, M 1979. *Criminal forever.* Alberta, Origon: Horison House Publishers.

Pace, D K 1976. *a Christian's guide to effective jail & prison ministries.* Old Tappan, New Jersey: Fleming H Revell.

Packer, J I 1965. s v 'Conversion'. *The new Bible dictionary.*

Plug, C et al 1988. *Psigologie - woordeboek.* Johannesburg: Lexicon Uitgewers.

Quanbeck, W A 1962. s v 'Repentance'. *The interpreters dictionary of the Bible.*

Rall, H F 1974. s v 'Guilt' *The International Standard Bible Encyclopaedia.*

Reeve, J J 1974. s v 'Sacrifice'. *The International Standard Bible Encyclopaedia.*

Reid, W H 1978. *The Psychopath.* New York: Brunner / Mazel, Publishers.

Ridderbos, H 1975. *Paul: An outline of his theology.* Grand Rapids, Michigan: W B Eerdmans.

Ridderbos, H N 1949. *De genademiddelen*, in Berkouwer, G C & Toornvliet, G (reds), Het dogma der kerk, 518 -559. Groningen: Jan Haan.

Rienecker, F 1969. *Das Evangelium des Lukas.* 3.Aufl. Wuppertal: R Brockhaus.

--- 1971. *Der Brief des Paulus an die Epheser.* 3.Aufl. Wuppertal: R Brockhaus

.

Ringren, H 1962. *Sacrifice in the Bible*. London: Lutterworth Press.

Roscam Abbing, P J 1958. *Biecht en absolusie*. Gravenhage: Boekencentrum.

Roux, J P 1975. *Die psigopaat: 'n Diepte studie van die psigopatiese oortreder*. Kaapstad: Academica.

Rubin, H J & Rubin I S 1995. *Qualitative interviewing: The art of hearing data*. Thousand Oaks: SAGE Publications.

Saltzman, L 1964. Guilt, responsibility and the unconcious. *Pastoral Psychology 15, 17-26*.

Scharbert, J 1963. s v 'Vergebung'. *Handbuch Theologischer Grundbegriffe*.

Schultz, H 1898. *Old Testament Theology: The religion of revelation in its pre-Christian stage of development*. 2 vols. 2nd English ed. Edinburgh: T & T Clark.

Sephton, A C 1979. Die gevangene, in De Klerk, J J (red), *Evangelistiek,* 209 - 229. Pretoria: N G Kerkboekhandel

Sevenster, G 1946. *De christologie van het Nieuwe Testament*. Amsterdam: Holland Uitgevers Maatschappij.

Sharbert, J 1963. s v 'Vergebung'. *Handbuch theologischer Grundbegriffe.*

Shogren, G S 1992. s v *'Forgiveness (NT)'*. The Anchor Bible dictionary.

Simpson, J G 1906. s v 'Guilt' *Dictionary of Christ and the gospels*. Edinburgh: T & T Clark.

Snyder, M, Snyder, R & Snyder, R (Jr) 1980. *The young child as person: Toward the development of healthy conscience*. London: Human Sciences Press.

Snyman, C R 1992. *Strafreg*. 3de uitg, Durban: Butterworths.

*Staatskoerant* 1993. Vol.337, No. 14982. Wysigingswet op starfregtelike aangeleent-hede , 1993 art 4, 5, 8-14. Kaapstad: Staatsdrukker.

Spradley, J P 1979. *The ethnographic interview*. Orlando: Holt, Rinehart and Winston.

Stagner, R 1961. *Psychology of personality*. 3rd ed. London: McGraw-Hill Book Company.

Stein, E V 1968. *Guilt : theory and therapy*. Philadelphia: Westminister Press.

Stevens, G B [1899] 1968. *The theology of the New Testament*. Edinburgh: T & T Clark.

*Strafproseswet,* 1977. Wet 51 van 1977, artikel 78.

Strauss, A & Corbin, J 1990. *Basics of qualitative research: Grounded theory procedures and techniques.* Newbury Park: SAGE Publications.

Taylor, V 1951. *Jesus and his sacrifice*. London: Macmillan.

Thiele, F 1971. s v 'Schuld'. *Theologisches Begriffslexikon zum Neuen Testament.*

Thomson, R J 1962. s v 'Sacrifice and offering'. *The new Bible dictionary.*

Thurneysen, E 1946. *Die Lehre von der Seelsorge*. Zürich: Evangelischer Verlag A - G. Zollikon.

Tournier, P 1974. *Guilt and grace : a Psychological study*. London: Hodder and Stough-ton.

Tromp, N J 1977: Bestanddelen van een boeteplechtigheid in het Oude Testament: De schuldbelijdenis van het volk. *Tijdschrift voor liturgie 61, (5), 287-301.*

Tweedie, D F 1963. *The Christian And the Couch.* Grand Rapids, Michigan: Baker Book House.

Uleyn, A 1969. *The recognition of guilt: a study in pastoral psychology.* Dublin: Gill and Macmillan.

Van As, J J 1961. *Skuldbelydenis en genadeverkondiging in die Ou Testament.* Utrecht: Elinkwijk.

Van der Ven, J A 1990. *Entwurf einer empirischen Theologie.* Kampen: J. H. Kok.

Van der Ven, J A 1994. Empirical methodology in practical theology: Why and how? *Practical Theology in South Africa 9(1), 29-44.*

Van Deventer, P W [s a:1-40]. Die behoefte aan 'n omvattende benadering van die gevangene as mens ten opsigte van behandelingshantering.

Van Gemeren, W A 1987. s v 'Offerings and sacrifices in Bible times'. *Evangelical dictionary of Theology.*

Van Genderen, J 1988. *Gerechtigheid als geschenk: Gedachten over de rechtvaardiging door het geloof.* Kampen: J H Kok.

Van Niekerk , E A [s a]. Die bieg - 'n vergete "genademiddel" in die Protestante kerke?

Van Zee, W R 1955. *De biecht in het Protestantisme.* Vox Theologica 25, 69-77.

Venter C J H 1992. Diakoniologie en rasionaliteit - 'n verkenning. *In die Skriflig 26(1), 29-51.*

Vischer, L 1979. *Fürbitte.* Frankfurt am Main: Otto Lembeck.

Von Rad, G 1965. *Old Testament Theology.* Vol 1. London: SCM Press.

Vorländer, H 1972. s v 'Vergebung'. *Theologisches Begriffslexicon zum Neuen Testament.*

Vriezen, TH C 1966. *Hoofdlijnen der Theologie van het Oude Testament. Herzien en uitgebreid.* Wageningen: H. Veenman & Zonen.

Westermann, C 1981. *Hoofdlijnen van een theologie van het Oude Testament.* Kampen: J H Kok.

Williams, C B 1974. s v 'sacrifice (N T)'. *The standard Bible encyclopaedia.*

Wolman, B B 1987. *The sosiopathic personality.* New York: Brunner/Mazel Publishers.

# OPSOMMING

Omdat skuld, met of sonder die erkenning daarvan, ingrypende gevolge in die lewe van die kerklidmaat in die gevangenis het, is dit belangrik dat dit deur die kerk hanteer moet word. As vertrekpunt is die vastelling van die aard van die lidmaat se skuldbesef belangrik. Hierdie pastoraat mag nooit op 'n simplistiese wyse plaasvind nie, maar moet gefundeerd met die Skrif as norm asook met kennis van die geesteswetenskappe hanteer word.

Vir die navorsing was 'n perspektiefstelling en die hantering van skuld vanuit die Skrif die vertrekpunt. Die dieptelyn wat in die Ou Testament rondom die begrip 'skuld' gevind word, getuig van 'n personalistiese sondewaardering met skuld as die neerslag van geskonde verhoudings wat voortkom uit die opstand van die innerlike wil teen God .

Vir die hantering van die sondeskuld van die mens het God die offergebruik daargestel, waar die gedagte van 'n 'ex opere operatum' werking uitgesluit was. Die hoogtepunt word gevind in die lydende kneg wat homself as 'n skuldoffer gegee het.

Vir die realisering van skuldvergifnis was 'n innerlike bewuswording van sonde wat skuld meebring nodig. Hierdie bewuswording moes uitmond in verootmoediging, berou en skuldbelydenis.

Met Christus se koms word dit in die sentrale gebod verwoord dat sondeskuld nie in 'n verbreking van reëls geleë is nie maar in die verbreking van 'n verhouding deur die mens se opstand teen God. Vanweë die mens se onvermoë is dit Christus wat gekom het as die volmaakte en finale offer om die mens van sy sonde en skuld te verlos.

Vir die hantering van skuld is die begrip 'regverdigmaking, veral soos deur Paulus gebruik, nie alleen 'n troos met die oog op die finale oordeel nie, maar word dit gesien as dit wat dui op die vergifnis van sonde. Ook in die Nuwe Testament geld dit dat die sondaarmens via die weg van verootmoediging, berou en skuldbelydenis tot skuldontdaning moes kom.

Vanweë die dikwels voorkomende komplekse persoonsbeeld van die lidmaat in die

gevangenis, is die hulp en kennis van die ander geesteswetenskappe nodig om hierdie mense in die diepte te bereik. Psigologies is dit belangrik dat die pastor iets sal begryp van die kragte wat 'n rol speel in die skulddinamiek by lidmate. Juridies is dit nodig dat die pastor bedag sal wees dat die lidmaat sy skuld en God se vergifnis suiwer vanuit 'n juridiese raamwerk mag beoordeel.

Hoewel die bieg soos dit deur die Rooms-Katolieke kerk beoefen word nie deur die Nederdutse Gereformeerde Kerk aanvaar word nie, is bevind dat die evangeliese bieg soos Eduard Thurneysen dit uitspel, toepassingswaarde het. Dit het 'n bepaalde waarde om die lidmaat, hoewel hy verklaar dat sy skuld vergewe is, deur 'n oopdekkende gesprek te help om oorgeblewe 'skuldbagasie' voor God neer te lê en God se vergifnis in die diepte toe te eien.

Om die aard van die skuldbesef van lidmate te kon bepaal, is in die empiriese studie van die kwalitatiewe navorsingsmetode gebruik gemaak wat 'n etnografiese hanteringswyse ingesluit het, wat bruikbaar was om die lidmaat in sy 'Umwelt' te bereik. Vyftien onderhoude is met respondente gevoer aan die hand van vrae wat op die literatuurstudie gegrond is,

Vir die analise van hierdie onderhoude is van die 'grounded theory' van Strauss en Corbin gebruik gemaak. Uit hierdie navorsing is tot die gevolgtrekking gekom dat die skuldbesef van lidmate wat as respondente aan onderhoude deelgeneem het, nie van 'n diepgang getuig het nie. Aan die hand van bevindinge is bepaalde aanbevelings aan die Nederduitse Gereformeerde Kerk gemaak wat die noodsaaklikheid van die kerk se bemoeienis met sy lidmate in die gevangenis uitspel.

## SUMMARY

While guilt with or without admittance has such far reaching implications in the lives of church members, it necessitates ecclesiastical management. The nature of the church member's sense of guilt should first of all be established. This task of the church may never be dealt with in a simplistic way, but with Scripture as the norm and acknowledgement of the social science's input.

In this research perspective was gained from the way Scripture deals with guilt. In the Old Testament guilt's deepest sense is found in a personal appreciation of sin with guilt as the result of violated relationships resulting from the inner will's rebellion against God.

In dealing with the guilt of mankind, God initiated the cult of sacrifice, in which the concept "ex opere operatum" was excluded. This finds its culmination in the "Ebed Jahwe" who gave himself as sacrifice.

To enable the forgiveness of guilt to be realized, an inner awareness was needed. The awareness had to lead to humiliation, repentance and the confession of guilt.

In the coming of Christ it was clearly illustrated in the Great Command that guilt is not the breaking of rules, but the breaking of the relationship between God and mankind through men's rebellion against Him. Christ came to redeem man from his sin through His complete and final sacrifice - something mankind could not achieve by himself.

In dealing with guilt, the understanding of justification, especially as it was ministered by the apostle Paul, does not only bring comfort in the light of the final judgement, but illustrates what forgiveness of sin implies. The New Testament as well declares that the sinner can only experience forgiveness via humiliation, repentance and the confession of guilt.

Due to the frequent complexity of the personality of the church member in prison, the knowledge and help of the other social sciences are needed in order to reach the peoples' inner being. Psychologically it is important that the pastor should grasp the power of the forces that have an impact on the understanding of the dynamics of guilt by

church members in prison. In a juridical sense the pastor should be aware of the fact that the church member in prison will view his/her guilt and Gods forgiveness in a juridical sense.

Although confession as been practised by the Roman Catholic Church, is not acceptable to the Dutch Reformed Church, the evangelical confession as described by Edward Thurneysen, is applicable. The specific value of the evangelical confession lies in the fact that although the church member may acknowledge that his guilt has been forgiven, the uncovering discussion may help to offload the remaining baggage of guilt and lead the church member to a fuller acceptance of God's forgiveness.

In an attempt to determine the realization of guilt by the church members in prison, a qualitative empirical research, viz. an ethnographic point of view, was used. It proved to be useful to understand the "Umwelt" of the church members. Interviews with 15 respondents were held, using questions based on the literature studies.

In analysing these interviews the grounded theory of Strauss and Corbin was used. The conclusion of this research was that the understanding of quilt by the respondents was lacking depth. The outcome was used to formulate certain recommendations to the Dutch Reformed Church, which emphasize the importance for the Church to take greater care of its members in prison.

**KEYWORDS**

Guilt
Church members/Prison
Sacrifice/Old Testament
Forgiveness
Sacrifice/Christ
Justification
Guilt/Social Sciences
Evangelical confession
Empirical/ Ethnographic
Guilt/lacking depth

# BYLAE A

# INHOUDSOPGAWE BYLAE A

VRAELYS: RESPONDENT 1 ........................................ 289
VRAELYS: RESPONDENT 2 ........................................ 293
VRAELYS: RESPONDENT 3 ........................................ 297
VRAELYS: RESPONDENT 4 ........................................ 300
VRAELYS: RESPONDENT 5 ........................................ 304
VRAELYS: RESPONDENT 6 ........................................ 307
VRAELYS: RESPONDENT 7 ........................................ 310
VRAELYS: RESPONDENT 8 ........................................ 314
VRAELYS: RESPONDENT 9 ........................................ 318
VRAELYS: RESPONDENT 10 ........................................ 321
VRAELYS: RESPONDENT 11 ........................................ 324
VRAELYS: RESPONDENT 12 ........................................ 327
VRAELYS: RESPONDENT 13 ........................................ 330
VRAELYS: RESPONDENT 14 ........................................ 334
VRAELYS: RESPONDENT 15 ........................................ 337

## VRAELYS: RESPONDENT 1

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

*** 1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Sonde, dit is maar die dinge wat nie reg is nie, maar by my gaan dit nou om God's vrese. Ek is 'n godsvresende, ek is bang om sonde te doen.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Skuld. Is dit nou skuldgevoel?

(N) Goed. Samehangende met die eerste vraag.

(R) (Stilte...)

(N) Antwoord maar soos jy goeddink. Jy het gepraat van skuldgevoel. Antwoord maar soos jy goeddink.

(R) Skuldgevoel. Dit is, dit is as jy regtig berou het en 'n skuldgevoel het oor iets wat jy verkeerd gedoen het, enne mens moet dit regmaak as jy enigsins kan.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dominee, die Ou Testament sê vir my waar dit by God kom, dat hulle praat van die besnydenis wat dan.... wat dan ook deel van die.... dit is uit die Joodse geloof.... hulle eie geloof. Die Nuwe Testament praat hulle van ons almal, al die volke. En dit is.... daar sê hy.... daar sê hy uitdruklik.... ek dink dit is in Korinthiërs.... ek is nie seker waar hulle sê die besnydenis is maar net vir die Jode. Ons is outomaties vergewe toe Jesus aan die kruis gesterf het, so ons hoef nie die Joodse geloof aan te geneem het nie.

(N) Wil jy miskien meer uitbrei oor die offergedagte in die Nuwe Testament? Die offergedagte, Christus se offer.

(R) Met Christus se offer, bedoel u waar Hy sê dat ons outomaties vergewe is.

(N) Wil jy miskien uitbrei oor die gedagte "outomaties vergewe".

(R) Ja, die Bybel ekke.... ek kan nie vir jou aanhaal waar dit staan nie, maar dit is so dat dit sê dat Hy reeds vir ons sondes gesterf het, maar ek meen dit sê nie dat ons kan aanhou sonde doen en elke dag weer vir God om vergifnis vra vir

dieselfde ding elke dag nie.

(N) Het Hy vir jou gesterf?

(R) Ja Hy het vir ons almal gesterf.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Volle gehoorsaamheid, enne liefde.... alles wat ek het moet ek aan God gee.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Mens moet, mens moet God opreg om vergifnis smeek. Ek glo maar dit is, dit is die enigste manier en mens moet werklik berou hê. Mens moet werklik berou hê om....

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Op hierdie stadium is dit baie moeilik. Ek voel ek is maar die tweede fase in die ding. Die ander mense het gesondig. Dit is hoekom die dinge gebeur het. So ekke.... op die oomblik ek moet vir u sê, ek.... ek is nog nie op daardie stadium waar ek hulle kan vergewe nie en dit is, dit is miskien maar, ek doen dit net vir my eie behoud want op hierdie stadium het ek baie dinge om te verwerk. Dit is nie maklik om hier binne te sit nie, enne ek is nog besig om die dinge te verwerk. Kyk ek weet vir 'n feit dat ek dat ek van my kant ek af iets verkeerd gedoen het, maar nou die ding is soos ek sê, in my geval daar was nie, daar was nie tyd vir dink of iets nie. Dit het so vinnig gebeur dat en 'n mens dink eers agterna.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Dominee, dit is baie moeilik, ek sal vir u sê wat eh.... ek.... ek voel God het sy eie tyd. God sal weet wanneer die tyd reg is. Ek kan nie vir God aanjaag nie, enne ek kan ook nie vir myself datums gee en sê as ek nou regtig aan God glo gaan ek die een en twintigste Desember uitstap nie. So ek voel maar net God

het sy eie tyd en God word nie aangejaag nie en God word nie voorgesê nie. Ek glo dat Hy my gaan bystaan en my help en my vergewe. Hy het my reeds vergewe, ek weet dit maar hierdie ding die res sal maar op God se tyd gebeur. Ek meen....

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Eh. Dominee kom ek sê vir jou wat. Op die oomblik sukkel ek nog 'n bietjie eh met die Ou en die Nuwe Testament. Die Ou Testament het gesê, sulke tipe van sondes het hulle uit die stad uitgevat en doodgegooi met klippe. Nou ja die nuwe wet.... die nuwe wet, die landswette sê weer anderste. Nou weer daar soos ek sê, vir my is dit nie regtig belangrik wat die menslike wette besluit nie. Vir my is wat God gaan besluit en wat God besluit het. Enne.. weereens dit is vir my baie moeilik om te sê wat gaan in die toekoms gebeur. Ek vertrou maar net op die Here, dit is al. Op mense vertrou ek glad nie.

(N) Rondom die gedagte aan 'n verskil tussen God se skuld voor Hom en voor die gereg. Voel jy nie 'n spesifieke skeidslyn nie?

(R) Ek skuld die gereg niks...

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ja dit is baie moeilik. Weet jy dat ekke.... hoe kan ek voor God onskuldig bevind word. Ek meen God is die een wat my sal skuldig bevind of onskuldig sal bevind eh... .eh bowenal of buiten skuldig bevind of goed is dit weer by God is daar vergifnis....algehele vergifnis.

(N) Met ander woorde is die vraag is dan. As ek wel voor Hom skuldig is, is dit moontlik dat ek onskuldig verklaar kan word?

(R) Ja net deur net deur God se vergifnis self, deur niemand anders nie.

(N) En vrygespreek kan word dan?

(R) Ook net deur God self.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ja ek voel, ek voel dit sal weer in werking tree. God vergewe ons vir al ons sondes, maar as ons aanhoudend dieselfde tipe van sondes doen sal Hy ons definitief.... eh sal die straf weer in werking tree.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Ek is wel bitter omdat soos wat ek sê, mens moet die agtergrond weet voor ek vir u kan sê. Ek voel bitter oor baie dinge, want ek het nie gerook buite nie, ek het nie gedrink, ek het 'n besigheid gehad. Ek was welaf. My kinders het ek goed versorg, hulle is goed versorg. My vrou was goed versorg, maar my vrou was nie nooit tevrede nie. My vrou was aan dwelms verslaaf. Sy het gedrink, sy het met ander mans.... enne deur al hierdie dinge wou ek net een ding gehad het in my lewe, enne ek het dit gevra ook vir God. Ek wou net, ek wou net, ek wou net oud word saam met my gesin, saam met my kinders, saam met my kleinkinders. Nouja soos ek sê dit was my nie beskore nie, maar eh ek sal nie kan sê wat die rede is daarvoor nie. God alleen weet die rede daarvoor.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Deur 'n vrou wat haar nie op haar plek kon hou nie.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Dis weer iets met geloof te doen. Een kerk glo, ons kerk glo dis die afwassing van sondes want jy word uit sondes gebore. Ander kerke glo weer jy moet groot gedoop word. Die klein doop is maar net eh.... amper soos 'n voorspraak.... kan ook nie presies sê wat hulle.... ja. Maar ek is klein gedoop.

(N) Maar wat beteken dit vandag vir jou?

(R) Dit beteken die afwassing van sondes. Dit is soos ek dit verstaan.

(N) Jou daaglikse lewe?

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Wel die Nagmaal is ook, is ook.... is maar amper vir my soortgelyk omdat ons maar gedurig sondes doen en elke slag ook maar weer vergifnis vra want sonde is maar iets wat aanhou. Dit is nie iets wat ophou. Nie die beste een van ons kan sê dat ons nooit weer sonde sal doen nie. Ons doen dit soms maar onbewustelik, maar sonde doen ons wel.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Daar is niks moeilik om voor God te bely nie want God sien alles. So of ek dit wil bely of nie, God het dit reeds gesien. So dit is nie vir my moeilik om te bely voor Christus nie. Ek is net ek glo natuurlik daaraan dat dit 'n persoonlike saak tussen my en God is en niks met ander mense te doen nie. Ek glo nie daaraan om voor die hele gemeente te staan en te sê ek is so goed of so sleg nie. Ek glo dit is 'n saak tussen my en my God.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Eh.... dit is vir my baie moeilik om te sê want eh.... dit hang af hoe jou verhouding met God is. As jou eie verhouding goed is met God.... en weereens dit, dit is.... vir my as iemand wil kom help hulle is baie welkom, maar as daar niemand kom nie, ek is daagliks heeldag met my God in verbinding, gaan op my knieë elke aand en die oggende bid ek, lees my Bybel in die aand. So ek en my God ons is naby aan mekaar.

**VRAELYS: RESPONDENT 2**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Dit is wanneer jy dinge doen wat jy nie aan jou gedoen wil hê nie en aan ander mense moet doen nie.... soos die tien gebooie aan jou voorskryf.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Skuld kan wees finansieël wanneer jy vir mense finansies iets by hom wil leen en jy betaal dit nie terug nie. So kan dit ook wees deur in jou geloof dinge te verwag en ook van jou eie kant iets terug te gee nie.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Christus het homself as 'n offer gegee om ons, ons sondes kwyt te skel. Met ander woorde Hy was so lief vir die mensdom dat Hy homself daarvoor gegee het.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Dat ek ook - ek moet alles vir Hom gee en Hy sal na my kyk.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Jy moet gelowig wees. Jy moet hier binne in jou hart voel dat jy nie ander te na kom, verkeerd is teenoor ander nie en jy moet nie lasterlik optree nie. Daar is baie dingetjies - ons kan baie uitbrei daaroor.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Ek het - dit het my seergemaak. Dis toe ek gesit en dink het wat het gebeur agterna. Mense wat afhanklik is van die mense wat oorlede is, en so het ek ook heel voor ek begin getuig het in die hof het ek dit meegedeel. Dit was een van die eerste dinge wat ek gesê het. Ek het gekom en gesê, ek het meegevoel met daardie mense en met die wat seergekry het, agterna wat wel nie dood is nie- vir die pyn en lyding wat hulle gehad het en waarop my advokaat toe vir my gesê het, dit is nou versagtende omstandighede, ons sal nog later daarby kom.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Vir die Here is enige iets moontlik, enige iets, en ek glo dit ook.

(N) In jou geval?

(R) EK glo Hy sal my gouer laat uitkom. Ek het vir Hom gevra nadat dit gebeur het. Van daar af het ek Hom gevra, ek is jammer daaroor, verskriklik.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Eintlik is daar nie 'n verskil nie. Maar om voor God skuldig te wees is 'n groter skuld as om voor die gereg skuldig te wees.

(N) Wil jy daarop uitbrei?

(R) Wat ek daarby sê, die gereg kan nie alles dek en almal in die hande kry om voor hulle skuldig te wees nie. Maar voor God kan jy nie dinge wegsteek nie. Jy sal skuldig wees as jy dinge gedoen het, Hy sal daarvan weet.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) God is so groot Hy sal, Hy is genadig en Hy sal weet wanneer om jou onskuldig te vind, maar as jy skuldig is, jy kan hoe skuldig wees, het jy nog daardie kans dat Hy jou onskuldig sal sien.... want Hy is 'n genadige God. Hy is nie dat Hy altyd wil, kan ek dit stel vergelding wil hê nie.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) EK glo so, ek glo so want 'n mens kan nie aangaan en dinge misbruik nie.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Ek is spyt daaroor, ek is spyt daaroor want dit is in 'n klein tydjie van my lewe vir die eerste keer dat ek rêrig verkeerd gegaan het, maar my misdaad het gekom as gevolg van 'n agtergrond wat ek deurloop het. Dis 'n militêre agtergrond wat op die ou einde van die dag dit beïnvloed het ook. Die mense, die groep van mense in die land wat my grootgemaak het. Dit is maar hoofsaaklik waar die ding vandaan gekom het.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Soos ek weer gesê het, dit kom by my opvoeding. Dit was deel van my opvoeding gewees, hoe ons sou uitgaan uit die skool, weermag toe sou gaan en waar die ANC ons vyand sou gewees het, en dit is nooit andersins reggestel nie en dit is deel van jou fondamente. Maar dit is nie te sê dat ek die swart mense - teen hulle is nie. Ek het saam met hulle grootgeword op die plaas.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Dit is dat my ouers dat my ouers op my oorgedra aan die Here, en my toevertrou aan Hom en Hy sal na my kyk daarna en ons word mos klein gedoop.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Ja ek verstaan hom nou nie so mooi daarso heeltemal nie. Laat ons hom net mooi uiteensit dan.

(N) Goed. Wat beteken die Nagmaal vir jou..

(R) In my lewe hierso?

(N) Ja.

(R) Kyk okay. Die Nagmaal wat ons in die kerk gebruik word nou nie hier gebruik nie, maar dit is nou vir my tyd wat ek nou hier deurgaan sit ek baie en dink oor..my straf wat ek gekry het vir wat ek gedoen het en baie ander dingetjies wat 'n mens wel foutiewelik opgetree het in die lewe..en dit is 'n ding wat jy kan dalks dat jy kan klaarmaak dat ek hier kan uitgaan en basies 'n nuwe pad kan beginne.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Daar is nie dinge wat ek vind wat moeilik is om voor God te bely nie. Dit is die enigste manier waar ek enige iets kan bely want ek ek glo Hy weet enige iets - alles wat met my gebeur.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ek kan wel met 'n dominee praat daar's dalk nog dinge wat ekself nie van weet nie, maar ek is 'n oop tipe mens. Ek lewe nie met alles binne in my nie.

**VRAELYS: RESPONDENT 3**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Dominee ons is almal in sonde ontvang en gebore soos die Woord leer en sonde beteken vir my om teen God te kies en teen Hom te wees.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Ons almal het skuld deurdat ons teen God gekies het, enne Jesus het vir ons daardie skuld kom wegvat sodat ons regverdig voor God kan staan.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) In die Ou Testament wys ons het met 'n onvolkome offer te doen gehad en dit moes telke male herhaal word. Jesus is die volkome offer wat eenkeer finaal ons skuld kom.. vir ons skuld geoffer is namens ons - die hele wêreld se skuld.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Dominee die Here verwag dat ons Hom sal liefhê met ons hele hart, siel en met alles wat in ons is en ons moet Sy gebooie hou en Hom dien. Dit doen ons uit dankbaarheid vir wat Jesus vir ons gedoen het.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Mens moet besef dat ons sonde gedoen het ons die Here nodig gehad het soos Johannes 15 sê " Sonder Hom kan ons niks doen nie" enne ons moet tot daardie besef kom en dan moet ons Hom dien.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Dominee ek het deur ontsettende skuldgevoelens gegaan toe ek besef wat ek aan my familie gedoen het en mense wat vir my lief was enne ek het vir 'n lang tyd geworstel tot ek dit ok vir die Here gegee het. Die Here sê Hy dink nie meer daaraan nie en my familie het my vergewe en ons het skoon begin. Ons het gesê ons skryf dit af.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGE-MAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Dominee nee ek dink baie keer die Bybel sê 'at the appointed time.' Ek glo alles is bepaal en bestem vir ons. Ek dink baie keer vergeet ons die sonde het gevolge. Hierdie is een van die gevolge van dit en die Here gaan nie daardie gevolg korter maak nie, maar Hy gee vir ons 'n nuwe begin selfs al is ons hierso.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Voor die gereg skuldig sal in elk geval teen God sonde wees want Hy sê

ons moet menslike verordeninge van die mense oor ons in gesag aangestel is, ons moet hulle ook dien en respekteer. Dit is ook sonde teen God as ons voor die gereg skuldig is.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Deur die dood van Jesus staan ons geregverdig voor God. Die bloed van Jesus was ons skoon en ons staan rein voor Hom enne as enige iemand die saak ons kom aankla voor God sal God sê die prys is reeds betaal en hy is onskuldig.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) As ons voortdurend sondig dan sal ons weg beweeg van die genade van God. Die Bybel sê hy wat volhard tot die einde sal gered word en dan is daar die voorbeeld in Openbaring wat Hy sê: geen moordenaar en geen dief en so meer sal die koninkryk van God beërwe nie. Dit is hulle wat aanhoudend en voortdurend in die sonde bly - dan is die liefde van die Here nie in hulle nie.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Jy doen..ek voel bitter, bitter spyt oor wat ek gedoen het maar ek probeer op die positiewe te konsentreer. As dit nie was vir die misdaad nie dan het ek nooit naby die Here gekom nie. Dan het ek nooit teruggekom na Hom toe nie enne baie keer laat die Here sulke gebeurtenisse toe.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Wel dominee verkeerde keuses enne omdat ek dink - ek vat volle verantwoordelikheid deurdat ek willens en wetens besluit het om verkeerd te doen.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Ons is onder die nuwe verbond, ons is onder die genade enne... dit isse die toonbeeld dat ons gereinig is in Jesus deur Sy bloed en dat ons geregverdig staan voor God.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Wel hier kan ons deel in Jesus se dood en Sy opstanding en so kan ons - dit is 'n toonbeeld van 'n nuwe lewe in Hom. Ons kan dit hier selfs al is ons in die gevangenis. Ons hoef nie buite te wees nie.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Soos die Gees van die Here my uitwys hier is 'n fout, bely ek dit en probeer ek dit reg stel en deur Sy krag en Sy genade kan 'n mens dit reg stel.

(N) Is daar geen reste oor nie.

(R) Nee ek glo nie. Ek het baie bitterheid gehad aanvanklik, maar dit het die Here my van verlos.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Op hierdie stadium is ek tevrede dat deur die Heilige Gees soos die Here dit vir my uitwys het ek alles bely voor Hom en ek is tevrede maar ek dink dit sou my baie gehelp het miskien 'n paar jaar gelede aanvanklik aan die begin dat ek dit nie self hoef te gedoen het nie.

**VRAELYS: RESPONDENT 4**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Sonde beteken vir my - is - sonde beteken vir my dit is soos as jy iets ver-

keerd doen in die oog van die Here soos om verkeerd te doen en dit..

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Skuld, skuld vir my beteken as jy 'n belofte aan iemand maak dan moet jy dit nakom. (N) Kan jy vir my iets meer sê oor die nakom van die belofte?

(R) Dit beteken as jy iemand 'n belofte maak - nee jy vertel hom jy sal hom help of soos jy nou belowe jy sal nie weer moeilikheid maak of so nie dan jy moet jou beste probeer om dit nie weer te doen nie.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dit beteken dat die Here Sy lewe vir ons gegee het om 'n bate te is om ons lewe self te geniet en op die regte pad te gaan.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Hy verwag van my ek moet my gedeelte van die kant bring en op die regte kant van die pad te is.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE**

(R) Om jou saak met die Here reg te maak - dit vat jou net om neer te gaan op jou knieë en Hom mooi te vra Hy moet jou help - Hy antwoord nie altyd - Hy gee nie jou antwoord direk vir jou terug nie. Dit vat miskien 'n rukkie voordat Hy jou antwoord vir jou terug gee, maar Hy sal jou antwoord op jou vraag wat jy gevra het.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) O K die mense geraak is wat by die misdaad betrokke is en goeters. O K ekke voel jammer oordat ek die ding teenoor hulle gedoen het. Ek, ek sal graag weer iets vir hulle wil doen om te wys ek is jammer en dit.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) O K dit is eintlik 'n moeilike vraag. Om so te sê mens kan nie - dit hang nie van die Here af of jy vinniger of stadiger is nie of - al wat jy doen, jy het 'n belofte gemaak jy wil op die regte pad kom - jy het Hom gevra. Al wat jy moet doen jy moet probeer om nie die ander mense pla of weer dieselfde ding gaan doen ander mense se goed te vat of so nie. As jy nie moeilikheid maak nie en dan jy sal dit, dit is al wat dit beteken - jy sal vroeër kan uitgaan.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Om dit so te vat vir my, ek het dit deurgegaan. Vir my voel dit dieselfde want dit wat fout gemaak het in die gereg se oë dit is tog fout in die oë van die Here gewees.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK KAN WORD?**

(R) Hy kan jou vrygespreek word oor die sonde maar jy kan nie onskuldig bevind word as al die bewyse daar is.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ja ek dink dit sal weer in werking tree as jy weer in jou lewe sondig.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) O K ek voel sleg vandag O K maar nou ek kan niks daaraan doen nie, maar

al wat ek kan doen ek kan op my knieë gaan en vir die Here vra Hy moet my help dat ek 'n beter lewe kan lewe - self probeer as ek uitgaan 'n werk te kry en met my lewe beter te begin.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) O K ek het 'n swaar lewe gehad. O K ek was in stout skole en dit van kleins af. Ek het nie saam met ouers grootgeword nie. Ek het begin moeilikheid maak en ek het uitgekom uit die skool, skool vroeg gelos, nie werk gekry nie. Toe ek begin vriende ontmoet, die vriende ding gebreek en ek het begin saam met hulle te gaan en dit.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Die betekenis van my doop is om dat die Here die sondes van my ouers afgewas het van my af om op die regte pad te kom - my die sondes te vergewe van my ouer.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) O K die Nagmaal vir my hier dit beteken. Dit is die Here, Hy het ons sondes vir ons vergewe en Hy wil hê ons moet op die regte pad loop.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) O K om so te sê as ek by my sel is, ek is enkelsel. Dit is my beter om my saak te gaan - om op my knieë te gaan in die aand en om met Hom te praat om vir Hom te vra wat moet ek doen as daar probleem is as ek nie weet wat om te doen nie. Ek gaan maar en vra vir Hom wat moet ek doen. Hy, Hy sal my die antwoord gee.

(N) Is daar nog dinge wat moeilik is?

(R) Party dinge wat vir my moeilik is. is my mense wat my nie kom sien nie. Hulle het net verdwyn, hulle het getrek en dit.

(N) Maar dinge wat jy vir die Here moet vertel. Is daar nog dinge nog dinge wat jy vir die Here ...

(R) Dinge wat moeilik is om vir die Here te vertel het vir my..Dit is nie moeilik om met die Here te praat nie. Ek maak liewers my hart oop vir die Here dan sal ek 'n beter mens.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ja dit sal my baie meer help gee om dit te doen as my dominee my kan help.

**VRAELYS: RESPONDENT 5**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Ek sal sê dit is iets wat jy verkeerd doen.. en hoofsaaklik teen die tien gebooie.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Dit is as jy iemand iets skuld. Iets wat iemand vir jou gegee het en jy dit weer aan hom terug skuld.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Hy het homself opgeoffer vir ons sondes.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Net basies jou sonde bely dan sal jy vergewe word daarvoor.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Jy moet net vergifnis vra daarvoor en jou sonde bely.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Ja nee eh.. ek is jammer daaroor.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGE-MAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Nee ek sal nie so sê nie maar dit kan wel gebeur, ek meen, maar oor die algemeen sal ek nie so sê nie.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ja nee definitief. Ek meen as jy voor God skuldig is sal ek sê God vergewe jou sonde net daar en dan jou sonde net daar en dan en as jy voor die gereg skuldig is moet jy eers jou skuld wat jy hulle skuld moet jy eers aan hulle terug betaal.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ja definitief dadelik net daar en dan.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Dit sal in werking tree maar indien jy weer vergifnis vra, Hy sal jou weer vergewe. Jy moet net werklik berou hê daaroor.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Ek is baie jammer daaroor .. ek..hoe sal ek sê. Dit is iets wat ek gepleeg het en ek is baie jammer daaroor en ek is jammer vir die mense teen wie ek dit gedoen het, maar ek het almal om verskoning gevra en ek dien tans my straf daarvoor uit.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Dit is maar net deur en deur dat ek maar net die wette van die land oortree het.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R)... Wel ek is gedoop - wat wil dit vir my beteken? Ek is gedoop, die Vader die Seun en die Heilige Gees en ek is daarvan af 'n kind van die Here.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Die Nagmaal wat ek vier met my God deur te herdenk dat Hy vir my gesterf het aan die kruis.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Nee, nee daar is nie.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ek sal daarvan hou ja ek, ek.. Hier was al dominees wat ek glo ek dit gedoen het ook, .... maar 'n mens kan altyd maar nog iemand sien en weet dat hy jou verder versterk in jou geloof en so aan.

## VRAELYS: RESPONDENT 6

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Ek sal sê, sonde beteken vir my.... dit is onreg wat jy doen aan jouself en aan die Here.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Ek sal sê skuld, skuld is ook iets eh.... wat jy oor skuldig is aan, aan, aan God, want God het Sy lewe vir ons gegee en jy skuld.... en daarom voel ek jy skuld die Here ook iets terug .

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R)Dit sê vir my dat eh .... jy moet jou lewe ook aan die Here gee. Dit het, dit.... voel ek nie jy moet jou lewe, lewe.... neem om vir die Here te gee nie. Ek voel jy moet jou siel vir die Here gee. As 'n Christen moet jy jou lewe vir die Here gee.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) (Band onduidelik)

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Ek sou sê 'n mens moet skoon lewe, jy moet reg lewe, jy moet volgens die Woord van God lewe, dan kan jy jou saak regmaak met die Here.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Aan die een kant dit benadeel my erg want ek dink baie daaraan en ek bly daaraan dink dat ek verkeerd gedoen het en dat dit nie reg was wat ek gedoen het nie en is 'n onreg wat ek aan hulle ook gedoen het. Soos ek die onreg aan hulle gedoen het so het ek die onreg aan die Here ook gedoen.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGE-MAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Ek sal nie sê dat 'n mens kan verwag om gouer uit die gevangenis sal kom nie, maar dit gaan van jou 'n baie beter mens wees vir die dag as jy uit die gevangenis kom.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ek sal sê jou.. jou.. dit is vir jou erger om voor God skuldig te wees as wat jy voor die gereg gaan skuldig wees.

(N) Kan jy uitbrei?

(R) Want hoe ek voel as jy teen God skuldig is kan die Here jou baie swaarder straf as wat die gereg jou kan straf. Vir die gereg kan hy jou as lewendige mens kan hy jou nog swaar laat kry, maar die dag as jy bo in die hemel moet kom dan..dis. dis waar jou..hoe kan ek sê.. waar die gereg jou eintlik rêrig gaan vas vat. Of jy na die hemel toe gaan of jy na die hel toe gaan ek voel God kan jou swaarder straf as wat die gereg jou kan straf.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ek sou sê as ek voel as 'n mens rêrig diep in 'n mens se saak ingaan - want

as ek voel volgens my saak waaroor ek gestraf is en dit, voel ek dis baie onregverdig teenoor my - het die gereg baie onregverdig teenoor my opgetree. So aan die anderkant voel ek as ek weer my saak voor God kon reg gestel het en voor Hom in 'n hofsaak kon gestaan het en Hy sou beter geluister het en beter verstaan het wat ek glo wat Hy definitief sou gedoen het sou ek baie minder jare minder vonnis gekry het, of hoe kan ek sê, baie ligter straf gekry het.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ja nee ek glo definitief die straf sou in werking getree het as ek weer sondig in my lewe vorentoe. En as ek geweet het wat ek nou weet sal ek nooit in my lewe weer sonde doen teenoor God of teenoor enige medemens van my nie.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Man dit ontstel my verskriklik baie. Ek kan nou nog nie.. van die dade waar-voor hulle my aangekla het kan ek nou nog nie kleinkry of dit waar is en of dit nie waar is. dit ontstel my verskriklik baie. Ek kan nou nog nie dink oor die een aanklagte wat oor my gedien is nie. So dis vir my baie moeilik om dit te aanvaar.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Ek sou sê ek het my.. die groot rede wat dit is - ek, ek, my saak met God was nie reg gewees nie. Dit was definitief- daar was 'n tekortkoming gewees in my geestelike werk. As ek sê aan my geestelike werk sou ek sê ek het - op 'n stadium het dit goed gegaan met my. Toe het ek gedink ek het die Here nie meer nodig in my lewe nie. Omdat dit goed gaan - as ek nou praat van goed gaan dan praat ek van finansieel het dit goed gegaan.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Ek sou sê vir my doop het ek.... is eh.... dat ek as kind aangeneem is vir die Here, dat ek 'n kind is van die Here.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Dit is eintlik baie moeilik om te sê. Op die stadium wat ek kan sê van die Nagmaal wat die Nagmaal vir my beteken in die gevangenis kan ek nie eintlik sê nie. Want ons het nog nooit Nagmaal in die gevangenis gehad nie, so dit is baie moeilik om te sê wat dit op die stadium vir my hier beteken.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Ja ek sou sê daar is definitief want ek het al - voorheen al het ek dit met mense bespreek en dit is - omrede die dinge waaroor ek aangekla is, is vir my baie moeilik om dit nog te aanvaar en dit. So die dinges wat my baie moeilik vind om voor God te doen. Ek sukkel op die stadium geweldig om my gebede reg te doen voor God. Ek voel ek doen dit nie reg nie.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ja, dit sal definitief.

**VRAELYS: RESPONDENT 7**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Sonde vir my is absoluut 'n vuil lewe. Jy is vol sonde. Niks is reg in jou lewe nie. Dan het jy ook nie die vrymoedigheid om na God toe te gaan nie, want as jy in sonde lewe.. jy kan nie God en Mammon aanbid nie. So dan aanbid jy die sonde. Dit is vir my verkeerd.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Skuld beteken ook vir my - dit is soos 'n sondeskuld wat jy het. Jy moet ehm.. werklik..skoonmaak wat jy daardie skuldlas wat jy op jou dra want jy weet mos jy het verkeerd gedoen aan iemand en jy moet gaan regmaak met daardie

persoon. Jy moet regmaak met God en dan moet jy ook jouself vergewe. Dan is daardie sonde en skuldlas mos van 'n mens af.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dit sê vir my..Die offer wat ons in die Ou Testament lees is mense wat goed gaan offer het op die brandstapel. Maar die ander ene wat ons lees wat Christus Homself geoffer het vir ons, Hy het geen sonde gehad nie. Hy het op hierdie aarde beweeg, Hy was skoon, Hy het aan die kruis gesterf vir my en almal se sondes.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Wat die Here van my verwag dat ek my lewe voor Hom bely, my sondes voor Hom bely. Ek moet na ander mense toe gaan wat ek kwaad aangedoen het, ek moet gaan bely by hulle en dan moet ek by myself bely en myself vergewe, want as God my vergewe gaan die ander my vergewe en dan moet ek myself ook vergewe.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Wat moet gebeur is: Die Heilige Gees - ons kan dit nie doen nie, maar die Heilige Gees kom praat met jou en dan moet jy op jou knieë gaan en jy moet bely eń skoonmaak. Ons moet nie wegsteek nie.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Dit gee my so 'n skuldgevoel. Ek het soveel berou. Ek kan vir geen mens op hierdie aarde vertel van die berou wat ek het nie. Maar as ek werklik 'n kind van die Here was dan die tyd sou so iets nie gebeur het nie. Maar ek was nie.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Nee dan loop die Here 'n pad met ons hier binne. Ons kan nie verwag dat die Here vir ons daardie deure in 'n oogwink kan oopmaak nie. Ons het verkeerd gedoen, daar is 'n straf op ons gelê. Dit is soos ek dit sien, en ons moet daardie straf uitdien, en ons moet luister vir die owerhede.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ja daar sal 'n baie groot verskil wees, want God is hoog. Hy is baie hoog verhewe bo almal en ons moet eendag voor Hom gaan buig. Ons moet gaan ons knie buig en ons moet Hom bely. Maar voor die mens is 'n aardse regter, en hulle is nie altyd reg nie, maar God is altyd reg en Hy is nie 'n God wat lieg nie.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Hier op aarde het ons 'n geleentheid om reg te maak met God. Dan sal Hy ons vryspreek en ons skoon was. Dan moet ons reg lewe. Maar ek glo nie as jy die dag dood is kan jy verwag om uit die graf uit vrygespreek te word voor God.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Nee God hou nie iets teen ons nie, maar Hy sal ons - van vooraf sal jy gestraf word. Hy is 'n God van liefde. As Hy eenmaal jou sonde vergewe het en jy sal vir Hom weer keer bid en sê : Here vergewe my daardie sonde sal Hy vir jou sê : My kind waarvan praat jy. Maar ons moet nie aanhou sondig nie.

## *6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF

### *6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?

(R) Ek voel verskriklik sleg daaroor. Ek voel treurig. Ek het vuil gevoel. Ek het nie woorde om myself te beskryf nie. Dit is so vernederend om in die hof te staan. Dit is so vernederend om met hierdie hoflorrie hof toe te gaan. Almal sien jou agterin sit op hierdie ouderdom. Nee dit is verskriklik.

### *6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?

(R) Dit is 'n moeilike vraag vir my om hom te antwoord, maar daar is somtyds dinge wat druk op 'n mens. Jy staan, jy is moeder alleen, partykeer het jy 'n man wat drink. Die eise op 'n mens is somtyds te groot en dan doen jy iets wat jy nie moet doen nie. Dit is eintlik bitter moeilik. Ek kan 'n boek skryf. Oor daardie vraag kan ek 'n boek skryf.

## *7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE

### *7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?

(R) Die betekenis van die doop is dat jou ouers belowe plegtig daar voor die Here dat hulle jou na Sy weë gaan grootmaak, wat hulle wel gedoen het. Hulle het my grootgemaak na God se weë, maar toe ek groot was het ek daardie beloftes wat hulle vir God gemaak het vergeet want ek het self as 'n moeder met my kinders voor die kansel gaan staan. En ek het self beloftes aan God gemaak en ek het die beloftes wat my ouers gemaak het, het ek verbreek. ( baie aangedaan)

### *7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?

(R) Baie, baie want.. gee regmaak met God want jy kan met Hom praat en vir Hom sê : Here ek is so jammer. Al kan jy vir Hom tienduisend keer op 'n dag vir Hom sê jy is jammer, Hy word nie moeg daarvoor nie. ( Respondent was regdeur die beantwoording van die vraag baie aangedaan en bars uiteindelik uit in trane. Ruimte is gegee voor dat die volgende vraag gestel is)

*8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS

*8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?

(R) Nee. Jy vind nie moeilik nie, maar daar kom nog dinge partykeer op by jou wat jy dink daar was 'n fout, daar was 'n fout, en dan maak ek onmiddellik met God reg. Ek maak onmiddellik, ek wag nie vir 'n minuut nie. Ek klim van my bed af en ek gaan op my knieë en ek vra vir die Here so jammer en dan maak ek met Hom reg.

*8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?

(R) Ja dit was vir ons. Hulle het vir ons hier binne gehelp. Ja dit is van baie waarde. Dit is. Maar dit is ook wonderlik as jy self met God kan kommunikeer. Ek voel jy moet eers vir jouself bid en dan kan jy vir 'n ander sê : Bid saam met my. Ander kan mos nie vir jou, jou sonde laat vergewe nie. Jy moet self met God kommunikeer.

VRAELYS: RESPONDENT 8

*1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.

*1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?

(R) Sonde.. dit is iets wat jy doen wat die tien gebooie vir jou sê jy mag nie doen nie.

*1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?

(R) My skuldgevoelens of..?

(N) Kom ek lees hom weer. (vraag word verbatim herhaal)

(R) Skuld dit.. ehm.. As jy iemand iets skuld. Dis nie reg nie, en en jy moet probeer om dit reg te maak. Dit wat jy skuld moet jy probeer om reg te maak.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dat Hy homself geoffer het vir ons sondes sodat ons sondes vergewe kan word.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Om ook mense te vergewe wat sondes doen en wat iets wat iets met jou sleg doen moet jy ook vergewe net soos Hy ons ook vergewe het daarvoor.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Met algehele oorgawe moet Hom dien en Hom prys vir alles wat Hy aan jou gedoen het.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Wanneer ek dink aan my kinders dan het ek 'n verskriklike skuldgevoel. Ek voel hulle is baie ontwrig deur my storie. Waar ons altyd 'n standvastige huisgesin was moes elkeen nou sy eie koers inslaan en dit het baie hartseer gebring en dinge.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Ehm.. Nee ek glo nie regtig nie 'n mens kan dit van die Here verwag nie. 'n Mens hoop so en jy glo , jy glo laat Hy maar ek glo die Here het 'n tyd met jou. En as Hy voel jy is reg dan sal Hy jou uitlaat.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ehm.. jaa. Ek dink tog in 'n mate so want ehm die Here vergewe jou sondes en jy gaan na Hom toe en jy vra dit vir Hom en Hy vergewe jou wat jy gedoen het. Maar die gereg hulle behandel jou te klinies. Hulle's nie om jou te vergewe vir wat jy gedoen het nie.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ehm... Sal u net weer die vraag vir my herhaal asseblief.

(N) (Vraag word verbatim herhaal)

(R) Ja God kan jou vryspreek van jou sondes maar jy is tog skuldig aan dit wat jy gedoen het maar as ek weer sê, die Here kan jou vergewe vir wat jy gedoen het, maar jy kan nie onskuldig daar staan terwyl jy weet dat jy is skuldig aan dit wat jy gedoen het nie.

(N) Die tweede deel maar net weer. Kan ek van God se straf vrygespreek word?

(R) Ja ek glo God kan jou vryspreek maar..'n mens moet tog as jy iets verkeerd gedoen het moet God jou tog straf, laat jy kan weet wat jy gedoen het dat jy dit nie weer kan of moet doen nie.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Jaa.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Ek, ek het nou die dag aan iemand gesê: My straf is nie vir my so groot om hier te sit nie, maar my selfverwyt, dit vreet my van binne af. Ek kan nie genoeg vra dat ek vergewe word vir wat ek gedoen het nie want dit is vir my verskriklik my selfverwyt.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Eerste plek is my man lank sonder werk gewees, maar dit verontskuldig my nog steeds nie waarom ek dit gedoen het nie en ek het gedog dit is dalk al uitkoms wat daar is maar dit was nie regtig 'n uitkoms nie.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Dit is 'n heilige instelling van God en die doop beteken vir my baie want deur die doop het Hy jou vrygespreek van jou sondes.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Ja dit is ook 'n instelling van God. Dit is ook jy moet jou sondes bely as jy jou Nagmaal gebruik en dit het 'n groot betekenis in die Nagmaal.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Dit is nie vir my moeilik nie. Dit is net ek is skaam. Ek is skaam oor alles wat ek gedoen het. Ek wil nie net elke keer vir die Here vra: Here vergewe my nie. Want ek glo in my hart het Hy my al vergewe. Maar ek voel skaam. Ek voel skaam voor Hom.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ja ek dink 'n mens het 'n behoefte daaraan. Ek dink regtig 'n mens het behoefte om met enige predikant of iemand te praat en daar is soveel emosies wat jy moet opkrop en jy kan nie altyd uiting gee aan alles nie. En dit is vir my baie, baie belangrik om met enige predikant te praat daaroor

**VRAELYS: RESPONDENT 9**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Sonde is dit wat ek leer wat die woord van die Here vir my sê wat sonde is.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) .......Skuld beteken dit wat ek verkeerd gedoen het. Dis skuld, die verkeerde dade wat ek doen.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dat die Here vir my gesterf het, vir my sonde. So die feit dat Hy vir ons gesterf het beteken dat ons - Hy het ons skoon gewas met Sy bloed. So as ek my sondes bely is daar vir my 'n kans om eendag in die koninkryk van die Here te wees.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Om my lewe te lei soos wat Hy dit vir ons in sy Woord sê.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Ek moet die Here in my hart inneem, vir Jesus, die Heilige Gees, volkome

Hom in my hart inlaat dat Hy die werk doen en vir my die pad wys.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Dit maak my baie hartseer ehm..veral my man en my kinders. Hulle ly nou baie as gevolg van my dade. Ehm, 'n mens voel magteloos jy kan niks nou daar omtrent doen nie.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGE-MAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) EK glo dit is moontlik maar 'n mens moet die Here toelaat. Hy het Sy eie tyd waarop Hy dinge doen. So jy moet wag vir Sy tyd. As Sy tyd reg is sal Hy dit laat doen.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ehm. Ja daar is 'n verskil. As jy skuldig is voor God en jy bely jou sondes dan vergewe Hy jou onvoorwaardelik. Maar waar dit by die Reg kom moet jy gestraf word en jy moet.. As hulle vir jou sê ses jaar, dan moet jy jou ses jaar doen. By die Here is dit onmiddellik verby. Hy vergewe dadelik.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) ....As ek voor die Here staan met my lewe wat vol sonde is?

(N) (Dit kom voor dat die vraag se inhoud te veel is vir die respondent om dade-lik te snap. Die vraag word derhalwe stadig met beklemtonings herhaal)

(R) As 'n mens jou sonde voor Hom bely en hom vra om jou te vergewe dan sal

Hy 'n mens vergewe. Maar jy moet jou sonde voor Hom bely en daarna met jou dade met jou lewe wys lat jou lewe verander het. Dan sal Hy jou vryspreek van die sondes.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Nee, Hy vergewe onvoorwaardelik. Hy sê ook in sy woord: Al was jy skarlaken rooi Ek sal jou sondes wit maak.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) ...Ek voel skuldig daaroor. Ek sal enige iets moontlik doen om dit te kon reg te maak wat verkeerd is, maar ek kan nie. Ek kan niks daaromtrent doen nie. Ek kan niks aan die verlede verander nie, maar ek kan baie aan die toekoms doen. Dis wat belangrik is.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Ek het my familie probeer help. Ek het gedink ek kon dinge vir hulle makliker maak. Op die ou einde het ek net my man en my kinders benadeel daardeur.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Ek weet nie. Ehm...

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Ek kan ook nie daardie ene nou hier antwoord nie.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Op hierdie stadium is ek baie bitter teenoor my skoonfamilie My ma-hulle en al daardie mense wat eintlik basies die oorsaak is dat ek hier is. Maar ek glo

met tyd sal ek ook dit kan verwerk.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ja baie beslis. Daar is baie antwoorde in die Bybel soos met Nagmaal soos met doop, ehm baie dinge wat ek nog nie verstaan nie. Jy weet mens lees, jy verstaan nie ten volle nie.

**VRAELYS: RESPONDENT 10**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Ehm.... Ek sal sê sonde beteken om teen die wil van die Here in te gaan, en alles wat jy doen en wat jy vanself voel is nie heeltemal reg nie, dit is sonde.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Skuld is iets wat jy moet betaal soos as jy 'n sonde gepleeg het soos in hierdie geval waar jy heeltemal verkeerd was moet jy jou skuld betaal deur in die tronk te kom sit Jou skuld moet jy voor die gemeenskap ook betaal en nie net voor die Here alleen nie.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Ehm, dat Christus homself as offer gegee het om namens ons ons skuld te betaal...

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) ..... Ek sou sê dat ehm, ons vergifnis moet vra vir ons sondes en aanvaar dat ons vergewe sal word daarvoor...

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Ehm.. ek sal dink jy moet van binne af self voel dat jy 'n kind van die Here is.. Niemand anders kan jou oortuig of jou wysmaak dat jy in die Here glo nie. Dit is iets wat jy vanself van binne af weet...

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Dit raak my geweldig in die sin van, ek voel skuldig teenoor hulle.. In my misdaad is dit basies my man en my kind wat daardeur geraak is.. en ek dink dit is 'n onreg wat ek teenoor hulle gedoen het , dat hulle meer betaal vir wat ek gedoen het as wat ekself daarvoor betaal.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Nee. Ek sou nie so dink nie want ek sou sê die Here het 'n doel met die tyd wat jy hier deurbring.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ehm.. ja ek dink daar is 'n verskil. Daar is baie dinge wat 'n mens doen wat jy vergifnis by God voor moet vra en wat nie noodwendig 'n misdaad in die oë van die gemeenskap is nie.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ja, ek dink dit is moontlik want as jy vergifnis van God vra aanvaar jy dat jy

dit sal ontvang.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Nee ek glo nie so nie. Voor God is elke sonde 'n sonde op sy eie en word jy nie gestraf vir sondes waarvoor jy reeds vergewe is nie.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Baie spyt. Teleurgesteld in myself....

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Ek dink in my geval was dit maar ehm.... kwessie van moedswilligheid.. Ek het nie regtig 'n rede gehad hoekom ek bedrog gepleeg het nie. Dit is iets waarin ek net beland het. Dit is nie dat ek rêrig die geld nodig gehad het nie.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) ...Ehm dit beteken vir my dat ek as kind gedoop was... Dat dit 'n belofte van die Here was dat ek vergewe sal word vir my sondes indien ek volgens die Here se wil lewe.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Ehm. Hier het ek nog nooit Nagmaal gehad nie. Buitekant het dit vir my beteken dit: Elke keer dat ek Nagmaal gebruik dat dit ook 'n soort vergifnis is vir sondes.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Nee. Nie meer nie. Vandat ek hier sit het ek nader aan God gekom en

gesels ek makliker met God.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ehm. Op 'n vroeër stadium ja, maar hier het ek geleer om dit self te doen omdat ek geen - in die hele tyd dat ek hier is geen geestelike hulp gekry nie.

**VRAELYS: RESPONDENT 11**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Wel vir my is dit as jy teen God en jou naaste sondig, teen hulle oortree.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Vir my gaan sonde en skuld hand aan hand. Dit is twee dinge wat dieselfde gaan. Dis, kan eintlik nie afskeid maak van die twee nie.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dat Hy vir ons sondes gesterf het. Dat ons sondes wat ons nou pleeg versoen is, verlos deur Sy kruisiging aan die kruis. Hy het vir ons sondes kom sterwe.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Om die regte pad te loop om my naaste lief te hê. Om my so te lewe volgens Sy wil wat Hy wil hê ons moet lewe, nie volgens die Satan nie maar volgens wat Hy wil hê ons moet lewe.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Wel volgens my saak ek het vergifnis gevra. Ek het myself vergewe vir wat ek gedoen het. Ek weet die Here het my ook vergewe vir wat ek gedoen het.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Ek voel rêrig skuldig vir wat ek gedoen het, so 'n onverantwoordelike daad wat ek gedoen het. Kan nie nou teruggaan en die ding verander nie. Al wat ons nou kan doen is ons kan vorentoe te gaan en ons kan mekaar vergewe.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Ja hy kan. As jy die regte pad loop volgens wat jy moet loop, maak nie moeilikheid hier binne nie en jou lewe is reg met die Here en jy is op die regte pad, dan kan jy vroeër hier uit kom. Alles is moontlik met Hom.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ja om voor God skuldig te wees jy is voor die almagtige skuldig. Die gereg is mense. Volgens hulle is almal skuldig. Voor die mense almal sal jou die ding wat jy gedoen het teen jou hou. Jesus vergewe jou daarvoor. As jy voor Hom versoening gevra het, het hy jou vergewe, maar mense hou dit altyd teen jou. As jy in 'n - kom ek vat 'n voorbeeld van my eie opinie. My skoonsuster hou dit altyd teen my as sy in 'n argument met my ma betrokke raak dan gooi hulle ja ek is in die tronk vir moord en al daai dinge.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) In die Bybel staan: Kom na My toe en vra om vergifnis en sal vir jou gegee word. Só - as jy na Jesus toe gaan en Hom om vergifnis vra vir wat jy gedoen het sal Hy jou vergewe vir wat jy gedoen het want die Seun is afgestuur na die aarde toe om te sterwe vir ons sondes. So ek is positief jy sal vergewe kan word.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ek sê ja...

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Wel baie sleg. Soos ek gesê het, wat ek gedoen het was een dom ding gewees en ek kan nie nou teruggaan en dit verander nie. Maar soos ek sien hoe die mense buite is, weet ek het hulle seergemaak, ek het God seergemaak en daar is niks wat ek daaraan kan doen nie. Ek moet my straf uitdien en dit vat soos 'n man.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Ehm..deel te wees van groeppressure buite. Om deel te wees te wees van die sogenaamde kliek wat daarbuite was...

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Dat jy aanvaar dat God jou gedoop het. Dat jy deel van God se mense is en deel van Sy kinders.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Hier vir my beteken dit nog steeds wat dit vir die mense buite beteken. Vir my die brood is God se lewe wat Hy aan die kruis gesterf het en die wyn is vir Sy bloed wat Hy gestort het om ons vry te maak van die sonde.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Nee - my saak het ek reggemaak. As ek bid praat ek met die Here en op Sy tyd, soos Hy sê Hy het Sy eie tyd waarop Hy antwoorde gee en volgens die vyf jaar wat ek beleef het Hy antwoorde gegee.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ja dit sou baie gehelp het. Hier is baie drukking en spanning hier binne. Mense wat jou uittart en dit. Dit sal baie help as jy 'n dominee het.

**VRAELYS: RESPONDENT 12**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Die woord sonde vir my? Dit is verkeerde dinge, dit wat 'n mens doen in die lewe en verkeerde besluite wat 'n mens neem in jou lewe.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Die woord skuld vir my sal beteken iets.. iets wat jy iemand skuld.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dit is baie groot. Dit is baie groot betekenis vir my dat daar vir ons gepleit is by die Vader. Dat Christus vir ons gepleit het om genade. Dat Hy bereid was om Sy lewe op te gee om vir ons nog 'n kans tot die ewige lewe te kan gee.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Om jouself te bekeer, en te lewe soos wat die Woord sê jy moet lewe om 'n kind van God te wees.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) Jy moet bely, jy moet jou sonde bely.. en die Here Jesus Christus aanvaar as ons Verlosser.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) Dit raak my verskriklik dominee. Ek het 'n groot fout begaan in my lewe. Om iemand se lewe weg te vat ek dink was een van die grootste foute wat ek in my hele lewe begaan het. Is dit is hartroerend veral as ek aan my eie dogtertjie dink. Hoe sal sy voel as iemand haar vader van haar af weg moet neem. In elk geval wie gee my die reg om in die eerste plek iemand se lewe te neem. Dit is hartseer, baie hartseer.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Ek sal sê dit is verkeerd om dit van die Here te verwag. Soos ek gesê het, die Here het 'n doel met alles in die lewe. Dinge sal kom soos wat Sy wil geskied, nie soos ons wil geskied nie. Ons kan die Here nie net wil gebruik soos wat ons wil nie. Hy het 'n doel met alles in die lewe.

**4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Skuldig is in 'n ding is jy skuldig. Of dit voor God is, as jy verkeerd gedoen voor God dan, want God sê tog in die Woord ok jy moet die wette van die regering en die leier die leierende party, jy moet dit gehoorsaam.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) ( Respondent vra dat die vraag herhaal word)

(R) Ja dit is moontlik. Niks is onmoontlik met God, met God se wil nie. Hy is die skepper van die mens in die eerste plek in elk geval.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ja as jy nie bely daarvoor nie. Die woord sê as jy gesondig het en jy bely dadelik, dan sal God jou weer vergewe vir die, vir die sonde wat jy gepleeg het, maar as jy nie bely dadelik vir die sonde wat jy gepleeg het nie glo ek God se straf sal in werking tree. Hy sê ook, jy moenie sondig vir 'n ding-jy moenie 'n ding doen wat jy weet wat verkeerd is nie, want dit is 'n groot sonde in God se oog ook. Dit is hoekom ek sê: as jy dadelik bely na die sonde glo ek God sal jou vergewe vir daardie sonde.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Baie skuldig. Ek voel ek het verkeerd gedoen, was verkeerd gewees.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) My opvoeding. Apartheid. Dit is wat my gebring het waar ek vandag is dominee.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) ....Betekenis van my doop? Ek is die anderdag gedoop.. Dominee het my vas daar. Ek sal terugkom op daardie antwoord dominee.

*7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?

(R) EK het nog nie Nagmaal gehad hier nie dominee.....Nee.

*8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS

*8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?

(R) Soos ek sê, om as hergebore Christen te wees moet jy alles voor God bely. So nie een van ons kan sê ons is 'n Christen as ons nie almal bely het nie. Jy moet ieder en elke ding wat verkeerd is in jou lewe moet jy bely. So dit is..Ek glo nie dit is moeilik om voor God te bely nie want God is 'n liefdevolle God, 'n vergewende God. God is groot, God is groot, baie groot en Hy vergewe alles en almal wat bely.

*8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?

(R) Ja verskriklik. Ja. Dit is een van die wonderlikste gevoelle wat jy kan kry. Jy voel of alles van jou skouers af is. Jy voel of die hele wêreld van jou skouers af is.

**VRAELYS: RESPONDENT 13**

*1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.

*1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?

(R) Dis als wat ons verkeerd doen. Wat die Bybel vir jou sê. Wat die Bybel vir jou sê jy doen verkeerd. Wat jy in jou hart weet is verkeerd. As jy voel iets is verkeerd, dan weet jy mos dis verkeerd. Dit is sonde

*1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?

(R) Skuld? Daar is baie skuld. Jy kan geld skulde hê. Jy kan skuldgevoel hê. So.... Ehm.... Dis al wat ek kan dink aan skuld.

*2 **DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

*2.1 **IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dat Hy gesterf het vir ons sondes.

*2.2 **WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) ..Om te probeer lewe soos wat Hy gelewe het. 'nHm. Om sonder sonde te lewe.

*3 **DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

*3.1 **WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK.**

(R) Wedergebore word. Ehm... jouself bekeer..enne, so goed as jy kan leef volgens die Bybel.

*3.2 **HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) ..Sjoe, ehm.... moeilike een. Ek isse... Jy het 'n skuldgevoel. Jy dink baie daaraan, veral in 'n tyd en plek soos hierdie. Jy is baie opgesluit in 'n klein hokkie. So jy het baie tyd om te dink en jy dink gereeld daaraan en natuurlik jy voel nie gelukkig daaroor nie en jy weet dis verkeerd gewees. En dan is daar natuurlik - daar is baie mense wat ly onder die dinge. My familie ly daar onder. Dit is nie net ek alleen nie. My familie, my susters en broers wat daaronder ly. So daar is baie mense wat ly onder die verkeerde keuse wat ek gemaak het.

*3.3 **WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGE-MAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Mm -nee hy kan nie van Hom verwag nie, maar-e ja dit is moontlik. Wonderwerke gebeur en as jou geloof sterk genoeg is, is dit moontlik.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Moeilik.. Ehm die Bybel sê vir jou jy moet die wet gehoorsaam..so..ehm daar is nie 'n verskil nie.. want ehm jy moet beide gehoorsaam wees....ehm.. ek dink die, die wet vind jou skuldig, maar God kan jou vergewe. So jou onskuld is, is nou klaar, Hy het klaar gesterf vir jou sondes. Jou onskuld is klaar...

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ja dit kan. Want Hy, Hy het, het reeds gesterf vir ons sondes. Is nie te sê jy moet nou uitgaan en jy kan nou net gaan misdaad pleeg en sonde pleeg nie, maar as jy jouself bekeer het en jy glo, en ja dan kan jy vrygespreek word.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ja. Dit sal definitief weer want uh ek het myself bekeer en ek het geweet dit is fouteer en gaan maak dieselfde foute oor en oor. Ehm....Hy kan nie aanhou vergewe nie maar.. ehm... as jy bid om vergifnis sal hy weer vergewe ja.

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Natuurlik is ek nie gelukkig daaroor nie. Soos ek reeds gesê het, daar is baie mense wat daar onder gely het. Nie net die oorledene se familie nie, my eie familie. Ehm..dit is iets wat altyd by 'n mens sal bly. Sal dit nooit vergeet nie. En ja dit hinder my baie terwyl jy hier binne is. Jou gewete pla jou. Enne.. jy wens jy kon die wiel teruggedraai het maar jy kan nie. Dis iets wat gebeur het in die lewe en jy moet dit aanvaar. Jy moet probeer daarmee te deel die beste wat jy kan.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Die grootste rede was alkoholisme. Ek was 'n alkoholis buite. Ek het te baie gedrink. Drank was misbruik in my huis. Toe ek jonk was, was drank nog altyd in die huis. Ek het 'n alkoholis geword. Enne ek kan nie sê - ek kan nie altyd die drank die skuld gee nie. Dit was grotendeels die oorsaak. van my misdaad.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) Dit moet skoon gewas wees van die sonde..

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Ehm... Ek het eenkeer Nagmaal bygewoon hierso, so ek kan nie baie sê nie. Ek het nie, ek weet nie. Ek het nie baie groot betekenis daarvan nie. Buite was ek nie iemand wat eintlik kerk toe gegaan het nie. Dit is maar hier binne wat jy begin jou Bybel lees. Wat gaan aan ja. So as ek eerlik is ten spyte, dit was baie min dat ek kerk toe gegaan het.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) ...Ja..ja en nee, dis maar, ek glo ja. Ehm jy weet nie. Jy weet nooit of jy rêrig vergewe is vir die fout wat jy gemaak het vir die sonde en die misdaad wat jy gepleeg het nie. En jy twyfel. Enne, ek dink dis twyfel van geloof. Hu ek sal maar sê my geloof is nog nie sterk genoeg nie.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Definitief ja.

*VRAELYS: RESPONDENT 14

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Basies sou ek sê dit is wat jy doen wat teen God se wil is.

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) As jy 'n kind van die Here is dan het jy gewoonlik 'n skuldgevoel as jy iets verkeerd gedoen het en dit is wat skuld vir my beteken.

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dat Christus basies Homself in ons plek geoffer het en dat daaroor kan ons vergewe word maak nie saak wat ons doen nie. As ons rêrig berou het daaroor dan sal God ons vergewe.

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Die Here verwag dan van jou dat jy Hom sal loof en prys as jou redder en verlosser.

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R) ... Jy moet 'n besluit neem dat jy wil vir die Here leef en jy moet die Here vra om die Heilige Gees aan jou aan jou te skenk sodat jy, Dat Hy in jou kan lei in alles wat jy doen in die lewe.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) ..Ek het 'n probleem hier. Ek is nie skuldig aan hierdie moord nie.

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGEMAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Nee ek dink nie. Die Here, jou saak met die Here is 'n persoonlike saak. As jy jou saak met die Here uitgemaak het en die Here sê dan Hy het jou vergewe is dit nog steeds Sy wil wat Hy dan doen as dit dan - jy kan sekerlik Hom dan vra om jou te help, maar op die end van die dag moet dit nog steeds Sy wil wees. Hy kan jou hê vir 'n ander rede om dalk iemand anders te lei.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Dit hang seker maar af of die gereg in God se woord glo. Ek kan nie vir jou die vraag antwoord nie dit is vir my baie moeilik want as jy mense leed aandoen is dit om God leed aan te doen want elke mens is na Sy beeld geskape.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Die Here sê dat as jy opregte berou het oor jou sonde en jy vra vir leiding en jy vra Hom om jou te vergewe dat Hy dit wel sal doen. Of God jou nog steeds gaan straf weet ek nie.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Ek dink ons is almal mense en ons almal maak foute en partykeer maak jy - almal maak meer as een fout in hulle lewe en almal leef nie noodwendig reg nie, maar die Here sê dat jy moet- as jy Hom om vergifnis vra dan sal Hy jou vergewe. Jy moet berou hê maar jy moet ôk nie vanaand sê ek is jammer ek het vanoggend gesteel en môreoggend dieselfde ding doen nie. Jy moet probeer

om jou lewe reg te hê anders kan - ek dink nie jy kan die Here vra om te vergewe nie want jy probeer nie - jy wil nie jou kant bring nie

***6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Wel ek het al baie dinge in my lewe verkeerd gedoen en ek weet dit, maar ek weet nie wie het hierdie moord gepleeg nie.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Dit is min of meer maklik. Ek het nie ore aan my kop gehad nie. Nee wel ek het my in 'n posisie bevind met mense wat ek vertrou het en geglo het en basies het hulle my mooi opgestel om vir iets te vra wat ek nie gedoen het nie om hulleself vry te spreek.

***7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) As jy gedoop word - wel beteken vir my dat ek is van kleintyd in die Here se sorg geplaas en dat Hy ten spyte van alles omsien na my.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Die Nagmaal is 'n kans vir ons almal hier om ons geloof te versterk en dis tekens dat die Here het vir my sondes aan die kruis gesterf en dat Hy - en dit is net 'n versekering vir my die Here is wel daar en dat Hy wel vir my sondes gesterf het en as ek berou het daaroor kan Hy, sal Hy vergewe.

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Nee nie rêrig nie.

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ja ek dink.. party mense is - vir my persoonlik is dit 'n persoonlike saak en en dit is my en die Here se saak en ek praat dit uit met Hom.

***VRAELYS: RESPONDENT 15**

***1 PERSPEKTIEF OP DIE BEGRIPPE SONDE EN SKULD.**

***1.1 WAT BETEKEN DIE WOORD SONDE VIR JOU?**

(R) Dit is vir my 'n baie vinnige een wat jy my nou vra. Dit is fout wat ek gemaak het....Ek het vergifnis daarvoor gevra..

***1.2 WAT BETEKEN DIE WOORD SKULD VIR JOU?**

(R) Dit is vir my baie dieselfde as vorige. Ek het skuld gehad nie maar ek het vandat ek hier binne is besef, vandat my moeilikheid begin het, het ek besef.. ek dink ek het my lewe het verander..

***2 DIE BETEKENIS VAN DIE OFFER IN DIE BYBEL**

***2.1 IN DIE OU TESTAMENT LEES ONS VAN DIE OFFER. IN DIE NUWE TESTAMENT LEES ONS DAT CHRISTUS HOMSELF AS 'N OFFER GEGEE HET. WAT SÊ DIT VIR JOU?**

(R) Dat Hy vir ons, vir ons sondes versoening gedoen het waardeur ons vergewe sal word...

(N) Wat sê dit spesifiek vir jou?

(R) Dat ek my lewe sal moet regmaak vorentoe,... my sonde bely en vorentoe reg lewe en Hom ken...

***2.2 WAT VERWAG DIE HERE DAN VAN JOU?**

(R) Dat ek wat ek gesê het daarvolgens leef en nie net praat nie maar dit werklik moet uitleef...nie net vertoon...

***3 DIE VERLENING VAN VERGIFNIS**

***3.1 WAT MOET IN 'N MENS GEBEUR OM JOU SAAK MET DIE HERE REG TE MAAK?**

(R)....(Sug) Jy moet besef en jou skuld erken en jy moet vra..reguit vra en 'n reguit pad loop,. en dan sal die Here help.

(N) Op watter wyse sal Hy help? Wil jy daarop uitbrei?

(R) Soos wat ek hier in die tronk gesien het. (Bewoë) Hy het nog altyd vir my gekyk. Wanneer dit moeilik gegaan het dan het Hy nog altyd gehelp. Wanneer ek baie moedeloos was weens omstandighede en goed was daar altyd nog vir my hulp van Hom af wat dit weer reg gemaak het. Dit gaan dan beter.

***3.2 HOE RAAK DIT JOU WANNEER JY AAN DIE MENSE DINK, WAT DEUR JOU MISDAAD BENADEEL IS?**

(R) In die opsig, ek weet nie van mense wat ek benadeel het nie, my misdaad nie. Al wat ek..raak is wat ek aan my familie gedoen het....en dat hulle nog altyd by my staan en my nie kwalik neem vir wat ek gedoen het nie...

***3.3 WANNEER IEMAND IN DIE GEVANGENIS SY SAAK MET DIE HERE UITGE-MAAK HET, KAN HY VAN DIE HERE VERWAG OM HOM GOUER UIT DIE GEVANGENIS TE LAAT KOM?**

(R) Nee... nee. Dit is duidelik dat die Here sal jou laat uitkom wanneer Hy wil, nie wanneer jy wil nie.

***4 JURIDIES-STRAFREGTELIKE BEÏNVLOEDING VAN DIE TEOLOGIESE SKULDBEGRIP**

***4.1 SOU DAAR 'N VERSKIL WEES OM VOOR GOD SKULDIG TE WEES EN OM VOOR DIE GEREG SKULDIG TE WEES?**

(R) Ja, want ek is nie bekommerd vir die gereg.. vir hulle nie. Ek is net oor Hom. Hy is die regter waarvoor ek bang is. Nie die plaaslike landroste of wat ookal nie. Dis my nie bekommer nie.

***5 SKULDBEGRIP IN DIE LIG VAN DIE BEGRIP REGVERDIGMAKING**

***5.1 AS EK IN GOD SE HOFSAAK AS AANGEKLAAGDE STAAN MET AL DIE BEWYSE DAT EK MET MY HELE LEWE VOOR HOM SKULDIG IS, IS DIT MOONTLIK DAT EK ONSKULDIG VERKLAAR KAN WORD ASOOK VAN GOD SE STRAF OOR DIE SONDE VRYGESPREEK WORD?**

(R) Ja. Soos ek dit verstaan dat almal, enige een dat as jy bely, en jy werklik bely en jy probeer hard dan kan jou sondes vir jou vergewe word.

(N) En onskuldig verklaar word?

(R) Ek kan nie miskien heeltemal sê die onskuldig, maar lat jou sondes jou vergewe sal word die stem ek, sê ek.

***5.2 SOU GOD SE STRAF OOR DIE SONDE IN WERKING TREE, INDIEN JY WEER SOU SONDIG IN JOU LEWE?**

(R) Dit dit... Ek dink deel van my straf nou is straf vir my vorige ding, lewe. En dit is wat ek al klaar ondervind as deel van sy straf.

**6 DIE INVLOED VAN DIE SIELKUNDIGE DIMENSIE OP 'N LIDMAAT SE SKULDBESEF**

***6.1 HOE VOEL JY OOR DIE MISDAAD WAT JY GEPLEEG HET?**

(R) Sekere opsigte weet ek waar ek skuldig was, en ek het.. aanvaar my straf wat ek gekry het, maar ek vra om vergifnis en ek het..en ek hoop om verder in die toekoms nooit weer enige iets verkeerd te doen nie.

***6.2 WAT IS DIE REDE DAT JY JOUSELF IN DIE POSISIE BEVIND WAARIN JY VANDAG IS?**

(R) Geldelik was die rede wat die meeste aan....dit was te maklik, misdaad was te maklik wat ek kon pleeg want ek het my kinders deur universiteite gesit.. en hulle het almal vandag goeie geleerdheid wat ek nie kon gehad het nie wat ek kon doen met die misdaad wat ek gepleeg het.

**7 DIE BETEKENIS VAN DIE SAKRAMENTE**

***7.1 WAT IS DIE BETEKENIS VAN JOU DOOP VIR JOU?**

(R) (Sug)... Dit is dat jy..as..kenteken dat jy kind van God is, daarvolgens leef.

***7.2 WAT BETEKEN DIE NAGMAAL VIR JOU IN JOU EIE LEWE HIER?**

(R) Baie moeilik om vir jou te sê want omstandighede is nie honderd persent altyd maar dat ons kan deel hê saam met Hom... en dat Hy ons vergewe.. en as ons ons kant bring sal....

***8 DIE MOONTLIKHEID, BEHOEFTE EN WAARDE VAN 'N EVANGELIESE BIEG IN DIE GEVANGENIS**

***8.1 IS DAAR NOG DINGE IN JOU LEWE WAT JY MOEILIK VIND OM VOOR GOD TE BELY?**

(R) Nee, niks. Daar's baie dinge wat ek weet ek het verkeerd gedoen het en ek is vandag baie jammer daaroor. Ek kan niks meer bely nie want ek het alles....

***8.2 SOU DIT VIR JOU VAN WAARDE WEES INDIEN JOU DOMINEE JOU SOU KON HELP OM JOU HART VOOR DIE HERE LEEG TE MAAK?**

(R) Ek mis die ondersteuning in die tronk baie want ons het.... ek het vir baie lang tye geen ondersteuning gehad van ons kerk af, die N. G kerk af nie.

(N) Ten opsigte van die vraag?

(R) Alles, hulp ondersteuning alles, want daar was nie. Daar was niks, daar was niemand en van die omstandighede het ons baie seergemaak. Jy kon nie hulp kry nie. Ek het my eie dominee probeer kontak. Hy het my in die veertig maande wat ek hier was het hy nog net een keer my besoek. Dis al.